

**DE MENS WIKT**

**GOD BESCHIKT**

**Outobiografie**

**deur**

**Jan Boer**

**juni 2001**

**FASE 1**

**Indonesiese Jeugdjare**

**LAATSTE UITDRUK:**

**11 September 2001**





## Prelude

### (FASE 1)

In die jaar 1922 vertrek daar 'n jong en pas getroude onderwyser, Harm Boer met sij vrou Janna (nooiensvan Buter) uit Emmercompascuum 'n veendorpie in die ver-oostelike deel van die Hollandse Noordelike provinsie Drente, met die trein na Amsterdam, om daar met 'n stoomboot na Indonesië te reis, met bestemming Poerworedjo, 'n sendingstasie in die middel van Midden-Java, Indonesië.

Hy sou daar sy beroep as onderwyser uitoefen op 'n sogenaamde Christelike Hollands-Inlandse sendingskool, waar Javaanse kinders op Christelike wijze primêr onderwijs sou kry, die eerste twee jaar in hul eie taal, die hoëre klasse in Nederlands om die kinders op later leeftyd die geleënthheid te gee om hoër onderwys op Hollandse skole te kan volg. Tegelykertyd kom hulle op die skool dus ook in aanraking met die Evangelie en Bybelonderrig. Dit was 'n sendingstasie van die Gereformeerde Kerke in Nederland, by wie hy dus hierdie roeping aanvaar het.

My vader was die oudste seun uit 'n gesin van Jan Boer en Jacobje Boer-Uringa met 14 kinders, gebore by sy grootvader Harm Jans Boer tuis op sy boerdery huisnommer 225, aan die Roderweg in Nietap, 'n klein boeredorpie in die Provinsie Drente, naby Leek.

Die boerderywoning was van ene Harm Jans Boer, waar sy oudste seun Jan Boer reeds jong ingetrouwd het met Jacobje Uringa, waaruit dus weer my vader (weer 'n Harm) gebore is op 31 Oktober 1896. Maar al spoedig daarna het Jan en Jacobje hul eie boerdery betrek nie ver daarvandaan nie, naby Foxwolde by die Leekstermeer aan De Groewe 8, op wat hoëre sandgronde.

Daar moes op die gemengde boerdery hard gewerk word om 'n menswaardig bestaan aan die minder vrugbare sand- en veengronde te ontworstel. Die hoofgewasse was rogge, gerst of hawer, ertappels, bone en erwte, en wat grasland vir weiding van die paar Friese melkkoeie en een of twee fors geboude trekperde vir die boerewaens, ploeg en ander implemente. Vir byverdienste was ook dikwels nog vir ander boere of in die konstruksiebou gewerk.

Die voorsate van hierdie boeregeslacht kon ons nog tot sover terug as 1724 nagaan, tot ene Geerd Egberts Boer (1757-1846), seun van Egbert Jans (1724-1763), wat ook almal in Drente en Wes-Groningen gewoon en geboer het. Een van die Boerseuns, Geert Egbert Boer (1832-1904), gebore in Roderwolde, het in Drente en Amerika as predikant naam gemaak. Die Boer-families was in die algemeen gelowige Calviniste, lidmate van die Hervormde Kerk wat later met die Afskeiding midde 19e eeu meegegaan het. Geerd het opgegroeï as boerearbeider, maar was leergierig en het homself na lang studiejare opgewerk tot predikant met behulp van onder andere hulle leeraar in die dorp, en de finansiële hulp van ene weduwe Graslander wat hom geld geleen het sover dit vir die studie nodig was; die geld het hy later almal aan haar terugbetaal. Eers predikant in verskillende dorpe in Drente en Groningen, was hy in 1873 beroepe na Amerika waar hy in 1876 mede-oprigter en professor geword het van die Calvin College, die gereformeerde teologiese skool in Grand Rapids.

‘n Boek ter herinnering aan hom met sy lewensgeskiedenis is by sy afsterwe in 1904 deur J.B. Hulst in Grand Rapids (VSA) uitgegee.

Moeder Jacobje had miskien met die voorbeeld van voornoemde Geerd Egberts Boer ook aspirasies gehad en was vasbeslote om een van haar kinders wat meer te laat ‘leer’, welke voorreg aan hul oudste seun te beurt viel en dit was dus Harm, en ‘n aparte ‘studeerkamer’ is daarvoor by die boerdery aangebou. So het Harm dus vir onderwyser (dit was al opleiding wat in die omgewing moontlik was) gegaan en nadat hy sy hoofakte in die onderwys behaal het, onderwyser geword op ‘Laer Skool met die Bybel’ in Emmercompascuum.

Emmercompascuum was ‘n veendorpie wat wil sê dat die meerendeel van die inwoners gelewe het van die afgrawings van ou drooggemaakte moerasgronde waarvan die bodem hoofsaaklik bestaan het uit meters dikke half vergane humus, wat, gedroogd en in baksteengrootte blokke gesny, baie goeie brandstof (turf) gelewer het vir huis en haard.

As grensdorp met Duitsland was dit in die jare 1918-1920 ook ‘n sentrum van smokkel van allerlei lewensmiddele na Duitsland wat growwe winste kon oplewer in die tyd van oorlog verarmde en verhongerde Duitsland. Vader Boer kon met deernis verhare vertel uit die tyd van botsings van die smokkelaars met die Nederlandse polisie en grenswagte, waarby ruimskoots van vuurwapens gebruik gemaak was. Die gesindheid van die volk was deurgaans met die smokkelaars, want die bewoners van die streek was vir die merendeel arm en het geleef onder die broodlyn, in groot armoede.

Vader Harm het intussen in die dorpie ook kennis gekry aan familie Buter, ook ‘n gesin met 14 kinders, met ‘n paar pragtige dogters. Die Buterfamilie was ook Gereformeerd, het daar ‘n kruidenierswinkel gehad, en Pa Buter was met ‘n paar van sy seuns ook in die boubedryf betrokke.

Vader Harm het hom verloof met die tweede oudste dogter Janna en is hulle in 1922 met elkaar getroud. Hy was toe dus 26, sy 18 jaar.

Vader Harm het egter aspirasies gehad om vir die sending in Indonesië te gaan werk en het ‘n benoeming as onderwyser in Poerworedjo, Midden-Java aanvaar. Dit was veral vir die Buterfamilie ‘n groot hartseer dat Janna so jong reeds die vertrouwdheid van die ouderlike huis sou verlaat vir die in hulle oë onseker toekoms in Indonesië. Miskien het hulle ‘n voorgevoel gehad van wat daar later sou gebeur.

Maar Harm het deurgeset en hulle het met groot afskeidseremonie van die skool en familie vertrek, na die ver land en nuwe uitdagings en avontuur. Ek het hom later een keer gesê dat ek respek had vir sy roepingsgevoel, maar hy beweer toe ‘n bietjie skuldbewus, dat sy lus vir avontuurs ook ‘n groot rol gespeel het ...

Na hulle verhuising na Poerworedjo is ek daar op 25 Julie 1923 gebore as hul eerste seun.. Maar self weet ek niks meer van die tyd en die stadjie af nie, want voordat ek op drie jaar meer bewus geword het van my lewe, het ingrypende dinge gebeur nie alleen in die sendingsgemeenskap, maar ook in ons gesin.

Daar het namelik intussen in Nederland leerkwessies oor die interpretasie van sekere gedeeltes van die Bybel aan die orde gekom, namelik ene dominee Geelkerken was van die opvatting dat byvoorbeeld die spreke van die slang in die paradys, nie letterlik opgevat moes word nie, maar allegories, dus by wyse van spreken. Dit nu was 'n doorn in die oog van baie behoudende lidmate van die Gereformeerde Kerke en is ds Geelkerken aangekla vir kettery. Hierdie kwessie het soos 'n aardbewing deur die Gereformeerde Kerke gegaan en skeurings veroorsaak, so ook in die sendingsgemeenskap in Poerworedjo. Daar was sendingswerkers wat ds Geelkerken veroordeel, en daar was wat hom nie wou veroordeel nie. Wat egter 'n tragies bykomende verskynsel was, was die onverdraagsaamheid wat tussen die twee denkrigtings ontstaan het; wat ontaard het in verdagmakings en verguising van elkaar, en dit binne die sendingsgemeenskap, 'n geïsoleerde enklave in 'n vir Hollanders vreemde wereld. Dit was 'n onhoudbare situasie.

My vader was 'n vredeliewende man wat niks met die partyskappe wou te doen gehad nie, en het intussen in aanraking gekom met sendingwerkers in Oos-Java, van die Zendingsbond van die Hervormde Kerk in Nederland waarvan die kantoor gevestig was in Oegstgeest, Holland. Daar het hulle naarstiglik gesoek na 'n bevoegde onderwyser wat bereid was om in Kediri, 'n stadjie van so 30.000 inwoners aan die Brantasrivier, 'n nuwe Christelik Hollands Inlandse Skool vir die Javaanse kinders te begin.. So het hy wel ore gehad daarvoor en op 'n aanbod van Oegstgeest ingegaan en hoof van die nuwe, nog op te rigte skool in Kediri geword. In 1924 het my ouers dus daarheen verhuis. Die kwessie Geelkerken het toentertyd binne die Hervormde Kerk en dus in Kediri geen enkele rol gespeel nie.

Intussen het my moeder Janna weer swanger geword, en 'n sussie van my is gebore, maar my moeder het na die geboorte van sussie siek geword en 'n paar maande later daaraan in 'n sendingshospitaal in Paré, naby Kediri gesterf. My sussie het toe by gebrek aan goeie voeding ook gesterf. Ek was toe drie jaar, maar weet self van die tragiese gebeurtenisse niks meer af nie, en onthou my moeder en sussie helaas ook glad nie. Hulle is altwee op 'n kerkhof op Semampir by Kediri begrawe, my vader het die graf my nog gewijs toe ek omtrent 8 jaar was..Ek onthou nog wel, hoe 'n dogter van 'n ander sendelingsgesin, tant Millie van Engelen wat ook onderwyseres op Pa se skool was, haar in die tyd dikwels oor my ontferm het, en ook 'n prokureursgesin met die naam van van Apeldoorn waar ek dikwels in huis was; hulle het ook kinders van my leeftyd gehad..

Vader het 'n jaar na die afsterwe van Janna haar oudere suster Geesje, die oudste dochter van fam Buter in Emmercompasuum gevra of sy die plek van Janna wou inneem en het sy bewillig. Hulle is toe in 1926 eers 'met die handskoen' getroud en het moeder Geesje dit gewaag om sonder begeleiding 4 weke lang met die stoomboot na Indonesië te reis, wat vir die tyd vir 'n jongdame van 24 jaar heel wat moed en durf vereis het, want die moraal aan boord van die stoomskepe met manne wat wekelang van huis was, was nie juis op so hoë vlak nie.. Uit die huwelik is dus later nog 7 kinders gebore, namelik Henk (1928), Tinie (1929), Annie (1930), Willy (1931), Warner (1936), Wim (1937) en nog 'n nakomertje Alie (1940) welke laaste jongste helaas ook deur ondervoeding in 'n Jappenkonsentrasiekamp in 1944 op vierjarige leeftyd oorlede is.

Ons het in die tyd ook 'n 'oupa en ouma' gehad in die egpaar Meyer, een paar gemoedlike mense op leeftyd en reeds afgetree; hy het gewerk in die klapperolie (=cocos-olie) fabriek as direkteur en hulle het net een seun gehad, Gys Meyer wat later met 'n meubelwinkel in Kediri begin het, in nuut en gebruikte kantoormeubels. Ons as kinders was altyd graag by hulle op besoek en was daar altyd verwend met lekker koeldrankies van klapperwater of suurlemoen (citroen) met geskaafde ys en suiker. Gys Meyer is later getroud met bogenoemde tant Millie van Engelen.

Ons het in die jare 1925 - 1938 in Kediri op seker 5 verskillende plekke gewoon: eerstens op Semampir, buite die dorp en dorpspoort aan die weg na die Noorde (Soerabaja), dan op Bandjaran, aan die oostelike kant geheel buite die dorp en naby die Soember-Bedoek swembad, ook aan die Baloewertistraat, naby die skool van vader, en daarna in Madjenang aan die oorkant van die rivier in die weste midden tussen die rysvelde, in die rigting van die Klotok heuwels en aan Bandar-lor 6, aan die westelike oewer van die Brantas teenoor die daaglikse groentemark naby die groot brug oor die Brantas.

Dit was almal redelik groot baksteen huise, alles net gelykvoers en op 'n hoog voetstuk van omtrent een meter hoog, dat by vloed van die Brantas die huis nie sou onderloop nie, met groot kamers en harde teël- of glad gepolyste sementvloere. Die plafonds was seker 4 meter hoog bo die vloer.

Verder onthou ek nog wel enkele besonderhede uit die tyd. Toe ek sowat 4 jaar was, het ons gewoon op die hoek van Baloewerti en Semampirstraat aan die Brantasrivier. Laastgenoemde het een bedding gehad het van so 'n 100 meter breed, met groot sandbanke en in normale tyd 'n waterloop van so 50 meter breed wat tussen die sandbanke deur gekronkel het. Maar in die reëntyd kon die rivier vol raak en selfs buite die bedding die oewerwalle oorstrom met 'n meter diep water oor die strate en erwe van woonhuise. Dan was dit vir ons kinders pret en maak ons vlotte van hol bamboestengels om daarmee oor die water te vaar en te speel. Dit was nou nie juis skoon water nie maar bruin van die sand en modder maar dit het vir ons nie saak gemaak nie. Ek had baie speelmaats ook van die internaat op ons woonerf vir heel wat skoolkinders van my vader se skool. Die internaat was gestig om die baie kinders wat van heinde en ver uit die kampongs gekom het vir die (christelike) onderwys, in die week te akkommodeer, en het plek gehad vir so 30 leerlinge.

Verder was voetbal (sokker), 'n Indiese soort krieket en perdry van die sporte wat tot die gereëldes vermaak behoort het. Die jeugdare was beslis nie vervelig nie, intendeel.

Op Bandjaran, dit was nou nie ver van die groot swembad nie, ek was toe 5 jaar glo ek, het daar gereëld van die Javaanse dansgroepe gekom wat vir wat geld hul danse op gamelanmusiek wys. Maar wat meer was, hulle beweer, dat hulle met die danse die bose geeste sou kon verdryf, wat in die dak van die huis bose planne beraam en uitvoer. Met die danse was daar dan een of twee manne of vroue, wat deur die musiek en ritme uitsinnig geword het en allerlei hallusinasies sien en snaakse gebare maak, en dan sê, die geeste is verdryf en hul taak is gedoen. En ons kon hulle daarvoor dan betaal. Die eienaardige was, dat ek as kind, van die hele gedoente aangevoel het dat dit 'n growwe bedrogspul was, maar ook, dat die Javane self vas daarin geglo het en eintlik die hele ding hul geestelike armoede en selfbedrog tentoongestel is. Hulle het op animistiese wyse (ook die moslims onder hulle) geglo, dat sekere bome bepaalde geeste huisves wat jy as mens moet tevrede hou, anders is daar moelikheid. Ek as kind het daar teen ingegaan en hulle gesê, dat dit nie waar is nie, maar dat Jesus Heer is oor alles, ook die bome en die geeste wat daar mag wees.

Toe ek 6 jaar was, het ons verder op die Semampirweg gewoon, net buite die stad op 'n groot erf en in 'n groot huis. Ek onthou nog 'n ernstige motorongeluk daar, toe twee taxies met elkaar geraced het, dit was seker in 1928. Die hoofpad voor ons huis langs was die na die Noorde, na Soerabaja en was toe nog nie geteer nie, maar gruispad. Die motors van die tyd het almal nog linnen of seildoek kappe gehad. Op 'n oggend, teen 10:00 uur ry daar met hoë spoed, so 80 km per uur, dit was destyds topspoed, twee motorkarre vol passasiers langs mekaar dieselfde rigting, na Kediri verby.

Die passasiers het teen mekaar geskreeu en die bestuurders opgehits om nog harder te ry. Wat nou presies gebeur het weet ek nie, maar ewe later hoor ek 'n harde klap en daarna doodse stilte.

Ons hardloop na die ongeval toe en sien toe dat die twee karre het so 300 meter verder saam teen een ligpaal gebots, en die mense het orals verspreid gelê, dood. Net die twee bestuurders het versuf aan die kant van die pad gehurk, te verdwaas om te reageer op ons vrae. 8 Mense was dood. Die polisie en ambulanses was gou by, maar vir die passasiers was dit te laat. Ek het die tafereel en die ontsetting op die gesigte nooit meer vergeet nie.

Verder onthou ek goed, dat by die huis ons 3 of 4 groot honde, en troppe ganse en hoenders gehad het. Vader het uit 'n boeregesin gekom en was ook lief vir huisdiere, ons het op ons erwe altyd 'n koppel hoenders, ganse en honde gehad. Op Semampir was eenmaal een van ons pragtige honde deur 'n motorkar op straat aangery en sy agterdeel gebreek; die dier kon net nog met sy voorpote hom voortbeweeg terwyl sy agterdeel oor die grond gesleep het. Vader het hom na 'n paar dae maar laat afmaak, maar my trane het gerol..

Die ganse was eintlik bedoel as wagtters van die nag, want die diere is uiters waaksaam en begin luid kwaak sodra 'n vreemde die erf betree, hulle het skerp ore en oë. Maar op Bandar-Lor, toe ons daar gewoon het naby die passar (groentemark) en groot brug oor die Brantasrivier, is daar op 'n nag Vader se broek van die stoel af uit die slaapkamer deur die oop venster tussen die yster tralies deur uitgehangel. Die broek het nog aan die buitekant op die grond gelê, maar die beursie was daar uit.

En die ganse, nog die honde het gekwaak of geblaf nie. Die Javane sê dan, die dief het die diere betower dat hulle slaap. Ek onthou nog goed vader se ontsteltenis toe in die oggend sy broek van die stoel af en uit die slaapkamer weg was. Die polisie is gewaarsku, ondersoek gedoen maar die diewe en die beursie is nooit meer gevind nie

Terwyl ons dit nou het oor Bandar-Lor 6 daar by die Brantasbrug waar ons in die jare 1933-'38 gewoon het en my boetie en sussies so tussen 2 en 6 jaar oud was, het hulle (ek pleit onskuldig) gedurende die middaguur wanneer Pa en Ma gewoonlik gaan rus het tussen 2 en 4 uur, die idee gehad om op die nok van die dak te klim. Dit was redelik eenvoudig vanaf die verbindingsgang van die woning met die buitegeboue waar die kombuis, toilette en bediendekamers was. Hulle klim toe (Henk, Tinie en Annie) op die dak, sit rustig op die nok en loop daar heen en weer sonder enig sweem van angs of duiseligheid vir die hoogte waarop hulle bevind en enig besef van hoe gevaarlik dit eintlik was. Toe die bediendes dit agterkom deurdat die mense op straat almal na bo op ons dak kyk, het hulle die kinders gesommeer om af te kom, maar wie is die bediendes om hulle te gehoorsaam ?? Toe roep die bediendes Pa en Ma uit die bed, en kry hulle onmiddellik opdrag om af te kom, maar versigtig maar hoor !!. Ek onthou nie of hulle nou getuigtig is daarvoor, maar wel dat hulle dit daarna nooit weer gedoen het nie.....



Dit was gewoonte in die tyd, om sowel soggens as in die middag so teen 4 uur te bad. Dit het gegaan in die badkamer waar 'n groot bak van seker so 1 tot 2 kubieke meter met koel water gevul was; jy maak jou eers nat met 'n bakkie wat jy uit die groot bak vul en dan oor jou heen gooi. Dan seep jy lekker in, en daarna spoel jy die seep weer af deur met bakke vol die koel water oor jou te gooi, heerlik. Nou was dit 'n keer, dat ons besoek gehad het van 'n familie met net alleen dogters van my leeftyd. Dit was nou badtyd, en die ouers besluit, hulle dogters moes bad, en ek moes ook bad. Gesien ons leeftyd kon dit gerus dan maar almal saam tegelyk, in een moeite deur en dit was geselliger. Maar wat ek nooit verstaan het nie toe ons nou in die badkamer kaal voor elkaar staan, begin die meisies onbedaarlik te lag en wys na my piemeltjie, soiets het hulle blykbaar nog nooit gesien nie.... Nou ja, dat hulle verbaas was daaroor, kon ek verstaan (hulle het nie soiets gehad nie), maar dat hulle daaroor moes lag het ek nog nooit verstaan nie.....

Ons het daar ook baie geswem, ek en Henk en my sussies. Dit was in Soember Bedoek, net Oos buite Kediri aan die end van die Balowertistraat by Bandjaran, en ons het altyd daarheen gefiets. Die swembad was baie groter dan die olympiese afmetings, en het nie 'n suiweringspomp nodig gehad nie, want dit was gevoed deur 'n sterk waterbron somer uit die grond uit. Die water het reguit van die bron in die swembad gestroom met 'n sterk stroming, en was puur skoon water, en was verder afgevoer in 'n stroompie wat na die Brantas afgevoer is. In die swembad was ook 'n groot skool swart visse van so 'n 30-50 sentimeter lang, maar die het ons nie gepla nie, hulle het gehelp om die water skoon te hou van insekte en ander gogga's wat daarin geval het.-. Die swembad was met 'n sterk staal kabel verdeel in 'n ondiep en diep gedeelte; die ondiep was vir hulle wat nog nie kon swem nie. Die diep gedeelte kon jy ingaan as jy vir die badmeester gewys het, jy kan swem.

Ons het onself leer swem die tyd net deur te kyk hoe ander maak, en dan maak ons ook so.

Duik was my favoriet (daar was ook 'n hoge en 'n lage springplank), maar eendag het dit my sleg bekom, want toe ek na 'n duik weer opkom, raak ek te lande tussen die twee groot borste van 'n nogal gesette dame.

Sy was woedend. Toe haar man, ook nogal fris gebou, dit sien vat hy my en trap my weg die diep water in; ek voel nog die trap in my rug wat lelik seer gemaak het. Gelukkig het ek niks daarvan oorgehou nie, maar voortaan het ek altyd met duik my oë oop vorentoe in die water.....

Wat kerkgang betref, was ons in Kediri as lidmate van die Gereformeerde kerk, gereken tot die 'verstrooides' en het behoort tot die Gereformeerde gemeente van Malang. Ene ds Jonkhof was ons predikant wat eens in die 3 maande oorgekom het vir 'n diens in een of ander geleende kerkgebou het dan daar ook nagmaal gehou. Ons was nogal gesteld op die dominee Jonkhof want dit was in sy optrede werklik 'n man van beskawing en fyn maniere.

Maar die ander Sondae weet ek nie meer wat wel gedoen is aan die erediens nie, behalwe dat Pa dikwels om 10 uur die oggende die orrel gespeel het gedurende dienste van die Indisch Protestantse kerk, wat naas ons Laer Skool gestaan het. En dan het hy my as seun van 8-14 jaar ook maar saamgevat. Ek onthou nog 'n gesprek tussen hom en moeder Geesje, voor so 'n kerkdienste dat sy sê: "zou je hem wel meenemen, want de dominee die vanmorgen preekt, lykt my nogal vryzinnig..." Antwoord Pa: "nou daar begrypt hy toch nog niet zoveel van en hy zal er toch ook niet slechter van worden.". Nou ja, ek het altyd bo op die gallery gesit waar Pa die orrel gespeel het en dit was meesal allerlei Johannes de Heer soort liedere wat tydens die kerkdienste daar gesing is. Psalms was maar selden op die programma. Ek weet ook, dat ons vir kerkgang netjies gekleed moes wees, ek in kort,

skoon en gestreke broek, gestreke hemp en skoon tekkies aan, met wit sokkies of soiets. Kom jy uit die kerk, trek jy weer speelklere aan, skoene uit en weer kaalvoet. Skoene trek ons net aan op visite, kerk toe en skool toe, maar by die huis altyd kaalvoet.

Volgens 'n besoek van my broer Henk, nie lank terug so in 1996 aan Kediri, staan die kerkgebou daar nog altyd, netjies, versorg en goed onderhou.

Ons honde was jaghonde want Vader het begin jag in die skoolvakansies veral op tjèlèngs (wilde varke) maar ook op kidangs (klein bruin soort herte) en ander wild. Dit het so gekom deurdat die ouers van die Javaanse kinders op skool gekla het oor die vernielings wat die tjèlèngs in die boulande soos djagoeng (mielie) velde aangerig het. Die jagterreine was in die berge wes en suid van Kediri en ook verder na die suide in die Suidergebergte aan die Indiese Oseaan, by die baai van Popoh of Prigi. Die paaie daar was nog primitief, maar Vader het sinds 1927 (miskien daarvoor ook reeds maar dit onthou ek nie meer nie) altyd 'n motorkar gehad; die eerste een was 'n Hupmobiel, naderhand ook Chevrolet en Ford. Dit was motorkarre hoog op die wiele wat op 'n sterk raamwerk gebou was en die slegte paaie wel baas kon, al het die enjien nie so baie krag gehad nie, dit was so tussen 30-50 pk., terwyl 'n reserweband agterop of op die treeplank saamgevat moes word want papbande was geen seldsaamheid nie.

Hy het my meerdere kere saamgevat vir geselskap, maar dit het gebeur dat hy een keer my (ek was so 4 of 5 jaar) met so'n half wilde Javaan na die kampong teruggestuur het en ek moes agter die man aanloop. Maar ek het die wild uitsiende man (hy het soos 'n koppesneller gelyk) nie vertrou nie en opsetlik al hoe verder agtergebly. Toe, om 'n draai van die voetpad in die wildernis, draai ek om en hardloop terug. Dit was nie lang nie en ek kon die pad nie meer terugkry nie, want daar was meerdere voetpaaie en ek het nie meer geweet watter een te vat nie en verdwaal hopeloos in die wildernis. Ek was bewus daarvan daar is allerlei wilde diere in die veld soos buffels, tiere, wilde honde, gif- en luislange ens en in wanhoop het ek toe maar op 'n groot rotsblok gaan sit en skreeu met tussenpose..

Eindelik, ver agter in die middag kry die Javane my daar weer en bring my terug na my Pa. Hulle het die hele middag na my gesoek en die hele jagparty het daarby deur die mat geval. Pa het my net alleen 'n ligte berisping gegee en verder was hy te bly om my sonder beserings terug te kry.

Maar hy het my nooit meer alleen met 'n Javaan weggestuur nie. Wel later alleen in 'n kampong agtergelaat waar ek kon speel met ander bruin kinders wat in die tyd in die omgewing meesal kaal was want daar word kinders pas geklee wanneer hulle 5 of 6 jaar is.

Hulle word wel elke dag twee keer gebad in die rivier of by 'n waterput. . Ondergoed was onbekend, ook by volwasse manne en vroue: die kleredrag was 'n bloes of hemp met moue, en 'n enkele sarong om die middel wat tot die enkels afgehang het. Die sarongs was gemaak van 'n groot lap katoen, gebatik in meesal bruin of oker gekleurde pragtige motiewe.

Die kampongs het bestaan uit redelik groot erwe van so 500 vierkante meter per woning, en die huise was gebou van hoofsaaklik vakwerkbou van hout, waartussen matte van bamboevlegwerk was gespanne. Die dakke was sadelvormig, met gras as dekmiddel; die wat ryker was, het gebakte dakteëls gebruik maar dit was meesal beperk tot die dorpsoudste of dorpsklerk wat 'n salaris of traktement van die owerheid ontvang het met as teenprestasie dat hy sou sorg vir vrede en orde en handhawing van die wet.

Die vloer van die gewone huise was gewoonlik van aangestampde grond, die wonings van die meer welgestelde bewoners het vloere gehad van hout planke, op balke wat weer op pale of boomstompe in die grond gelê het, daar was dan 'n ruimte van so 'n halwe meter tussen die vloer en die gewone begane grond.. In die ruimte onder die vloer het die hoenders en varke (as huisdiere) dan dikwels rondgeskarrel, en wat kambings (boerbokke) in 'n hok. Die boerbokke was altyd gevoer en mog nie rondloop nie, want hulle was allesvreter en eet dan ook van die giftige ketellablare (cassawe) wat ook in elke tuin staan, en dit het te veel blousuur gehad.

Op die erwe was altyd baie vrugtebome van allerlei soort en smaak soos klapper, pisang, suursak, suurlemoen, papaja's, sawoh, ramboetan, djamboe's, mango's, te veel om alles te noem en by die groentetuin het die rooi rissies ook nooit ontbreek . Erwe was dus altyd skaduryk van al die bome wat daar staan.

Op die platteland het elke erf ook sy eie waterput gehad, waar jy kon bad met 'n emmer waarmee die water uit die put opgehaal was, in die berge was daar meesal 'n oop waterleiding van half deurgesplyte bamboeleiding wat water uit een of ander bronnetjie of bergbekie na die huise gelei het waar dit in groot bakke of dromme opgevang is.

Ook was er in elke kampong 'n sg passangrahan, dit was 'n publieke onderkomen vir gaste of reisigers wat vir die nag skuiling gesoek het. Dit het bestaan meesal uit 'n veranda voor, 'n paar kamers, badkamer met toiletgeleentheid en 'n klein kombuisie met geleentheid om vuur te stook en voedsel voor te berei. Maar vir belangriker gaste was er altyd wel 'n uitnodiging om te kom eet en loseer by een van die dorpsnotabelen of by die Sjinees wat byna elke kampong ook gehad het met sy winkel waar hy van alles verkoop en ook produkte opgekoop het van die bevolking, en dikwels ook as bank van lening vir die bevolking gefungeer het.

Elke kampong het ook sy eie groot gemeenskaplike klappertuine (cocosnootbome) gehad; as vreemdeling het jy die reg gehad om klappers te pluk vir jou eie doeleindes, jou dors te les met klapperwater en die cocosvleis te eet wat baie lekker is veral van jong klappers. Dit was nie as diefstal beskou nie indien jy as vreemdeling wat van die jong cocosnote gepluk en daar geëet het nie.

Daar was 'n verskeidenheid van voedsel ter beskikking van die bewoners: allereers natuurlik die berrass (ongepelde rys) wat hulle self geoes het tweemaal per jaar, opgeslaan in rotvrye bergruimtes; elke week was daarvan geneem om in uitgeholde boomstamme met houtstampers gestamp te word en was dit 'n sosiale gebeurtenis in die dorp waar die vroue gesamentlik die ongepelde rys onder gesang en met ritme gestamp het. Die produk was dan 'n rooi rys wat die silwerlies nog gehad het met alle vitamienes en ander voedingswaarde nog daarin. Die rys was voortreflik van smaak, en was geëet saam met groente soos bajem (maroch), kankoeng wat 'n vinnig groeiende moerasplant is en 'n soort Sjinese kool en veral die taugé, uitgelope saad van klein groene erwtjies, en verder vleisies of gesoute vis, gesoute eiers en veral klein rooi rissies wat warm op die tong was. Ek het van die rys baie geëet as klein seuntjie en watertand nog as ek aan die kos dink. Verder het hulle ketellawortels vir tussendeur klein etes gehad, so groot soos groot winterwortels, wat in die hete as gaargemaak moes word en saam met 'n bietjie botter ook 'n heerlikheid en baie voedsaam was. Djagoeng was 'n geel mieliesoort wat ook as groente gebruik is.

Die vleis was veral van hoenders en boerbokke, maar ook beesvleis en buffel so nou en dan. Want wanneer hul trekdier soos die brahmaan en waterbuffel te oud geword het vir die arbeid, was hulle geslag en die vleis geëet, maar meesal was dit net by besondere geleenthede soos 'n bruilof of ander besonder fees of begrafnis.

Dit was sommige wilde diere, maar veral wilde varkes (tjèlèngs) wat dikwels 'n probleem geword het vir die dorpsbewoners omdat die nie net van die boulande die djagoeng (mieliekoppe) of ketellawortels kom vreet het, maar meesal daarbij veelvuldige vernielings aangebring het aan die gewas sonder om dit te vreet. Dan het hulle vader weer gevra om weer te kom jag en van die diere te skiet. Van sulke uitnodigings was graag gebruik gemaak want dit was vir hom tegelyk 'n welkome ontspanning en avontuur. Van die diere wat hy geskiet het met sy mauser en dubbelloop haelgeweer het hy vir die volk gelaat, en self slegs een of twee vir ons self saamgevat huistoe, om die by huis te slag en weer vir weke wildsvleis en gedroogde dendeng te eet, wat soos die Suid-Afrikaanse biltong lyk. Ek het seker ook maar deurdat my Pa my dikwels op sy jagtogte saamgevat het, die sin vir bosloop en terreinverkenning ontwikkel. Dit sou my later goed te pas kom by my eksplorasië-werk op Nieuw-Guinea.

Ook het Vader ons als gesin saam met ander vriende saamgevat na die strand van Popoh of Prigi, aan die Indiese Oseaan, maar ek onthou nog goed dat by een so 'n uitstappie, in die baai die bekende driehoek haaievinne, drie van hulle, bo die water uitsteek van haaie wat daar rondgeswem het, so honderd meter van die strand af. Van swem was daar toe geen sprake meer nie en moes die aktiwiteite maar beperk word tot pick-nick, skelpe soek en 'pootje baaien'. Die haaie van die Indiese Oseaan het bekend gestaan vir hulle bloeddorstigheid.. Dit was 'n groot teleurstelling omdat dit seker so'n 80 km se ry was deur die 'platteland' en Suidelike Bergland se kronkelende paaie, waar 'n spoed van 60 km eintlik reeds te hoog was vir die destydse paaie, en die kampongs waar jy heen moes ry moes jou spoed seker afkom na so'n 20-30 km per uur, want die vee en hoenders het vryelik oor die pad geswerm. Wanneer jy op hoenders in die pad afkom, wil hulle altyd terughardloop of vlieg na die oorkant van die pad vlak voor jou kar heen, en wanneer jy een doodry, moet daar eers vergoeding voor gegee word aan die eienaar. En wie die eienaar was, was altyd 'n hele navraagsessie.

Ook het ons gereëld vakansieoorde besoek waar vakansiehuisies te huur was vir redelike prys, meesal het ons na Djoego of Besoeki gegaan. Djoego was so 25 km van Kediri af en omtrent 500 meter hoog, Besoeki was langs dieselfde pad maar verder, so 30 km van Kediri af, en 900 meter hoog teen die Willisgebergte op, 'n ou uitgedoofde vulkaan. Die pad na bo was 'n grondpad met twee verharde spore van gekapte klip, netjies langs mekaar bestraat op die pad. Dit het voorkom dat die motorkar by reenweer te maklik van die pad sou gly en in die ravyn langs die pad sou kon stort. Ons voorkeur was Besoeki want dit was hoër geleë en dus kouder, en meer ontwikkel as 'n vakansieoord veral vir die HVA mense. Die HVA was 'n kultivasië-maatskappy wat koffie, tee en rubberplantasië ondernemings in die omgewing gehad het.

Vir die motorkarre van destyds was dit 'n hele karwei om die vol vrag met mense en bagasië die 30 km na bo te ry, en om krag by te sit was dan somtyds die uitlaatpyp se klep oopgesit en grom die enjin sy lawaai voluit deur die hele vallei heen en weerkaats dit teen die heuwels rondom wat ons as kinders besonder geniet het ... Dikwels het die koelwater van die enjin (van so 50 pk) dan ook te

warm geword en kook dit die radiator met groot stoomwolke uit. Dan moes daar vir 'n half uur gestop en kans vir afkoeling gegee word en dan moes daar weer water by. Ons het dus altyd behalwe 'n yerriecan petrol maar ook 'n 20 liter kan water by ons gehad. Maar was ons een keer bo in die vakansiehuisie, was dit s'aands romanties met die wye uitsig oor die Brantasvlakte met al sy liggies, die krekels wat luid hul konserte in die bos hou, die vuurvliegies wat buite om die bome dans, en die parafienliggies in die slaapkamers en die ruisende gasdrukklamp in die woonkamer. En veral die koelte wat op die hoogte kon afkom na so 16 of 18 grade C. was dan 'n verademing. Muskiete het daar op die hoogte nie baie gepla nie en was in elk geval nie malariamuskiete nie. Ons het daar ook baie gestap in die berge en oerwoude, soms na die 'Batoe Toelis' (rots waarop name geskryf kon word) waarheen dit so 'n oggend se stap was en jy dan vol trots dat jy die wandeling volbring het jou naam kon kras op 'n paar groot rotsblokke, of 'n twee dae se stap na die toppe van die Wielisgebergte eers deur die oerwoud, dan bo die boomgrens oor die struik- en grasheuwels op die hoogte van 2000 meter (bo see); die hoogste toppe was by die 2590 meter maar dit was daar vir ons altyd baie koud met baie wind. Op een van die staptoere het Vader die end van die eerste dag reeds siek geword, deurdat die padkos, nasi goreng, skynbaar bederf was. Hy het alles uitgegooi en kon die volgende dag maar net net, met elke paar honderd meter se rus, die terugtog voltooi. Die Javaanse gids had reeds gesorg vir 'n draagbaar, maar Vader was te trots om hom te laat dra en het bly stap.

Op die staptoere het ons honde altyd saamgegaan, ook vir ons veiligheid, want in die bosse het nog tiere (koningstyger) en panthers.(luiperds) rondgesluip. Wanneer so'n groot roofdier vermoedelik in ons omgewing was of die honde het op hul pad in die bos uitwerpsels en vars spore daarvan uitgeruik, het hulle met hul stert tussen hul pote tussen ons in kom stap en skuiling soek. Dit het dikwels gepaard gegaan met die waarskuwingsgeskreeu van wilde pouwe hoog bo in die groot bome, en dan het ons geweet om op te let, geen gepraat nie en in ons pasoppens. Vader het dan sy hand aan die skietklaar mauser gehad voor ingeval. Daar was by die kampong Besoeki ook wel 'n keer 'n tier in 'n val gevang met behulp van 'n arm boerbokkie wat daarin as lokaas vasgebind was .

Maar normaal weg het die honde voortdurend dwars deur die ondergroei van die bos langs die pad gehardloop en het dit geniet. Groot troppe skreeuende grys ape met lang sterte en donker koppe was daar ook dikwels; ek had somtyds 'n windbuks by my en het wel op hulle geskiet, maar dit gou van Pa afgeleer om sinneloos rond te skiet nie, hoewel, die Javane het die vleis van die ape wel geëet. maar nie dikwels nie. .

Een paar keer het ons daar 'n aardbewing meegemaak, dit was eers 'n geweldig dof gerommel asof daar wel 'n honderd trommelslaers tegelyk roffel op groot dromme onder aan die voet van die berge, en dit het onheilspellend langs ons opgeklim na bo, ons verby tot dit ver in die hoë gebergte uitgesterf het. Gelukkig was daar tog min skade aan die huise danksy die vakwerkbou, wat van hout vakwerk met gepleisterde bamboe-vlegwerk wande tussen in wat wel 'n bietjie beweging kon absorbeer.

Ander vakansie oorde was geheel so'n 80 km die ander kant op na die Goenoeng Kelud, Kawi en Butak almal so 2000 tot 2500 meter hoog, rigting Malang, met die oorde Batu en Poedjon, so 1000 tot 1200 meter hoog geleë in die dale tussen die berge. Die pad daarheen was toe oor Paré reeds geheel geteer want dit was die verbinding met die hoofstad Malang. Daar was meer luukse oorde, waar baie oudere Europeane afgetree en permanent gebly het. Die klimaat was daar aangenaam

koel, so by die 22 grade C, en die dale tussen die berge was meer ontwikkel met vrugteboorde en groenteakkers vir aardappels, aardbeie, tomate en koolsoorte waarvoor dit in die lae vlaktes te warm was.

Daar was ook hotelle maar die was baie duur om in die vakansies tuis te gaan. Wel was ons 'n paar keer na die uitgedoofde vulkaan van die Kelud, wat nog 'n kratermeer met swavelbronne gehad het; die binnekant van die krater was steilaf na onder en geheel kaal, sonder enige begroeiing seker vanwee die suur swavelatmosfeer wat daar gehang het.

Toe my skoolrypheid op 6 jaar daar gekom het, het my Vader my eers by hom op die Javaans-Christelike skool in die eerste jaar gedoen, maar dit was 'n mislukking; ek en die Javaanse kindertjies van my leeftyd het op skool nie met elkaar ge-akkordeer nie. Bowendien was die skoolgebou wat toiletgeriewe betref op westerse leest geskoei, maw die toilette was wit erdewerk potte soos ons die vandag nog ken, maar die Javane was gewoon om hulle behoeftes in die natuur bo stromende water te doen of bo diep gegraafde beerputte. Die skool se toilette was dan ook 'n versamelplek van stinkende hope menslike afval, van deurspoel het hulle nog nooit gehoor nie en ek moes ook maar my behoefte daar ook probeer kwyt te raak wat meesal 'n grandiose mislukking was.

Vader het na 'n paar maande gelukkig die probleem ingesien en my ook maar geplaas op die Openbare Europees Laere Skool in Kediri, waar ek baie meer tuis gevoel het. Die hoof van die skool was meneer Jansen, was daarom ook 'n Christen en Vader was met hom bevriend, en ek was ook bevriend met sy seun Leo wat so 2 jaar ouer was as ek.. Saam met hom, en nog twee ander Rooms Katholieke vriende, Jan en Joop ten Broeke, het ons toe daar 7 jaar lank skoolgegaan sonder probleme. Alhoewel dit 'n openbare skool was, het ek tog wel Christelike onderwys ontvang omdat die meeste onderwysers en onderwyseresse op die skool self merendeels van die Indies Protestantse geloof was. Ook was daar een uur in die week 'godsdiensonderwys', waar elke geloofsrigting van sy eie voorganger Bybelse geskiedenis of godsdiensteer gekry het, ek en Leo was dan altyd by die dominee of ouderling van die Indies Protestantse kerk, Jan en Joop ten Broeke by die Pater van die R.K. Kerk.

Jan was 'n jaar ouer, en Joop 'n jaar jonger as ek. Ek het ook wel eens by Jan en Joop ten Broeke by die Pater gesit wanneer die dominee of ouderling nie opgedaag het nie, maar ek onthou niks meer van die Pater se wysede nie.

Ek het net goeie herinneringe aan die skooltyd, behalwe dat wat ek goed onthou dat een keer in die biologiese les, daar die onderwyser 'n menslike skelet voor in die klas gesit het, ek flou geword en die klas moes uitgaan om in die vars lug weer by te kom.

Ons het na skooltyd saam baie avonture beleef op ons fietstogte in die omgewing soos die berge in; dikwels 20 tot 30 km so 5 tot 6 ure na bo met die fiets gestap tot Besoeki, so 900 meter hoogte, en dan al langs die bogtige pad met sneltreinvaart op die fiets in 'n half uur tyd weer onder aan te kom. Tog het ons nooit ongelukke gehad behalwe Joop, die een keer uit die draai van die pad gevlieg het en so 100 meter oor die kop met fiets en al na onder in die ravyn gerol het. Maar onder aangekom, staan hy op, en .... makeer niks net 'n paar buile op sy kop.

'n Ander keer het ons saam 'n koppie uitgeklim, die 300 meter hoë Goenoeng Klotok, wat so 10 km ver van ons huis was. Bo aangekom en ons waterbottels gepak om uit te rus, van die uitsig te geniet en ons broodjie te eet, vlieg daar die koëls om ons koppe. Wat was nou die geval ?? Ons het presies

in die skootsveld gekom van een afdeling soldate wat besig was met skietoefeninge... Ons het toe ook hals oor kop van die plek die helling afgerol na onder toe. Nee, ek glo tot vandag toe, dit is beslis die engele wat jou bewaar. Ook die keer was dit Joop wat nogal skramme opgeloo het, maar Jan en ek niks nie.

Ook onthou ek nog hoe ter geleentheid van die verjaardag van die koningin Wilhelmina (van Nederland) skoolfeeste gehou is en daarby sokkerwedstryde tussen die verskillende laer skole in die dorp. Ek was nou deel van die sokkerspan van ons skool en was doelman. Ons wedstryd was teen die skool van my Pa dus teen die Javaantjes. Ek het met so 'n fanatisme ons doel verdedig dat die teenparty geen bal kon inkry nie en ons die wedstryd gewen het. Dit was een van die min kere dat ek van my Pa een pluimpie gekry het. Ook het ek maar selden 'n pak slaag van hom gehad, net een keer onthou ek van hom 'n skop in my agterste nadat ek met 'n self gemaakte pistool van waterleidingpyp 'n albaster (glasknikker) dwars deur 'n plank geskiet het. Dit was nie my eie pistool, maar van Jan ten Broeke. Sy pa het 'n groot masjienefabriek gehad, wat al die masjiene nodig vir die olie- en suikerfabrieke in die omgewing van Kediri vervaardig of instand gehou het. Ons was dus ook dikwels in die werkplaas daar, en Jan het die idee gehad om 'n skietding te maak. Hy het 'n stuk waterleidingpyp gekry van 15 mm deursnee, 'n stuk van sowat 30 sm afgesaag. Ek het die kolf van hout gemaak, so dat die een end van die pyp daarmee afgesluit kon word en dit die vorm van 'n kolf gehad het wat jy met een of twee hande kon vashou. Jan het toe 'n klein gaatjie geboor aan die begin van die pyp, net voor die end van die kolf in die pyp. Toe vat ons 'n klein stukkie vuurwerk wat in die pyp gepas het, trek dit met 'n toutjie aan die lont deur die pyp dat die lont deur die gaatjie uitsteek. Op die vuurwerk in die pyp het 'n albaster gegaan wat keurig in die pyp gepas het, en om die albaster vas te hou 'n klein proppe papier in die pyp daarbo-op vastgedruk.

Die lont is toe aangesteek, en die vuurwapen gemik op 'n plank van half duim dikte op so'n afstand van 3 meter. Ewe later het die rotjie in die pyp met 'n harde klap ontplof, en die albaster het dwars deur die plank geskiet: dit het daarin 'n mooi rond gaatjie gemaak. En van die albaster was verder niks meer te vinde nie.....

Die produksie van die skietding was dus 'n sukses. Ek het toe die ding met trots saamgevat huistoe, en daar weereens uitprobeer, met dieselfde resultaat. Maar net toe ek die gat in die plank bewonder, storm my Pa uit die huis uit, en toe hy my met die ding in my hand sien, gee hy my sommer sonder kommentaar 'n groot skop onder my agterste, vat die ding af van my en sê: wat moet die Resident van my sê, dat ek gewere op my erf afskiet !!! Hy sal my my jaglisensie afneem !! En hy het die 'pistool' ver weg gebêre en my verbied om ooit weer 'n albaster met die ding af te skiet ..... Nou ja, later het ek wel begryp hoekom hy so opgetree het.....

Amor het die tyd op skool ook sy kop uitgesteek; skooltoe stap ek altyd langs die woning van die Assistent Resident van Kediri, en daar het 'n pragtige dogtertjie gebly en was ons 'n bietjie verlief op elkaar. Dikwels wanneer ons uit skool gekom het, het ek daar so 'n kort rukkie bly speel tot etenstyd in die middag en moes ek huis toe gaan. Aan die romantiese verhouding het egter na so 'n jaar weer 'n einde gekom toe haar pa oorgeplaas was na Palembang op Sumatra, aan die Moesirivier en dit was minstens 1500 km ver van ons af. Dit is 'n baie groot rivier waar redelik groot skepe van see af so 100 km die rivier op tot by Palembang kon vaar. So 'n jaar later hoor ek toevallig oor die radionuus dat sy met haar Pa en Ma in die rivier verdink het omdat die veerboot waar hulle op was, op die rivier omgeslaan het.

Ek onthou ook nog die ontsteltenis by die ongeluk met die 'Uiver', dit was die prototipe van die Dakota waarvan derduisende gebou is tydens Wereldoorlog II. Dit was 'n DC-2 wat in 1934 die nuutste ontwerp vliegtuig was vir lang afstand, veral vir postvervoer na die verre Ooste, Indonesie, toentertyd deur die KLM aangeskaf is. In Oktober 1934 was hierdie vliegmasjien die winnaar van die race van Mildenhall in Engeland na Melbourne in Australië. Op 20 Oktober 1934 gestart, het die tweemotorige Uiver die 22e Oktober reeds in Melbourne geland na 'n uitputtende en avontuurlike lugreis. Al die Hollanders was uitsinnig van vreugde en trots, my Pa en Ma ook. Maar 'n paar maande later het hulle verbrande briewe gekry wat deur die Uiver na Indonesië sou gebring word; maar die vliegtuig was op sy volgende vlug van Holland na Batavia in 'n sandstorm bo Sirië die koers kwytgeraak en teen 'n berg opgevlieg, alles was verbrand en die bemanning en passasiers dood..Net 'n paar possakke is in die woestyn gekry en Pa en Ma het so twee maande daarna daarvan ook nog twee briewe van familie uit Nederland gekry, met verbrande hoeke. Die briewe is nog lang bewaar as aandenke.

Intussen het ek ook 'n boetie, Henk, en sussies Tinie en Annie, gekry, maar Henk was 5 jaar agter my en het ons pas werklik met elkaar gespeel toe ek 9 of 10 jaar was, en Henk dus 3 tot 5 jaar. Ek weet nog dat ons 'n keer rovertjie gespeel het, en dat ek my hout swaard weggesmyt het om een of ander reden en die swaard tref toe Henk reg bo sy regteroog. Dit was 'n lelike wond en het verskriklik gebloei. Ek het geweldig geskrik en het myself belowe om nooit weer so 'n ding somer weg te gooi nie. 'n Ander keer het ons in 'n speletjie hard om 'n tafel gehardloop en Henk struikel en val daarby met sy kop teen die hoek van die tafel. Weer 'n gat op sy voorkop wat weereens hard gebloei het. Ek glo hy het tot vandag toe nog 'n litteken daarvan op sy voorkop. Die twee dinge het in Madjenang gebeur, waar ons midde tussen die rysvelde (sawahs) gewoon het.

Met my sussies het ek nie soveel gespeel nie, ek onthou tenminste min daarvan behalwe dat ek vir hulle pophuisies gemaak het van kistenhout. trouwens die knutselwerk met hout was my favoriet, maar ook die instandhouding van my fiets, papbande herstel, ook van die ander kinders het ek altyd self gedoen.

Toe het die tyd gekom dat Pa my na Oom Gezinus en Tante Fem Vosslamber in Semarang gestuur het om daar na die Hoëre Burger Skool te gaan, nadat ek op die laerskool toelatingseksamen daarvoor geslaag het.. Die soort skool was alleen in die hoofstede soos Malang, Soerabaja, Bandoeng, Batavia of Semarang beskikbaar.

En hiermee het 'n volgende fase in my jong lewe ingetree, hoërskool student in Semarang, waar oom Gezienus Vosslamber, familie van die Buters se kant, skoolhoof was van 'n Christelik Laer Inlandse Skool in Semarang en het daar in 'n groot huis aan die Palmenlaan gewoon. Ek kon daar vir my een van die groot kamers kry en was dus by oom Gezienus daar in huis. Oom Gezinus en tante Fem was baie vriendelike mense en het twee jong dogters gehad, nog onder 5 jaar. Ek was toe 15 jaar, en het my by hulle baie tuis gevoel..

Die tyd op die Ryks-H.B.S.(dit was 'n Staatsskool) was vir my 'n openbaring, maar ook leersaam en ek het dit geniet. Klastye was van 8 uur die oggend tot 1 uur die middag, Saterdag Sondag natuurlik was af. Woensdagmiddag was altyd sportmiddag. Die onderwysers (leraars) was vriendelike mense,



maar beslis en korrek in hul optrede en manier van lesgee. Ons klasse was gemeng, ook wat nasies betref; dit was Hollanders, Javane en Chinese deurmekaar, maar die taalmedium was Nederlands vir almal.

Ek onthou by geskiedenisstoetse was die jaartalle van belangrike gebeurtenisse (waar ons absoluut geen belang in gestel het soos 1600 A.D. slag by Nieuwpoort (Nederlandse geskiedenis) vir my altyd 'n probleem om te onthou. Maar die Sjinees wat langs my gesit het se geheue was baie goed en fluister my dan die jaar van die belangrike wapenfeit toe. Wat hy vir belang gestel het in die soort jaartalle weet ek tot vandag toe nie, maar hy weet dit. Wat ek wel onthou van die geskiedenis was die van Indonesië self soos dat die Javane omstreeks 1100A.D. 'n magtige Sjinese vloot by die monding van die Brantasrivier (by die huidige Soerabaja) verslaan het, en dat die Sjinese toe voorgoed daarvan afgesien het om Java te probeer verower. Marco Polo, die bekende wereldreisiger uit die 11e eeu vertel in een van sy boeke ook van die seeslag want hy was 'n toevallig 'n gas aan boord van een van die Chinese skepe en het dit van 'n afstand sien gebeur. Hy was toe op pad terug na Europa via Malakka, Ceylon en Arabië.

Maar tale was ook belangrik op die skool; daar het ons die Duitse grammatika en naamvalle so goed ingedreun, dat ek die vandag nog sommer uit die kop kan opse; hier het ons 'n fanatieke lerares gehad, 'n redelik korpulente dame met streng oë en 'n harde stem wat by die Duits gepas het. Maar sy het 'n goeie hart gehad, ons het almal tog van haar gehou en dus ook vir haar klasse ons bes gedoen. Frans en Engels was vir ons wat moeiliker, maar Duits het ek meer gevoel voor gehad as verwant aan Nederlands.

Verder favoriet vir my tenminste was wiskunde, veral meetkunde was 'n lekker vak, maar ons het ook goeie leermeesters gehad. Die eerste jaar was ook geslaag en kon ek tweede jaar toe gaan.

Wat nog opgeval het daar, was dat sowel leerlinge as onderwysers meesal met die motorkar skool toe gekom het veral die wat van buite Semarang moes kom. Ek praat nou van die kinders van die plantasiebestuurders wat ver in die binneland gewoon het en elke dag soms tot 100 km moes ry na die HBS. Die studente het met die nuutste en mooiste sportkarre gekom, want hulle Pa het geld genoeg daarvoor gehad.....

In die jaar van Semarang was 'n paar andere sake van belang.

Eerstens het ek daar met gereëld kerkdienste in die Gereformeerde Kerk kennis gemaak; oom Gezinus en tant Fem het daar gereëld kerk toe gegaan en ek moes natuurlik die katkisasiëklasse op weekdae, ek meen so 3:00 uur Woensdagmiddag bywoon. Die predikant was die later bekende vlootpredikant ds Sillevius Smit maar die was baie afwesig in verband met 'verstrooidenbesoek' dws huisbesoeke by lidmate wat ver en verspreid deur die land gewoon het waarvoor jy dae lank op pad was. Dus het 'n ouderling die katkisasiëklasse gegee. Ons was net met 'n paar seuns op die klas waarvan ek Ekke Kaspers (wat later na die oorlog in Ede gewoon het en oortuig 'vrygemaak' geword het, een van sy seuns is nou huisarts van Nic en Atella) nog onthou waarmee ek baie gefiets het deur Semarang en fietswedstryd gespeel het in die stadion van die stad. Maar die katkisasiëklasse, veral die Heidelbergse kategismus waarvan ons die vraag en antwoorde veronderstel

was om uit die kop uit te leer, was vir my 'n openbaring en inleiding in die Gereformeerde leer en doktrine wat my wel rigting gegee het in my denkwereld van moraal en gewete.

Semarang was die administratiewe hoofstad van die provinsie Midden-Java, en was aan die Javasee geleë, met sy eie seehawe vir oseaanskepe, en het bestaan uit 'n laag en 'n hoog gedeelte, met 'n hoogteverskil van so 4 tot 5 meter en meer. Die lae gedeelte was die sakesentrum en ou woonwyke,, die hoë gedeelte was hoofsaaklik nuwere woonwyke, veral vir die meer welgestelde mense. Die Gereformeerde kerkgebou het op die grens gestaan van hoog en laag Semarang.

Maar Vader het die end van my eerste hoërskooljaar op Europees verlof gegaan, dit was die voorreg van 'n Europees kontrak dat 'n Europeaan om die 6 jaar op koste van sy werkgewer, 6 tot 8 maande deurbetaalde vakansie kon kry met die reiskoste per boot heen en terug na Nederland vergoed. 'n Ou wet nog van 1890 se tyd bepaal selfs dat 'n amptenaar van die owerheid geregtig was om vir 'n Europees verlof van so 'n jaar met die seilboot om die Kaap te vaar, vergesel van sy vrou, kinders, een of twee perde en een of twee bediendes. Vader het van die bepaling gebruik gemaak om een 'bediende' saam te vat maar dit was in werklikheid een jong Javaanse dame, verpleegster van beroep en van adelijke afkoms wat meer van die wêreld wou sien, en soos 'n 'aupair' tegelyk 'n bietjie na ons kinders sou omsien.

So het ons in 1938 almal na Nederland gegaan per skip, nie om die Kaap nie maar deur die Sueskanaal wat vir ons almal natuurlik 'n groot avontuur was veral in die hawes Colombo, Port Said en Genua.

Colombo was Hindoe georiënteerd, en die stad was vol met allerlei prosesies met olifante wat rustig deur die druk verkeer gestap het van die een tempel na die ander. Vader en ek, saam met Henk, het gaan kyk by die Dutch Reformed Church, met sy klein begraafplaas waar baie Hollanders begrawe is gedurende die tyd dat die VOC beheer oor Colombo gehad het in die jare 1600-1700 A.D. Daarna het die Britte beheer oor die stad en eiland Ceylon oorgeneem. Vandag heet dit Shri Lanka. Vader en ek het ons handtekening gesit in die besoekersboek van die ou Hollandse kerkgebou; die handtekeninge het ons later in 1960 weer in dieselfde boek gekry en met nuwe handtekeninge bekragtig toe ons as gesin met Ma Sjaan en ons twee seuns Harm en Nico weer die kerk besoek het tydens 'n bootreis weer langs Colombo.

Op ons verdere vaart deur die Indiese Oseaan langs die eiland Sokotra en Kaap Guardafui, die punt van Somaliland, was ons skip soos 'n notedop op die geweldige groot golwe wat somtyds groter was as die skip self, dan was jy in 'n diep dal met net water om jou heen, dan was die skip op die top van 'n golf. Die meeste passasiers was dan ook seesiek, maar ons nie, ons het dit geniet....

In Port Said, die volgende hawe wat ons aangedoen het was dit altyd 'n hele spektakel met die Egyptenare wat in hul klein bootjies 'n menigte koopware aanbied, rietmande, riethoede, tafeltjies, kameeltjies en kameelstoeltjies, leer tasse ens ens. En die manne wat duik na geldstukke wat die passasiers van die boot af sommer in die water gooi. En dit was altyd 'n gebied en afding op pryse wat met baie kwinkslae en humor gepaard gegaan het.

Die lewe aan boord was vol vertier en allerlei aktiwiteite soos deksporte, swem in 'n geïmproviseerde swembad van seildoek, met seewater natuurlik, elke passering van die ewenaar is gevier met die inseepe en in die swembad gooi van almal wat die ewenaar vir die eerste keer passeer, verder was dit s'aands dikwels musiek en dans maar daar het ons nie aan deel geneem nie. Ons het liewer rustig op die dek van die oop en koel aandlug, die sterrehemel en daarby die sout smaak van die boegskuim en die wind geniet.

Na drie weke vaartyd vaar ons dan tussen Sicilië en die punt van die laars van Italië deur, langs die Strombolie wat nog 'n werkende vulkaan is, en kom eindelijk in Genua (Italië) aan.

Daar was dit een gepak en gesak met die mees nodige vir op die trein van Genua na Amsterdam; die groot en swaar hutkoffers het nog wel op die boot gebly en dié sou 'n week later in Amsterdam of Rotterdam aankom, maar ons sou in omtrent 24 uur se treinreis deur die Simplontunnel en nog 'n menigte ander tunnels, Basel en deur Duitsland dag en nag deurry om 'n week eerder in Nederland aan te kom. Van die treinreis weet ek nie veel meer van nie, ek dink ons het meesal geslaap, ek onthou net alleen die lekker reuk van die stoom en rook veral in die baie tunnels waar ons deurgery het. Jy moes net nie jou kop by die venster uitsteek nie want dan was jou gesig vol roet en stof, bowendien was dit gevaarlik in die tunnels. Maar die uitsigte by dag tussen die berge was te pragtig.

So het ons veilig in Groningen aangekom, waar ons Ouma Jacobje Boer met haar 5 dogters en oom Berend (my toekomstige boesemvriend in Groningen) in die bovenwoning van Molukkenstraat 2b gewoon het. Ons het in 'n eengesins-woning ons intrek geneem, aan die Oosterhamrikkade, nie ver van ouma Jacobje af nie. Maar hier begin die tweede hoofstuk van my jeug, vanaf my 16e jaar in 1939.

-----

**FASE 2:**

**HOLLANDSE SKOOLJARE**

**1938 - 1949**

LAASTE UITDRUK

8 SEPTEMBER 2001

## HOLLANDSE SKOOLJARE

1939-1948

In die vorige hoofstuk 'PRELUDE' het ons ietsie vertel van die jeugdjare in Indonesië, tot en met die reis na Nederland waar ons vroeg die jaar in Januarie of Februarie (dit kan ek nie meer onthou nie maar dit was nog streng winter) aangekom het. Na 'n hartelike ontvangs op die spoorwegstasie in Groningen deur familie het ons daar 'n 'bovenwoning' aan die Oosterhamrikkade, in die oostelike deel van die stad, nie ver van waar ouma Jacobje gebly het, ingetrek. Die tyd kon 'n mens nog 'n woning sommer betrek, koop of huur, sonder inmenging van die gemeentelike bestuur (munisipaliteit) maar jy moes natuurlik wel registreer as nuwe intrekker in die gemeente.

Die 'bovenwoning' was die eerste en tweede verdieping van 'n woningblok waar so 10 of 20 wonings muur aan muur en onder een dak aanmekaar gebou was. Die begane grond was ontwerp as 'n aparte woning met eie voor- en agtertuin, die verdiepings daarbo was saam 'n ander eengesinswoning al of nie met solderruimte in die dak. Ons huis daar was dan op die eerste verdieping woongedeelte met sitkamer, kombuis, toilet en trap na buite en na bo, met 'n klein slaapkamertjie of werkkamertjie, en agter 'n sg. balkonnetjie oor die breedte van die woning.; die tweede verdieping was drie slaapkamers en 'n badkamer. 'n Solder het ons daar nie gehad nie en was dit hier 'n plat dak oor die tweede verdieping..Ons sitkamer en voorste slaapkamer het uitgekyk oor die Oosterhamrikkade en kanaal, met verby varende binnevaart-skepe na en uit die binnestad van Groningen; skuins teenoor die woning was 'n ophaalbrug oor die kanaal, wat gereeld omhoog gegaan het wanneer daar weer 'n skip deurheen moes vaar. Agter die huis was die gesig net op skuurtjies en 'n berghok waar jy jou fietse en ander sulke dinge kon berg. Daar sou ons dan die ses maande, wat nog oorgebly het van Pa se 8 maande verloftyd deurbring.

Ouma Jacobje was reeds 'n paar jaar eerder van die boerdery in Foxwolde, naby Roden in Drenthe, na die dood van Oupa Jan Boer op eerste Kersdag 25 Desember 1931, verhuis na 'die stad' Groningen, om daar 'n nuwe lewe te maak saam met haar dogters Martha, Geertje, Boukje, Annie en Willie, en Berend die jongste seun, wat dus nog almal by haar in huis was. Die boerdery by Foxwolde was toe met al sy implemente, 'hebben en houen' verkoop aan ene mnr Bakker, vir 7.500,- guldens. Ek het later, in 1996 nog met my neef en naamgenoot, Jan Boer van oom Willem (broer van Vader) wat nou in Amerika (Detroit) woon, by die seun van voornoemde Bakker wat nog steeds in die boerdery gewoon het, op besoek gegaan en gevra wat hy nou vir die boerdery met 2 hektare grond wou gehad het, sou hy dit wou verkoop. Hy vra toe 200.000,- guldens daarvoor .....

In elk geval, veral die dogters Martha, Geertje en Boukje het liewer hulle heil gesoek in die stad, en het werk gekry by 'n Jood, die 'n 'confectie' fabriek in Groningen gehad het, dit wil sê, 'n groot werkswinkel waar allerlei vroueklere soos mantels, reenjasse, rokke en jurke en ook mansklere ontwerp en vervaardig was met behulp van 'n groot aantal industriële naaimasjiens. Die loon vir die werk was bepaal deur 'stukloon', dws die hoeveelheid stukke wat gedoen was.

Berend het 'n opleiding op die ambagsskool gevolg vir dieselmassienmonteur en was daar werk genoeg vir hom by 'n baas wat baie onderhoudswerk gehad het aan al die binne- en buitevaartskepe en kustvaarders wat gereeld binne in Groningen afgemeer het om hul lading te bring en te haal..

Tant Annie het as huishulp by ander gesinne in die stad gaan werk, terwyl tant Willie maar in die huishouding by Ouma tuis gehelp het; sy het die swaardere werk soos wasgoed en huisskoonhou behartig. Ouma het altyd vir die kos gesorg en boerekos kon sy baie goed en lekker klaarmaak, en wanneer daar van die ander kinders van buiteaf kom kuier was haar eerste vraag altyd: “Het julle al geëet ??”. Persoonlik kon ek die beste met tant Geertje en oom Berend oor die weg kom, tant Geertje het soos 'n moeder baie aandag aan my, veral ook ook wat versorging en klere betref, terwyl Berend soos 'n groot broer vir my was; hy was ook maar net 5 jaar ouer as ek. Geertje en Boukje het altwee gehink as gevolg van 'n ongeluk in hulle jong jare, waarby hulle heupe beskadig was en nooit reggesit nie..

Maar Martha, as oudste ook, was van nature 'n leier en dominerend in die gesin veral vir die neem van besluite vir die hele gesin. Wanneer daar oor een of ander saak 'n besluit geneem moes word, was dit Martha wat na 'n onderling oorleg veral met die belanghebbendes, die beslissing geneem het en almal het dit gerespekteer. Oma het dit alles berustend aanvaar, sy was ook van die werkende dogters afhanklik vir die levensonderhoud en koste. En trouwens, niemand het 'n probleem met die situasie gehad nie en dit as vanselfsprekend aanvaar.

Hul woning was toe aan die ver oostelike rand van die stad geleë, aan die end van die lange Korreweg, in die laaste systraat, Molukkenstraat 2b, ook 'n 'bovenwoning' wat uitgesien het oor uitgestrekte weilande, die Van Starckenborgkanaal en 'n eensame splinternuwe brug oor die kanaal wat midde in die weilande gestaan het vir toekomstige ontwikkeling van die stad. Daar het ons (veral Berend en ek) dikwels gaan swem en visvang want die water was daar as gevolg van min skeepvaart deur die kanaal, redelik skoon en diep. Veral 'n duik van die brug af in die diep water was 'n lekker sport.

Maar nou eers weer terug na die Oosterhamrikkade, by my ouers tuis gedurende die verloftyd van Pa. Die behuising was wel 'n groot verskil met dit wat ons in Indonesië gewoon was en was ons speelruimte in huis baie beperk, ons as kinders het geen eie kamer meer gehad nie en moes dit deel met ons drie of vier, seuns by seuns en dogters by dogters, .en in die dag was dit dus dikwels ook 'n stryery oor 'n plekkie aan die tafel en as jy jou skoolhuiswerk moes maak, om stilte en rustigheid.

Dit bring my by die skool want Pa het wel vakansie gehad, maar ons moes natuurlik skool toe gaan. Pa het nou en dan 'n motorkar gehuur om op familiebesoek te gaan soos na Enschedé waarheen die Buters uit Emmercompas heen verhuis het terwille van werk in die tekstielabriek daar, of ook op besoek by oom Jan Buter, jonger broer van Ma, in Wassenaar, Hierdie oom Jan, wat 'n uitsonderlike man was sou nog baie belangrik word vir ons en besonder ook vir my, na die oorlogsjare wat sou kom. Oom Jan het sy skooljare in die helfte van die normale tyd klaargemaak, en mog op grond van sy besondere gawes op staatskoste verder studeer en het op so 25 jaar sy doktorsgraad in die wiskunde verkry. Maar hy was sonder enige pretensies, avontuurlustig en ondernemend; ek het later baie lief vir hom en sy vrou, tant Wykie geraak.

Ook was dit die eerste maande van ons verblyf in Holland streng winter en was die kanaal voor ons huis mooi toe gevries met glad ys, en was deur die mense daar druk op geskaats. Pa en Ma het na 16 jaar Indonesie die ysters ook weer ondergebind en probeer skaats, maar dit was nie lank, of Pa gly uit en slaan met een van sy skaatse se punt in Ma se skeenbeen wat 'n lelike wond veroorsaak het. Uit was dit met die pret, Ma met 'n verband om die been wat lelik seer gekry het en Pa met selfverwyt; die skaatse was toe maar verder onbenut gelaat. Maar ons kinders het wel met die pret deurgegaan en ek het daar leer skaatsry op friese skaatse, sg deurlopers wat met 'n lang punt agter jou hakke nog uitgesteek het om jou ook steun agter jou voete te gee, en kon jy lang stryke van seker 6 tot 8 meter maak vir vinnig ry. Ek het later in die winters van 1940-'41 en '41-'42 maklik so 30 km heen en 30 km terug soos na Delfzyl of, toe ek by oom Jan in Wassenaar was in 1945/46 of '46/47 van Wassenaar na Katwyk op 'n wintermiddag gedoen; dit was baie lekker maar jy sweet onder jou klere by vrieskou van minus 5 of 10 grade..Net jou ore was 'n probleem, die moes onder 'n mus of oorwarmers op jou kop warm gehou word....

Maar Pa het my in September 1939 ingeskryf by die Christelike Hogere Burger School (HBS) in die Rozenstraat, midden in die ou Singelwijke in Groningen. Die direkteur was ene dr Stapelkamp, 'n ou gryskop, simpatieke en welwillende man. Ek het bygestaan toe my Pa my hoedanighede (wat hy nie so hoog aangeslaan het nie) met hom bespreek het en dit was ongeveer die volgende. Ek het dan wel die bevordering na die tweede jaar HBS in Semarang gehad maar die skool was volgens vader natuurlik nie van dieselfde kwaliteit as die HBS in Groningen nie, en het 'n ander leerprogram gehad .... Die Vaderlandse geskiedenis, die tale en nog ander vakke sou dan op die Christelik Hollandse HBS van baie beter kwaliteit as in Semarang wees, nie waar nie ??? Veral die christelike karakter van die onderwys sou dan ook heel wat anders wees as die op 'n openbare skool in Indonesië....

Besluit is dat ek aan die Rozenstraat maar weer van vooraf moet begin in die eerste jaar; maar my self is verder niks gevra of ek daarvan hou of nie !! So was dit in die tyd heel gewoon: besluit oor jou, sonder jou .... Maar dat dit 'n groot sielkundige fout was, sou later blyk...-

So moes ek in September 1939 weer in die eerste HBS skooljaar begin. Tenminste so het hulle gedink. Maar die praktyk was anders. Om te begin het ek my op die skool nie sommer tuis gevoel nie; ek het my verveel om die tale van voorafaan weer in te dreun, Nederlands kon ek beter praat as die Groninger jeugd met hulle Gronings aksent en tongval, die geskiedenisklasse het geneul oor die Bataviere wat begin van ons jaartelling die Ryn afgesak het (wat later blyk nie waar te wees nie ...) en die ridders wat in die middeleeue altyd met elkaar rusie en oorlog gemaak het soos by die Hoekse en Kabeljauwse twiste ens, dit alles kon geensins my belangstelling wek nie, en ek kon nie verstaan hoe die Hollanders wat dan broedervolke was mekaar so te lyf kon gaan nie! (Vandag verstaan ek dit beter ....) Dierkunde, biologie en skeikunde was ook maar dieselfde as in Semarang, behalwe dat vir die fauna en flora in Indonesië op die skool min aandag aan gegee is, en die Rozenstraat meer gefokus was op die geraamtes en hoeveel wervels 'n dier al of nie gehad het nie. Wat die lewenswyse van 'n skepsel was en wat die bepaalde diersoort se voorkeurkos en sy funksie in die natuur was, was nie baie aandag aan gegee nie (hulle het seker ook nie geweet nie).

Vandag verstaan ek, hierdie benadering was 'n gevolg van die nadruk op die evolusionistiese denke oor die Skepping hoe die diere ontstaan en ontwikkel het (die mens dus byvoorbeeld via die Chimpanseë of Gorilla, Neanderthaler en oermens tot die mens van vandag) En dit op 'n

Christelike HBS, waar die Bybel as grondslag vir die onderwys aanvaar is en die evolusiebeginsels volgens my beskeie insig lynreg bots met die skeppingsverhaal in Genesis 1-3.

Daar was egter wel uitsonderings op die skool soos die leraar aardrykskunde, dr van Deursen, wat wel 'n meer gereformeerde benadering gehad het by sy aardrykskunde klasse en hy kon boeiend vertel oor vreemde lande en volkskulture. Dikwels was hy self ook daar gewees en het hy diaskyfes van sy reise gemaak, en daarmee sy lesse verduidelik. Dan het die swart ligskerme voor die buitevensters neergesak, en sy projector gereed gesit, en was die hele anderhalwe uur (hy het altyd 2 lesure aanmekaar gehad) gevul met sy verhale wat hy soal meegemaak het en intussen kry ons die hele prentjie van die land op so 'n manier dat jy dit nie gou vergeet nie.

Die ander uiterste was die geskiedenisleraar wat meer belanggestel het in sy 'jagverhale' as om geskiedenis te doseer. Hy het naweke graag gejag maar die enigste wild wat 'n mens in Holland kon jag in die tyd was wilde konyne of hase, en die skiet hulle nie met .22 gewere, maar met hael !! En wanneer ons as klas as gevolg van baie toetse in ander vakke nie baie lus was vir nog meer werk, het van ons sodra die onderwyser die klas inkom, gevra: 'meneer, hoe het dit nou die laaste naweek met die jag gegaan ??' Dan begin sy gesig opklaar, en vertel hy met graagte wat 'avonture' hy nie alleen die naweek, maar ook ander kere soal meegemaak het en vergeet die tyd, tot so 10 minute voor die einde van die lestyd. Dan onthou hy wat hy moes gedoseer het, maar sien kans om dit in die resterende 10 minute te doen en sê dan verder: 'vir besonderhede moet julle dit maar self in die boek bladsye so en so maar oplees, dan sal ek dit volgende keer skriftelik overheer.'..... Maar die volgende keer het hy weer daarvan vergeet.....

By 'liggaamsoefeninge' (gymnastiek) was ek wel saam met twee of drie andere, ook Indiese jongens, die beste van die klas, ons was baie meer lenig, het 'n goeie liggaamshouding gehad, kon die beste touklim, was goed op die 'bok' met spring-akrobatiek, en aan die ringe. Dit dank sy die Indiese skooljare waar ons baie geleentheid vir sportaktiwiteite ens gehad het. Dit teenoor die Groninger jeugd wat in die algemeen baie styf van lyf en lede was. Hierdie gymnastiek het my selfbeeld tenminste weer ietsie aangehelp (ook die agting by die meisiekinders .... Amor het in die tyd natuurlik ook sy pyle geskiet maar daarvoor later...)

Maar my grootste probleem was tuis, waar met die drukke huishouding die eerste jaar geen plek was om die baie huiswerk vir skool rustig te doen en te konsentreer op jou leerstof nie. Verder was die Hollandse omgangskultuur my vreemd wat vir ons almal baie aanpassings vereis het, op skool en buite die skooltyd. Ek het in 'n totaal ander wereld, waardes en menslike kultuur te lande gekom, vir my ouers welbekend maar vir my nuut, en moeilik om mentale aansluiting te vind by my skoolmaats. Die het almal reeds vanaf die laer skool hul vriende gehad en was ek 'n vreemde voël van buiteaf. Ek moes my eie heil dus maar probeer uitwerk. In Indonesië was ons die buitelewe gewoond, in Holland sit die mense meesal binnekant 'agter die geraniums', hou vensters en deure toe, is bang vir 'n luggie wat daar miskien trek want dan sou hulle wel 'n verkoue kry of miskien selfs griep..

Hollanders eet dan hoofsaaklik ertappels met bietjie vet en vleis, groente soos andyvie, spinasie, veral kool, erwte en bone (maak daar ook soep van), hoofskotels is stampot (boere- of witte-)kool met worst, bruine bone met spek en stroop ens, en erwtosop met varkpootjies daarin gekook, of ook hete bliksem dit is ertappels stampot met gekookte appels en stukkies sagte vleis daarin.



Wanneer Berend en ek alleen by die huis was het ons altyd 'Jan in de Sak' gemaak, dit is 'n soort tarwe- of roggemeel wat in 'n sakkie gedoen is, wat dan in 'n pot met water gaar gekook is. Dit eet jy dan in skywe met bietsuikerstroop en baie roombotter. Verder was daar in die nuwe haringtyd rauwe haring wat jy skoongemaak so rou eet saam met rou en klein gesnyde uie wat natuurlik baie gesonde kos is. Ek het dit alles leer eet en vind dit nog baie lekker ook.

Na die agt maande verlof van Pa moes hulle nou almal (sonder my) terugkeer na Kediri op Java. Dit was teen Desember 1939, met die trein vanuit Groningen na Genua, en daar weer op die stoomboot na Indonesië.

Dit was op die oog af nie so erg nie, want die Indonesië-ganger in die tyd het die reg gehad om sy kinders in Nederland te laat studeer, en hulle eenmaal per jaar tydens die groot vakansie in die somer na Indonesië te laat kom vir drie of vier weke, op Staatskoste, 'n reg wat met die opkoms van die passasierslugdienste van die KLM nie so onmoontlik was nie. Trouwens 'n ou Indiese wet (nog afkomstig van die VOC-tyd) het bepaal dat 'n amptenaar wat reg op 'n Europees verlof verwerf het na 6 of 8 jaar tropendiens, op koste van die Goevernement met sy gesin, met een of twee bediendes en een of twee perde aan boord, heen na Nederland kon reis met 'n seilskip om die Kaap de Goede Hoop, en ook weer terug. Die wet is eers in 1961, na oordrag van gesag oor Nieuw-Guinea, gekanselleer ....

Maar hier sou alles anders afloop. Ek onthou nog dat Vader by afskeid op die Spoorwegstasie in Groningen vir ons familie omtrent die volgende gesê het: "Ek weet nie wat met julle met Hitler in Duitsland aan bewind, hier in Holland gaan gebeur nie, maar ons sal 'n komende Europese oorlog in Indonesië daarom wel vryspring." Hy het dit toentertyd gesê, nie wetende dat Japan hom 7 Desember 1941 ook in die oorlog sou inmeng met hulle lawwe en onverhoedse aanval op Pearl Harbour, en later op Singapore en Indonesië nie. Niemand het trouwens in die tyd nog enige benul daarvan gehad nie, dat die Japanners die blanke mans in Indonesië ook nog as slawearbeiders sou gaan gebruik en die blanke vroue en kinders in konsentrasiekampe sou opsluit nie en dat baie in die kampe sou omkom van ellende....

Ek moes in elk geval maar in Holland bly omrede die 'beter' onderwys daar. In elk geval het ek, anders as die res van ons gesin, die Japanse martelbesetting daarmee gelukkig misgeloop want ek sou dit seker nie oorleef het nie, maar een van die biels in Cambodja of so my grafsteen gewees het..

Ek het toe dus by Ouma Jacobje in huis gekom, en kry saam met Berend een groot slaapkamer op die agterkant van die huis. Ouma het saam met die ander 4 jonger dogters in die voorste slaapkamer geslaap. Die bedde het daar gestaan soos in 'n hospitaal, almal langs mekaar. Net Martha, as oudste van die dogters, het die klein slaapkamer aan die voorkant vir haarself alleen gekry. Boukje, het die tyd reeds 'verkering' gehad met Berend Hogendorf, 'n aangename en vrolike jongman wat buite sy gewone werk as klerk ook nog gestudeer het om te vorder in sy betrekking by die Arbeidsinspeksiedienste, 'n owerheidsinstelling wat hom besighou met kontrole op handhawing van arbeidswetgewing. Die ander tantes van my was toe dus nog almal alleenlopers, net soos Berend en ek dus ook was. Indien daar gaste kom oorslaap, ooms of tannies of vriende, dan het Berend en ek op solder gaan slaap waar ook beddens beskikbaar was. Ek het graag op die solder geslaap want daar hoor jy die reen op die dak teels tik en die wind deur die dak waai. In die winter kon soms jou

asem op die kombes onder jou kin bevries wees. Bowendien het ek op solder my werkbankie gehad waar ek allerlei seilbootjies en motorbootjies, skemerlampe ens gefruitsel en geknutsel het. Ek het baie daarvan gehou

Ook het ek, omdat ons verstoke van elektriese krag was gedurende die laaste oorlogsjare, 'n fietsdynamo van 'n goed gesnyde propelletjie voorsien en op 'n standaard van 'n meter hoog op 'n plat gedeelte van die dak gesit. Die propelletjie kon met 'n bietjie wind so hard draai dat dit 'n liggie binne op die solder kon laat brand. Maar een keer het dit so gestorm dat die propelletjie soos 'n vliegtuig luid gebrom het van die spoed waarmee dit gedraai het en die solder was toe soos 'n klankversterker dat die tantes die hele nag nie kon slaap nie van die gebrom. Ek kon nie anders as om hul opdrag om die meule van die dak af te haal, met spyt uit te voer nie.

Die bou van klein seil- en motorbootjies van triplex volgens my eie ontwerp was wel my favoriete stokperdjie. Die motortjies was van ou afgedankte wekkerklokkies gemaak, die aandryfas vir die skroef agter onder die bootjie was van 'n fietswielspaak, die fleksibele verbindings was met 'n fietsbandventiel om die spake wat oordrag van krag van die wekker of elektriese motortjie af bewerkstellig het, daaraan te bevestig. Heel eenvoudig, maar effektief. Dit het gewerk. Ek het een keer een van my bes geslaagde bootjies gewys aan Opa Buter in Enschedé, maar al wat hy afkeurend gesê het: 'dit is verspilling van tyd en koste...'. Hy het van sy kant gesien seker wel gelyk gehad, maar ek het aan hom nooit meer iets gewys nie ! Tenslotte had ek nog nie so oor die nut van alle dinge nagedink nie .... Nou ja, toe ek September 1942 eenmaal op die Boukunde afdeling van die Middelbare Techniese School aan die Korreweg was, het ek ook maar min tyd gehad vir sulke stokperdjies nie ....!

Berend en ek kon dus saam goed oor die weg kom, en ons het gedurende vakansietye saam baie gefiets selfs deur heel Drente, Overijssel, Gelderland en Brabant, tot selfs aan die Belgiese grens toe. Dan het ons agter op die fiets 'n selfgemaakte slaapsak van ou komberse, seildoek om op en onder te lê, en wat brood of ander kos by ons gehad en 'n primus om iets warm te maak of 'n eitjie te bak. Koffie of tee was toe reeds onverkrygbaar en baie duur. Die nagte het ons buite in die bos geslaap, of in 'n hooiberg by 'n boer al of nie met medewete van die boer. Het die boer daarvan nie geweet nie, was ons voor dag en dauw reeds weer op pad. Maar meesal het ons wel toestemming gevra om in die hooi te oornag, en was ons dikwels ook genooi om saam aan die eettafel te sit en die maaltyd te geniet. Dit was dan dikwels 'n eenpanmaaltyd gebakte aartappels in 'n groot braaipan, wat midde op die tafel gesit was en waaruit ons met die familie en arbeiders van die boer om die beurt 'n hap met die lepel of vurk kon vat. Dan sit jy soms met 8 of 10 persone om die tafel en word daar gesels, gepraat en gelag, pragtig was dat. ..Slaap ons wel in die hooi, moes ons die vuurhoutjies en rookgerei alles inlewer by die boer omrede brandgevaar. Veral in Twente en die Agterhoek was die boere baie gasvry.

Een keer het ons geslaap in 'n groot dennebos naby die Belgiese grens; ons het ons fietse teen mekaar gesit, ons seildoek en komberse gesprei, iets geëet en toe gaan slaap. Maar vroeg in die aand, nog in die skemer (dit was teen 10 uur die aand), hoor ons groot honde wat blaf en naby ons verby storm en mensestemme wat die honde kommandeer en opjaag. Ons het doodstil bly lê, ewe later storm die honde weer terug, wonderlik genoeg sonder om ons waar te neem. Wat dit was weet ons vandag nog nie, miskien doean-beamptes wat die bos inspekteer op smokkelaars. In elk geval, so

teen middernag het dit rustig geword en het ons in slaap geval. Die volgende oggend by dagbreek word ons wakker en wat sien ons ? Die fietse het midde in die nag langs ons omgeval en ons het niks daarvan gehoor nie. Wat of wie die fietse laat omval het sal ons nooit weet nie. Nou slaap 'n mens in die buitelug meesal baie vas en diep, maar so diep dat jy nie wakker word as jou fiets naby jou omval het was 'n ontnugtering.

Maar op die HBS in die Rozenstraat het dit die eerste jaar minder goed gegaan. Tot overmaat van ramp breek dus ook nog die oorlog met Duitsland uit. Of liever, die Duitse weermag het in die vroeë oggend van 10 Mei 1940 sonder oorlogsverklaring sommer die Nederlandse grense oorgesteek en die Duitse vliegtuie na Rotterdam gevlieg om dit te bombardeer. tot daar niks oor was van die middestad nie. Die Nederlandse weermag en lugmag het met doodsveragting terug geveg, maar teen die massale aanval was niks bestand nie. Toe besluit die Duitsers om Utrecht ook te bombardeer indien die Hollanders steeds nie oorgee nie. Na die 4e dag oorlog besluit die opperbevelhebber van die Nederlandse Weermag, Generaal Winkelman dat verder veg die saak maar net slegter maak en kapituleer hy vir die Duitsers. Gelukkig het Koningin Wilhelmina (teen haar sin) weggekom na Engeland (sy is min of meer ontvoer deur haar hofpersoneel met behulp van 'n Engelse oorlogskip, met 'n groot deel van die Kabinet.(ministers) en het sy nie in Duitse hande geval nie. Die somer 1940 het ek 'n paar dae geloseer by 'n oom Harm in Ridderkerk naby Rotterdam en die stad gaan kyk maar daar was van die middestad net 'n groot puinhoop oor; 'n baksteenwoestyn, alles was plat gebombardeer, behalwe een groot kantoorgebou, die sg Witte Huis, wat wonderlik genoeg temidde van die puin regop bly staan het. Die katedraal van die binnestad het half in puin gelê. Dit was 'n wonder dat daar nog so baie inwoners oorgebly het en derduisende bewoners van die binnestad het gevlug en die veiligheid van die platteland by familie en vriende opgesoek, met die reste van hul besittings wat hulle nog oorgehou het na die vernietiging en dit was nie veel nie. Baie van hulle sou nooit meer na Rotterdam terugkeer nie.

Ek het bo die stad Groningen oor ons woonwyke die Junkers met hulle bomme onderaan die vleuels laag oor ons heen sien vlieg, jy kon die bomme sien hang, en die Duitse troepe terwyl hulle Duitse marsliedere sing, sien marsjeer.die stad in. Die Duitsers het verwag (so is hulle geïndoktrineer) om deur ons met oop arme ontvang te word.... . Maar niemand het gejuig nie, en die volk was stil en grimmig teenoor die Duitsers en hulle het gou agtergekom dat hulle nie welkom was nie. Tog was seker 50% van die Nederlandse bevolking in die tyd pro-Duits nog steeds as gevolg van die Anglo-Boere-oorlog 1889-1902, maar dit het al spoedig verander in diepe weersin teen veral die Nazi's, die Grüne Polizei en die SSers wat met opgedronge Nazi propaganda begin het. Het sulke Duitsers op straat die pad êrens heen gevra, was hom altyd die rigting Duitsland gewys met: 'immer gerade aus' ! (altyd net reguit na die Ooste !!)

Die koerante ook die Christelike kon nie meer hulle eie onafhankelike beriggewing verstrekk nie, maar moes alle nuus en kommentaar net van die Nazi kant af oplepel. Positiewe nuus uit Engeland van ons Koningin of Kabinet asook die luister na Radio Nederland wat vanuit London het begin uitsaai was verbode. En die Duitse oorlogspropaganda was in volle gang; die stryd van Duitsland sou gaan teen die 'Kommunisme' sowel as die 'Kapitalisme' wat dan net deur die Jode uitgedink is.

En toe hulle in 1941 begin het om die Jode as volksvyand nommer een van geel Davidsterre te voorsien, verder op alle moontlike maniere dwars te sit en te diskrimineer, in hul bewegings te beperk en naderhand in 1942 per spesiale treine ook af te voer na Duitse vernietigingskampe, het die Hollandse geduld opgeraak en het die verset teen die Duitse besetting algemeen opgelaai. Selfs die spoorwegpersoneel oor die hele Nederland het die werk neergelê en ondergeduik en dit was derduisende manne. Hulle het geweier om die massa's Jode, manne, vroue en kinders in beestrokke na die vernietigingskampe af te voer. Ook ons bure, wat op die grondvloer onder ons gewoon het, middeljarige man, vrou en 2 klein kinders, keurige en beskaafde mense, het ons sien afvoer; net 'n rugsakkie met die mees nodige mog hulle saamvat. Ons het hulle nooit vergeet maar ook nooit weer gesien nie.

Hulle woonhuis, kompleet met die agtergelate meubels van die Jode, was 'n paar weke later beset deur 'n Hollandse seekaptein, met sy gesin, wat naderhand ook geblyk het Nazi simpatiserend te wees. Die kaptein het in die laaste oorlogswinter '44/45 ook van my volkstuin af die boerenkool gesteel, vir sy hoenders. Ek het toe 'n bordjie daar gesit: 'Geen groenten voor kippen'. Hierdie familie het 'n paar weke voor die bevryding deur die Canadese in April 1945, met pak en sak stiekem gevlug na die Ooste, Duitsland in om hul lyf te red. Ons het geen medelye met hulle gehad nie. Ongeruimd staat netjes, het ons gesê. Maar ek loop nou te ver vooruit...

Ek was in die tyd gevolglik in 'n soort geestelik vakuüm gedompel, en by die kultuurskok wat op my afgekom het was daar min leiding van my ouers by gebrek aan kontakte met Indonesië..

My aandag in die tyd was daarom nie geheel meer by die skoolvakke nie, ek het my huiswerk maar met die 'franse slag' net die hoogs noodsaaklike gedoen, in die klas het my gedagtes dikwels afgedwaal van wat die onderwysers bespreek. My punte in die eksamenmaande Mei en Junie was daardeur steeds ver onder die gemiddelde. Die lerare het begrip daarvoor voor my gehad en my nie te hard behandel nie (hulle moes eintlik wel), maar gedruip is gedruip. Daarby het nog gekom dat as gevolg van die verbreekte kontak met Indonesië, wie sou die skoolgelde en my lewensonderhoud nou betaal ?? Oegstgeest, wat in beginsel die werkgewer was van my Pa, het egter toe begin om maandeliks F 60,- te betaal aan Ouma Jacobje maar dit was maar net genoeg vir kos en inwoning.

Maar die HBS direksie het toe bepaal dat die skoolgeld vanwege die oorlogsomstandighede kwyts geskel is en kon ek tog voortgaan met die 'studie'. Hulle was dus wel baie genadig vir my en ek het dit waardeer. Dit was ook Martha glo wat vir my 'n goed woordjie gedoen het by die skooldireksie en by my aangedring het om beter my best te doen. Maar ek self was intussen ook minder kind en meer volwasse geraak en meer gekondisioneer met Nederlandse omstandighede. Daar het intussen ook ander dinge gebeur wat baie invloed gehad het op my geestelike ontwikkeling.

Van die belangrikste was byvoorbeeld die kerkdienste in die Gereformeerde kerke in Groningen, met die katkisasies van besielde predikante soos dominees P.K.Keizer, Kaptein, Douwe van Dijk en van 't Veer. Veral ds Keizer was my vertroueling by wie ek my gemoed nou en dan kon uitstort en het hy my waar hy kon, bemoedig. Maar waar ek besonder respek vir gehad het was hul onbevreesde prediking en waarskuwings in die openbaar van die kansels af teen die anti-Christelike karakter van die Nazileer van die 'Herrenvolk' en die Duitsers se beleid om die jongmense te werf vir die 'Arbeitseinsatz' in Duitsland waar hulle in jeugkampe onderwerp was aan die leer van 'Deutschland über alles' en die voortreflikheid van hulle Ariese ras, bloed en bodem., bo die van ander volke soos die 'veragtelike' Jode.

Hierdie waarskuwende prediking het tot gevolg gehad dat die kerkvolk die dienste volgestroom het en dat die kerke te klein geword het vir die massas wat by die dienste opgedaag het. Ons het tydens die dienste om beurte gaan staan, vir diegene wat nie meer sitplekke kon kry nie en die gange volgestaan het....want die dienst was soms meer as 'n uur tot anderhalf uur lank, maar vir ons besef was dit verby voor jy dit weet want die preke het ons aandag vasgevang tot die einde !!

Nou het Groningen die preekruilsisteen geken vir preekbeurte; daar was 4 of 5 gereformeerde kerklike gemeentes met elk hul eie kerkgebou, Groningen Noord, Oost-, Suid, West en Parklaan, die predikante kon elke preek wat hulle gemaak het, dus 4 of 5 weke aanmekeer in 'n volgende buurkerk hou.

Daar was egter ook so drie predikante wat 'n ander houding gehad het. Hulle boodskap was gekenmerk deur neutraliteit teenoor die besetter, ja selfs gehoorsaamheid aan die Duitse besetter is gepredik en hulle het nooit meer gebid vir die regering in Londen nie, waar ons Koningin met die Kabinet tydelik gehuisves was. Hulle het ook nie gedurf om te waarsku teen die onchristelike Nazileer nie en die Duitse propaganda in die verband, gevrees as hulle het vir verklikking deur Duitsgesinde toehoorders in die kerk, by die Grüne Polizei .... Hulle was dus soiets as hensoppers .....

Wanneer dit hulle preekbeurt was, het die mense steeds meer uit veragting weggebly en het hulle gepreek vir leë stoele en banke. Toe kom nog 'n leerkwessie daarby naamlik die van die sg 'veronderstelde wedergeboorte' en wat daar alles mee saamhang. Dit was 'n doktrine van neo-Kuiperiaanse aard waar die doop van pasgebore kindertjies gemotiveer was met die gedagte dat die kinders reeds in beginsel vir wedergebore gehou moet word. Die gedagte was verwant aan die van die wederdopers en baptiste wat sê dat alleen bekeerdes gedoop mag word en kinders dus pas gedoop kon word wanneer hulle tot 'volwassenheid gekom het en belydenis van geloof kon doen.

'n Verdere konsekwensie van die leer was, dat indien 'n dopeling later afvallig van die geloof sou word, sy doop dan dus nie eg sou gewees het nie, wat ook so letterlik uitgespreek was deur bv dr Wimpie de Klerk (broer van vm. Staatspresident F.W. de Klerk) in sy self geskrewe katkisasieboekie toe hy predikant was in Villieria, Pretoria. Ek het destyds in Suid-Afrika daaroor 'n vraaggelyk gehad met ds Kruger van Wonderboom-Suid, wat die leer van die 'veronderstelde wedergeboorte' ook hartgrondig afgewys het as ongereformeerde en menslike gedagtespynsels wat nie in ooreenstemming is met die Evangelie wat die Skrifte ons leer.

Die afstammeling en geesgenote van die Afsgekeidenes binne die Gereformeerde kerke het die 'veronderstelde wedergeboorte' doktrine egter hartgrondig weerstaan; en daarop gewys, dat die doop van kinders uitsluitend berus op die gebod en belofte van God, dat die kinders ingesluit is by die genadeverbond waarin die ouers reeds staan. Toe die Geref. Sinode die leer van die veronderstelde wedergeboorte egter verpligtend maak en dwingend oplê op straffe van skorsing van die betrokke predikant of kerklike gemeente, was daar moeilikheid. Die opvallende daarby in Groningen was ook dat die bogenoemde predikante wat hul kerke leeg gepreek het, wel die Sinodale leerdwang gehoorsaam het, terwyl die ander kollega-predikante wat vol kerke getrek het, die Sinodebesluite oor die leer ten sterkste afwys en geweier het om daarvolgens te preek. Die skeidslyn by die predikante en kerkvolk het hom omtrent langs dieselfde grense getrek.

Hierdie konflik het nie alleen in Groningen ontwikkel, maar deur die hele land, maar veral in die Ooste by Enschedé en die provinsies Utrecht, Overijssel, Drente en Groningen, waar nog redelik openbare kommunikasie moontlik was. In die Weste was die druk van die oorlog baie groter deur 'n baie digter besetting van die Duitsers en was die kontak met die res van die land maar baie moeiliker.

Dit was nie lank nie, of die Sinode het by voorgesette vergaderinge besluit, om die 'on gehoorsame' gemeentes en predikante, te skors en daarna af te sit. Nou was die koël deur die Kerk as geheel, en het baie gemeentes as geheel, maar ook individuele lidmate en predikante, verklaar dat hulle hulle losmaak van die Sinodale juk en apart vergader..

Hierdie losgemaakte kerke het hul saam weer verenig in 'n nuwe kerkverband en het so die 'Vrygemaakt' Gereformeerde Kerke ontstaan. Hierdie kerkskeuring het afgespeel midde tussen die laaste bloedige oorlogsjare van 1943-1945, waar die verzet teen die Duitse besetting ook op sy hewigste was.

Vir my, en trouwens die hele gesin van Oma Jacobje was die keuse hier nie moeilik nie. Dit was in die leerstryd duidelik wie van die partye besig was met 'n soort menslike kasuïstiek vol menslike doktrine wat kant nog wal raak (waarin die Farizeers destyds ook verstrik geraak het). Die teenstanders van die leer der 'veronderstelde wedergeboorte' het hulle gehou aan die gewone leer van die Evangelie van die Heilige Skrifte en sy daaruit voortvloeiende lewenspraktyke. 'n Daarna nog bykomende en opvallende verskynsel was, dat die aan die Sinodale uitsprake getroue predikante ook nog 'n heftige lasteraksie begin het teen die 'Vrygemaaktes', dat hulle dan verskriklike rusiemakers, skeurmakers en twissoekers is. Hierdie opinie is daar vandag nog steeds by buitestaanders, en later was my Pa ook daardeur blykbaar beïnvloed, want toe hy in Holland na die oorlog terugkom, wou hy niks weet van die kerkstryd en die Vrygemaaktes nie ... Ek mog van hom selfs met my boeties en sussies nie daarvoor praat nie !!

Maar die lasteraksie was natuurlik geheel onvanpas en het ons juis verder oortuig daarvan dat ons kerklik gesproke die juiste keuse gemaak het. Ons wou toe helemaal niks meer te doen hê met die 'sinodale' predikante wat so hul eie kollega's kon sleg maak nie

Die prediking en katkisasie van ons predikante het my daartoe gebring, om self die Bybel van agter na voor te lees en te herlees en ek het dit sistematies begin doen, opsetlik sonder die hulp van allerlei verklarings en hulpboekies wat daar wel beskikbaar was. Ek wou sonder invloed van buite af die Bybel leer ken, en dit het my toe stadigaan die perspektief gegee wat daar in ons wêreld eintlik aan die gang is en sy uiteindelijke bestemming (Dat u Koninkryk mag kom ...), en ons rol as mens, skepsel van God daarin. En dat ons keuse wie se kant jy kies in die groot konflik tussen Waarheid en Leuen, Goed en Sleg, en God en Satan, belangrik is ook vir jou eie toekoms..En ek het daar my keuse gemaak. Dit het dus invloed gehad op my houding teenoor die skool, my toekomsplanne en die bepaling van die roeping wat God skynbaar ook op my gelê het. Ek het hierdie dinge vlak na die oorlog ook aan Vader Harm in ons eerste kontak per brief na Indonesië geskryf en Vader het in sy eerste antwoord aan my oor hierdie sake groot gelyk gegee. Maar toe hy terugkom uit Indonesië wou hy niks meer weet daarvan nie, hy het my my keuse vir die Vrymaking nooit verwyt nie, maar het my dus wel verbied om daarvoor by hom tuis te praat met my boeties en sussies ie, want, so sê hy: "die Vrygemaaktes is almal 'twissoekers en rusiemakers'". Dit was dus die resultaat van voorligting deur sinodaal geblewe dominees in Indonesië soos ds Oranje, Sillevius Smit ens, wat die kerkstryd in Nederland nie meegemaak het nie. En aan 'rusie en twis' had hy 'n grote hekel, en

daarmee basta. So het my boeties en sussies en Pa en Ma almal 'Sinodaal' gebly. Maar ons familie verder in Groningen, Drente en Enschedé het vir die meerendeel almal vir die 'Vrymaking' gekies !! Ek begryp tot vandag toe nie waarom dit vir hom niks gesê het nie.

In elk geval, ek het besluit om van die HBS te maak wat daarvan te make was, maar gevind dat dit uiteindelik nie my hoofrigting was nie, maar meer 'n tegnologiese ontwikkeling moes volg soos boukunde. Ek kon blykbaar van die derde jaar HBS oorgeplaas word na die Middelbaar Techniese School se tweede jaar, en die direkteur van die MTS wat my eers nie wou inskryf nie (inskrywings was vol volgens hom), het op my volgehoue aandringe (ek het hom elke dag gaan besoek om weer te vra of daar geen terugtrekkings van ander studente was nie...) my tog toegelaat en selfs die skoolgeld kwytgeskel omdat my ouers dus in Indonesië was en dus nie vir my onderhoud en skoolgeld kon sorg nie.

En die studie aan die Tegnieuse Skool was vir my 'n sukses. Dit was harde werk, maar ek het daarvan gehou en die studiestof het my gepas. Dit was of my brein daarvoor geskape was. Net met twee vakke het ek nie so goed gevaar nie, dit was Engels en ... boekhou. Ek het nooit verstaan waarom die kwessie van geld optel en aftel wat so eenvoudig is, in boekhoukunde so onnodig ingewikkeld gemaak word. Maar die boekhouers sal seker weet, hulle moet tenslotte ook hulle brood verdien .... So is die jare 1943 en '44 vlot verloop wat die skool betref en het ek begin behoort tot die betere leerlinge in die klas, wat ook goed was vir my selfbeeld. Maar in Junie 1944 het daar vir die skool 'n ramp gebeur.

Die direkteur van die Tegnieuse Skool wat naby die skool aan die Korreweg gewoon het, is op 'n oggend vroeg, so 4 uur se kant, uit sy bed gebel, en toe hy die voordeur oopmaak, sommer vir die voet in sy kop doodgeskiet deur die Duitse Grüne Polizei, en saam met hom nog vier of vyf ander prominente persone in die Groningse samelewing. Dit was soos die Polizei later verklaar, 'n wraakoefening op wat die ondergrondse versetstryders 'n paar dae terug gedoen het. Wat dit in die spesifieke geval was onthou ek nie meer, maar die versetstryders het gereeld aksies uitgevoer soos die vernieling van burgelike stand argiewe om die opsporing van jong manne en Jode teen te gaan en roof van voedselbonne vir die talryke onderduikers, of ook om vir die verset gevaarlike kollaborateurs of verraiers te elimineer, of gevangnisse waar versetstryders opgesluit was oop te breek, ensovoorts. Die bonkaarte was nodig vir die talryke onderduikers want alle noodsaaklike lewensmiddele soos brood, botter, vleis, rys, ens kon net gekoop word by die winkels indien jy daarvoor bonne inlewer, want dit was alles gerantsoeneer. Ook klere, skoene, tabak, drank ens was ook 'op die bon' en sonder dit sou 'n mens verhonger. In die weste van die land, waar maar min boere was teenoor die inwoners van die stede, het ook baie mense verhonger weens gebrek aan kos, veral die laaste oorlogswinter..

In elk geval, hierdie direkteur se begrafnis was 'n demonstrasie van bitter protes teen die Duitsers, die begrafnisstoet was amper 'n kilometer lank en het stapvoets dwars deur die stad Groningen gegaan. Die Duitsers was woedend, maar kon niks doen nie. Maar die skool is toe gesluit, ook uit protes, tot die einde van die oorlog want 'n hele paar lerare het ook ondergeduik. Dit was trouens vir die leerlinge ook nie veilig meer; van die HBS waar ek op gewees was, het die Duitsers 'n jaar tevore reeds alle manlike studente opgeroep om in Duitsland vir Das Dritte HimmelReich te gaan werk. Meeste van die studente het toe ook ondergeduik. Met onderduik word bedoel, dat jy nie

meer in die openbaar verskyn nie, en verblyf soek iewers op die platteland of in 'n ander stad of dorp ver van die plek waar mense jou geken het en jou tuiste was. Die onderduikery het 'n grootse organisasie vereis van die ondergrondse verset, waar daar vir voedsel en geskikte onderdak gesorg moes word. So het ons by Oma Jacobje tuis ook 'n onderduiker gekry, ene Henk Leerentveld uit Rotterdam. Maar daarvoor weer later.

In elk geval, die laaste jaar na die sluiting van die skool het ek toe maar gaan werk vir 'n boukontraakteur, om vir 'n paar guldens allerlei onderhoudswerkies uit te voer, maar ook om die voorgeskrewe ondervinding in praktyk op te doen.. Oordag was ek dan iewers veilig aan die werk, en het saands gewoon by die huis geslaap. Maar wanneer daar 'n razzia op koms was, het ek by die ouers van Berend Hogendorf in 'n ander stadswyk geslaap waar dan geen razzia sou wees nie. Van die (goeie) Nederlandse polisiemense het meestal tevore geweet van die beplande nagtelike oorvalle en het hulle ons gewaarsku. So het die Staatspolizei vir my tweemaal aan die deur gewees om my te pak, maar was ek die nag dan gelukkig nie tuis nie. Ek het wel meegemaak toe hulle met 4 polisiemanne vir Berend Hogendorf wou arresteer by ons huis in September 1944, maar Berend was ook net op tyd weg. Wat ek van Oma Jacobje by die huissoekings onthou het, was haar rustigheid en onbevreesdheid vir die vier opdringerige en brutale polisiemense, hoe sy hulle hul brutaliteit ernstig verwyt en met die mees eerlike gesig die manne oor Berend Hogendorf met leuens mislei het.

Die agente het my toe ook gevra of ek weet waar Berend Hogendorf is. Ek sê vir hulle: toe ook met die mees onnosel gesig: 'normaalweg is hy hierdie tyd reeds hier ..., maar waarom hy nog nie hier is nie weet ek nie, miskien het hy 'n papband...., en hy kom wel meer nie dadelik na ons huis toe nie....'

.Hulle het toe onverrigtersake en kwaad die aftog geblaas, maar wel sy verloofde tant Boukje saamgevat na hulle verhoorkamers in die vir sy kwelkamers berugte Scholtenshuis in die stadssentrum van Groningen. Gelukkig het sy die end van die volgende dag daar vandaan skynbaar ongeskonde teruggekom, maar wou ons niks vertel van wat haar daar oorgekom het nie. Gelukkig was die tyd Henk Leerentveld nog nie by ons nie, anders was hy ook de pineut gewees.

Ek moet altyd daaraan dink wanneer ek 'n dominee hoor preek oor die halwe waarhede wat Abraham oor sy vrou Sara vertel het vir die Egiptenare en Isaak vir Abimelech, dat Abraham en Isaak daar sou gesondig en gebrek aan vertroue op God gehad het.... Ek dink dan altyd so 'n dominee is maar 'n moralis wat nooit 'n oorlog meegemaak nie en ken nie die ware lewe nie... . Oma het wat my betref met haar leuens nie gesondig nie want sy het leuens daarmee gered, en ons het nie gesondig nie, toe ons steenkolen van die trein gesteel het in die laaste oorlogswinter nie. Dit is maklik en wat my betref onwaaragtig om die brave Hendrik uit te hang in jou oordeel oor ander mense in 'n situasie wat vir jou vreemd is.

Moes Oma dan volgens hierdie dominees eerlik gesê het: Berend Hogendorf is weg na het Gooi, daar verberg hy hom vir julle, julle kan hom daar kry en vra vir Bouk, want sy het sy adres ...!' Of andersins: 'Ek weet wel waar hy is, maar ek sê dit nie vir julle nie !!' In die laaste geval sou sou Oma onmiddellik na die Scholtenshuis gevange geneem en gemartel tot sy hulle vertel wat sy weet ....

En ek sou dit in vertroue op God dit ook vir hulle moes gesê het !?! Tog te belaglik vir woorde !!

Het die vrou Ragab dan ook nie by die verberging van die verspieters gelieg vir die vervolgers, en is sy daarvoor nie ryklik beloon nie ?? Nee, in oorlogstyd skiet jy jou vyand dood en is jy 'n held,



maar in vrede tyd is doodmaak ook van jou vyand, moord. Omstandighede is wel bepalend vir die etiek van jou doen en late.

Wat nog vertel moet word is hoe ons Berend Boer Engelandvaarder geword het.

Soos bo vertel, was hy dieselensjenspesialis op skepe, en het hy geweet van kusvaarders wat op die Oossee, tussen Nederland, Hamburg, Kopenhagen in Denemarken en Oslo in Noorwegen gevaar het. Op 'n najaarsdag in 1943 vertel hy ons hy het gemonster op so 'n skip as masjienis, en sou vir 'n paar weke weg wees. Die paar weke was verby, maar hy het nie opgedaag nie. Na so twee maande kom daar 'n brief uit Stockholm (Sweden), dat hy daar veilig gearriveer het en asiel by die Nederlandse ambassade daar gekry het. In die brief vertel hy van die lewe in Stockholm, maar verder niks want die briewe was almal gesensuur deur die Duitse Poskantoor. Later het ek Berend in Djakarta, Indonesie in 1949 weer gesien en het hy alles vertel hoe dit in sy werk gegaan het. Hulle het met die skip waarop hy was, in die hawe Varberg aan die Sweedse kus gekom. Sweden was neutraal in W.O.II en Berend het die oggend onmiddellik na aankoms die stad ingegaan en vir hom 'n treinkaartjie na Stockholm gekoop; die trein sou die middag vertrek. Hy weer terug aan boord, maar toe hy die middag weer stad wou ingaan om die trein te vat, is daar drie ander matrose wat ook met die trein wou dros. Hulle het met hulle 4 na die treinstasie gegaan, Berend had reeds sy treinkaartjie en het dadelik deurgegaan die trein in, maar die ander drie moes nog 'n kaartjie koop. Die kaptein het egter die drostery ontdek en onmiddellik die polisie gewaarsku, wat toe die drie terwyl hulle toustaan vir die treinkaartjies nog kon arresteer, maar Berend was reeds onvindbaar in die vol trein en het die trein intussen vertrek met Berend daarin. Wat van die drie matrose geword het, ons het nooit meer iets van hulle gehoor nie.. Berend het veilig in Stockholm aangekom, waar hy sowat drie maande moes wag voordat daar plek was op 'n Sweeds vliegtuig na London, waar hy hom gemeld het vir opleiding by die Nederlandse lugmag. Daar het hy sy brevet gekry as Spitfire piloot., en na 'n jaar was hy na Australië gestuur om aan te sluit by die Nederlands Indiese Lugmag wat tydelik in Sydney gestasioneer was. In 1945-48 was hy geplaas op Biak, die groot lugmagbasis van Mac Arthur met sy duisende vliegtuie van allerhande soort. Daar het hy ook sy vrou, Moss, as verpleegster ontmoet en met wie hy nou nog in Brisbane, lewe. Ek het Berend ontmoet in Djakarta in 1949, waar hy gewag het op sy demobilisasie, om daarna definitief na Australië te vertrek om by sy vrou aan te sluit in Brisbane.

Ons was Berend dus kwyt in die najaar van 1943, en was ek die enigste man nog in die gesin van Oma Jacobje Toe ons die berig van Berend uit Stockholm kry, had ek ook die kriebels, maar Martha het my gewaarsku om geen onbesonne dinge aan te vang; hulle het sonder woorde aangevoel wat ek in stilte wou beplan. Dit het streng winters '43/'44 en '44/'45 geword en aan alles was gebrek. Voedsel, klere, brandstof soos kole en gas was skaars, saansd mog die ligte nie brand nie of moes die verduisteringsgordyne van swart papier voor die vensters neergelaat word. Saansd na 19:00 uur was dit aandklokkeeling; niemand mog sonder 'n 'ausweis' op straat kom nie.

En sodra dit donker was, het die gebrom van die honderde vliegtuie hoog in die hemel uit die weste (Engeland) aangeswel op pad na die ooste wat bomme op Duitse stede en fabrieke gaan gooi het. Dan kon jy buite in die donker die Duitse afweergeskut (flak) op die Duitse grens sien flikker en soekligte sien skyn wat probeer het om van die vliegtuie te vang en af te skiet. En ons het gebid dat die pilote van die vliegtuie veilig en wel weer by hulle basis sou kon tuiskom na hulle vernielingswerk in Duitsland. Ons was elke keer verheugd om hulle te hoor; om die Duitsers hulle

verdiende loon te gee, het hulle ook nie Rotterdam en baie ander stede plat gegooi met duitse bomme nie ??

Was ons gebrek aan alles nie deurdadig dat die Duitsers ons land onregmatig leeggeroof het nie, en nog steeds leeggeroof ? Ek het baie keer van die platteland by familie vandaan wat daar nog kon boer en nou en dan klandestien kon slag, gereeld op die fiets die tasse vol met ertappels, bone, melk en botter gaan haal, maar dit was uitkyk vir die voedselinspekteurs langs die pad. As jy gevang word met kos in die fietstasse, was daar moeilikheid. Ook familie, ooms en tannies wanneer hulle van die platteland kom kuier het by Oma, het meesal wel iets van kos by hulle gehad. Ek self het met 'n 'volkstuintjie' begin in die grasland oorkant die Molukkenstraat, so 'n 200 vierkante meter, dit dubbel omgespit, en van alles geplant soos ertappels, bone, tomaties, kool, slaai ens. Waar ons heel wat vars groente kon pluk vir die maaltye. Om dit te kon doen het ek voorligtingsboekies gekry van die Openbare Biblioteek oor tuinmaak en die kweek van allerlei Hollandse groentes ens, en ons Boere het blykbaar groen vingers gehad. Ook het ons met oestyd by die boere op die land gaan help, en kom altyd met iets eetbaars by huis terug.

Toe Berend nog nie weg was nie, het ons op vakansiedae dikwels na die Leekstermeer gegaan, so 'n dik uur se fietsry en het daar in die begin roeiboortjies gehuur, maar later ook seilbootjies. Berend het my daar leer seil. Die seilbootjies was plaaslik van staal gebou, met twee seile, die hoofseil en 'n kleiner driehoek voorseil, die fok.en was baie goed bestand teen harde wind en hulle het lekker geseil. Die Leekstermeer was nie diep nie, so anderhalf tot twee meter en die water was bruinig van die veenbodem daaronder. Toe Berend weg was, het ek liewer na die Paterswoldermeer suid van Groningen gegaan, dit was wat dieper en die golwe hoër by wind en die seilbootjies wat jy kon huur, was die sg BM-ertjies, van hout, ranker en meer toegebou, groter seil en geskik ook vir amper windsterkte 4 of 5; dan was dit eers sport om op die water te wees en jou behendigheid te meet met die elemente, kon amper met sy seil plat op die water lê en tog weer regop kom en kon jy die bootjie weer veilig agter die steiers terugbring..

Maar een keer het ek my oom Willem Boer (broer van vader) en tant Wietske wat in Hoogkerk naby die Leekstermeer woon, en by wie ek 'n paar keer 'ondergeduik' het, oortuig om 'n keer met my op die meer te gaan seil. Hoewel hulle aan 'n groot kanaal en naby die meer, gewoon het hulle nooit leer swem nie.

Toe ons by die aanlegplaas van die bote by die meer kom, was daar 'n groepie van twee dogters en drie seuns, almal tieners, in 'n seilboot so 100 meter van die kant af, blykbaar in die knoei. Jy kon sien van seil het hulle geen benul gehad nie, die twee meisies het gestaan in die boot en wiebel die boot en hul laggery het ver oor die water geklink., Die seun aan die roer het toe ten opsigte van die wind 'n verkeerde beweging gemaak dat die giek van die seil van die een kant na die ander kant oorswaai en dit slaan een van die meisies oorboord. Sy kon blykbaar nie swem nie, spartel in die water en sink toe weg. Die seuns het in die boot bly sit en kon blykbaar ook nie swem nie, en ons en ander mense op die wal het toe ons dit sien gebeur onmiddellik elk 'n roeiboort gegryp en na die plek geroei en gaan soek na die meisiekind wat op die bodem van die meer, so 2 meter diep gelê het. Ek het daar ook in die water gespring en duik, maar deur die bruinige veenwater kon ons nie op die 2 meter diep bodem goed kyk nie, moes op die gevoel soek en dit het so 'n kwartier gevat voor ons haar kry, blou in die gesig en blykbaar reeds lewenloos. Alle pogings om haar weer tot lewe te bring was vergeefs, dramaties einde van 'n'plesiertoggie'. My oom en tannie het toe geensins meer lus

gehad om nog met enige seil- of roeiboort te gaan vaar nie en het sindsdien ook nooit meer dit gewaag om in 'n klein bootjie op die water te kom nie.....

Die somer van 1944, presies wanneer onthou ek nie meer nie, het 'n onderduiker, Henk Leerentveld, by ons in huis gekom. Berend was weg, en was daar vir hom wel plek by ons. Hy het gekom uit Rotterdam, en waarom hy moes onderduik het ons hom in die begin nooit gevra nie, want dit was een van die dinge wat jy nie vra nie, hoe minder jy weet van die ander, hoe beter. Dit was een van die groot beginsels by die ondergrondse verzet, dat jy wel saamwerk met ander, maar waarvan jy so min moontlik weet. Later, na die oorlog het ons gehoor dat hy as dwangarbeider na fabrieke in Hamburg gestuur was, maar daar tydens bombardemente gevlug en deur Noord-Duitsland in Groningen te lande gekom het. Henk was dus die eerste tyd nie toegelaat om buite te kom nie, en om hom besig te hou, het die tantes hom geleer kleding te ontwerp en vervaardig. Hy het by my op solder geslaap en was 'n aangename, vrolike en gesellige jongkerel, baie behulpsaam met alles. Alleen ons huisgodsdienste was vir hom 'n bietjie vreemd want dit was hy by sy huis nie gewoond nie, hy was Rooms van huis uit. Ons het namelik veral Sondags na die hoofmaaltyd in die middag altyd wat psalms of gesange gesing en Bybel gelees, en het gereeld besoek ontvang van ouderlinge, diaken en somtyds die dominee. Verder was ons hele familie gereformeerd van geloof en het die gesprekke ook oor dagelike lewe altyd 'n christelike karakter gehad. Dat was vir Henk iets nuuts, waaraan hy egter gou gewoond was.

Toe die winter '44/'45 kom, was dit weer bitter koud, en aan alles was daar gebrek, krag was saands nie meer gelewer nie brandstof was op, gas om op te kook was suinig, bande vir die fietse was klaar en so was daar aan alles gebrek. Om saands nog wat naaldwerk te kon doen, of te lees of speletjies te doen, was lig nodig, en ons installeer toe maar 'n fiets in die woonkamer, set dit op sy dubbel standaard dat die agterwiel vry van die grond kom, sit die dinamo aan en maak 'n draad daarvandaan die die plek waar die kamerlamp hang en met 'n fietslampie met groot reflektor, gaan sit op die fiets en trap die agterwiel so hard jy kan; het ons so tenminste nog 'n bietjie lig op die tafel in die kamer gehad; Henk en ek moes om die beurt maar die trapwerk doen.

Toe hoor ons, by die Noorderstation staan 'n lang trein vol met groot brokke steenkool. Dit het die Duiters uit Limburg gaan haal om na Duitsland te vervoer. Toe maak ons 'n plan, dit het gesneeu buite, die wereld was wit. Ons, dit is Henk, Martha, Bouk en ek wag tot so 12:00 uur in die aand, en sluip stil stil die straat op met wit lakens om ons, en 'n slee met 'n paar jutesakke stap ons na die stasie, sowat 'n 20 minute se stap langs agter-stegies en paadjies met vermyding van die openbare straat. Ons kom veilig aan by die stasie en dit is daar 'n drukte van belang. Nie van passasiers nie, maar van ander wat dieselfde planne het as ons. Nou was die trein wel bewaak, daar was twee kondukteurs wat al langs die trein gestap het om dit te bewaak, maar dit was so 100 meter lank.

Was die bewakers aan die een end van die trein (dit was pikkedonker) was dit aan die ander end 'n gegooi met die groot steenkoolbrokke van die trokke af na onder, waar dit deur jou vriende in die sakke op die slee gestop word. Kom die bewaker te digby, so op 50 meter, kruip die onder besig was weg in die droë sloot langs die trein, met 'm wit laken oor, en die op die trok was, bly tjoepstil tot hy verby is. Dan roep die bewaker:” Zijn hier ook mensen, maak dan dat je wegkomt !!!”. So herhaal hy sy roep gereeld by elke wagon, dat dit ons help om te weet waar hy is. In elk geval, ons het so 2 of 3 sakke vol gekry en ons is daar weer weg met 'n swaar belade slee oor die sneeu, en wit lakens

om ons heen in die duister van die nag..... . Dan het ons weer brandstof gehad vir die kaggel vir warmte en die kokery vir paar weke.

Die steenkool was groot swart brokke antrasiet en baie goeie soorte steenkool eintlik te vet vir ons kaggels, maar brand soos olie. Die roofdog het ons so twee keer herhaal, tot die trein weg was. Vir Henk was dit natuurlik 'n heerlike ervaring, om so tog weer buite te kom, al was die risiko baie groot om gepak te word, maar nou ja, sonder risiko's kom 'n mens ook nooit verder nie.

Toe kom die tyd, dat die Canadese en Poolse troepe nader vanuit die Suide; dit was so Februarie/Maart 1945 dat hulle uiteindelik, na die dramaties mislukte slag om Arnhem 'n jaar terug, tog oor die groot riviere Ryn, Maas en Waal gekom het en besig was om Noord-Nederland ook te bevry van die 'Moffen'. Toe was alle mans in Groningen deur die Duitsers opgeroep om loopgrawe te graawe om die stad Groningen, en kom ek toevallig saam met my voormalige leeraar Nederlands van die HBS Rozenstraat in dieselfde loopgraaf te werk. Daar was 'n Duitse soldaat wat so op en af geloop het om toe te sien op die graafarbeid. Ek het 'n boekie sakformaat van die wysgeer Spinoza (ek het van sy skerpsinnige redenerings gehou) in my binnesak gehad; en sodra die soldaat verby was, het ek eers die grond wat ek uitgegrawe het, in die loopgraaf teruggegooi, en dan weggeduik om in Spinoza te lees. My leeraar Nederlands egter nie so nie, hy het getrou die taak deur die soldaat hom opgedra gedoen en my doen en late gelaak dat ek my taak saboteer; maar hy het my daarom nie verklik nie. Nou ja, nie lank nie en ek het iewers wat sweerdery opgedoen en by die huis suiker op gestrooi, dan sweer dit daarom nog erger.

Ek na ons huisdokter de Ruyter, en hy skryf 'n briefie dat ek aan een of ander vreselike siekte ly wat ek moet wys aan die Duitse dokter by die graafwerk. Toe ek die volgende dag daar kom met my vreselike swere en die briefie van die dokter, jaag hy my weg asof ek melaats is, en is ek weg huis toe, maar het verder ondergeduik by oom Hendrik op die platteland van Groningen; daar kon ek help met die boerdery en was daar kos en slaapplek genoeg..Die Duitsers het daarna nog twee keer vir my aan die deur gekom aan die Molukkenstraat, maar dus onverrigtersake. Gelukkig het die loopgrawe naderhand geheel geen diens gedoen by die verowering van Groningen deur die Canadese, einde Maart begin April 1945.

Toe kom die dag van bevryding van Groningen. Die Canadese magte het deur Drente opgeruk en lê nou voor die poorte van Groningen. Dit was vroeg April 1945 Vyf dae lank het die stryd om Groningen geduur en die stryd was hewig. Die Duitsers het met bebloede koppe een een afgedruip op alle moontlike maniere, te voet, met gesteelde fietse en wat hulle in hande kon kry. In die binnestad was die pragtige maar berugte Scholtenshuis langs die Martinitoren op die Grote Markt die bastion van die Duitsers, veral die Grüne Polizei en die N.S.B.ers wou hulle daar liever dood veg en moes die gebou aan brand en in puin geskiet word om hulle tot oorgawe te dwing. Ek het die tyd op ons dak gestaan om te kyk na die binnestad, maar moes skuil agter ons skoorsteen om die rondvlieënde koëls te ontwyk wat langs my ore gevlieg het. Ek kon sien hoe die rooi en geel vlamme van die Scholtenshuis meters bo die gebou uitkom, dik rookwolke het daarvandaan weggedryf.

Ek meen dit was die tweede dag van die stryd, toe die Canadese met mortiere begin skiet op die Noordelike uitvalspaaie van Groningen om die vluggende Duitsers vas te vang. In die proses het van die bomme ook rond ons huise geval en burgerlike slagoffers geval, ook die moeder van 'n buurjongen en vriend van my het toevallig in die buitendeur gestaan toe oorkant van die straat 'n bom val en sy deur 'n skerf in haar buik getref is. Martha en Henk het haar op 'n draagbaar so gou moontlik na die siekenhuis gebring maar sy het op pad soontoe helaas gesterf.

'n Ander bom het agter ons huis geval reg voor die sitkamer van 'n bejaardenwoonstel; ek het juis opgestaan van my werktafel agter die venster en staan in die deur van my kamer toe die bom val. Toe ek weer kyk, sien ek 'n klein gaatjie in my glasvenster waar blykbaar 'n skerf deur gevlieg het. Ek soek na die skerf, en die sit in die kasdeur reg agter die plek waar ek gesit het. Was ek nie opgestaan nie, sou die skerf reg deur my kop gegaan het ..... . Ek het al eerder gepraat en gesê, as die engele jou nie bewaar nie .... Die bejaarde egpaar van die woonstel waar die bom geval het was juis in die kombuis agter in die woning; hulle sitkamer was totaal verwoes, maar die egpaar self het niks oorgekom nie.

Die bomme het normaalweg s'aands rondom ons begin val en vier nagte lank het ons in 'n nis van die huis waar aan drie kante dik mure was, almal bymekaar met ons sewe op die grond gelê en probeer slaap. Wanneer ons die gefluit hoor van 'n vallende bom het ons geweet, die val nie op ons nie. Immers, 'n bom wat reg op jou val is daar voor jy sy gefluit hoor.... Ewe later hoor jy die ontploffing, maar pas die volgende oggend kon 'n mens die skade opneem. Gelukkig het baie bomme in die weilande voor ons huis geval waar hulle geen skade gedoen het nie.

Eindelik was die Duitsers verdryf ook uit Groningen, en het ek die Canadese met hulle tenks stadigaan en versigtig die strate sien afkom, die soldate sluip langs die huise gereed om in elke portiek of skuilplek so nodig handgranate te gooi, maar langs die Korreweg en in ons omgewing was daar geen verder verset nie. Toe hou hulle stil by ons op die kruispunt van Korreweg en Molukkenstraat, kry hulle kook en braaigoed, trek blikkies oop en kry hulle middagmaal. En onderwyl stroom die bewoners uit die omgewing toe met vlae en alles wat feestelik is, en lag en gesels met die manne, maar hulle reageer maar min, is stil en weer die mense liewer af. Toe sien ek drie of vier jong Hollands manne met 'n band met BS op hulle arme (Binnenlandse Strydkragte) en 'n karabyn oor hulle skouers, wat gaan na twee huise in ons omgewing waar lede van die gehate N.S.B. gewoon het, en haal hulle moeder en vrou uit die huise uit om hulle te deporteer na 'n interneringskamp. Weg met die landverraaiers !! Maar ek het met die ou moeder medelyde gekry, moes dit nou so ?? Die seekaptein wat onder ons in die huis van die Jode gewoon het met meubels en al, was reeds 'n paar weke tevore met sy gesin sonder afskeid te neem, verdwyn, waarskynlik na die Ooste, na Duitsland om aan die komende wraak te ontkom. Ons het nooit meer iets van hulle gehoor nie. Boontje komt om sy loontje, was hier ook van toepassing, daarmee het ons geen meegevoel gehad nie..

Op 5 Mei kom nou die formele oorgawe van die Duitse troepe in Nederland en was dit die ene straatfees na die ander, ook in Groningen, onvergeetlik...

Ma (my vrou Sjaan) was 12 jaar oud toe die oorlog begin het en 17 met die bevryding en het toe in Utrecht gewoon; sy kan ook 'n boek skryf wat daar met hulle gesin en in hulle omgewing alles gebeur het, maar dit moet sy maar self doen.

Henk en Martha kon dit naderhand, die laaste maande voor die einde van die oorlog goed met elkaar vind en het verlief op elkaar geraak. Maar Henk was natuurlik geen lidmaat in die Gereformeerde kerk nie, en Martha het hom gevra, om eers in ons gemeente katkisasie te loop, en

indien hy die Gereformeerde leer ens aanvaar, dan belydenis daarvan te doen en so volle lidmaat van die kerk te word; en dan was Martha bereid om verder te gaan in hulle verhouding en te trou.

Henk het dit gedoen, en so het hulle later dus met elkaar getroud.

Helaas, die geluk was maar van korte duur; toe Martha later swanger was van 'n dogterjie, Henriëtte, het Henk 'n ongeluk oorgekom in die badkamer met 'n gasgeiser waarvan 'n gaskraantjie per ongeluk oopgestaan het en is hy daar in die badsel gestik, wat te laat ontdek is om hom te red. Die toedrag daarvan is my nie heeltemal bekend nie, want ek was toe reeds (vanaf Junie 1945) weg by Oma Jacobje na Wassenaar, in huis by oom Jan Buter (jonger broer van moeder Janna en Geesje) en tant Wykie, om in Den Haag die MTS Boukunde by die 'Academie Voor Beeldende Kunsten' klaar te studeer.

Nou ons dit tog oor hierdie dinge het, geen verhaal is volledig as daar nie ook 'n draad van die liefde deurheen verweef is. Natuurlik het hierdie saak by my as 18-20-jarige ook 'n rol gespeel. Elke mens het die drang tot die gee en ontvang van toegenegenheid van die ander geslag en van nature soek jy dit op. Die HBS was 'n gemengde skool, en op die Korreweg het Frankje van der Veen, 'n gewoon maar ook lief meisiekind gebly wat ook op die HBS skool gegaan het, wel in 'n ander klas as myne maar wel dieselfde skooljaar. Sy was 3 jaar jonger as ek, en die jongste tuis. Veral toe ek in die tweede en derde jaar was, het ons dikwels saam gestap skool toe of na haar huis toe, en het dit 'n bietjie geklik tussen ons en het 'n verhouding ontstaan. Maar hoewel dit van binne in my dit gestorm het van gedagtes, was ek iemand van weinig woorde en het trouwens ook 'n spraakprobleem gehad, en ek dink sy het ook nie goed geweet wat sy van my moet dink nie, sy het daarom ook nie so baie gepraat nie... . Ek was 'n hele paar keer ook by haar tuis, waar haar Pa my met gereserveerdheid ontvang het, maar baie vriendelik deur haar Ma, haar ouer suster en ouer broer wat argitek was in die binnestad. Daar het ek heel wat gesprekke mee gevoer ook oor sy werk. Maar die Hollandse vrymoedigheid het ek ook nog steeds nie voldoende gehad nie, die kloof tussen die Hollandse mentaliteit en die 'Indiese jongen' het nog steeds gehinder. Bowendien het hulle behoort by die Hervormde kerk, en ek was Gereformerd (intussen 'Vrygemaakt') en dit was in die kerklike gedagtegang van die tyd (die Hervormde kerk was toe nogal vrysinnig in Barthiaanse rigting) 'n onoorkomenlike hindernis want ek wou hê dat Frankje uit oortuiging na die Gereformeerde kerk sou oorstap en nie om my ontwil nie.. Sy wou ook maar niet veel weet van persoonlike Bybelstudie nie, wat vir my 'n voorwaarde vir verder ontwikkeling van ons verhouding was en moes ek dit maar alles by gewone vriendskap laat stok. Ek self was trouwens toe ook nog nie volwasse genoeg om die verskil in kerklike kultuur te hanteer nie, maar wel daarmee geleer dat 'liefde' nie altyd alle probleme oplos nie..So dit was 'n vrywel hopelose situasie.... As man vrou soek, moet hy dit maar liever soveel moontlik soek in eie geledere, anders soek hy moeilikheid. Daar is natuurlik uitsonderings, maar soos die spreekwoord sê, uitsonderings bevestig die reel.

In elk geval, hierdie 'verhouding' was naderhand een van die motiewe waarom ek in 1945 liever Groningen wou verlaat en verhuis het na Wassenaar, by oom Jan Buter tuis, om daar my studie aan die MTS van die 'Academie voor Beeldende Kunsten' in Den Haag te kon klaar maak. 'n Ander motief was ook wel, dat ek by oom Jan Buter (hy was intussen gepromoveerd tot doktor in die Wiskunde) en tant Wykie heel wat meer begrip en aanvoeling gehad het as wat ek in Groningen ondervind het. Hulle het in die jare dat ek by hulle tuis was ook glad nie vergoeding vir my inwoning gevra nie, terwille van my ouers wat intussen nog steeds in Indonesie was.

En met Frankje het ek, behalwe nog 'n enkele toevallige (?) ontmoeting in Wassenaar in 1947 en nog 'n enkele laaste briefwisseling dieselfde jaar met ook nog 'n besoek by haar toenmalige woonstel in Haarlem saam met my broer Henk, verder alle kontak verloor, want die 'geloofskloof' het gebly en verder kontak daarom vrywel sinloos.. Hierdie verhouding was dus daarmee definitief afgesluit. Maar aan die vriendskap met haar het ek tog mooi herinneringe oorgehou met niks om skaam oor te wees nie, as een van die beter dinge wat my gedurende die oorlogstyd in Groningen met ons gebeur het, al kon dit nie verder uitgebou word nie. Geestelik het dit vir my egter en ook vir haar (hoop ek) baie beteken.

Die tyd by oom Jan en tant Wykie aan die Hogerbeetsstraat in Wassenaar was maar gekenmerk deur harde werk op skool en tuis op my kamer by oom Jan, maar ook deur karakteristieke ondervindinge met oom Jan. Dit was maar baie werk om al die werktekeninge op tyd klaar te kry, vir boudetails, gewapende beton skema's, en natuurlik die studie van bou- en konstruksievoorskrifte vir beton, staal en hout, die meganika met sy standaardformules, dit was alles baie interessant maar ook baie werk. Oom Jan was 'n keer kwaad vir my, omdat ek op sy verjaardag aan 'n werksopdrag het bly werk, dit was vlak voor die finale eksamen, en die opdrag moes die Maandag ingehandig word. Ek het tot Saterdagmiddag 12 uur bly werk daaraan en kon toe pas afgaan na onder om by die verjaardagspartytjie aan te sluit.

Maar oom Jan had sy werk by die Sekretariaat van 'n deur die Staat erkende organisasie vir die Nasionale Zuivelhandel en had sy kantoor daarvoor in die Van Alkemadelaan in Den Haag. Toe ek by hulle in huis kom in Junie 1945 het hy so 'n half uur met die trem op en afgereis elke dag na Den Haag, Maar al gou het hy 'n ou Citroen op die kop getik wat nog kon ry al moes jy dit somtyds met die hand aanswengel of aanstoot om te start. So het ek met hom van sy kantoor af wel nauurs saam gery huis toe, en gebeur dit dat die ensien van die motorkar op die Rykstraatweg van Den Haag na Wassenaar die gees gee. Battery pap gedraai, en dan maar stoot en dit was natuurlik my job om te stoot. Maar toe ek moeg gestoot was, draai ons die rolle om en ek sit agter die stuur en oom Jan stoot, en werklik die ensien vat weer en hups daar gaan ek met die kar daar vandoor en oom Jan bly agter al skreeuend. Maar ek het nog nie geleer om die pedale te manipuleer nie en vat dit 'n rukkie voor ek ontdek dat jy die linker een moet trap vir ontkoppeling, en die regter een vir remdoeleindes. Dit was so 100 meter verder voor ek die kar kon stop, en oom Jan eindelijk al hardlopend en skreeuend wat ek moet maak, my weer kon inhaal en hygend langs my kom sit. Hy het toe verder my maar ryles gegee tot by sy huis ....

Verder het ons aan die Hogerbeetsstraat deur kordaat ingrype van oom Jan aan 'n ramp ontsnap. Dit was die winter van '46/47, ek was met tekeninge besig op my kamer op die eerste verdieping; met 'n petroleumkaggeltjie aan wat die kamer 'n bietjie verwarm. Petroleum (afrikaans: parafien) was nog maar skaars verkrygbaar vir 'n petroleum-kaggeltjie en het ek die reservoir met ... die makliker verkrygbare petrol (bensien) gevul. Dit was so 'n vergasser deur hitte, wat die kamer daarom 'n bietjie verwarm het. Ek sien die reservoir is amper leeg, en wil toe uit die bottel met petrol die ding byvul. Onmiddellik is daar 'n steekvlam, en staan die hele ding in brand, en my broek en die kombes van die bed langsaan het ook vlam gevat. Ek skreeu om hulp, probeer die kamerdeur oop te kry wat nie slaag nie, ren na die venster maak dit oop en spring na buite in die tuin, so 4 meter omlaag. Intussen het oom Jan my skreeu op die begane grond gehoor, storm na bo, dreun die deur oop en vat die kombes ens en maak die vlamme dood daarmee. Ek het intussen in

die tuin ook my brandende klere kon doodmaak, en kom so met die skrik vry. Oom Jan het nie op my geraas nie alhoewel hy alle redene daartoe sou gehad het, maar ons was baie dankbaar dat dit so afgehoop het. Die hele huis kon deur my stomiteit afgebrand het. Sindsdien is ek baie versigtig met petrol, en gooi dit in elk geval nie meer in 'n verwarmingskaggeltjie, seker nie as dit tegelyk brand nie !!!

Oom Jan het ook 'n gewoonte gehad om elke oggend, somer en winter, in die Noordsee te gaan swem vir 'n kwartier of so, en het ek somtyds (in die somer) ook meegegaan. Dan trek hy sy swembroek by die huis aan, slaan 'n groot handdoek om hom heen, klim in sy motorkar en ry na die strand op die Wassenaarse Slag, en duik die branders van die see in, of dit nou warm is of koud tot vriesend koud is, maak nie saak nie. Hierdie gewoonte het hy baie lank volgehou. Daar was nie veel wat hom dit nagedoen het nie.

Die skoolvakansies tussen die studies deur was ook intensief as reaksie op die harde studiewerk en die eerste somer in 1945 (die oorlog was dus sinds 5 Mei '45 verby) was Europa weer oop en het ek alleen met 'n rugsak met die mees nodige, gaan ryloop na die suide, deur Belgie, Frankryk en Switserland.. Ek kan alleen daarvoor wel 'n boek skrywe, maar tip hier net 'n paar dinge aan.

Dit was mees vragwadywers wat jou optil en het behoefte aan geselskap gehad. Maar in Belgie was dit Frans praat, nou nie juis my sterkste kant maar aldoende leer 'n mens. Na 5 dae was dit in Lyon, midde in Frankryk, dit was Saterdag en my Franse geld was op. Ek staan so op die brug oor die Loirerivier, waar dit saamvloei met die Rhône, toe 'n ander rugsakdraer my aanspreek en vra wat maak ek daar. Ek vertel hom my probleem, en hy sê, gaan saam met my. Hy bring my na hulle klubhuis in Lyon, gee 'n matras, en bel 'n vriend wat by 'n bank werk om my wat Franse francs tee in ruil vir wat Hollandse guldens wat ek nog gehad het Die Sondag bring hy my by die Leer des Heils wat daar 'n soort kombuis vir armes gehad het en kon ek 'n stewige maaltyd geniet. Hulle het ook wat brood gebring en kaas vir die res van die dag, en ons het gesels oor alles en nog wat.

Die Maandag het ek rigting Genève geryloop, langs die pad probeer wat visvang wat misluk het, en na twee dae Genève bereik. Nou was my geld geheel klaar en moes ek werk soek. Ek kon werk kry by 'n padbouer net buite Genève, maar soek ook slaapplek by 'n boer daar naby. Kry dit onder in die vallei, en sien die boer het aan sy enkel seer gekry. Toe bied ek hom my dienste aan en moet ek vir die familie die groentetuin bewerk, omspit en skoonmaak, en kry daarvoor kos en inwoning terug. Dit was 'n Duitssprekende vrou, en Frans sprekende man, met 3 vrolike dogters, ook tieners. Die week het ons vriende geword, en kon ek skakel met oom Jan in Wassenaar oor hulle telefoon, en verneem, dat my broer Henk uit Indonesië op pad was na Holland en ek binne 2 weke weer by huis moes kom daarvoor. By die boer het ek toe hartelik afskeid geneem, nog die Rhônedal in geloop-ry, waar 'n elektrisiën my opgetil en saamgevat het na sy huis in Sion (Sitten) hogerop in die dal. Daar het sy vrou my broek, wat geskeur was, herstel, hulle het 'n dag my rondgevat die berge in en 'n dag later het ek gaan loop oor die berge na Zweisimmen, so 2 dae se stap. Midde in die berge het 'n onweer my oorval, koeieherders het my onder hulle hoede geneem en kon ek by hulle in die berghut slaap, tussen hulle in in die strooi. Daar het hulle net kaas geeet, en die taal wat hulle praat, was woord vir woord onverstaanbaar. Maar hulle was baie vriendelik en het my die pad wat 'n smal voetpaadje tussen die bergmassiewe en sneeu was, gewys. Ek vergeet nooit die magtige en indrukwekkende berge en rotspartye waartussen jy moes stap nie. Bo op die hoogste punt van die



bergpas gekom, tussen die sneeu en bergtoppe, staan daar nou 'n Duits-sprekende Switser, met sy kaal bolyf wat die stralende weer daar geniet, en nooi my om saam met hom die afdaling ander kant te doen. Daar nooi hy my op ete in 'n restaurant onder in Lenk, by die dal van Zweisimmen, en vat my daarna in sy sportmotor saam na Bern, en nooi my nog saam om te swem in die bergrivier daar; lekker koud water wat snel gestroom het. In Bern het hy my op die snelweg na Basel geset, waar ek amper onmiddellik 'n lift gekry het van 'n handelaar in bakkersware, op pad na sy huis in Basel. Hy het my ook na sy huis gevat, en kon daar bad, my klere is daar gewas, en mog daar slaap en die volgende oggend 'n ryklike ontbyt geniet.

Dit was toe almal baie gasvrye mense en het jou nie langs die straat laat staan. Helaas is dit vandag in Switserland nie meer so gasvry nie.....

Van Basel was dit op die snelweg na Parys 'n dag se ry, daar oorgeslaap in 'n polisiekantoor wat dwars deur die nag oop was (ek het gevra vir 'n sel om te slaap, maar omdat ek geen misdaad gedoen het nie, kon ek ook nie 'n sel kry nie en slaap sommer in die wagkamer op 'n bank. Die volgende twee dae had ek nodig om weer in Wassenaar te kom. Omdat dit middernag was by aankoms in Wassenaar en oom Jan en tant Wykie het reeds geslaap, klim ek langs die reenspyp op na die balkon, vandaar na die solderkamer se venster wat oopgestaan het en klim daar in my bed. Ek le net in my bed, toe oom Jan roep: Is jy by huis, Jan ??” Ek se: ja oom Jan, veilig en wel” .Sy antwoord sommer lakoniek: ” Nou ja tot more dan en welterusten”

Die jaar daarop het ek in Wassenaar 'n baie goeie vriend gekry, Joop Hagg, met wie 'n baie vertrouelike verhouding het ontstaan. Hy was ook in die Gereformeerde kerk (Vrygemaakt) en op die jeugvereniging.

Somer 1946 het ons besluit saam met die Paasvakansie vir 'n week op ryloop na Limburg te gaan en sien wat gebeur. By Den Haag reeds, sit ons op 'n oop vragwa met 'n ander vyf jong mense ook rylopers wat ook die rigting opgaan. Ons besluit om by elkaar te bly en kom dieselfde dag in Limburg by die Belgiese grens en kry slaapplek by 'n boer. Die volgende dag besluit ons die grens van België oor te gaan rigting Ardennen, maar Joop en nog twee ander het geen paspoorte gehad nie. Dus besluit ons 'n klein paadje te neem die grens oor, waar geen douanepos sal wees nie. En inderdaad, so kom ons oor die grens sonder kontrole en geniet drie dae België waar reeds baie meer in die winkels te koop was as in Holland, dinge soos sjokolade, allerlei broodsoorte, sigarette ens. En die weer was met ons, pragtige sonstralende droog weer en warm, en ons het die klein dorpie, bosse en heuwels geniet..

Toe moes ons weer terug, en stap weer na dieselfde paadje waar ons oor die grens gestap het om terug te gaan na die Nederlandse Limburg. Maar net voor die grens, kom daar 'n douane beampte op ons af sommer uit die bossies en vra vir ons paspoorte. Diegene wat gehad het staan toe voor, en sien hy dit is in orde, maar toe is Joop aan die beurt. Ons het intussen grappies met die beampte begin maak, bied hom sigarette aan, en Joop vra toe vir hom die pad hoe om oor die grens te kom. Die beampte verduidelik toe hoe om te stap, dit was 'n bietjie ingewikkeld en ons vra drie keer verduideliking. Hy vergeet toe heeltemal verder om te kontroleer en ons se vir hom tot siens en Joop en ons ander vriende sonder paspoorte kon met ons verder saamstap sonder dat hulle om paspoorte gevra is ..... 'n Bietjie koelbloedigheid kan soms uit netelige situasies red !!!!

Joop en ek besluit om in die somer 1947 saam 'n fietstoer te maak na Belgie, Frankryk en Switserland van 4 of 5 weke (maar met paspoorte) en het ons fietse gepak met slaapgoed, 'n kookstel met parafine, en wat eetbestek. Met 'n week was ons in Metz (Frankryk) en dit was Sondagoggend, en ry verby 'n Eglise Reformé. Ons sien, die diens het juis begin en ons stap ook in. Na die diens soek die dominee ons op, ons maak kennis en hy sê toe, dat in die vervolg ons moet probeer om op tyd in die kerkdienste te kom ... Dit het ons natuurlik van harte belowe, wel wetende dat ons baie waarskynlik nie weer in Metz sal opdaag nie. Na twee weke se fiets was ons weer in Genève, en het ons tuis gegaan vir 'n paar dae by my ou vriende die boer waar ek die vorige jaar 'n week gewerk het. Die ontvangs daar was baie hartelik, en veral Joop het die geselskap van die twee vrolike dogters baie geniet. By hulle vandaan het ons die St Gotthard oor geklim, my verjaardag bo op die pas gevier in 'n klein herberg met pannekoek en gebakke eiers, en toe die Italiaanse kant van die bergpas afgeraced. Agterna gesien was dit 'n baie gevaarlike onderneming gewees, want my en Joop se terugtrapremme van die fietse het halwerwege die pas afwaarts nie meer van die hitte gewerk nie en moes ek rem deur met my skoene teen die bande te druk; ons ry al die motorkarre dan verby en veral die skerp draaie kon ons maar net net kry. Wonder bo wonder het ons heelhuids onder in die dal aangekom by Airolo, en was toe in Italië. Daar het ons die warm klimaat geniet langs die Lago Maggiore, en na 'n dag of twee besluit om nou liever met die trein na Switserland terug te gaan. In Domodossola het ons op die trein geklim, wat vandaar deur die 20 km lange Simplontunnel onderdeur die hoogste berge (4000 m) in Switserland gery het na Brig, in die dal van die Rhone. Daar het ons die Rhône-dal verder afgefiets en by Martigny die pas oorgesteek na Chamonix, onderaan die Mont Blanc, die hoogste berg van Europa (4800 m). Veel besonders weet ek nie van die marathonfietstog meer nie, net dat ons uiteindelik weer in Lyon aangekom het, waar ek afskeid van Joop geneem en in 'n week tyd so 200 km per dag huiswaarts gekeer het op my eie, want my ouers en ander broers sou dan terugkom uit Indonesië. Joop het op sy eie toe nog na die suide rigting Orange en Marseille afgedraai, en het drie weke later ook teruggekom. Maar hy het daar nie so mooi ervaringe gehad want was betrokke geraak in 'n ongeluk met 'n groot lorrie waarby hy gewond en die fiets ernstig beskadig geraak het.

Ons het nog heel wat ander togte gemaak, ook met oom Jan Buter na die Ardenne ens, maar dit sou te lank vat om dit alles ook nog te vertel.

My ouers het in elk geval teruggekom na 'n barre tyd van 3 jaar in die Japannese konsentrasiekampe en nog een na-oorlogse 'bersiap' periode van 2 jaar as gevolg van terrorisme deur Javaanse opstandelinge, en oom Jan en tant Wykie het 'n deel van hulle huis vir hulle afgestaan om voorlopig onderdak te kry, want huis kry was maar moeilik in die tyd. Henk en ek het ingetrek op 'n kamer by 'n weduenaar om die hoek van die straat waar 'n huishoudster die huishouding waargeneem het. Henk het na 'n versnelde HBS kursus student geword in Leiden vir studie vir arts, en ek het my studie aan die Akademie vir Beeldende Kunste in Den Haag daar klaargemaak. In somer 1948 kon ek eind eksamen doen wat alles vlot verloop het. Maar die volgende wil ek nog vertel. Dit was nou nog 'n mondeling eksamen in gewapende beton, 'n belangrike hoofvak en dit was nogal 'n omvangryke kennis van veiligheidsvoorskrifte vir nodig. Ons staan in die ry en wag om geroep te word vir mondeling eksamen, kom daar 'n student wat voor ons ingegaan het, uit, bleek en bietjie verwilderd; hy sê hy kon die helfte van die vrae nie beantwoord nie en het dit waarskynlik gedruip. Ek vra hom vinnig wat het hulle gevra en hy vertel my. Ek kry die kans om dit gou in die boek op te slaan, sien die ding en word na binne geroep. Kry presies dieselfde vraag en beantwoord dit vlot. 'Zie je wel, se my lektor teen die eksaminator, ze kunnen het best weten' Nou ja ek het natuurlik nie vertel dat ek dit ook maar net net nagesien het, maar my kop was deur. Hier was dit ook seker die

een se dood is die ander se brood ..... 'n Bietjie geluk moet 'n mens ook maar he.. Ek het my diploma Boukunde gekry.

Met die diploma kon ek gaan werk soek by 'n argitek, of bou-ondernemer of boukundig ingenieur, maar verkies eers die argitektuur en kry dit op 'n argitektekantoor in Loosduinen wat allerlei opdragte gehad het vir woningbou, dus dit was boutekeninge ens. Dit was egter 'n redelik end se fietsry elke dag, en kon ek na 'n paar maande interressanter werk kry by 'n argitek in Wassenaar, en dit was die verbouing van 'n groot ou Duitse betonbunker op die strand van Wassenaar in 'n restaurant, dus by die Wassenaarse Slag, waar ons gereeld ook in see gaan swem het.. Dit was ook my laaste werk in Nederland.

Intussen was dit nog steeds my uiteindelijke oogmerk om terug te keer na Indonesië, en was daar Februarie 1949 'n advertensie in die koerant vir 'middelbaar tegniese ambtenaar (bouwkunde) by die Departement van Opbouw in Batavia (nou Djakarta), hoofstad van toenmalige Nederlands-Indie (vandag Indonesie). Onmiddellik het ek daarop geskryf, kry 'n oproep vir kennismaking, my tekort aan ondervinding word gepardonneer, geneeskundig goedgekeur en 1 Mei was ek op die stoomboot, die 'Kotta Inten' wat 'n tot troepe-transportskip omgeboude vragskip was, op pad Indonesie toe met 'n 'kort verband' kontrak vir drie jaar. Wel tot groot verdriet veral van my moeder wat my as jong man node laat gaan het na die Ooste waar sy met haar gesin maar net nou uit die Jappenkampe ontkom het, maar soos dit by nog jong mense gaan, die lewe gaan deur en elk moet dit vir hom maar oppak soos dit kom. Die ruime van die Kotta Inten was gedurende die reis so stinkende van die seesieke passasiers, dat ek maar op die agterdek (uit die wind) geslaap het in een of ander ligstoel wat beskikbaar was. Ek het geen probleem met 'seesiekte' gehad nie miskien omdat ek gewoon was aan bootry met die seilbootjies op die Leekster- en Paterswoldse meer. Ek het inteendeel die deining op die groot golwe van die groot Oseane baie geniet, en voor op die boeg die dolfyne wat om die skip gespeel het gereeld dopgehou..

En hier begin dus nou die derde deel van my storie, die Indonesiese periode .....

-----

FASE 3:

DIE ALLEENLOPER

(I)

IN

BATAVIA EN NIEUW-GUINEA

1949 - 1955

OUTOBIOGRAFIE

VAN

JAN BOER

LAATSTE UITDRUK:

20 APRIL 2002

## IN BATAVIA

Ons vorig relaas het geëindig met die vertrek van die ‘Kotta Inten’ uit Nederland na Indonesië.

Die stoomboot was behalwe met nuwe amptenare (ingenieurs, tegnikusse, artse, verplegers en verpleegsters, onderwysers, sendelinge ensovoorts), ook vol met dienspligtiges vir versterking van die Nederlandse weermag in Indonesië.

Koningin Wilhelmina het reeds in die oorlogsjare 1941-45 en daarna in Nederland in Regeringstoesprake verklaar, dat Indonesië sou gelei word na ‘n Federasie van State saam met Nederland, waarby elke land en Nasie sy eie so volledig moontlike bestuur sou kry, en deel sou uitmaak van ‘n op federatiewe vorm van state soortgelyk aan die van Amerika. Dit om soveel moontlik vryheid aan die vele volkere in Indonesië te verskaf elk met sy eie taal en grense, met invoering van ‘n so groot moontlike demokrasie en ekonomiese saamwerking van die state onderling, tot voordeel van almal.

Hierdie strewende het die geesdrif by ons almal aangewakker om vir ‘n regverdige maatskappy ook in Indonesië te werk en veg, en waarby eerste nodig was om die orde in Indonesië, veral Java weer te herstel waar opstandelinge die blanke burgers wat nog in Japannese interneringskampe opgesluit was begin terroriseer het, sodat die Japannese hulle voormalige gevangenes moes gaan beskerm teen mishandeling en selfs moordpartye. Hierdie strewende was in 1949, vier jaar na die beëindiging van die oorlog met Japan, prakties bereik, o.a. deur die twee politisionele aksies deur die Ned. Weermag op Java uitgevoer; en Soekarno, die leier van die opstandelinge, was gevange geneem en op die eiland Billiton gevangenesit, en die belangrikste gebiede ook op Java, was weer in hande van die Nederlandse Goewernement. Die ‘rus’ het weergekeer. Maar nie heeltemal nie; klein groepies ‘peloppors’ het bly terroriseer veral op die platteland waar hulle tog steun gekry het van die Javaanse bevolking.

In die politieke toestand het ek in Mei 1949 in Batavia aangekom, my gemeld by die betrokke personeelsafdeling van die Departement en was geplaas by die Departement van Opbouw, onder ingenieur Dicke. Daar het ek van hom plek in sy kantoor gekry met tekenbord ens en het projekte gekry wat ek moes uitwerk soos uitbreiding van ‘n hospitaal, maar ook gewone woonhuise waarvan die ontwerp en werkstekeninge gemaak moes word.

Ek kon tuisgaan in ‘n paviljoen van ‘n gebou in ‘n buitewyk, waar wat kamers beskikbaar was, met ‘n gesamentlike badkamer en stoep. Die ander kamers van die paviljoen was bewoon deur twee Indiese jongens, en ‘n Hollander wat die grootste kamer naby die gesamentlike badkamer vir homself gehad het. Met die Indiese jongens kon ek goed mee omgaan, maar die Hollander, Christelik Gereformerd van huis uit (seker baie ‘beskermd’ grootgemaak), was daar totaal losgeslaan, die ene vloek na die ander uit sy mond waarvoor ek hom tot sy woede bestraf het, en hy het ‘n tyd ‘n Hollandse ‘verloofde’ gehad maar toe die nie meer opdaag nie, het hy vir naweke gereeld een of twee Sjinese meisies sy kamer binnengesmokkel waar hy dan oor die naweek ‘gesellig’ mee verkeer het. Hy het seker ‘n goeie salaris of baan gehad want hy had sy eie motorkar, wat in die tyd net na

die oorlog nog maar vir enkele persone beskore was.. Ek weet nie wat daar later van hom geword het, nie veel goeds in elk geval, want ek het hom net nog 'n paar keer stomdronken gesien, en daar was niemand wat nog vir omgee het nie.

Gelukkig was daar nauurs en oor die naweke vir my ander adresse om te gaan kuier, eerstens was oom Berend nog'n paar maande in Batavia (!) in afwagting van sy demobilisasie; hy was intussen getroud met Moss, ene verpleegster waarmee hy kennis gekry het in sy Australië- en Biakperiode. Moss was egter reeds terug in Brisbane, Australië, Berend moes die formele afswaai uit die Lugmag afdeling van die KNIL (Koninklike Nederlands Indiese Leger) afwag. Dan sou hy ook na Australië kon terugkeer. Ons het heel wat ure in sy 'woonstel', dit was die tot woonkamer omgeboude motorhuis en twee kamers van 'n buitegebou (paviljoen) van 'n groter woonhuis, deurgebring. Die sitkamer was maar skaars gemeubileer, met die hoogs nodige, met wat rotanstoel, so ook die slaapkamers met eenvoudige beddens, en die as van die sigarette was sommer op die sementvloer gedeponeer. Op my vraag, hoekom die as nie in 'n asbak nie, was die antwoord, die baboe (meidjie) moet 'n rede hê om elke dag die vloere skoon te maak ....

Berend het daar met 'n mede-kollega gebly, ook die demobilisasie afwaggende. Maar ek het hulle daar maar so drie of vier maande meegemaak, toe was hulle, vir my helaas, vir hulle gelukkig weg, deur na Australië, hulle Heimat. Berend het intussen in die tyd my baie vertel, hoe hy in die hawe Varberg (Sweden) van die boot gedros en met die trein weggekrom het, die paar maande in Stockholm waar hy 'n maar dekadente samenlewing (daar was bv maar min tienermeisies wat nog maagd was) aangetref het, sy opleiding met die Spitfires in Engeland en verder in Australië, hoe hulle die vissersbote voor die kus van Australië geterg het met duikvlugte en lae oorvlieëry, sy tyd met Moss op Biak (hy het Moss daar tydens 'n siekteperiode van hom in die hospitaal leer ken) van '45-'48 en waar die groot parkeer- en opslagplek was vir Mc Arthur se enorme lugmag in 1943-'45, en van sy verdere kennismaking met Australië.

Hy vertel my ook, dat in Australië elke gedemobiliseerde uit die Weermag na die oorlog van die Regering 'n goeie lap landbougrond in die Noord-Weste van Queensland kon kry, ek meen so 50-60 ha met 'n eenvoudige huis daarop om met boerdery te begin, en kry 'n som geld daarby om sy eerste aankope vir die boerdery soos saad, kunsmis, trekker en implemente te kan doen. (Dit het die Suid-Afrikaanse regering ook gedoen vir hulle soldate uit die oorlog.)

Berend het daarop wat ek later gehoor het met tabak begin en het baie goed as tabaksboer gedoen, hy was tenslotte ook 'n boerseun.

Voordat Berend na Australië teruggekeer het, het ons besluit op 'n afskeidsete, en om dit iets besonders te maak by 'n oorspronklike Sjinese restaurant. Ons kry so 'n eethuis in die Sjinese wyk van Djakarta, dit was 'n plek met 'n gewone grondvloer waarvan die erdevloer hard aangestamp was, met eenvoudige maar wel netjiese tafeltjies en regop stoele. Die verligting was soos gewoonlik met Sjinese lampjies, Sjinese snaarmusiek het soos 'n kat miauw saggies weerklink. Ons bestel bami gorèng, met gebraaie paddaboutjies (ja regtig !). Terwyl ons daarvan lekker smul saam met 'n glas Heineken bier, loop die klein kinders van die Sjinees kaalbas soos Adam en Eva in die 'restaurant' rond en toe een van die seuntjies moes plas, hou die moeder hom net 'n bietjie hoog, dat terwyl die plas op die grond kletter sy voete droog bly en die plas sommer deur die vloer geabsorbeer word en verdwyn. Maklik so, geen gedweil en geen nat klere nie. Ewe later, in 'n onbewaak oomblik toe ek na die toilet moes gaan, kon ek ewe in die kombuis kyk hoe dit lyk en dit was goed dat ons klaar geëet het, anders sou ons sommer geloop het. Die kokkerotte het in die kombuis oor die vuil tafels

gehardloop, die gesondheidsinspeksie van Djakarta het hier blykbaar nog nie weer goed op gang gekom nie. ....

Maar net vir die ervaring sou ek 'n Sjinees restaurant in Djakarta wel kon aanbeveel .....

Tweedens het ek al gou op Sondag die Gereformeerde Kerk (Vrygemaakt) opgesoek waarvan daar reeds 'n gemeente in Batavia bestaan het en ek die Indiese adres reeds in Nederland gekry het, en was daar families wat die soldate en alleenlopende burgers soos ek, die Sondagoggende na die kerkdiens saamgenooi het na hulle huise toe om die res van die Sondag by hulle deur te bring. Die tweede dienste was altyd s'aands om 7 uur en daarna het ons dan na 'n welbestede dag elk na sy eie onderdak teruggekeer'.

Ek het in die proses baie tuis geraak by ene familie Godschalk; hy was adjunkhoof van die Departement Scheepvaart, en hulle het toe so vier of vyf baie jong kinders gehad. Dit was by hulle op Sondag altyd vol met so 4 of 5 besoekers, meestal soldate wat tydelik in Batavia gekuier het.tydens 'n verlofperiode, of om ander redene in Batavia moes wees.

Gewoonlik het ons op die veranda aan die skaduékant gesit waar dit tenminste aan een of twee kante heeltemal oop is na buite en die wind as daar was, vryelik om ons heen kon speel, vir wat koelte.

Louis en Geertje Godschalk was baie gasvry en vriendelik en het vir ons baie beteken in die tyd. Ons het ook korrespondensieprojekte gehad, dit was skriftelik kontak met Gereformeerde militêre op die 'buiteposte' veral ook op ander eilande soos Sumatra, Borneo en Celebes waar dele van die Nederlandse Weermag ter ondersteuning van die KNIL geplaas was om die siviele en burgerlike orde te help bewaar.

Hulle het daar dikwels in uiterste eensaamheid hul pligte vervul en was die briefwisseling met die 'verstrooides' vir hulle van baie betekenis. En ons het so dus ook 'boekgehou' van sulke militêre waar hulle geplaas was, en van hulle oorplasing telkens na ander streke met die nuwe adresse, om so die kontakte in stand te hou. Die posdienste, veral van die weermag het daarom redelik gewerk.

Die klimaat was natuurlik tropies warm, met temperature so tussen 25 en 30 grade C, en 'n hoë vogtigheidsgehalte. Kantoorure was van 7:00 uur s'oggends tot 2:00 uur die middag, Saterdag tot 12:00 uur Die middag was dus vry vir ander aktiwiteite wat deur die meeste vir ligte sportbeoefening bestee was. 'n Klein siesta so tot 4:00 uur die middag het behoort tot die normale lewenspatroon en tensy jy 'n afspraak had, was 'n kuierbesoek voor 4:00 uur die middag as onwellewend beskou.

My kantoorwerk op sigself het ek geniet, ir Dicke het steeds meer aan my eie verantwoordelikhed oorgelaat as wat ek in Holland gehad het. Daar was ook nasionale en kerklike feesdae dat ons geleentheid gekry het om 'er op uit' te gaan en daarvan het ek dankbaar gebruik gemaak. Ek het 'n nuwe fiets vanuit Holland saamgeneem, 'n 'Gazelle' wat lig was en gerieflik. Daarmee het ek weer baie fietstogte onderneem, bv na Buitenzorg (Bogor) dit was so 50 km, of ook verder na die Poentjak rigting Bandoeng, dit was 'n pas van so 900 meter hoogte oor die Poentjak gebergte.waar vanwege die koelere klimaat ook vakansieoorde was en 'n passangrahan (losieshuis) waar jy 'n naggie kon deurbring (bed en ontbyt) teen 'n baie skaflike prys.. Ek sou dit nog nodig kry ....

In Buitenzorg het nog ou vriende van Vader en Moeder gewoon, 'oom' Gys en tant Millie Meyer. Tant Millie was voor die oorlog onderwyseres gewees op Vader se HIS in Kediri

Ek het hulle natuurlik in Buitenzorg opgesoek, maar oom Gys het my vir krankjorem uitgemaak omdat ek op die fiets gekom het en dit langs die pad van Batavia en Buitenzorg gewemel het van die 'terroriste' wat jou sommer neerknal. Maar ek het die hoofpad meesal vermy en die buitepaadjies gery, deur die rysvelde en kampongs. Eerstens was dit interessanter, tweedens koeler as die warm teer van die hoofpad. Op die Poentjak het ek die pad 3-4 ure opdraende gestap met die fiets aan die hand, terug op die afdraende pad van so 25 km terug met sneltreinvaart gery, die snelheid probeer beperk deur regop die fiets te staan vir so groot moontlike windvang om die terugtrapremme te spaar (ek onthou nog die probleem op die St Gotthardpas in Switserland....) maar tog nog met so 50-60 km/uur op die fiets, met in die skerp draaie van die pad die beheerde slip van die agterwiel om die draai te kry en op die pad te bly met die spoed.. So was ek in 'n minder as halve uur weer onder by Buitenzorg terug, en vandaar na Batavia was dit 'n redelik plat trajek wat in twee uur gery kon word.

Een keer is ek, terwyl ek so halwerwege Batavia en Buitenzorg, in die buurt van Depok op grondpad deur 'n bos ry, deur 4 Javane in gewone kleding en met 'n geweer op hulle rug, wat uit die bos agter die bome aangehardloop kom, aangehou en het hulle my gevra wat maak ek daar !!. Ek verstaan en praat gelukkig weer wat Maleis (ek het dit vloeiend gepraat toe ek 15 was), wys my (Hollandse) paspoort en vertel hulle ek werk in Djakarta (Maleis vir Batavia) as argitek, maar fiets graag nou en dan so 'n bietjie rond vir ontspanning om my hoofpyn kwyt te raak, houd my verder maar 'n bietjie onnosel en na hulle paar begerige blikke op my fiets, besluit hulle om my tog maar te laat gaan ..... Hulle het ordentelik gedrag gehad en geen sweem van intimidasie gebruik nie. Ek het blykbaar geluk gehad, en die engele het my weereens bewaar Maar oom Gys het blykbaar wel gelyk gehad.....

Maar na 'n maand of 4, so teen September, Berend was al weg Australië toe, het 'n geweldige moegheid oor my gekom. Ek was daar nog nooit by 'n dokter gewees nie, maar op advies van die personeelsbeampte gaan ek na 'n Sjinese arts wat dan bekend staan vir sy bekwaamheid. Hy ondersoek my, en konkludeer ek mankeer niks besonders, maar is net veral geestelik moeg en moet 'n week verlof neem en ontspan. Hy dink die vermoeidheid is ook 'n reaksie op klimaat aanpassing en blykbaar emosionele spanninge wat ek moes verwerk het sinds die laaste jaar. Hy gee my dus 'n briefie wat ek op kantoor afgee en deel hulle daar mee, ek gaan 'n bietjie vakansie hou op die Poentjak. Ek pak die middag die fiets en ry dus na die passangrahan op die Poentjak, kry 'n kamer daar, en slaap 'n nag en 'n dag aanmekaar, onbewus van die konsternasie op kantoor.... s'Aands die volgende dag klim ek my bed uit, bad en klee my aan, en kry 'n porsie nasi goreng van die bediende, eet twee flinke porsies daarvan op. Gaan weer slaap en die volgende oggend daarop voel ek weer kiplekker. Toe besluit ek, om weer terug te gaan Batavia toe, om die daaropvolgende dag weer kantoor toe te gaan. Daar kry ek die kantoor nog steeds in rep en roer, oor my 'verdwyning'. Meneer Dicke het persoonlik laat navraag doen, waar ek is, en hoor ek is op die fiets weg rigting Buitenzorg. Hy het onmiddellik die polisie gewaarsku om my te gaan soek, want hy dink, dat ek gekidnap is deur peloppers of soiets omdat ek die volgende dae nie weer op kantoor opgedaag het nie. Ek maak toe verskoning en verduidelik hom toe van my siekteverlof van die dokter en die doktersbriefie by die personeelsbeampte gelaat het en hom vertel dat ek Poentjak toe is. Maar die betrokke beampte het versuim om die briefie op die tafel van ir Dicke te plaas en was self ook die eerste dag weggewees en het my mededeling vergeet .... Nou ja, dit het dan tot 'n misverstand gelei met onnodige soekaksies. Maar ek moes my wel self met verskoning by die polisie meld dat ek weer terug was.



Die politieke situasie het intussen vir ons versleg. Onder druk van die Britse gemenebest, Amerika en Australië, moes die Nederlandse Regering onderhandelinge met die gevange Soekarno en sy medewerkers aanknoop, en dit het uiteindelik gelei tot gesagsoordrag van die Goewernement aan die voormalige rebelle. Die formele oordragdatum sou die 15e Desember 1949 wees.

By die Javane was daar by die aanhangers van die Republiek Indonesia Serikat natuurlik blydskap en opgetogenheid, maar by ons Hollanders en veral ook die Indies Nederlanders hevige ongerustheid wat met hulle in die toekoms gaan gebeur. Veral die KNIL en die baie Ambonese in diens van die KNIL wat altyd loyaal aan die Goewernement hulle aksies uitgevoer het, sou wraakoefeninge te wagte staan. Ook die leiers van die ander dele van die 'Gemenebest' soos Sumatra, Borneo en Celebes wat na selfstandigheid los van Java, gestreef het onder beskerming van die Nederlandse gesag sou nie meer deur Soekarno-hulle geduld word nie. 'n Deel van die KNIL het onder leiding van kapitein Westerling ook in verset gekom teen die oordrag, Bandoeng beset met sy leërafdeling en was reeds op mars na Batavia. Hy het baie simpatisante onder die blanke bevolking gekry, maar kon verder natuurlik tog niks uitrig nie. Sy opmars na Batavia het hy na ernstige waarskuwings van die Nederlandse Regering gestaak. Westerling was van oorsprong 'n Turk, wat as jong man na Indonesie geëmigreer het en die Nederlandse-Indiese nasionaliteit gekry het by indiensneming by die KNIL. Daar had hy hom ontwikkel as 'n onbevreesde en deurtastende militêr en bo uitgekóm as Kaptein. .

Maar die groot vraag, wat word nou van ons Nederlanders en Indies Nederlanders vir die nabye en verdere toekoms in Indonesië, het vooralsnog onbeantwoord gebly.

'n Groot vergadering van die Bond van Indiese Nederlanders is gehou in Batavia wat toe omgedoop is in Djakarta, welke naam ek nou ook verder gebruik. My tweede baas, sy naam het ek vergeet maar hy was ook 'n ingenieur en Indies Nederlander, het daar voorgestel dat die beste vir almal was om ook Indonesier, s.g. Warga Negara te word, Indonesies staatsburger. Daar was 'n stemming oor hierdie voorstel, en dit val toe 50/50 uit. Ek was self ook op die vergadering en was natuurlik teen die Warga Negara-skap, nie bereid om my Nederlanderskap prys te gee vir diens onder 'n 'rebelleregering' wat ons vroue en kinders in die internerings-kampe so kort terug nog op ergerlike wyse lastig geval het..

Toe kom in November die klap op die vuurpyl: ons hoor as ambtenare dat ons almal sonder meer oorgedra sal word aan die nuwe rebelleregering, met kort verbandkontrak en al.

Dit het nou onderwerp van gesprek geword met ons mede kerkgangers, almal lede van die ARP (Anti-Revolutionêre politieke Party),. of ook reeds van die nuut opkomende Gereformeerde Politieke Verbond, 'n afskeiding van die ARP omdat heel wat gereformeerdes van oortuiging was dat die ARP intussen ook maar na die 'linkse' kant afgeskuif het

In elk geval, ek was van mening dat ons kontrak met die Nederlandse regering, die Regering nie die reg gegee het om ons sommer oor te dra aan 'n ander regeermag, wat net tevore nog uit rebelle bestaan het nie; hulle moes ons die keuse gelaat het.. Dit het geheel teen ons anti-revolutionêre denke en gevoelens ingedruis. Die andere geloofsvriende was dit met my eens, maar dan sou jy by die konsekwensie daarvan op straat kom te staan, wat vir baie van hulle met hulle gesinne groot moeilikheid sou bring.

Ek was toe ook die enigste een, wat die konsekwensie gevat het en my baas, ir Dicke laat weet het, ek laat my nie sommer oordra na die Republiek Indonesia Serikat nie. My kontrak was en is met die

Nederlandse regering en nie met die nuwe republiek nie. Die antwoord was: dan sal jy ander werk moet soek. Ir Dicke het met my simpatie gehad en raai my 'n Sjinese argitek aan om by hom aansoek te doen om op sy kantoor te gaan werk. Toe kom ook die antwoord van die Departement Personele Sake en hulle deel my mee, dat as ek my nie skik nie, beteken dit ek moet ontslag neem, die reis van Nederland na Indonesië terug betaal, en my verblyfsvergunning in Indonesië kom op die helling te staan. Daar het ek nou vasgebrand. En het nie geweet wat om te doen nie. Enersyds die oordrag na die RIS wat teen my hele oortuiging ingedruis het, andersyds nou die praktiese omstandighede. En dat ek die terugkeer na Nederland ook nog self sou moes bekostig, het totaal buite my begroting geval. Goeie raad was nou duur. Ek was ook diep verontwaardig oor hierdie onregmatige hantering van ons as werknemers van die regering asof ons maar willose slawe was wat 'n mens maar kan rondgooi. Eers later gaan 'n mens (ook ik) begryp, dat 'n regering soms geen keuse het nie in sekere omstandighede om dinge te doen wat op die eerste gesig onregmatig is of die regte van die individu skynbaar aantast, maar wat wel in die omstandighede van belang was vir die gemeenskap in sy geheel..

Maar die oplossing het van 'n onverwagte kant gekom.

Louis Godschalk, as hoof Departement Scheepvaart, was op hoogte met ander ontwikkelinge in die politieke situasie in Indonesië. Die oordrag van gesag het wel alle gebiede van Nederlands-Indië ingesluit, behalwe die vir die grootste deel nog met oerwoud bedekte en onbekende Nederlands-Nieuw-Guinea, die westelike helfte van die in Indonesië mees oostelike geleë eiland, reg noord van Australië. Dit sou voorlopig onder Nederlands gesag bly. Die Nederlandse deel van die eiland was so groot as Transvaal en Oranje Vrystaat saam, baie groter as Java, 1200 km lank en 600 km op sy breedste, met 'n met eeuwiges sneeu bedekte gebergte tot meer as 4500 meter hoogte in die binneland, pas in die 30er jare vir die eerste keer op groter skaal deur blankes verkend, met sowat 'n 900.000 grote Papoea bevolking waarvan die meeste nog in absolute wilde staat in die oerwoude mekaar se koppe gesnel het om daarmee in hul hemel te kom, 'n land waaraan die Amerikane se soldate die naam 'The Devil's own Country' gegee het, waar die Japanners met honderde in verdwyn het om nooit terug te keer nie deur pyle van die inwoners, malaria en honger. Daar is heel wat boeke geskryf oor avonture en wedervare van bestuursampptenare en missionarisse wat hul werk in die binnelande gepoog het om te doen. Veral die van Victor de Bruyn in die Sentrale Bergland by die Kapauko's gedurende die oorlogsjare 1942-45 het beroemd geword.

Daar was langs sekere kuste soos by Sorong, Manokwari, Fak-Fak, Merauke, Seroei, Hollandia vleksgewys reeds nedersettings gestig deur Oliemaatskappye (Sorong), Goevernementbestuur Hollandia, Manokwarie, Merauke, Fak-Fak, Agats, Teminaboean en ander plekke, en ook deur Indies-Nederlandse koloniste soos Manokwari en Ransiki in die Vogelkop. Biak was 'n groot koraaleiland wat deur Mc Arthur se genietroepe in 'n magtige lugbasis omskep was met bulldozers en graders wat eenvoudigweg die koraalheuwels plat geskraap het oor kilometers lange start en landingsbane, en waar derduisende vliegtuie van allerhande soort en makely gestaan het. Maar Mc Arthur se taak tot die oorgawe en onderwerping van Japan aan die Geallieerdes was in Augustus 1945 voltooi, en het hy al die materieel en voorrade van allerhande soort, van tandpasta tot jagvliegtuie op die eilande net so agter gelaat en prys gegee. So ook op Nieuw-Guinea en ons sou daarvan nog ons profyt trek.

Louis vertrou my nou in die diepste geheim toe, dat daar 'n groep vooraanstaande Indies Nederlanders, topampptenare, is wat gebruik wou maak van die geleëntheid, om op Nieuw-Guinea 'n

nuwe tuiste te maak vir die Indies Nederlanders wat geen Warga Negara wenste te word nie, en vir die KNIL mense wat te nou betrokke was gewees by die polisionele aksies teen Soekarno se rebelle en op die swart lys by Soekarno het gestaan. Voorts ook om die beleid van Koningin Wilhelmina daar te kon bly uitvoer tot ontwikkeling van die nog 'wilde' land. Tot heil van die blanke koloniste sowel as die oorspronklike bevolking wat nog in erbarmelike toestand in die oerwoude geleef het. Die gemiddelde leeftyd van 'n Papoea was 45-50 jaar, dan was hy stokoud en afgeleef....

Louis gee my nou die adres van 'n paar ingenieurs wat by die planne 'n hoofrol gespeel het en ek beland by ir Klencke, Berretty en Wehlburg, almal Indiese Nederlanders en ervare siviele ingenieurs wat hulle spore in Nederlands Indië reeds gemaak het ook op bestuurlike vlak.. Hulle was bereid om my ook in hulle staf op te neem, en siedaar; my wens was vervuld - ek bly in Nederlandse diens, hulle neem my Kort Verband Kontrak oor asof ek altyd in hulle diens was gewees. Dit was vir my die antwoord uit die Hemel. Dit alles het gebeur begin Desember, nog voor die formele oordrag van gesag op die 15e van die maand. Ek het dit ir Dicke meegedeel, en dat ek dus ook tot die datum van vertrek na Nieuw-Guinea, ook na die Oordrag op 15 Desember gewoon by ir Dicke op kantoor sou bly werk. Die vertrekdatum was nog nie bepaald nie, maar dit het Mei 1950 geword toe ek berig kry daar is plek gemaak op 'n Dakota wat uit Djakarta sou vertrek rigting Nieuw-Guinea, saam met 'n klein groep regerings onderhandelars wat die politieke verhouding van Nieuw-Guinea tot Indonesië sou bepaal.

My standplaas sou eers Hollandia wees, op die 'hoofkantoor' in 'n voormalige goedereloods van die Amerikane, half oor die water gebou op pale, maar hieroor later.

Een ding was vir my nog 'n pluspunt, dat Louis Godschalk, met sy vrou en kinders, ook na Nieuw-Guinea sou vertrek maar op 'n nuwe kort verband kontrak- hulle sou eers nog op kort verlof (3 maande) na Nederland gaan en later in die jaar 1950 ook in Hollandia kom. Sy werk sou dan meer in die juridiese vlak wees as Meester in die Regte, waarin hy sy doktoraal gehaal het, en ons sou dan later saam veral in kerkelik opsig nog heel wat onderneem.

Louis het nog voor 'n ding gesorg as Hoof Scheepvaart. Hy kon skepe van die K.P.M. (Koninklyke Pakketvaart Maatskappy) wat 'n skeepvaartmaatskappy was met klein kusvaart skepe tot so 15000 ton, geskik vir die Indonesiese waters, requireer vor sekere doeleindes van landsbelang. Hy het onder andere daarvoor gesorg dat daar 'n 800 KNIL manne met hulle gesinne, wat op die swart lys van die rebelle gestaan het en gevrees het vir wraakaksies, op twee K.P.M. skepe op eerste Kersdag 1949, met hulle mees nodige bagasie en al, alles stil stil sonder ophef aan boord kon gaan, onopgemerk deur die publiek omdat daar in die hawe self die Kersdag dan ook maar min werksaamhede was. Die twee skepe het op Kers-middernag toe dit pikkedonker was, met gedoofde ligte die hawe van Djakarta (Tandjong Priok) uitgevaar en eenmaal in volle see vol stoom sonder 'n tussenhawe aan te doen regstreeks na Nieuw-Guinea gevaar, om na 10 dae by Manokwarie op die Vogelkop van Nieuw-Guinea die eerste vlugtelinge aan land te sit. Die Toegoenese (Christene) wat ook gevlug het vir die dreigemente deur Javaanse Moslams, was op een van die skepe en is op hul eie versoek in Hollandia aan wal gesit. Hierdie Toegoenese was afstammeling nog van die Portugese wat in 1500 A.D.eerste op Java aangekom het en eers Rooms-Katholieke was. Die Hollanders het hulle later in 1600-1700 A.D. bekeer tot die Protestantse geloof, en hulle het als groep altyd bly bestaan en geleef in Depok, halwerwege tussen Batavia en Buitenzorg in hulle eie

kampongs...In Hollandia het hierdie Toegoenese 'n groot sukses gemaak van hulle kolonie en die onvrugbare grond baie vrugbaar gemaak met hulle indonesiese vrugte en gewasse, en was gewilde, betroubare en intelligente werkers vir die gemeenskap in Hollandia.. Helaas moes hierdie groep by die oordrag van Nw Guinea daar weer vertrek, eers na Nederland en daarna deur na Suriname, maar dit het alles doodgeloop en is een van gebeurtenisse waarvan dit by my een van die knaende vrae is, waarom het die Here tog toegelaat dat hierdie kinders van Hom nou vandag van die aarde af weggevaag is !!! Hierdie groep mense was 'n positiewe faktor in die samelewing, hulle het God se lof besing en daar was geen misdaad in hulle samelewing.

By my vertrek in Mei uit Djakarta, was ek daar dus presies 'n jaar gewees, en het tog met weemoed afskeid geneem van 'n plek waar ek weer tuis gevoel het, my ou Indië, tempat Djawa waar ik gebore was en tot my 15e jaar opgegroeï het, wat ek van toe af nooit weer sou sien nie. Eenmaal bo in die lug, op my eerste vliegreis van my lewe, agter in die met eenvoudige stoele uitgeruste Dakota, het ek my nie alleen bo in die wolke, maar ook 'n opgelug gevoel gehad, met die uitsig op nuwe uitdagings in 'n land wat van die grond af letterlik uit die oerwoud uit, opgebou moes word. Die vliegreis was sowat 3.500 km na die Ooste in twee etappes, met 'n tussenlanding in Celebes ek dink by Manado wat halwerwege Biak was om die petroltanks weer vol te kry. Ons kon vir 'n uurtjie 'n bietjie uitstap en die bene strek.

Ek het daarby natuurlik weer die omgewing wou verken, maar was nog geen 50 meter ver, toe dr van Baal, die leier van die Hollandse groep onderhandelaars in die vliegtuig my terughaal en sê, ek moet in die lughawegebou bly, want buite is dit te riskant weëns die rebelle daar rond.

Dr van Baal sou later ook Goeverneur van Nederlands Nieuw-Guinea word; hy was reeds jare bestuursbeampte gewees in verskeie ander dele van Indonesië, was gereformeerd van huis uit en het ons later ook baie gehelp met die begin van gereformeerde sending in Suid-Nieu-uinea.

Onderweg was daar dus die groep van dr van Baal van 4 of 5 man, afgevaardigdes van die Nederlandse Regering, en die 5 Indonesiërs het elk as groep apart gesit. Die Nederlanders was redelik rustig, maar die Indonesiërs het die grootste woord gehad en aanmekeer gekwebbel; een van hulle was 'n bekende kommunist was ook juis uit Moskou terug met allerlei toeseggings. Dit het gegaan oor die kwessie of Nieuw-Guinea nou ook oorgedra sou moes word aan Indonesië of nie.

Die gesagvoerder van die bemanning het so uit die cockpit sy kop deur die deur gestee, merk die geredekavel op en 'n gryns trek op sy gesig en hy verdwyn weer. Nou was dit die pragtigste weer van die wereld en amper geen wolke aan die lug. Ek sien so 'n bietjie links voor my egter wat stapelwolke hoog bo ons in die lug opstyg en wat maak die vliegtuig? Dit buig bietjie af na links en vlieg reg op die wolke af en ewe later sit ons daar midde in. Die vliegtuig begin skud en hop en dans op en neer. Onmiddellik was dit tjoepstil in die cabine en die gesprekke het verstom, veral die Indonesiërs het verskrik na buite gekyk asof die oordeel nou op hulle afkom. Ek vermoed die bemanning voor in die cockpit het baie binnepret gehad en ek het ook lekker leedvermaak gehad..... Die Indonesiër wat die grootste woord gehad het, het stil geword en bietjie bleek om sy neus ... Die res van die reis was dit nou rustig, die pilote het geen ander wolke meer opgesoek nie en ons het teen die aand veilig geland op Biak waar ons 'n paar dae moes wag, op verder transport na Hollandia waar my eerste standplaas sou wees..

Maar hier begin die volgende deel, Nieuw-Guinea !!

---

DIE ALLEENLOPER

(II)

IN

NIEUW-GUINEA

1950-1955

laatste bewerking  
10 SEPTEMBER 2001

## BIAK

Op die eiland Biak aangekom, moes ek 'n paar dae wag, omdat ander belangriker persone die beskikbare vliegtuie soos die Dakota in beslag geneem het, onder andere die groep politieke onderhandelaars met dr van Baal.

Die paar dae het ek die groot vliegveldbane van Biak 'n bietjie rondgestap (daar was geen opstandelinge en dus veilig) en kom af op 'n geweldig groot 'vliegtuigkerkhof'. Honderde toestelle van allerhande soort en makely het daar rondgestaan, die instrumentariums het op hope oor die grond gelê, kilo's en kilo's fyn koperdraad, en so 'n kilometer verder sien ek soiets as 'n smeltery waar 'n rookpluim permanent die lug instyg. Ek stap daarop af, en sien 'n aluminium smeltoond, vir die aluminium van die vliegtuie wat hier op so'n 100 hektare rondstaan.

Toe ek navraag doen oor hierdie fenomeen, hoor ek, dat na die oorgawe van Japan, hier op Biak nog honderde gloednuwe vliegtuie gestaan het as oorlogsvoorraad van Mac Arthur, die bevelhebber van die Amerikaanse magte in die Stille Oseaan. Omdat Biak 'n eiland was onder Nederlands politiek gesag, bied die Amerikaanse regering die hele voorraad vliegtuie aan die Nederlandse regering aan vir 10 sent de kilo. Die Nederlanders het dit egter te duur gevind, en toe het die Amerikaners uit woede so die bulldosers dwars oor al die vliegtuie laat ry dat hulle onherstelbaar beskadig is en verkoop dit toe aan 'n Sjinees, wat dus die primitiewe maar effektiewe smeltoond bou, en niks anders doen dan vliegtuie ophak in kleiner dele en dit in die oond opsmelt. Die blokke wat hy kry van sowat 30 by 30 by 60 sm verkoop hy aan handelaar wat belangstel. Die Sjinees was toe al 'n jaar aan die gang en sou nog drie jaar daarmee besig wees. Die bemanning van skepe wat die blokke kom oplaai, vertel my dat die aluminiumblokke eers na Amsterdam vervoer word, en daarvandaan weer verkoop en vervoer na Japan vir hulle aluminiumfabrieke..... Grotesk voorbeeld van sinnelose vernietiging van kosbaar kapitaal en nuttelose vervoerskosste, want Japan lê nou net 'n paar dae se vaar vanaf Biak !!!

Biak is dus 'n koraaleiland wat geheel bestaan uit koraalkalk en kalkheuwels, bedek met skraal bossies en hier en daar 'n boom wat kans gesien het om tussen die kalksteen nog genoeg voeding te vind vir sy bestaan. Baie klapperbome natuurlik, en 'n paar groot steiers van hout gebou, op pale van hout wat weerstand gebied teen die paalworm, wat in die waters uitbundig lewe. Dit was die aanlêplekke vir die groot libertyskepe van Mac Arthur gewees, wat daar by duisende hul oorlogsvragte afgelewer het. Verder het die Amerikane daar van die grootste vliegvelde ter wereld gebou deur eenvoudigweg 'n groot deel van die eiland plat te bulldoser en vlak te skraap; die bodem was hard genoeg om sonder teer of verder voorsienings die grootste vliegtuie te dra en toe ons daar kom was Biak daarom ook die sentrale knooppunt vir vliegverkeer van die grootste tot die kleinste; en dit was naby die see waar watervliegtuie ook kon land en opstyg.

Nou was dit vir die KPM- skepe en Hollandse vragkepe ook 'n welkome plek vir vars water en vrugte voorsiening !!

Die waters van die diepsee wat tot onder die steiers deurgestroom het was so skoon en helder dat jy kon tot op so 10 meter diep kyk tot op die bodem, en ver see in. Dit was aan die suidkus van Biak en daardeur beskerm teen die golfslag van die oseaan, dikwels met amper vlak water. Daar het ek gesien hoe twee groot haaie van so 3 of 4 meter lank op so 50 meter afstand doodstil in die water lê, en plotseling met sneltreinvaart na die steier tot by die pale onder my skiet, en onmiddellik weer net

so snel terugkeer die see in. Ongelooflik. Ek het selfs dolfyne nooit so snel sien gaan deur die water nie !!

Die bevolking van Biak het gebly op die meer heuwelagtige noordekant van die eiland, wat meer bebos was en baie grotte waar Japanners hul tot die laaste man teen die Amerikaanse doodgeveg het. Daar was nou ook meer lewe veral voëls van die parkiet en papegaaisoorte wat daar in gesellige groot groepe lewe, met elkaar grappe maak met luid 'gelag en geskreeu'.

Die eersvolgende transport vir my was met 'n Catalina. Dit was 'n vliegboot vir die Amerikaanse marine ontwikkel, in die vorm van 'n groot sloep waar midden voor 'n paar vleuels en agter hoogop 'n stert oorheen gebou was, met twee groot skroefmotore aan die vleuels wat die boot uit die water kon optrek. Daar het sowat 15 man ingegaan. Binnen was dit net 'n paar kale banke waar jy op kon sit, verder geen drukkabine, geen afwerking, net die raamwerk van die toestel en wat vensters. Die vlieg daarvan, veral die start en landing was nie so eenvoudig nie, nog moeiliker op die golwe van die see. Die pilote moes eers 'n spoed kry van so 80 km per uur oor die water gedurende welke kragtoer die skip reeds half uit die water opgetil was maar met sy agterste deel nog in die water, en dan vanaf 'n top van 'n golf loskom van die water af. Dit het altyd gepaard gegaan met 'n geweldig hoog opspuitende fontein van water agter die vliegtuig aan, fantasties om te sien. Daar was altyd twee pilote: een vir die start, die ander neem dit oor wanneer die toestel eindelijk in die lug is, want die startproses het fisies reeds te veel van die eerste piloot vereis. Maar dit was 'n ideaal verkenningsvliegtuig en geskik om op mere en groot riviere te 'land'.

Dit was 600 km na Hollandia waar ek my moes meld, dus nog so 4 uur se vlieg met hierdie toestel. In Hollandia het ons in die Humboldt Baai geland, en het ons veilig aangekom in 'die land van ons toekoms'. So het ons tenminste gedink; kyk maar die volgende hoofstuk.

-----

## HOLLANDIA

In Hollandia aangekom was my eerste werk die ontwerp en werktekening van 'n voorafvervaardigde hotel vir so 60 gaste met restaurant en geselligheidsgeriewe. Die voorgestelde ligging was op 'n klein plato met wye uitsig oor die baai.

Ek het die gebou 'n U-vorm gegee, waar die kamers in die pote van die U ondergebring was, en die geriewe, kombuis en restaurant in die basis van die U. Die bou daarvan was met hout panele van 4 by 8 voet, afgedek met hardboard, op 'n voorafgegote betonvloer en die deure en rame (glas was daar nie maar net muskietegaas) was in die panele vooraf in die timmerfabriek ingesit. Hout was daar genoeg en van voldoende goeie kwaliteit; Dept Boswese was reeds langer aan die gang met die kap van geskikte bome uit die oerwoud en opzaag tot planke en balke daarvan. Die bou daarvan was 'n sukses, en het die ding in 'n half jaar tyd daar gestaan gereed vir gebruik. Almal was tevrede en sy naam is toe 'Oranje Hotel' gedoop.

Die gebou het seker so 6 jaar as hotel diens gedoen en is daarna op 'n ander plek vervang met 'n gemesselde gebou, terwyl die "Oranje Hotel" verder as hostel gebruik is vir meer permanente bewoners..

Ek self het tuis gegaan in 'De Witte Olifant' n bestaande soort hostel vir so 50 mense, twee verdiepings, enkel kamers van hout gebou en dit was ook geleë op 'n hoogte vanwaar jy wye uitsig gehad het oor die baai. Maar die kamers het maar dun wande gehad en was baie gehorig. Ek was daar die enigste volbloed Hollander, die ander bewoners was almal halfbloed Indies Nederlanders, almal vriendelike en karaktervolle mense en daar was 'n vorm van sosiaal toesig op elkaar wat ek gewaardeer het. Dit was nie toegelaat om daar jou eie kos te kook nie, maar daar was genoeg eethuise in die omgewing.

Die volgende opdrag was om op twee uitlopers van die Cycloopebergte aan die baai van Hollandia, plek te soek vir 80 kleiner tipe huise van so 60 - 80 vierkante meter vir die gewone amptenare. Daar was glad geen kaarte van nie, wel twee bulldosers, twee assistente en 'n paar papoea werklui met kapmesse om mee te begin. Dit was dus alles veldwerk, daarna opmetings en kaarte maak. Die eerste 20 van hierdie 80 erwe wat ek moes uitsit, was my baas Wehlburg nie heeltemal mee tevrede nie, want ek het die erwe se breedtes dan te klein gemaak in sy opinie, gewoon as ek was aan Holland en Batavia se norme. My huise was maar net 6 meter uit elkaar (!), maar, soos my baas mnr Wehlburg dit letterlik gesê het; 'as die een buurman s'aands 'n wind in sy slaapkamer laat, kan die ander buurman dit hoor'.....

Ek moes die huise dus minstens so 10 meter uit elkaar plaas..... was daar dan nie plek genoeg op Nieuw-Guinea nie ?? Van mnr Wehlburg was ek wel wat ruige taal gewoon, hy was nie vir niks ook olifantenjager op Sumatra gewees .... Was hy by my in die bos, het hy altyd sy karabyn by hom gehad, en sy klein bottel met jenever. Hy het by die bivak in die bos nooit ontbyt nie, in die middagpouse terwyl ons tee drink 'n paar slokkies jenever gebruik, en s'aands pas sy bord rys met vleis of vis en sajoer (groentesop) geniet.



Die volgende opdrag het toe gegaan oor nog 800 huise wat ook daar plek moes kry, maar daar was 'n probleem, die beskikbare waterbronne het nie genoeg gehad om die huise van voldoende huishoudelike water te voorsien. Die verbruik van water per huishouding of woning per gesin was gestel op normaal gemiddeld een kubieke meter water per dag.

Dit was 'n werklike probleem en dit was reeds oorweeg om die nuwe stad maar 30 km verder in die binnenland by Hollandia-Binnen te bou, naby die Sentanimeer, daar was wel vars water genoeg, maar die klimaat was daar warm en broeierig, sonder die lekker seebriesie wat daar in die baai altyd van die Stille Oseaan se kant afgewaai het en dit s' aands tot so 20 grade kon afkoel..

Maar ek het intussen reeds wat in die berge en bosse rondom Hollandia rondgedwaal en het ontdek dat die bergriivertjies hoewel onder aan die benedenloop droog, maar bo in die berge wel baie water gehad het. Dit moes ook wel, want die jaarlikse reënval was by die 3000 mm per jaar en redelik oor die jaar versprei ! Maar dit het blykbaar deur 'n breuk in die gesteente (of 'n dolomietlaag ?) Op so 500 meter hoogte iewers ondergronds verdwyn. Toe ek hoor van die s.g. watergebrek, besluit ek om verder te soek op my eie, en nooi twee Indies jongens wat saam met my gewerk het, uit om op Hemelvaartsdag die belangrikste bergriivier op te klim om bo in die berge te soek vir water. Ons het na 'n dag se stap en geklim langs rotswande te lande gekom in 'n woeste rotswereld en hoor daar 'n waterval. Nog 'n klein endjie en daar was die waterval, seker met so kapasiteit van 20-30 kubieke meter water per minuut. Dit was oorgenoeg voor ons doeleindes en die water was skoon en sonder meer so drinkbaar.

Maar nou moes ons terug .... En dit het reeds donker geword; gelukkig was dit volmaan, maar rotse opklim gaan wel, maar afklim veral in die halfduister is 'n ander storie. So ons besluit maar om deur die bos langs die rivier te stap, maar daar was dit pikkedonker in die oerwoud. Toe ek nog 'n stap wou doen (ek het voorop geloop) sien ek die rivier in die maanlig reg onder my in 'n kloof so 30 meter diep ....

Versigtig oor die boomwortels teruggegaan, en verderop 'n afdraande helling gesoek al voel voel in die donker, en gelukkig toe sonder ongevalle weer in die bedding van die rivier met sy groot rotsblokke teruggekom. Ons besluit toe maar om daar so goed en so kwaad as dit kon te oornag en die oggend af te wag. Ons het geen kos gehad nie en geen vuur, want dat ons moes oornag in die bos had ek nie op gereken nie. Ons het om die beurt die wag gehou en muskiete was op die hoogte gelukkig maar min.

Die volgende dag het ons toe teruggestap al springende en glyend langs die rivierbedding en kom so 2:00 uur die middag in die dorp terug en kry daar ons kantoor in groot konsternasie want Boer en die twee makkers het verdwyn en niemand het geweet wat aangaan. Ek vertel toe my baas van die hoeveelheid permanente waterstroom wat ons gevind het en hulle was toe so dolgelukkig dat ons geen verwyte verder gekry het nie en net by die polisie moes afmeld wat reeds 'n soekaksie begin het .... ..

Die hoofstad Hollandia (nou Jayapoera al het die Javane absoluut niks aan die ontwikkeling van hierdie plek gedoen nie !!) kon nou wel aan die baai, saam met die hawe en sy beter klimaat gebou word. Dit was nou een van die dinge wat 'n mens blywende bevrediging gee in jou herinneringe !!

Ons het dus voortgegaan met die bou van die volgende 800 wonings en verder die heuwels en plato's van die Cycloopeberge rondom eksplorieer vir verdere geskikte bougronde en voortgaande stadsuitbreiding. Dit sou my werk wees die volgende jare tot November 1955.

By hierdie eksplorasië het ek wonderlike dinge in die berge en die oerwoud gesien.

Die gebergte het gestyg tot so 2500 meter hoogte maar helaas was ek nog nooit op een van sy toppe gewees nie. Dit het bestaan uit hoofsaaklik groen Serpentyngesteente, die moedergesteente vir allerlei metale. Eintlik was dit een groot ysterberg soos die Rooiberge by Thabazimbi. Jou kompas het nou en dan in die rondte gedraai as 'n gek en kon jy nie vertrou nie. Ek het as vak op die MTS ook wat geologie gehad en het belang gestel in die rigting, daar was ook goud gevind deur 'n Duitser in die 20er jare. Die man was van toenmalig Duits beheerde Noord-Oos Nieuw-Guinea in 1914 met die begin van die eerste Wereldoorlog gevlug (anders sou hy geïnterneer gewees het) na Nederl. Nw Guinea (dit was toen immers neutraal in die oorlog) en het aan die voet van die Cycloopeberge met 'n groot plantasie met papaja begin. Sy vrou was 'n inheemse, maar was altyd ryklik met goud sierade versier; hy het die goud daarvoor self uit die berge agter sy plaas gaan haal, maar altyd alleen. Sy vindplaas was sy diep geheim en het met hom in die graf verdwyn. Niemand tot vandag toe het die vindplaas naderhand weer gekry nie. Maar met die goud het hy altyd al sy koste betaal ...

Ek het so tussen die eksplorasië werk van my natuurlik dit ook opgelet, maar nooit iets meer gekry as pyriet ('n verbinding van swavel en yster), wat baie op goud lyk maar is net iets te geel van kleur.....

Wel het ek eendag na 'n dag se stap bo in die berge op kale grond midde in die bos afgekom, geen bome het daar gegroei nie en selfs gras was skaars; op die oog af was dit besaai met antrasietbrokke. Nader bekeke, was dit geen steenkool nie, maar pikswart glansend chromietbrokke wat daar op die oppervlakte rondgele het. Dit het ek gerapporteer aan my kantoor, wat die vonds verder gebrief het aan die Tegiese Universiteit van Delft in Holland. Die het toe 'n paar maande later 'n span geoloog gestuur en ek het hulle by die plek gebring en hulle het monsters geneem. Op grond daarvan het die Nederlandse regering kontrak gesluit met Japan dat hulle die chromiet en ander metale sou gaan myn. Maar voordat dit werklikheid geword het, is Nieuw-Guinea in 1962 oorgedra aan Indonesië en betaal Japan nou aan Indonesië vir die regte om daar te mijn !!

Dit is nou een van dinge, wat jy in jou herinneringe as skrywend onbevredigend ondervind en onaanvaarbaar onregverdig. Jy bewerk jou tuin, maar ander loop weg met die vrugte wat jy voortbring het.

Tegelyk met hierdie verkenningstogte, moes nou terrein vir 800 huise bouwerk gemaak word, sonder dat daar kaarte beskikbaar was om eers op kantoor 'n geskikte paaienetwerk te ontwerp. Ek moes dus eers self met die teodoliet opmetings doen, die daarop gebaseerde kaarte teken met hoogtelyste en al, en daarop 'n idee uitwerk vir 'n skema vir dorpsbeplanning, dit laat goedkeur deur my baas en dan kon die paaië en erwe uitgeset word en daarvolgens bouwerk gemaak met sy dienste soos waterleiding, stormwaterafvoere en elektriese bedrading.. So was ek baie besig met al hierdie dinge tot einde 1955.

Omdat ons Departement blykbaar nogal tevrede was met my werk (ons direkteur ir Wehlburg sê: 'Boer ruik die grond' ..) en ook gewet het dat ek graag in die berge en bosse verkenning uitvoer, was ek in 1953 ook gestuur na Manokwarie, kolonistedorp op die Vogelkop van Nw Guinea, suid

van Biak vir dorpsuitbreiding. Daar het ek egter na 'n grondige verkenning net die voorstelle gemaak waar om die uitbreidings te doen en hoe, maar die uitvoering daarvan aan die bestaande tegniese dienste onder beheer van mnr Leeftang daar oorgelaat.

In die bosse was daar 'n paar wonderlike dinge. Niks was daar natuurlik mensgemaak nie, maar alles puur natuur. Ek het altyd 'n parang by my gehad, wat 'n groot mes van so 60-70 sm lank is, 3 tot 4 sm breed met 'n vlymskerp snee, 'n ideaal slagwapen veral om klein takkies en struikeweg te kap wat in die pad was, maar veral ook om jou pad te markeer, anders sou 'n mens by terugkeer gou verdwaal in die oerwoud.. Die bosse was ook vergewe van die slange, grotes, kleines, giftig en nie giftig nie. Die grootstes was die pythons, luislange van so 6-8 meter lank, en arm tot beendikte. Die kleines het ons altyd, waar ons kon die koppe afgehak en dood gemaak. Wanneer so 'n dier op ons pad lê, nader jy baie stadig, en slaan dan blitssnel met die mes net agter sy kop, dat hy nie tyd kry om te beweeg nie. Die papoea's het hulle wel geëet. Maar ons het ook 'n paar ontmoetings met groot groen luislange gehad en het ons daar met 'n groot draai omheen geloop en geen konfrontasie gesoek nie. Die groot diere het dan doodstil gelê, bewus van ons aanwesigheid maar het skynbaar nie aggressief getoon nie. Ons het blykbaar respek vir mekaar gehad. Dit was vir my egter rede om op ons groter togte wel 'n karabyn saam te vat, 8 mm mauser voor ingeval, maar die is nie baie gebruik nie. Trouens, die geweer wat van die polisie geleen was, se koëls het op 10 meter afstand reeds dwars gevlieg, so ruim was die loop reeds uitgehol. Met die kon jy wel dik takke van 'n boom afskiet, drie skote vir 'n tak van 10 sm deursnee, eerste bo, tweede skot onder, derde in die middel en dit breek keurig af; spaar baie saagwerk ...

Ek het daarom tydens my eerste verlof in 1952 my eie mauser in Den Haag by 'n wapenhandel gekoop, vir 100 guldens en die wapen was nog baie nuut en goed. Toe dit in die kis van my op die skip in Hollandia aankom, vra ek in verband met my werk (ek had immers daarvoor 'n mauser van die polisie geleen gekry) 'n wapenvergunning by die polisie aan. Net die grendel het ek uit die geweer gehaal en by my eie klein bagasie gehou, om diefstal van die wapen te voorkom, want die goed was 'n baie begeerde ding in Nieuw-Guinea. Toe ek my kis van boord kry, was die wapen egter reeds uitgehaal en hoor ek van die douane, die polisie het dit eiemagtig uit die kis gehaal sonder om my te waarsku !! Na 'n paar maande se wag, is daar nog steeds geen antwoord van die polisie op my aansoek vir 'n permit nie..

Op my navraag op die polisiekantoor vra hulle, 'waar is die grendel van die geweer !' Ek antwoord die is by my tuis, want 'n grendel alleen is geen vuurwapen nie en ek is tenslotte die eienaar van die mauser volgens my mening. Dit was egter nie die mening van die polisie nie en 'n paar dae later kom hulle dreigend na my huisie en eis die grendel op. Wat kan jy dan maak, en gee dit maar saam. Toe kry ek 'n week later 'n dagvaarding voor die hof (kantonregter), dat ek onwettig 'n vuurwapen in besit gehad het. Toe dit voor die regter kom, vertel ek hom wat my werk is, wat gebeur het en dat ek niks verberg het vir die polisie en wettig aansoek gedoen het vir die wapen. Die regter het my toe vrygespreek. Maar van die wapen het ek nooit meer iets gehoor of gesien nie, behalwe dat die polisie op 'n ander plek daarmee lekker gejaag het ..... Van diefstal en onwettig besit gesproke .....

Eendag sien ek in 'n klein beddinkie van 'n waterstroompie op 'n bemoste klip 'n kuiken sit, so groot soos 'n man se gebalde hand. Ek vra my Papoea's, wat is dit vir 'n vogel ?? Hulle sê dit is die kuiken van 'n roofvogel, wat sonder sy ma of pa alleen moet groot word. Die ding het daar doodstil gesit, maak of hy ons nie sien nie, met sy bek wyd oop. Die Papoea's beweer hy stink uit sy bek en

vang so vlieë en word daarvan groot..’n Paar uur later kom ons weer daar langs, en ... die diertjie het op die klip langsaan gaan sit, nog steeds met sy bekkie wyd oop.

Verder die ‘flora’ was ook vol wondere, plante wat met ingenieus uitgedinkte blomstelsel wat stink, met sy blare wat toevou insekte vang en verteer !! Konifere soos die indrukwekkende Araucaria wat in die bos dominant is bo die ander bome met sy kaal stam van so meer as 1,5 meter diameter styg uit tot bo die kruine van die ander bome, sy eerste takke spreid hy pas uit bo die kruine van die ander bome in die bos en word tot 80 meter hoog !! En die takke sit kransgewys, vier aan vier, om die 5 tot 6 meter tot by sy top. Sy hout word in Australië gebruik vir die sny van fineer. Verder het jy die kamferhoutboom in die bos, kap jy met jou parang daarop, spreid dit ‘n kamferlug rond. Daar was ook verskeie Ebbenhout bome met pikswart hout, keihard. En die toppe van die bome was vol verskeie soorte orgideë !!

En so was daar honderde verskeie markante bome, wat net alleen op Nieuw-Guinea voorgekom het en nêrens anders in die wêreld nie !!

Een dag het ons op pad na ‘n vliegveld in wording, deur die bos gestap en daar is ‘n onderaards gerommel, en dan ‘n gesis en gestoom, en daarna ‘n geluid van vallende klippe of grond of modder. Die Papoea’s sê dit is die geeste in die onderaardse wat grom en brom, maar later het ek uit die lug gesien dit was ‘n moddervulkaan gewees.

By sulke waarnemings kom ‘n mens onder die indruk van die grootsheid van die jungle, hoe alles van die flora en fauna op elkaar ingespeel is en mekaar in stand hou van dag tot dag, eeuw in eeuw uit. Die flora kan nie voortbestaan sonder die lewende diere en insekte nie, en die laasgenoemdes kan weer nie sonder die flora klaar kom nie in sy voortbestaan

Dan ontdek jy hoe agter die natuur daar ‘n geweldige brein moet sit wat dit alles uitgedink en tot stand kon gebring het en instandhou, en dit elke oomblik ook moet geniet .... Dit kan net nie wees dat so ‘n oneindige verskeidenheid en ook terselfdertyd afhankelykheid van flora en fauna slegs aan ‘toevallige’ ontwikkeling en sogenaamde ‘struggle for live’ moet toegeskryf word nie soos die (shortminded) Darwiniste en Evolusioniste wil. !!!

Dan kom jy ook onder die indruk van die eerste hoofstukke van Genesis, wat kort en kragtig vertel hoe dit alles tot stand gekom het na 6 Skeppingsdae, wat begin met: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.”, en na die voltooië Skepping : ‘Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed. !!! Ek het in elk geval daar in die jungle die evolusionisme wat my met die papplepel op die Christelike H.B.S. in Groningen ingevoer was, radikaal ontslae geraak !!

Op dieselfde verkenning waar ons die kuiken gesien het kry ons teruggaande ‘n duimdikte slang van ‘n meter lang op ‘n dik en kaal boomstam. Een van my assistente het ‘n haelgeweer by hom gehad en skiet ‘n patroon met fyn hael op die dier af. Onmiddellik is my bril aan gruselemente ! Wat het gebeur ? Die hout van die boom was so hard, dat die fyn hael gekaats het en daarvan het in my gesig gevlieg. Gelukkig was net my brilglase stukkend en niks aan of in my oë nie .... Die Papoea’s by ons sê toe: ‘Toean moet wel ‘n baie goeie mens wees, dat die gode jou so goed gesind is !!’ Ek dit ook maar so aanvaar!. Maar van die slang was niks oor nie, en die hout was een of ander swart ebbenhout, so hard as steen, die kapmesse het daarop geklien asof jy met jou mes op staal slaan.

Dan het jy daar boomkangoeroe’s wat hoofsaaklik boomblare vreet, en aan hulle pootjies skerp klauwtjies het waarmee hulle in die bome kan klim en bly. Hulle word nie so groot nie maar die mak

een wat ons later 'n tydjie by huis gehad het was staande op sy agterpote so 'n meter hoog. Die diertjie het altyd baie graag ons vasie met blomme op die tafel leeggevreet. Die diertjie kom blykbaar net alleen op Nieuw-Guinea voor en nêrens anders in die wêreld. Wat verder verbasend is dat al die warmbloedige en lewendbarende diertjies daar, muise, rotte alles buideldiertjies is, maw hulle kleintjies word embrionaal gebore, kruip in 'n sakkie aan die maag van die moeder waar ook tepeltjies is en maak homself daar groot. So is daar ook hoenders in die bos, hulle lê wel eiers maar broei dit nie self uit nie, maar lê dit in 'n hoop rottende blare wat hulle self bymekaar krap, soms wel 'n meter hoog waar die warmte van die blare die eiers uitbroei, die kuikens later self uitkom en homself verder red. Die moederhen kyk verder glad nie na sy jonkies om nie. Ek het so 'n hoender ontmoet in die bos, sy stap doodrustig haar pad reguit, dwars oor ons pad en reg voor ons langs, en steur haar glad nie aan ons nie ... Hierdie hoenders leef alleen en is doodstil, maar ek het hulle tog ook wel hoor kraai vroeg doe oggend in die bos.

Die Kroonduif in die bos was toe al 'n beskermde dier maar baie gewild om sy pragtige vere en kuifkroon op sy kop, is so groot soos 'n flinke hoender, die Papoea is versot op sy vleis. Maar ek mog hulle nie skiet nie.

Verdere mooi bosvogel is die casuaris, soos 'n Afrikaanse voelstruis (wat 'n oop vlakke voël is), maar ietwat kleiner, met 'n groot rooi kam op sy kop, en verder pikswart. Die het drie tene, die Afrikaanse voelstruis net twee, en jy moet hom liever nie teënkom in die bos nie want hy is aggressief veral met kleintjies...

Verdere diere is die menigte krokodille in die riviere wat gevaarlik is vir die mens. Ek het hulle sien loop (nie kruip nie !) op hulle vier pote, snel na die water en duik daarin weg. maar die Papoea's is nie bang vir hulle nie as hulle met 'n paar man is, hulle vang hulle selfs vir die huid om dit duur aan die Sjinees te verkoop. Ook hul eiers word uit die sandbanke opgegrawe en geet. Papoea's gaan met drie of vier in die water, probeer hom gryp by sy bek, hou dit toe en bind dit vas met 'n end rottan, sleep hom aan die kant en knuppel hom dood. Skynbaar het hy wel kragtige kake maar het min krag om sy bek oop te maak nie.

Nieuw-Guinea is verder werklik 'n voëlparadys, met 'n geweldige verskeidenheid, maar die meeste is papegaai-agtig, soos die parkiete maar ook groot witte papegaai wat graag terg en skelm streke uithaal. Die leef ook graag in groepe en kwetter dan ondermekaar dat dit 'n hele kabaal is in die bos.. Sommige Indies Nederlanders het van hulle makgemaak by hulle huise gehad waar die voëls op hulle skouers bly sit. Ek het 'n paar keer gesien hoe so 'n groot papegaai stil stil van agter op 'n hond aanvlieg, en dan vlak bo die kop van die hond plotseling begin fladder en skreeu dat die hond hom boeglam skrik en na die voël hap, maar altyd net mis. Ek het ook gehoor dat so 'n papegaai van agter op jou aankom, jou bril van jou neus afgryp en daarmee wegvlieg. Die slagoffer kon dan sy bril by die eienaar van die voël kom terughaal. En tenslotte die paradysvoël met sy pragtige langstert vere in alle kleure van die reenboog. Maar hierdie voël was skaars omdat dit altyd baie gejaag is en gevang om sy vere, ook deur die Papoea's. 'n.Afbeelding daarvan is hierby opgeneem.

Ek was intussen so die eerste maande dus in De Witte Olifant, maar sake het daar 'n bietjie verslegter want my buurman het 'maansiek' geword. Elke keer wanneer dit volle maan was, het hy snaaks begin doen, steek met sy mes deur die plafond en dink hy word bedreig deur een of ander

denkbeeldige vyand. Ons moes almal s'aands ons deure barrikadeer dat hy nie in die nag jou kamer binnedring en jou met 'n mes bedreig nie. s' Oggends was hy weer normaal en het hy aan sy gewone klerkewerk gegaan. Waarskynlik het hy 'n oorlogstrauma gehad wat hy nie kon verwerk nie, maar vir ons was dit 'n probleem.

Nog 'n voorval was daar met 'n 20-jarige dogter van 'n baie goeie ambagsman wat ook in 'n aparte huis naby De Witte Olifant gewoon het. Een van die bootsmanne van 'n marinevaartuig wat daar wat langer in die baai gelê het (daar was heel wat skeepvaart-beweging van en na die baai toe), het seker behoefte gehad aan geselligheid en dit gevind by die pa en dogter aan de wal. Ma het nie meer geleef nie. Die geselligheid het egter die swangerskap van die dogter tot gevolg gehad, maar die skip waarop die bootsman was, het weer na Nederland vertrek. Die dogter het toe seker vir 6 maande amper elke dag, na die poskantoor gestap om te vra of daar 'n brief was van die bootsman. Maar helaas, hy het nooit meer iets van hom laat hoor nie. Ons het almal haar baie jammer gekry en die baby is toe gebore sonder 'n pa.

Ek het toe besluit, ek bou maar my eie voorlopige pondokkie iewers, en het 'n ideale stuk grond wat ook vrugbaar was, op die Polimac gekry. Die Polimac was 'n hoër geleë dal achter die bergtop aan die hawe, op pad na Hollandia-Binnen. Daar was intussen ook goeie drinkwater beskikbaar, danksy 'n ander Hollander wat baas was oor die drinkwatervoorsiening in Hollandia en hy was my goedgesind en het so 'n 100 meter 1 duims pyp spesiaal na my perseel gratis aangele..

Die grond het ek gekry van die Papoeahoofman ter plekke vir 'n pag van 99 jaar (ons kon nie grond koop van Papoea's nie maar het wel een of ander geskenk gegee dit was 'n paar foto's van hom en sy gesin), daar was reeds 'n stukkie vlak gebulldoser net groot genoeg vir my huisie en die pale vir die raamwerk het ek self in die bos gaan kap, planke gekoop en asbesgolfplate vir die dak, en siedaar, na so drie maande se bouwerk in die vrye tyd van agternamiddag en nasionale feesdae, was dit sover dat ek kon intrek. Daar was wel wonings vir ons gebou, maar gesinne het voorrang gehad en was ons as alleenlopers nog lang nie aan die beurt vir 'n normale woning nie. My optrekkie het daarom 'n sitkamertjie gehad, 'n slaapvertrek, met aansluitende stort en toilet en klein kookgeleentheid. Water om te stort en drinkwater was dus beskikbaar maar ons het nie elektriese krag gehad nie, Verligting was dus met gaslampe of parafienvergassers wat ook baie goeie lig gegee het. Kokery was ook maar op primusse of parafienvergassers. Daar het ek so vier jaar in gebly, tot November 1955. Dit was vir my 'n heerlike plekkie, midde in die natuur, sonder direkte bure en net met die geluide van die krekels en vogels, in die nag die vleermuise wat rond jou fladder om van die papaja's te snoep. Ek het daar tuin gemaak, papaja's geplant van die heerlikste vrugte want jy wag tot die vleermuise daaraan begin en dan is die ryp. Verder groentes soos kangkoeng, maroch, ananas, ketella's en mielie's. Maar vir die ananas en ketella en mielie's was daar konkurrente: wilde varke wat ook kom snoep, nou ja hulle moet ook lewe ....Ek het wel s'aands tot 11:00 of 12:00 uur geposteer met 'n mauser in my hand om hulle op te wag, maar die diere is te slim; as jy daar wag hou kom hulle nie ... Die enigste manier om hulle uit jou tuin te hou is, om die dinge wat hulle kom vreet, nie meer te plant nie ....

Intussen was daar 'n toestroming van honderde nuwe families, meestal op Kort Verband as amptenaar, maar ook partikuliere ondernemers het by tientalle daar aangekom en met besighede begin. Van hulle was heel wat sg 'ligte gevalle' wat in Nederland gekollaboreer het met die Duitsers of die N.S.B. maar geen misdade gepleeg het nie, maar hulle daar wel na die oorlog onmoontlik

gemaak het. In Nieuw-Guinea was hulle daarvoor egter nie lastig geval nie en het hulle florerende bedrywe begin, soos handel in motorkarre, verhuising en verpakking, import en export, assurancesies ens. Hulle het hulle oorsese kontakte gehad en kon dit dus in hulle voordeel uitbou..

Daar was egter ook twee families vir my persoonlike lewe baie belangrik namelik in die begin familie Godschalk, en later toe die Godschalks weer weg was Jan en Corrie Koops. Godschalk-hulle het met 'n nuwe drie jaar kontrak uit Nederland gekom, Jan en Corrie uit Sorong en was hier op Nieuw-Guinea getroud.

Louis Godschalk het my dus tevore in Djakarta reeds gehelp om die werk hier op Nieuw-Guinea te verkry, sy gesin het in 'n groot Quonset onder in die dal, aan die s.g. Oranjelaan gebly. So 'n quonset was op 'n beton vloer van 6 meter breed gebou, en oorspan met 'n halwe boog gegolfde sinkplate, met aan die binnekant 'n wand en tegelyk plafond van hardboard. Die vensters was geen glas in nie, maar nylon muskietegaas. Dit kon dus dwars deur ventileer wat op die dag seker nodig was om die hitte uit te dryf. Ons het veral Sondae daar saamgekom vir huisgodsdien en verder sosiaal verkeer, ook met soldate van die Landmag en matrose van die Marine wanneer die toevallig op besoek of gestasioneer was in Hollandia.

Dit was altyd gesellig daar, ons was ter enige tyd altyd welkom en vir my en die ander wat daar gekom het was dit 'n baie belangrike saamkomplek in die kontrei. Louis was daar weer Hoofd van Dept Scheepvaart en was dus ook 'n belangrike bron vir veral politieke nuus. Louis het egter ook sy stokperdjies gehad en dit was vogels en hoenderboerdery.. Hy het vanuit Holland kuikens van rashaenders namelik Noord Hollandse blauwes en Witte Leghorn saamgevat, en het sy eie broeikas vir die uitbroei van eiers ook gehad. Dit was 'n hele besigheid, vir hom ontspanning maar ook 'n ekstra (klein) bron van inkomste. Ek het ook lus geword vir so 'n bietjie hoenderboerdery met die Noord Hollandse blauwes, want die het nie alleen goed eiers gele, maar het self ook baie groot en swaar geword, met baie vleis geskik vir die slag. Maar by my moes hulle die eiers self uitbroei. Op my stukkie grond het ek 'n groot ren gemaak, slaaphokke en lê-hokkies en dit het goedgegaan. Mense het by my hoenders vir die slag kom koop, en ek het self dus ook my eie vleis gehad. Ek is net verbaas dat daar nooit 'n luislang op besoek gekom het om op die hoenders te loer nie, wat by my buurman onder in die dal wel gebeur het.. Dit was op 'n Sondagoggend, ek was op pad na Godschalk-hulle vir die huisgodsdien, en stap van my huisie reg na onder in die dal langs 'n klein steil-af voetpaadjie, kom onder by die bergstroompie, steek dit oor en .... steek vas en skrik my boeglam !! Daar lê nou twee groot groen reuse luislange langs mekaar, seker so 6-7 sm dik

en 5-6 meter lank en hul bekke soos groot hondkoppe! Volgende oomblik realiseer ek my, die twee is morsdood. Ek vra die bewoner van die erf wat het gebeur ? Hy vertel die hoenders van hom het so 10:00 uur die vorige aand begin kakel en fladder in hul slaaphokke en toe hy gaan kyk, hy dog dit is diewe wat hoenders wou steel, sien hy die twee luislange oor die hok en loer vir die hoenders. Hy het toe die slange met sy karabyn deur die kop geskiet.

Maar toe begin ek die fout, juis ook deur die gebeure met die slange, om 'n middelmatig groot foxhond aan te skaf. Dit vir die geselligheid by die huis, maar ook om die erf en huisie te bewaak vir ongewenste besoekers.

In die begin het dit goed gegaan, maar eendag was ek lank weg en kom laat in die aand by die huis terug. Wat het gebeur ? Die hondjie het hom seker verveel, 'n gat onderdeur die gaasafsetting van

die hoenderhok gegrawe, in die ren gekom en het vir sy plesier die hoenders begin opjaag. Twee hoenders dood en die hok vol vere. Ek het die hond toe geslaan en gedreig as hy dit nog weer doen ... Maar hy het die smaak te pakke gekry en 'n week later doen hy dit weer en toe is die helfte van die hoenders dood. Ek het die hond toe op 'n ver plek na die bos gebring en hom daar aan sy lot oorgelaat; ek kon dit nie oor my hart verkry om hom dood te skiet nie.... Ek is nog steeds jammer daarvoor maar die twee dinge het nie saamgegaan nie !!! Dit was kennelik nie 'n hond vir hoenderboerdery nie.

Ander sake wat ek saam met Louis begin doen het, was om die roeping van sending op Nieuw-Guinea op te volg waar nog baie groot kontreie was waar 'n blanke selfs nog geen voet gesit het nie en die Evangelie dus nog nooit van gehoor is nie. Buite die Rooms Katholieke Missies van verskillende Kongregasies (Heilig Hart, Dominikane en Fransiskane) veral in Suid-Nw Guinea besig met missiewerk, en die Hervormde Zending op die Noordelike deel van die eiland reeds van 1900 en eerder af. Daar was na die 2e wereldoorlog ook baie Canadese en Amerikaanse Baptiste baie aktief veral in die Sentrale Bergland, begin deur soldate wat met Mac Arthur in hierdie kontreie gewees was. Vir die Gereformeerde kerke was daar egter ook nog werk genoeg. Louis was nog steeds lidmaat van die kerk in Utrecht, en hy het begin lang briewe en rapporte oor die toestande op Nw Guinea te skryf en die noodsaak van gereformeerde sending benadruk. Ek het die goed almal uitgetik, tientalle bladsye na bladsye en dit is so na Utrecht, Nederland gestuur. Daar was eers min reaksie, maar uiteindelik het die kerke van Drachten en Enschedé die saak opgepak. Van Utrecht het ons nooit iets gehoor nie... Maar ds Meeuwes Drost is deur Enschedé en Drachten gestuur vir 'n inventarisasie. Toe was dit intussen al 1956 en Godschalk met sy gesin lank al weer terug Nederland toe, maar ek was toe intussen weer terug in Hollandia, getroud met Ma Sjaan..

Ds Drost het die saak goed aangepak, besluit om van Tanah Merah, 'n bestuurspos so 250 km soos die kraai vlieg diep in Suid-Nw Guinea, aan die Digoelrivier 500 km van Merauke af en aan die voet van die magtige met sneeu bedekte Sterrengebergte (5000 meter) om daar 'n groot nog maagdelik gebied te gaan aanvaar as die terrein waar die Geref. Kerke (Vryg), sou gaan werk. Die R.K.Missie het daar wel besware teen gemaak, maar kon nie veel doen nie want hulle het self daar ook nog geen missieposte gehad nie. En ons het toe 'n gereformeerde Goeverneur (dr van Baal) gehad wat ook 'n verskil gemaak het.....

Toe is ds Drost finaal beroepe vir die sendingswerk op Nw Guinea, met Tanah Merah (=rooi grond) as standplaas en uitvals plek na die Noorde. Dit was nie lank, of ander het hom ook gevolg soos ds Klamer, van Benthem, Versluys en baie ander wat baie harde werk en opofferings gedoen het om die Papoea's in die streke te bereik. Maar dit was alles na 1956, toe ek en (Ma) Sjaan getroud en wel ons weer in Hollandia bevind het.. Ek sal later meer oor hierdie aktiwiteite vertel.

Die ander familie was dus Jan Koops en sy vrou Corrie. Jan was 'n 'freelance' instrument-maker by die Marine, Corrie was verpleegster van beroep en het in die hoedanigheid selfs wel operasies uitgevoer omdat geen dokter beskikbaar was nie. Dit was 'n baie gawe en gesellige egpaar met twee seuntjies. Hulle het ook onder in die Oranjelaan gebly in 'n woonquonset, en later toe die Godschalks in 1954 definitief terug was na Nederland, het ons baie aan elkaar gehad en was ons huisgodsdienste Sondae ook by hulle aan huis. Hy het 'n Harley Davidson motorfiets gehad, van die weermag oorgeneem, maar toe sy gesin groter word 'n volkswa Kever gekoop en die motorfiets aan my verkoop, wat daarmee my eerste motorfiets was.



Toe ek eenmaal in my nuwe huisie ingetrek het, so 'n kilometer uit die dorp, hoog in die heuwel, het transport 'n probleem geword. In die begin was ek altyd gehaal en gebring met 'n ou jeep deur 'n kollega in die bou wat toesig gehou het oor die aanlê van stormwaterpype ens. maar ek het al gou 'n bromfiets aangeskaf. Die ding was wel goed vir die vlakke gedeeltes, maar helling op, ho maar. So toe was die Harley 'n uitkoms. Maar sy vergasser was ook reeds byna op pensioen, en na 'n jaar was die ook uitgepraat en verslete.

Gelukkig het ons Departement intussen 'n stel Duitse Horex 400 cc motorfietse gekry, en kon ek op een beslag le. Daar het ek twee jaar tot einde 1955 tot my tydelike terugkeer na Nederland baie plesier van gehad. Met die ding kon ek ooral kom waar die terrein vir die jeeps en landrovers onbegaanbaar was, en hy het nooit geweier nie, behalwe wanneer sy wiele vasgesit het van die modder. Die motor was geduldig en sterk, en het lekker in die draaie van die paaie gele...veral op die bogtige pad na die vliegveld van Sentani wat so 60 km ver was die binnenland in.

My eerste rybewys het ek eers in 1952 gekry, net voor my eerste kort verlof van 3 maande na Nederland. Ek het toe reeds 2 jaar in 'n landrover van ir Klencke gery en myself in die kar leer ry, maar nog nooit vir 'n rybewys gegaan nie. Die polisie het gedink ek het ene, maar toe ek die aanvraag doen, was dit net 'n formaliteit, net 500 meter, helling op, dubbel clutch en parkeer 'proefry' en dit was geslaagd. Hulle het geen probleem daarvan gemaak nie.

Wel later 'n Papoea verkeersagent, toe ek my eie brommer ry, en die agterste kentekenplaat reeds so drie weke afgerammel het van die grondpaaie se gate en ribbels en ek nog nie tyd gehad het nie om dit weer te bevestig nie. Hy hou my aan, en sê vit my: U agterste kentekenbord is af, meneerrr. Ek doen verbaasd en antwoord; "o dat sien ek nou ook....." "Nee meneerrr, sê hy, die plaat is al drie weke af !!! En dit is nou die laste waarskouing, meneerrr !!!! "

Sê nou dat die Papoea agente geen goeie opleiding sou gehad hê nie !! ..Praat nog verstaanbare Nederlands ook !

Toe ek in my huisie op die Polimac bly was daar een keer 'n baie vreemde natuurverskynsel. Ek het so drie uur die oggend wakker geword as gevolg van 'n geweldig onweer, die donder was hard en bliksem het aanmekaar geflits, onophoudelik. Maar dit het nie gereën nie, en toe ek uit die venster kyk was dit helder weer, geen wolkie aan die hemel nie, die sterre het daar uitbundig gestaan soos dit alleen in 'n tropenhemel kan wees !! Ek het na buite gegaan, en die bliksem en donder het aangegaan reg bo my kop sonder 'n wolkie aan die lug. Waarskynlik was dit 'n elektriese storm gewees. Na 'n half uur het die natuur weer rustig geword en kon ek verder slaap.....

Nog twee of drie dinge wat ons daar beroer het moet ek vertel.

Die eerste was 'n Indiese vriend genaamd Dick (sy agternaam het ek vergeet en ons verswyg dit ook maar liever), halfbloed (hy vertel sy pa was 'n Engelsman en sy ma 'n Brits-Indiese vrou waar uit Brits-Indie weet ek nie), maar hy het op Java groot geword en spreek en skryf goed Nederlands, en werk as klerk op ons kantoor. Hy klamp my aan en wil vriende word, want hy het gehoor van ons huisgodsdienste op Sondag en wil graag daaraan deelneem, of hy welkom is. Hy wil ook die Bybel gaan lees en ons hulp daarby he.

Ek het hom saamgevat na ons huisgodsdienste by Godschalk tuis, waar intussen ook 'n paar ander Indies Nederlanders was en hy vat toe katkisasieles van Louis een of twee keer in die week. Na 'n

jaar sê hy dat hy wil nou belydenis doen van geloof. Dit het ons gereël met 'n plegtigheid en was hy so as medegelowige aanvaar.

Wat hy ons egter nie vertel het nie, was dat hy intussen via 'n advertensie korrespondensie aangevang het met 'n jong dame uit Haarlem. Toe hy eenmaal belydenis gedoen het, vertel hy hy gaan trou !! Ons vraag met wie dan want ons was nie bewus van enige verhouding met die ander geslag nie ! Toe vertel hy van die meisiekind uit Haarlem. Op ons vraag of sy ook by 'n Christelike kerk behoort, se hy, ja sy was eers nie, maar het op sy versoek katekisasie geneem by die Geref. Kerk in Haarlem en daar ook belydenis gedoen. Nou ja die skrik het ons om die hart geslaan, want die jongdame was natuurlik 'n Hollander van top tot teen, in Holland groot geword en nie gewoond aan tropiese omstandighede en Indiese gewoontes nie....

Maar hy het deurgeset, met 'die handskoen' getroud sonder dat hulle mekaar ooit vantevore gesien het nie, en laat haar oorkom op staatskoste. Maar hy het nog geen huisvesting vir haar gehad nie, wel huisie begin bou maar selfs nog geen dak oor die gebou nie. Toevallig was ek aan my 3 maande verlof toe in Mei 1952 en bied hom toe maar my pondokkie aan om voorlopig in te trek wanneer sy vrouwtjie sou kom.

Toe ek na drie maande terugkom, was my eerste besoek natuurlik aan hom en sy vrou. Maar hy sit alleen in die sitkamer, en vertel sy vrou is siek in die slaapkamertjie daaragter. Ek wou haar net groet, maar hy laat my nie toe in die slaapkamer nie. Ek sien wat opgedroogde bloedvlekke op die drempel van die deur en kry hond se gedagtes. Op my navraag by Godschalk hulle, kry ek te hore, hulle het haar sinds haar aankoms ook nog nie gesien nie.

Louis en ek besluit om 'huisbesoek' te bring by Dick en sy vrou, en kry te hore dat sy baie siek is, maar ons kry haar nie te sien nie. Toe besluit ons om die hospitaal arts te waarsku of hy wil gaan kyk. Paar dae later hoor ons, die arts het haar saamgevat hospitaal toe met 'n ambulans, want sy het sware hersenskudding en lê amper in coma. Wat het gebeur ? Sy vertel sy is moer geslaan deur haar nuwe eggenoot, omdat sy in bed haar nie wou gedra soos hy wou gehad het nie .... toe het hy haar maar getugtig daaroor en oor haar kop geslaan; vandaar seker die bloedplekke by die deur .... Met hierdie inligting het ons na Dick teruggegaan en gevra hoe hy dit nou kon gedoen het as Christen ?? Sy antwoord was, dat die vrou moet onderdanig wees aan die man, en indien sy dit nie is nie, mag die man haar slaan, dit is die man se primêre reg !!!

Louis en ek het toe met Dick gepraat as Brugman, dat dit nie die Christelike benadering van 'n huwelik is nie, seker nie as dit om 'bedsake' gaan nie. Ons kon hom nie oortuig nie en hy het volhard in sy (Brits-Indiese) opvatting. Die Evangelie was vir hom blykbaar net 'n voorwendsel om so aan 'n vrou te kom. Toe die jong dame na so 'n maand stadigaan bykom en uit die hospitaal kon ontslaan word, het Louis en ek gesorg, dat sy met die eersvolgende vliegtuig terug is na haar tuiste in Haarlem in Holland, met die harde les, om nie weer blindelings en nog wel met 'n ander nasie met totaal ander kulturele opvattinge te trou nie. En my vriendskap met Dick was voorgoed en altyd uit. Christen oftenot.

Half jaar later vertrek hy ook na Nederland, en kry ons 'n paar maande daarna 'n brief van 'n gereformeerde predikant uit Rotterdam, of ons 'n getuienis kan gee van ene Dick uit Nieuw-Guinea, wat nou met 'n Hollands meisiekind uit sy gemeente, wat by hom katekisasie loop wil verloof en trou want hy lyk wel 'n gawe kerel, maar ... Nou ja, ek het die predikant maar geskryf wat by ons gebeur het en oor sy opvatting oor die slaan van vroue binne die huwelik. Ek glo nie, die 'verloving' het aangegaan nie ..

Nog 'n probleem het ons gehad met 'n jong en ongetroude gereformeerde onderwyser, wat ons besluit het om vir sendingsdoeleindes in Hollandia self, onder andere ook vir 'n groot groep Toegoenese te laat oorkom uit Nederland. Godschalk en ek sou elk die helfte van die koste (Fl 3000,- elk) dra; my bonus vir drie jaar arbeid was wel daarmee heen, maar vir die Koninkryk van God moet jy alles oorhê, of nie ??

Tegelyk sou Godschalk se kinders dan ook geleënheid kry vir onderwys want die drie of vier oudste kinders, Jan, Foekje, Louis junior en Aad was op leeftyd vir primêr onderrig wat Geertje altyd versorg het maar dit het vir haar 'n bietjie te veel geword. En die Toegoenese was reeds Protestant Christelik maar het geen onderwyser gehad vir hulle 60 of 80 kinders, daar kon die ons man dan 'n ook begin maak met 'n laer skool. Die voertaal sou dan Maleis wees maar die Toegoenese het ook bietjie Hollands verstaan.

Ene Y (ek verswyg hier verder ook sy naam) uit Utrecht se omgewing was volgens Louis en Geertje bereid om die roeping te aanvaar. Ek het alleen 'n verskilpunt met Godschalk gehad oor die huisvesting van hom by Louis en Geertje tuis (dit sou baie geld spaar) en dit sterk afgeraai. Hy kon immers voorlopig wel by my in huis kom, of tenminste 'n kamer vir hom soek waar hy homself kon wees. Maar hier kon ek Louis en Geertje nie oortuig nie. Y moes en sou by hulle in huis en in die kos kom. En daarvan het ek moeilikheid verwag.

Dit het ook nie lank geduur nie... Drie maande nadat Y aangekom het begin Geertje by my in vertroue kla oor allerlei gebreke by die nuwe onderwyser. Hy sou bv die kinders 'n pakkie margarine gewys het en gevra vanwaar kom hierdie botter ?? Toe die kinders nie kon sê nie, vertel hy dit kom nou van die koe se melk af, wat afgeroom word, die room word geklop en skei dan botter af. Nou ja margarine sit natuurlik geen druppel roombotter in en word meestal gemaak van plantaardige vette .... dit was nou vir Geertje een van die onvergeeflike foute en bewys van hoe dom hy eintlik was..En daar was ander dinge in sy gedrag wat sy nie goed van hom kon verdra nie

Ek besluit toe om die knoop deur te hak, en sê vir hom hy moet maar by my huisie eers intrek.

Ek was eintlik gewoond om middae in 'n eethuis (by die Toegoenese) te gaan eet, maar het toe die pot s'aands self gaan kook vir twee man en dit so 'n tyd volgehou. Maar die eenvoudige ding soos skottelgoed was na die koskook en gesamentlike ete, het Y. maar ook vir my gelaat want hy het gekom vir die sendingsopdrag nie waar nie en nie om skottelgoed te help was nie..... Ek was lang dae besig, van 6:00 vm tot dikwels 6:00 uur nm omdat die bulldosers ook vol dae gewerk het, en dan sit meneer die middag in my huisie en niks doen, en ek moet s'aands nog kos gaan kook en opdien, en daarna ook nog afruim en die klerewas doen vir meneer. Na drie weke was ek dit siek en sat en sien hom reg met 'n paar harde woorde. Toe pak hy sy goed en loop, en kry onder in die dal aan die Oranjelaan 'n kamer, en wil my ook nie meer sien of groet nie.

Ek het toe 'n bietjie gaan begryp wat Geertje se probleem was, en omdat daar van die werk onder die Toegoenese tog ook nog niks tereg gekom het nie, hy kon ook nog geen woord Maleis en deed ook nie veel moeite daarvoor nie, met Louis en Geertje ooreengekom om hom na 'n half jaar proeftyd maar onverrigtersake na Holland terug te stuur, en die debakel te aanvaar. Ek was my bonus van Fl. 3000,- daarmee ook vir niks kwyt nie. Ek neem niemand hier iets kwalik nie, maar dit

was nou 'n voorbeeld van idealisties gemotiveerde maar onbesonne beplanning, onwys en dom aangepak. En, goeie beplanning kan jy net met die goeie persone uitvoer !!

Toe ek later in die somer 1952 tydens my kort verlof in Utrecht kom by dominee Schilder, word my die pan deur hom uitgegee dat ons die onderwyser Y misbruik het en verkeerd behandel !! Verder verstaan ek by hom dat Louis en ek deur Y daar lelik sleg gemaak is en ons daar 'n slegte naam besorg het. Vandaar dat ons versoeke om sending op Nieuw-Guinea in Utrecht dan ook geen gehoor gekry het nie.

Die volgende affêre het ons nog gehad weer met 'n onderwyser, ene Z (gefingeerde naam).

Hy was op Kort Verband kontrak van 3 jaar deur die Onderwysdept gekontrakteer. Hy was Gereformeerd (Vryg) en meld hom dus ook by ons. Sy vrou en kinders sou later kom, maar nou was hy eers in die 'Oranje Hotel' gehuisves.

Hy ontpop hom as 'n vlot spreker, maar helaas was die onderwerp altyd, hoe sleg ander mense altyd was. Nou leer die Kategismus ons inderdaad dat die mens in beginsel altyd maar sleg is en ons glo dit ook. Maar sy praatjies het ons stadigaan die keel begin uithang.

Toevallig was ons ook met die Inspekteur van Onderwys bevriend, en so padlangs vra ek hom, hoe gaan dit met die nuwe onderwyser. Hy skud sy kop en sê, so 'n eiewyse iemand het hy nog nooit ontmoet nie. Sy manier van klasgee was ook hopeloos, en ander mense kon volgens hom (Z) nooit iets goed doen nie. So hierdie ou was blykbaar 'n misbaksel en het ons naam as gereformeerdes ook skade gedoen. Die familie Godschalk was toe lankal weg na Holland terug, maar Jan Koops en ek het met die saak lelik in ons maag gesit, en ek het seker 4 weke nie op die huisgodsdienste by Jan Koops tuis verskyn nie, net om 'n ontmoeting met die Z. Te vermy ...

Ek het Z. wel 'n paar keer op my Horex saamgevat na die vliegveld op Sentani, hy was egter vreselik bang agterop die motorfiets, maar ek kon sy geklets oor ander mense en kollega's net stil kry deur ekstra hard deur die draaie te skeur sodat hy met beide arms en hande my angsvallig styf vashou en nie tyd kry vir sy geskinder nie, behalwe om te sê, dat ek moet dink daaraan dat hy vrou en kinders het ...

Gelukkig het die Dept Onderwys na so 8 maande besluit om hom terug te stuur Holland toe, as 'medies ongeskik vir tropiese diens' ....

Teen die 4e en 5e jaar van arbeid voornamelik in die gebied van Hollandia vir dorpsuitbreiding en someer was daar ook baie springwerk met eksplosiewe nodig, By die bourypmaak van terreine was daar baie dolomiet te hard vir die bulldosers en op Dok 5-8 was daar ook groot harde rotsblokke wat in die pad was en verwyder moes word. Om dit te hanteer moes van 'n 'skietmeester' gebruik gemaak word wat bevoeg was om die springladings te hanteer en tot ontploffing te bring. Ek het die werk egter al gou van hom geleer en hy is naderhand altyd te besig om ons skietwerk te doen. Ons kon ook nie altyd op hom wag nie want dit sou die werk weer te veel vertraag. Toe hanteer ek dit maar self, bring die springladings aan en bring dit self

tot ontploffing. Dit het so twee jaar goed gegaan, die dinamietstawe het ek onder my bed in my pondokkie gestoor, die percussies op 'n ander plek by my boeke verberg en die lonte op die vliering. Ek het altyd maar liever met lonte gewerk, dit was meer bedryfsseker, jy kon die mense in die

omgewing eers waarsku, dan self die lont aansteek van so 'n meter lengte, self wegkom en so op 30 meter afstand agter 'n skuiling wegkruip, waar jy die ontploffing dophou of alles wel afgaan. Die metode van ontbranding deur middel van elektriese ontsteking het nie altyd perfek gewerk nie, en die gewone lonte wel. Maar na so twee jaar kry ek 'n tip, dat die polisie verbaas is, dat daar nou telkens op verskillende plekke tegelyk geskiet word en die enigste beskikbare skietmeester in Hollandia kon tog nie op al die plekke tegelyk aan die werk wees nie???

Ek het toe maar gou ontslae geraak van al die goed, dit was tog my tyd om weereens met verlof te gaan, dus .... .

So toe my tweede termyn van 3 jaar kontrak amper op sy end loop, moes ek besluit, om in vaste diens op Nieuw-Guinea te gaan, of loop. Ek het gedoch ek het nou voorlopig genoeg gesien van die Nieuw-Guinea wereld en die oerwoud, en dit sou goed wees en in my eie belang om dit nou verder in Australië te probeer, waar Berend en Moss nou ook was en hulle my bowendien genooi het om soontoe te kom. Moss het bowendien laat weet sy het ook nog 'n paar mooi jonger susters .... Maar emigrasie na Australië het in die tyd beteken, prakties gesproke voorgoed afskeid neem van jou familie in Nederland, en ek doch ek moet maar eers terug Holland toe en vandaar maar verder sien en eventuele emigrasie reël. Tenslotte het ek ook sterk behoefte daaraan gekry om nie veel langer 'alleenloper' te wees nie, maar die meisies op Nieuw-Guinea, veral van die Indies Nederlanders, was wel mooi en degelik, maar tog tenslotte ook nie my 'rigting' nie....

Zo gezegd, zo gedaan. My huisie het ek verkoop met die hebben en houwen vir 3000 Nieuw-Guinea guldens aan 'n bou-ondernemer met wie ek baie gewerk het vir die bou van stormwaterriolering; hy het belang by die grond gehad vir sy opslag van boumateriale en vooraf vervaardiging van gootstukke en ander rioleringmateriale.

Van ons Departement afskeid geneem, en almal sê vir my, Boer, jy moet terugkom, hier is nog baie werk om te doen, ons ken jou goed, jy ken ons en die land en ons het jou nodig.....

Maar dit was dus Desember 1955, vertrek na Nederland sonder dat ek 'n nuwe kontrak geteken het. En dit was dus nou per vliegtuig, die Constellation, oor Manilla, Bankok, Karachi, Bagdad en dan Schiphol, drie dae se lugreis en 'n nag in Manilla en een in Karachi, in 'n hotel.

Die nag in Manilla het ek glad nie geslaap nie; my hotelkamer het uitgesien op 'n baie besige hoofpad midde in die stad en die verkeer het dwars deur die nag deurgeraas met alle motorgeronk, toeters, belle en gegier van bande in die draai.... Dit was ek nie meer gewoond, en in sterk kontras met die mistieke stilte van die oerwoud waar jy net die krekels, parkiete en geritsel van die blare van die bome hoor, of die reën op die blare hoor ruis ....

Dit sou dan 'n kort intermezzo van omtrent 'n jaar in Nederland word, met belangrike gevolge nie alleen vir my maar ook vir 'n ander. Kyk daarvoor dus maar die volgende hoofstuk.

# HOLLANDS INTERMEZZO

1955-1956

Ek het dus na die beëindiging van die tweede kort verband kontrak van drie jaar in Nieuw-Guinea weer na Holland teruggekeer seker nie met die bedoeling om vir altyd daar te bly nie, maar om voorbereidings te tref vir definitiewe emigrasie na Australië.

Tweedens was daar in die agtergrond van my gedagtes of daar in Holland miskien 'n lewensmaat was wat 'vlees was van my vlees en been van my been' sou wees en miskien sou tuisvoel by my nou meer gerypte lewensuitkyk en toekomsdeale, waarvan die opvolg van Genesis 1 verse 26-29 die hoofbestanddeel en beginsel was..

Derdens wou ek ook weer 'n kort tydjie die saamwees met my ouers en boeties en sussies geniet, alvorens die konsekwensies van emigrasie te aanvaar..

Omdat die voorbereiding vir emigrasie seker een of twee jaar sou vat, moes ek in Holland 'n (tydelike) broodwinning vind, en asof dit uit die hemel geskenk was het dit gekom via my ou vriend Joop Hagg. Sy broer Wim het 'n vaste betrekking gehad by die TNO, 'n tegnologiese ondersoek laboratorium by die Tegniese Universiteit van Delft. Wim het my aangeraai om 'n bietjie te kom praat by sy werk, ek het wel ore gehad vir die laboratoriumwerk daar, en is toe daar aangeneem as assistent-tegnoloog. 'n Student van Delft wat vir sy ingenieursgraad skripsie studie gemaak het van die deurbuiging van skuins opgelegde betonplate by betonbrugge, het klein proefmodelle van brugge van perspex nodig gehad, om te sien wat gebeur by die deurbuiging daarvan en hoe die buigmomente hul oor die skewe plaat verdeel; dit was gedoen deur middel van ewewydige swart strepe oor die plaat en spieëls. Ek het die modelle van perspex vir hom gebou. Die het die grootste, dubbel so groot as normaal momente gewys langs die kortste oorspanning by die stomp hoeke van die plaat Dit was 'n ingewikkelde maar ook baie interessante storie, wat geheel ander berekeningsmetodes nodig gehad het vir die bewapening van die betonvloere.

Ook ander soortgelyke werkies moes daar gedoen word en het ek dit baie geniet, en ook geleer hoe om laboratoriumwerk en navorsing sistematies, doelmatig en sinvol te doen. Dit was baie insiggewend en sou my later goed van pas kom by die grondondersoeke wat ek op Nieuw-Guinea weer sou doen vir die ontwerp van vliegvelde.

Ek het in Delft ook 'n goeie salaris daarvoor ontvang en was dus gelukkig met dit alles.

Maar ook die sosiale lewe by die werk was baie aangenaam. Daar was ook (gemengde) sportklubs wat tydens koffiepauzes en nauurs gespeel het en het ek aangesluit by 'n tennisklub en 'n volleybalgroep, wat elke dag tydens middagpauze litte losgemaak het. Die tennisklub was een of twee dae van die week direk na kantoortyd vir 'n uur aan die oefen, ook vir wedstryde met ander klubs in Delft. Die sportterreine was deel van die TNO terrein. Heel wat aanvallige jongdames het ek daar ook ontmoet. Maar ek het by Frankje van der Veen ervaar, dat as jy kerklik verskil, dit op den duur maar moeilik raak om op dieselfde spoor te bly, en kom jy later onvermydelik tot die ontdekking dat jy eintlik maar jou tyd gemors het met enige toenadering....

Ek het dus net voor die winter 1955/56 by TNO begin werk en 'n strenge winter met baie sneeu en ys het daarop gevolg.

Van my Nw Guinea bonusgeld het ek 'n goeie tweedehandse Ford-Consul gekoop, maroon van kleur en daar baie plesier en gemak van gehad om mee na die werk te gaan, nauurs vriende en familie te besoek en om Sondags die dominee vir ons kerk te gaan haal uit naburige dorpe; want ek was nou die enigste een van die sowat 40 gemeentelede van die gereformeerde (vryg) gemeente in Wassenaar wat 'n kar gehad het ..... Met die Consul het ons ook in Europa meerdere kere op vakansie gegaan, sal later daar 'n bietjie van vertel want toe was Ma intussen ook daarby; sy was toe nog nie Ma nie, maar 'n aantreklike jongdame Adriana Jansen uit Bennekom..... Hoe ons mekaar ontmoet het sal ek nou nou vertel.....

Terwyl ek dus nou vaste werk gehad het, was ek by Pa en Ma Boer in die Hogerbeetsstraat 38 in Wassenaar in huis. Hulle kon na so 5 lang jare losies by oom Jan en tant Wykie Buter tog 'n huis in Wassenaar kry, reg teenoor die woning van Oom Jan, in dieselfde straat dus. En dit was 'n hoekhuis, woonkamer, sitkamer, kombuis en toilet op grondvlak, drie slaapkamers op eerste verdieping met nog 'n badkamer op die eerste vloer, en 'n groot solder op die tweede verdieping waar later nog 'n solder-slaapkamer bygetimmer was.

Ek kon die kleinste slaapkamer op die eerste verdieping vir my in gebruik neem en my daar tuismaak vir tyd en wyle.

Maar ek was nie iemand om elke dag met 'n boekie in 'n hoekie te gaan sit en dinge maar afwag nie (somsyds is dit goed, maar partykeer is dit ook nie so goed nie ...). Ek was intussen reeds 32 jaar, en ek weet nie of Adam 32 jaar gewag het op Eva nie, maar miskien het die Here tog intussen ook van my 'n rib gebruik om 'n vrou daarvan te skep nie .....Nie dat dit toe reeds 'n rib uit my lyf gekos het nie..... Maar ek het wel bogenoemde verse van Genesis voor oë gehad.

In Wassenaar se gemeente was daar wel 'n paar vriende waaronder 'n paar aanvallige jong dames, en ek en Joop Hagg het baie met hulle veral Sondagmiddae gaan stap na die duine en die strand, en was ons goeie vriende met elkaar. Maar hoewel ons elkaar goed geneë en respek gehad het vir mekaar, het ek daar by hulle nie die temperament en ook nie nie 'die vonk' wat oorspring gevind nie..... .

In elk geval, ek doch as ek die vrou sou ontmoet sou dit in omstandighede moes wees waarvan dit vir my seker maak dat haar en my lewensuitkyk en praktyk op die lang termyn bymekaar sou pas. Iemand wat byvoorbeeld nie probleme het om ook in primitiewe omstandighede te kon klaarkom nie, nie 'n bang haar vir niks op haar kop moes gehad het nie, bereid om met voetslaanpaaie die bosse en berge in te trek en van die soort sportiewe dinge meer. Die eienskappe het ek nou nie juis by ons vriendinne in Wassenaar ontmoet nie..... Ook dat die gereformeerde lewensuitkyk ten opsigte van Christelike praktyk en prioriteite gedeel kon word en saam nagestreef en uitgeleef kon word was baie belangrik, veral in die vreemde. Nou ja dit was 'n hele mondvul en 'n mens sou kon sê dit was van my kant miskien te veeleisend maar daarom wel 'gerigte dating'. Ek het in my jong lewe al te veel gesien van gebroke huwelike waar man en vrou nie ge-akkordeer het nie as gevolg van verskille in kultuur en lewensbeskouing. 'n Gebroke huwelik is erger as geen huwelik of om vrygesel te bly ....

Ek het daarom dus aangesluit by 'n Gereformeerde reisvereniging (GRV) wat onder andere staptoere na Oostenryk en Switserland gereel het. Daar was die komende somer onder andere 'n reis na die dolomietiese Karwendelgebirge in Oostenryk vir die maand Julie '56 en het ek vroeg April daarvoor ingeskryf. Die betrokke reisleier, mnr Ben Roozendaal het ek daarna gekontak en gevra of daar dalk 'n kennismakingsgeleentheid met die hele groep kon geskep word voor ons saam sou afreis na Oostenryk. Na 'n paar weke kry ek daarvoor 'n uitnodiging, vir alle deelnemers aan die staptoer, om met elkaar einde Mei kennis te maak in Wezep, by oom Ben.se huis.

Weer 'n week later kry ek nog 'n brief van een van die deelnemers, ene juffrou Jansen uit Bennekom, om vanaf Utrecht met die trein saam te ry na Wezep, met nog twee ander dames deelnemers ook uit Den Haag. Maar ek kon ongelukkig nie saamry met die trein nie vanwee 'n familisaamtrek in Enschede vir die verjaardag van my oma Jacobje, ek skryf haar dus terug dat ek hulle almal wel sou terugbring na hulle huis met my Consul, en hulle dus net enkel kaartjies vir die trein moes koop!!

Intussen het ek op 'n RAI motorskou in Amsterdam 'n uitnodiging van die Mercedes Benzfabrieken in Gaggenau, Duitsland gehad om die vervaardiging van die Unimog bakkie te gaan sien en wat die klein kragpatser alles kon presteer. Dit was dus drie dae, dag heen, dagbesoek en volgende dag terug. Dit was 'n werkbesoek volgens norme van die TNO en hoef ek daarvoor geen verlof in te sit nie en was daarby gas van die Mercedesfabriek. Ek wou namelik graag sien of die voertuig verdienstelik kon wees vir die ontwikkelingswerk op Nieuw-Guinea.

Ek vra toe vir juffrou Jansen of sy dalk ook lus het om saam met my die besoek te doen; en om dit vir haar meer aannemelik te maak vra ek toe my broer Henk en sy vriendin Klari Heerema ook saam. Maar hier kry ek nul op request. Later hoor ek dat sy vir haar Ma gesê het: 'Ek gaan nie met 'n wildvreemde mense op stap nie !!!' Nou ja, vir my was dit nie so ongewoon nie, want op Nieuw-Guinea was dit heel gewoon dat 'n verpleegster of onderwyseres met 'n voor haar 'wildvreemde' blanke bestuursampenaar of polisieman wat mekaar nooit eerder gesien het nie twee of drie dae deur die bos stap om by 'n nedersetting midde in die oerwoud te kom. Dit was vir ons eenvoudigweg vanselfsprekend dat die dame met alle égards behandel word en die ampenaar moes dit ook nie waag om ook maar iets oneervols te doen of te sê nie dit sou onmiddellik sy kop, sy werk en sy eer kos. Nou ja, ek het toe maar alleen met Henk en Klari na Gaggenau gegaan, en na die besoek aan Gaggenau 'n draai van 'n week in Switserland daaraan vasegekoppel.

Die besoek aan die Mercedesfabriek van die Unimog was baie interessant en suksesvol, die PR man het my die lopende band fabriekasie laat sien, en vat my toe saam na 'n boswêreld daar naby waar die Unimog gewerk het by die kap van bome en die wegsleep daarvan na versamelplekke. Ek het onder die indruk gekom van die veelsydigheid en die krag van die voertuig dat ek vas van plan was om die voertuig in Nieuw-Guinea of Australië aan te beveel by die bou van nedersettings midde in die bos of oerwoud. Later, toe ek terugkom op Biak, sien ek die voertuig ook reeds in gebruik by die Marine en die Mariniers, maar nou loop ek te ver vooruit met die verhaal....

Dus het ek die kennismakingsdag pas vroeg in die middag by 'oom Ben' in Wezep opgedaag, en sien tot my skrik, daar sit net 4 jongmans tussen 15 en 25 jaar en so 20 jongdames in 'n kring en hulle maak nou nie so 'n indruk op my dat dit stewige 'voetslaners' sou wees nie ..... Maar ons sou sien, wat word. In elk geval daar staan een in die deur, stel haar voor as juffrou Jansen en vra, is jy meneer Boer ?? Toe sê ek dan is jy Sjaan Jansen nie waar nie. Sy sê ja, kan ons vir jou koffie of tee skenk ?? Op my bevestigende antwoord vir koffie maak mevrou Roozendaal toe op my versoek koffie tubruk



!!! (dit is Indonesiese boskoffie: een groot eetlepel gemale koffiebone in 'n groot koffiebeker, en dan kookwater daarop met 'n lepel suiker. Geen melk.) Toe sy daarmee terugkom gaan ek by juffrou Jansen sit, drink en gesels verder. Later die middag het ons met die hele geselskap in die bosse daar naby gaan stap en het ons so met elkaar nader kennis gemaak. Juffrou Jansen was vol gekscheerdery en gevatte antwoorde, en ons het daar al gou net aandag vir elkaar gehad, elkaar by die voornaam genoem en verder saam gestap. Toe ek nou 'n ander paartjie in die bos mekaar sien liefkoos, druk ek my afkeuring uit dat hulle dit so in die publiek doen, antwoord sy: is jy dan jaloers.....????

Toe dit die middag huistoegaantyd geword het, het ek Sjaan en die ander twee reisgenote uit Den Haag, in die Consul saamgevat en eers Bennekom toe gery om Sjaan tuis te bring. Daar het ek met haar ouers kennis gemaak, wat op my 'n degelike indruk geskep het en het ons eers nog 'n koppie tee geniet voor ek die twee ander dames huis toe gery het

Intussen het ek die geleentheid gebruik om op Sjaan se kamer rond te kyk wat baie netjies op orde was, met 'n paar planke vol boeke. Die het ek gaan insien, want 'n gesegde sê wil jy iemand leer ken, kyk watter boeke het hy/sy al dan nie in huis. Nou dit was nogal van die degelike soort, reformasieboekenserie ens. Sjaan kom toe naderhand met die tee vir ons terug en ontdek my belangstelling vir die boeke en sê: dink daaraan, die boeke is wel goed, maar die meisie nie .....

Nou ja, ek het daarna maar tot siens gesê, maar het intussen wel verlangen gekry om met die lewendige en laggende Sjaan Jansen verder kennis te maak.... Die geleentheid daarvoor het hom spoedig daarna voorgedoen toe ek 'n dag of twee later 'n kort briefie kry dat sy haar brôsjie (borsspeldjie) verloor het tydens die kennis-makingsmiddag en of dit miskien in my motorkar agtergebly het.... Ek laat haar weet ek sal so gou moontlik na Bennekom terugkom dan kan sy die Consul maar self ook deursoek en die Saterdag daarop was ek dus weer daar... Toe was ek met haar alleen en het ons 'n lekker lang wandeling in die bosse by Bennekom gemaak en kon ons kennismaking verder verdiep en het dit tot 'n warm en vaste verhouding ontwikkel. Ek vra haar Pa 'n week later of hy geen beswaar het teen 'n vaste verhouding van my met sy dogter. Hy vra my of ek wou emigreer. Ek sê toe as ek Nieuw-Guinea toe gaan is dit op arbeidskontrak en nie emigreer nie. Hy gee toe sy toestemming en toe vat ek haar eerste saam na my ouers in Wassenaar. Nou ja, was dit verder elke vrye dag en naweek in Bennekom of ek vat Sjaan huis toe in Wassenaar en was ons dan soveel moontlik elk vry oomblik saam.

Ek het in Nieuw-Guinea natuurlik met 'n verskeidenheid van mense te doen gehad en gevolglik 'n redelik ontwikkelde mensekennis verwerf. Juffrou Jansen was self met haar 28 jare ook nie meer 'n kind nie en na verskeie besoeke ook by ons tuis in Wassenaar besluit ek so eerste week Julie haar te vra of sy bereid is om met my te trou. Op haar bevestigende antwoord besluit ons toe op ons verlowingsdatum op die 24e Julie by haar ouers in Bennekom, en op my verjaardag die 25e Julie 1956 in Wassenaar by my ouers.

Intussen was dit midde Augustus die reisie na die Karwendelgebirge in Oostenryk en besluit ons om self met die Consul na Scharnitz te gaan, waar die reisgroep wat met die trein gereis het, bymekaar sou kom op die spoorwegstasie om daar die berge in te stap. My sus Willie en Wim, my jongste broer, en Ilby, die sus van Klari was ook saam met die Consul en hulle sou gedurende ons staptoer in twee tente by Scharnitz op die oewer van 'n helder vinnig stromende spruitjie bly

kampeer en die omgewing verken, waar ons hulle na 10 dae weer sou optel. Die reis na Scharnitz was ook twee dae en het ons langs die Ryn op een of ander kampeerplekkie oornag.

Die staptoer self was 'n sukses, en het gevoer langs pragtige besneeude berge en helder bergbeke met yskoue water oor die klippe en rotse. Ons het in berghutte waar tot so 50 mense in groot ruimtes op eenvoudige bedde was met die nodige komberse, kon oornag. Ons het daar self die kos op die houtvuurstowe klaargemaak; potte, panne was daar beskikbaar.

Maar 'n paar van die jong dames kon padlangs nie eers hulle eie rugsak meer dra nie en het ek en nog twee of drie mans hulle rugsakke ook maar vir ons rekening geneem. Sjaan het egter wel haar eie sak gedra. Dit was al gou dat oom Ben haar benoem tot voorman in die kombuis, sy kon goed brood en kaas sny, en sy was van die min vrouens wat geen probleme gehad het nie met stukkende voete of uitputting nie. Al wat ek haar moes leer was, dat as jy berg opklim, nog wel met 'n las op jou rug, is praat beperk tot net die allernoodsaaklikste, jou stap is stadig maar hou aan, met die tempo dat jy net nie hoef na asem te snak nie. Dan hou jy dit uit en is jy eerste bo. Want by bergklim is hardloop gelyk aan doodloop. Hollanders is mos op hul vlak land altyd gewoond daaraan om te hardloop.

Bowendien as jy in die natuur stap behoort jy jou klapper toe te hou, anders hoor jy net jouself en die geluide van die natuur, die bergwaterstroompies en die diere gaan aan jou verby !!!

Al wat jy hoor van jou self is die geknars van die skoene op die grondpad en die wind om jou ore. Dan kry jy tyd om die blomme van die veld te sien, die geskreeu van die voëls te hoor en die bergbokke in die verte oor die klippe te sien wegspring. So was ons gewoonlik 'n eindjie voor die hoofgroep uit, en Sjaan het die meeste van die tyd wel by my gebly. Maar oom Ben met sy 60 jare was ook 'n goeie stapper saam met ons Tiroler gids Herr Hammer en was ook altyd van die wat eerste bo was.

So het ons oor die bergpasse gestap en in 'n ander dal weer afgedaal tot by 'n dorpsshotelletjie waar ons geëet en oornag het, na 'n gesellige Tiroolse musiekaand met half dronke druipsnor Tiroler boeremense waar ons dubbel gelê het van die lag om allerlei komieke situasies.

Die laaste nag saam was ook weer 'n groot slaapsaal, en die meisies het toe die slaapklere van Herr Hammer gevat en met die hand toegenaai... Toe hy s'aands wou gaan slaap en in die klere wou stap was dit 'n probleem en moes hy onder toesig van al die dames in sy ondergoed eers die klere weer oopknip en oopsny onder gespot en gelag natuurlik van die hele saal .....

Die laaste dag kon Sjaan en ek in die dorpie weer op die trein na Scharnitz te klim terwyl die ander lede van die geselskap met die trein na Holland teruggereis het.

So het ons die toer geniet, en voldaan en gelukkig weer by Scharnitz teruggekom, en daar Wim en Willie weer teruggekry om saam die terugtog na Wassenaar te aanvaar.

Die volgende kwessie was egter nou wat word van my Australië planne ??? Ek het al gou besef, dat emigrasie daarheen sou beteken, as emigrant eers werk in hande kry in 'n vreemde omgewing, en wanneer sou 'n mens dan jou eie huis kon kry om jou vrou behoorlike onderdak te bied ?? Dit sou seker twee of drie jaar in beslag neem. En op Nw Guinea was by my afskeid daar gesê, Jan kom terug, ons het jou nodig .....

Ek besluit om eers 'n telegram te stuur na my ou Baas, ingenieur Beretty wat toe hoof van die Departement Opbouwerke was, in Hollandia. Binne 'n week het ek 'n telegram teruggekry met die boodskap: 'Kom so gou moontlik, in vaste diens, Sectie-Chef by standplaas Manokwari by die Residentie Waterstaatsdiens. !!'

Dit beteken dus werk, goeie salaris en 'n goeie huisvesting ensovoorts. Die keuse was nou vir ons nie moeilik nie en kon ek my meisie dus sekuriteit aanbied, vaste inkomste en onderdak, dus kon ons op basis daarvan verder planne maak, troudag vasstel en wat meer nodig was soos die bagasie wat ons sou saamvat. Ons het 28 September as troudag vasgestel, 4 Oktober was dan die vertrek per vliegtuig na Biak en dan verder per Dakota na Manokwari. Ek was al eerder in Manokwari gewees vir 'n advies waar om 'n groot uitbreiding van die dorp te bou, so twee jaar terug en was dit dus nie geheel en al 'n nuwe wêreld vir my. Wel vir Sjaan natuurlik, sy was selfs nog nooit buite Europa gewees nie.....

Die frekwensie van besoeke aan Bennekom het dus nou al gou na so minstens twee keer in die week opgeleef, maar was ek intussen ook nog verbonde aan die naurse sportbeoefening van tennis en volleybal. Die tennis kon ek laat staan, maar by volleybal is jy deel van 'n span en kan dit omrede sekere wedstryde nie sommer laat afweet nie... Ek was op 'n middag dus pas laat in Bennekom na 'n wedstryd wat ons gespeel het, maar dit het nie in goeie aarde by Sjaan geval nie. Sy het my vir die keus gestel, bedank vir die Volleybalsport, of ek hoef nie meer by haar te kom nie, want by die kort kennismakings-periode was daar nou nie tyd vir ander tydsbesteding nie ..... Nou ja, ek kon haar in ons geval geen ongelyk gee nie, het toe maar die sportklubs bedank; want dit sou in elk geval by vertrek na Nieuw-Guinea moes gaan gebeur. Die span was teleurgesteld, maar aanvaar dit nou maar.....

So, na Augustus was dit al gou September, vol met voorbereidings vir ons vertrek na Nieuw-Guinea. Dit was baie 'windowshopping' maar ons het hoofsaaklik beperk tot vooraf vervaardigde meubels wat uitmekaar en inmekaar gesit kon word, maklik vir vervoer en verpakking. Wat ons gekoop het is regstreeks na die verpakker gestuur wat verder gesorg het vir versending na Nieuw-Guinea.

Vir die troudag het ons 4 perdekoetse bestel, vir ons, ons ouers en naaste familie, en dit was 'n half uur se ry na die gemeentehuis vir die huwelikssluiting, en 10 minute na die Kerk, waar ds Roukema ons troue sou bevestig met 'n kerkdiens.

Die 28e September staan ons reeds vroeg gereed, maar wat nie opdaag, is my vader. In die tyd was daar ook nog nie selfone nie, en moes 'n mens maar lydsaam wag. Maar eindelijk op die laaste besluit ons om maar sonder Vader en Moeder te ry. Juis toe ons besluit om maar te gaan, kom hulle toe aan, en vra ons hoekom is julle so laat? Toe sê Pa, hy het die ensien van die kar laar hersien, en moes dit nou inry waarby die spoed nie hoër mog wees as 60 km per uur !!! En dit oor 'n afstand van so 120 km

Ons vertrek toe onmiddellik, maar as jy teenspoed het, vervolg dit jou die hele dag. Ons kom by die spoorwegoorgang, en die sluit juis toe ons daar kom. Nou is die spoorwegoorgang by Ede 'n dubbele een, die van Ede regstreeks na Utrecht, en die een van Ede na Barneveld.

Toe die na Utrecht weer oopgaan, sluit die een na Barneveld. En toe die weer oopgaan sluit die oorgang na Utrecht weer. En dit is outomatiese spoorbome, en gaan dit so 20 minuten aanmekaar met as gevolg 'n totale verkeersopstopping aan weersyde van die spoorbome.. Eindelijk, eindelijk

kon ons verder gaan, en het ons die tyd by die munisipale kantoor soveel moontlik bekort, maar kom nog steeds 'n half uur laat by die kerkgebou aan. Ook die perdekoetsies se bestuurders het baie ongeduldig begin raak, want hulle het ook laat geraak vir hulle volgende bestelling van die koetsies vir 'n begrafenis, so die dominee moes toe ook maar sy preek baie bekort .....

Uiteindelik het alles nog redelik afgeloop, en kon ons in die aand met 'n eenvoudige bruilof afsluit in 'n hotel in Bennekom met 'n ete met so 50 of 60 bruilofsgaste....

s'Aands by 10 uur was alles agter die rug en was ons moeg en wou maar gaan slaap. Dit sou by Pa en Ma Jansen se huis wees in Sjaan se kamer. Maar toe ons daar kom blyk die kamer geheel op sy kop gesit, die bed afgehaal, die matrasse onder die bed geskuif ensovoorts !!. Dit was dan 'n Veenendaalse grap van Jan Methorst, 4 weke tevore getroud met Sjaan se jongere sus Lenie.

In elk geval, ek was nie baie lus om die hele petalje vir sy soort van humor weer reg te sit en sê vir Sjaan: laat hy self alles ook maar weer op sy plek sit, ons kry op ander plek wel 'n slaapgeleentheid, kom ons loop. Ons pak toe wat klere en naggood bymekaar in 'n tassie en sê goeienag vir Pa en Ma Jansen en vertrek !!!

Ons aandrit was toe eers Arnhem toe, en kry daar by 'n hotelletjie 'n mooi kamer vir ons twee nadat ons gelukkig kon bewys dat ons getroud is, en het die volgende dag na 'n heerlike nagrus en ontbyt met ons kort driedaags huweliksreisie na Groningen, Friesland en Urk begin.

Die paar dae het ons baie geniet en veel gesien. Die eiland Urk was toe reeds ingepolder, maar was as dorp nog in sy oorspronklike staat.

Die 2e Oktober was ons weer terug daarvan, en die 4e Oktober was dit toe afskeid van die familie, wat veral vir Sjaan se ouers natuurlik 'n moeilike saak was, en vertrek van Schiphol met 'n 4-motorige Skymaster (80 persone en 500 km/uur) na Biak op Nieuw-Guinea, toe nog 'n driedaagse vliegreis met oornagtings in Karachi en Bankok. Daar was net op die dag gevlieg en het jy uit die venster baie mooi uitsigte gehad oor die landskappe onder jou.

Op Biak was dit oorstap op 'n Dakota (17 persone en 200 km/uur) wat ons na Manokwari gebring waar ons 'n hartelike ontvangs van Jur en Ine Mullender, hy sou my baas daar wees, te beurt geval het.

Maar dit behoort verder dus tot die volgende hoofstuk.

# MANOKWARI

1956-1958

By ons aankoms in Manokwarie, was daar deur die plaaslike Bestuur op versoek van my (toekomstige direkte) baas Jur Mullender reeds 'n woning met drie slaapkamers vir ons gereserveer waar ons dadelik kon intrek. Vir die eerste tyd, solank ons bagasie en kis met ons eie meubels nog nie met die boot aangekom het nie, is ons deur verskillende families met die allernoodsaaklikste gehelp dat ons kon sit, slaap en kosmaak in die woning. Ons bagasie sou eers drie of vier weke later met 'n vragboot daar aankom.

Die hulpvaardigheid en sosiale verbondenheid van die kollega's was baie groot. Ook die sosiale kontrole op elkaars was redelik sterk.. Die agtergrond hiervan was onder andere ook die afgelopen oorlog met Japan, wat in Manokwari heel wat oorlogsveterane bymekaar gebring het. By die personeel waar ek beheer oor sou kry was 5 middeljarige veterane wat onder sergeant Kokkeling as oerwoudguerrilla's gedien het. Sergeant Kokkeling het voor die oorlog by Manokwarie aan die Ooskus van die 'Vogelkop', 'n sowat 25000 vk km groot skiereiland van Nieuw-Guinea sy boereplasia gehad met groente, vrugte en hoenders, varke en Soembanese perdjies en melkbeeste, en het dit na die oorlog weer opgevat.

Maar sy vrou en kinders was deur die Jappanners in 'n konsentrasiekamp ingedwing en daar omgekom. Kokkeling-hulle het in 1942 met so 150 man waarvan so 100 plaaslike vrywilligers geweier om aan die Jappen oor te gee en daarom die oerwoud in die binnenland ingetrek om van daaruit die Japanse besetting dit so suur moontlik te maak.

Hulle aksies vol oorvalle op die Jappenkampen (ook om hulle eie voorrade steeds aan te vul) en heldedade asook die van ander versetsgroepe op die Oostelike (Australiese) deel van Nieuw-Guinea vanuit die bosse op die Japanse kampe het in die drie daarop volgende jare meer as 10.000 Jappanners op die kuste van Nieuw-Guinea vasgehou. Dit het 'n Japanse aanval op Australië verfydel. Na die drie jaar het van die 150 man slegs 15 oorgebly wat met die kapitulasie van Japan weer uit die bosse teruggekom het.

Van hulle was daar dus 5 wat by my sou werk as loodgieter, verwer of padbou-opsigter, of ook wel administratief as klerk..Ek het later saamen met Kokkeling as werknemer by Departement Boswezen in die oerwoud gekamp, hy vir die eksplorasië van nuwe boomsoorte van ekonomiese waarde, ek vir die opmeting van terreine geskik om as vliegveld ontwikkel te word. Saans na die werk, was Kokkeling vol verhale van sy spannende avonture by die oorvalle op Jappanners, maar ook van nuwe ontkomings aan die Japanse bospatrollies. Die Jappanners het gewoonlik baie sigarette gerook, Kokkeling-hulle het egter hoegenaamd geen tabak meer gehad nie en kon daardeur 'n skerp reuk ontwikkel vir tabaksrook in die oerbos waar byna altyd 'n absolute windsilte heers, en kon die Japanse sigaretterook ruik nog 'n dag, nadat Jappanners deur die bos getrek het. Hierdie omstandigheid het Kokkeling-hulle baie onverhoedse ontmoetings met die Jappanners bespaar.

My werk in Manokwari sou wees die beheer en leiding aan alle munisipale werk soos padbou en onderhoud, (die bou van nuwe brugge ingesluit), woningbou en onderhoud, plaaslike hospitaal, riolerings, drinkwatervoorsiening, die hawe vir klein oseaan-skepe, 'n kilometer lange vliegveld vir Dakota's, Beavers en Catalina's, dorpsuitbreiding en die onderhoud van al die sake met die finansiële administrasie en maandelikse rapportasie daarvan. Jur Mullender was daarby weer my chiel, want hy was dit ook oor die hele Vogelkop skiereiland van Nieuw-Guinea dus hy het Sorong, Fak-Fak, Teminaboean, Ajamaroe, Steenkool en alle ander kleiner plekke van die 'Residentie Waterstaats Diensten' gehad. Maar Manokwari se munisipale gebied was dus my direkte verantwoordelikheid. Tot op die tyd was dit ene bejaarde en respektable heer Leeftang, waarvoor almal groot respek gehad het maar hy sou binnekort aftree en met sy 65 jaar op pensioen gaan. Hy was 'n gesoute oud Indies man, halfbloed Nederlander wat nie met hom laat spot het nie en tog altyd vol humor, en sy vak geken het soos geen ander nie. En ek was vir die soort werk nog maar 'n groentjie sonder veel ervaring op al die terreine waarvoor ek nou moes bontstaan. Maar Leeftang was hulpvaardig en ek het drie maande tyd gekry om my in te werk en almal was lojaal ten opsigte van die 'mags'wisseling. En dit het tog wonderlik goed gegaan.

Net die Resident John van Bodegom, die hoogste maghebber van die gebied, wat regstreeks onder die Gouverneur gestaan het en dus die algehele bestuurlike verantwoordelikheid gehad het teenoor die Goeverneur dr van Baal van Nieuw-Guinea, was 'n bietjie brombeer en nie gou tevrede nie, maar hy was goeie vriende met dr van Baal.. Maar sy assistent-resident, Eibrink-Jansen wat dus ook in beheer gestel was oor die hele streek Manokwarie, kon ek dit redelik goed vind. En daar had ek tenslotte die meeste mee te make. My funksie was formeel 'Seksie-Chef Residensie-Waterstaatsdiens Manokwarie' By hierdie funksie het jy dan in elk geval minstens twee, eintlik drie base, jou eie RWD baas en die tweede die Resident en sy staf en dan die direkteur van Openbare Werke. Aan alle drie was jy verantwoordig skuldig en was jou maandelikse verslag van vorderinge op die projekte, finansiël- en personeelsbeheer en ander sake van belang vir die Bestuurders en verdere Owerhede van die land aan hulle voorgelê.

Nou ja, dit was dus wel voltydse werk. Tydens my vorige 5-jaar periode in Hollandia was my werk vir dorpsontwikkeling hoofsaaklik op my eie gewees, hoogstens met 'n groepie van 5-20 'Indiese Jongens' (Europees-Indonesiese halfbloede) of Papoea's. Dit was baie beplanning, meetwerk in die veld, vervaardiging van voorlopige kaarte, uitsetting van kavels vir woningbou en paaie, en verdere eksploratie in die veld en berge rondom Hollandia vir verdere dorpsuitbreiding ensovoorts. Veel praterie was daar nie by gewees nie en die praatgawe had ek ook nie so van nature gehad nie. Met praatwerk het my vrou my egter op pad gehelp en dit het ek in Manokwarie met die nuwe taak wel hard nodig gehad, want daar moes ek die werk alles laat doen, motiveer en toesien dat dit reg gebeur en verder leiding gee. Dit was meer praatwerk dan selfwerksaamheid. Die hele dag was dit rondry met die landrover van job na job. En daarby op kantoor en die werkplaas die op tyd klaar kry van maandverslag, administrasie en instandhouding van motors en padbou werktuie. Gelukkig was die RWD-administrasie in goeie hande van ene mnr Mulder, ook 'n halfbloed Indies man wat baie presies was met al sy personeelsadministrasie en begrotingswerk, en ... hy het al die werknemers baie goed geken en was ook op hoogte van al hulle agtergronde en huissituasies. Hy het ook nog jare nadat ons reeds weg was uit Manokwarie altyd met elke jaarwisseling nog Nuwejaarsgroete gestuur nog tot ons jare in Suid-Afrika toe !!!

Ek het nogal 'n liberale opvatting gehad van leiding gee namelik by probleme die betrokke personeel eers gevra hoe hulle dit sou oplos, en indien hulle voorstelle goed genoeg was dit so laat uitvoer en op hulle dan nie my eie opnie daarvoor laat domineer nie. My filosofie was dat elke mens sy eie verantwoordelikheid het vir wat hy doen, en dit soveel as moontlik tot sy reg laat kom. Die manne het baie daarvan gehou en met te meer entoesiasme hulle job gedoen. Dit het so 'n half jaar gevat en ek het 'n goeie en lekker lopende afdeling gehad wat hard gewerk het en vir my deur die vuur sou gaan, en ek sou dit vir hulle ook wel wou doen want al ons werk het so voorspoedig gegaan en elkeen was trots op sy job en gelukkig daarmee.

Die gevolg was dat ek my toesig tot 'n minimum kon beperk en tyd gekry het vir verder eksplorasiewerk in die streek rondom Manokwari want ek het dit in my kop gehad om die verdere wyere omgewing in die berge ook oop te maak met toegangspaaie, vir verdere ontwikkeling van die deel van die Vogelkop. Ek kon van die personeel 'n klein groepie daarvoor losmaak om my te help daarmee en het ene Uylemans daarvan die voorman gemaak.

Uylemans was in 1941 op Java gemobiliseer om te veg teen die Japanners. Hy was toe nog geen jaar getroud, maar moes sy krygsgevangenskap by die Jappen uitsit tot sy bevryding in Augustus 1945, en wou toe terugkeer na sy vrou. Tenminste hy het so gedink. Ongelukkig was daar gedurende sy gevangenskap geen kommunikasie met sy pas getroude vrou moontlik gewees nie, en het hy nie geweet wat het van haar geword nie. Op pad huis toe ontmoet hy ou kennisse van hom, wat verbaasd gedink het hy is gesnuwel en dus dood. By sy ou huis was sy vrou nie daar nie, en doen hy in die omgewing navraag waar is sy nou. Toe kom hy agter, sy vrou het ook gedink hy was lank al gesnuwel tydens die oorlog, en toe na 'n jaar of twee, hertroude met 'n ander man.....

Toe Uylemans op verdere navraag agterkom dat sy vrou gelukkig is met haar tweede man, besluit hy na 'n hewige tweestryd met homself, om geen drama te begin en die saak te laat soos dit was, en om verder nou ongesien deur sy vrou sy goed te vat, en ver weg na Nieuw-Guinea te emigreer om daar te probeer 'n nuwe lewe op te bou. So het hy in Manokwari te lande gekom en werk gekry by die RWD. Hy het wel van uitdagings gehou en was bereid om met eksplorasiewerk te help. Hy kon ook opmetingswerk doen met die teodoliet en meetband, was 'n goeie motorfietsryer wat maklik was met die primitiewe paaie rondom Manokwari, en het as vrygesel dus nie nodig gehad om elke aand by die huis terug te wees nie. Die enigste probleem was sy lus vir sterk drank (in sy omstandighede begrypelijk) maar dit was op die eksplorasiewerk nie baie beskikbaar nie en die werk in die berge en oerwoud het hom goeie en gesonde afleiding gegee.

Hierdie eksplorasiewerk het nie onopgemerk gebly by die Resident van Bodegom, en toe hy met die probleem Ajamaroe te make kry as hoof-nedersetting van die binnelandse gebied van die Vogelkop, 'n skiereiland van so 250 by 100 km groot met berge tot so 1000 m. hoogte, het hy advies gevra van my grootbaas (ingenieur Wiechers), die Direkteur van Openbare Werke in Hollandia. Ajamaroe was te veel geïsoleer van die buitewereld en moes 'n geskikte trasering (die lyn waarlangs 'n pad gebou kan word) vir verbinding van Ajamaroe met Teminaboean, die haweplekkie aan die Suid-Kus van die Vogelkop gevind word.

Dit was hemelsbreed wel slegs 'n afstand van so 35 km, maar die gebied was 'woest en ledig', besaai met sogenaamde 'suikerbroodjies', dit is dolomietkoppies soos omgekeerde byekorwe van so 300-500 meter hoog, plat rond van bo, maar steil na onder met net groot dolomiet rotsblokke bedek met oerwoud wat jy daar kry. Baie moeilike terrein om deur te kom. Nou ja, daar was al 'n hele paar

ingenieurs (waaronder Wiechers self) daar gewees om die gebied te ondersoek en het (begrypelijk) geen kans gesien om sommer 'n geskikte trasering te vind nie vir 'n redelik berydbare motorkarpad, selfs al was dit dan vir vierwiel aangedrewe jeeps of landrovers.

Toe kry ek dus 'n oproep om dringend na Hollandia te gaan vir 'n bespreking by de Direkteur ir Wiechers van Opbouw Werke.. Dat dit vir Ajamaroe was het ek eers nie geweet nie maar dit sou ek eenmaal in Hollandia hoor....Ek het nou eenmaal reeds die naam van 'n woudloper gekry .... Ek dink trouwens dat die boeke van Karl May en Winnetou wat ek in my jeug in Kediri verslind het wel invloed daarop gehad het ....

Intussen het ek en Ma ons tuis gemaak in ons huisie in 'Kampong Ambon', soos ons woonwyk genoem is en nuwe vriende gemaak en ons verblyf daar geniet. Die kis met ons meubels het na twee maande daar aangekom en kon ons die huisie gerieflik en gesellig inrig, ek kon in die middag vir middagete tuis kom en Ma het 'n papoea hulpie vir die huishouding gekry met behulp van die doktersvrou Manthy Franken. Ook 'n parkiet was deel van die huishouding en wanneer ek met die landrover naby die huis kom, het die 'n fluitroep begin fluit dieselfde as wat Ma altyd gefluit het wanneer sy my aandag wou trek. Ook kon die voël die naam Maria wat die naam van die meidjie was goed uitspreek en dikwels kom die hulp na Ma en sê u het my geroep !! Maar Ma sê dan sy het nie geroep nie, en sê die voël weer: 'Maria kom's hier !!'.

Ons vriende in die omgewing het al gou gepraat van die twee 'tortelduifies' wat in die huisie ingetrek het ...Nou ja !!!

En, Ma Sjaan het na 'n paar maande Manokwarie in verwagting geraak van ons Harm Jan en was hy op 7 Augustus 1957 in die hospitaal in Manokwarie gebore. Daar was bevallings altyd in die hospitaal versorg, ek het Ma in die betrokke oggend dus eers hospitaal toe gebring en haar in die goeie sorg van die drie artse en verpleegsters toevertrou, hulle my telefoonnommer in die kantoor gegee en toe eers na my werk gaan kyk... Toe ek egter so teen 12:00 uur die middag terugkom om te kyk hoe gaan dit met Ma, was tot my verbasing en groot verrassing Harm Jan reeds gebore en Ma en seuntjie albei gelukkig gesond en wel !! Ma was agterna glad nie gelukkig met die behandeling deur die dokters nie, maar., wat ek nie geweet het nie, hulle was besig met nood-amputasies in die operasiekamers die oggend en het feitlik nie baie tyd vir Ma gehad nie ...

Harm Jan is toe gebore sonder enige hulp van die hospitaalpersoneel en het Ma feitlik aan haar lot oorgelaat.... Gelukkig het ondanks dit alles dit tog goed gegaan en kon Ma na 'n paar dae rus tog ook min of meer hersteld weer huis toe kom..

Dit het natuurlik in die huishouding heel wat meer gedoente teweeg gebring, voeding (Ma het borsvoeding vir Harm Jan gegee), luiers was ens ens. Die nagte het ek die luiers maar verwissel om Ma kans te gee vir on-onderbroke nagrus want ek het geen probleem gehad om vir 10 of 15 minute op te staan en daarna weer te gaan slaap. Een nag het ons na aandvoeding op bed so teen een uur in die nag wakker geskrik... die lamp was nog steeds aan en ek, Ma en Harm Jan het na die voeding om 10 uur uit vermoeidheid sommer vas aan die slaap geraak, met ligte aan en al ....

Die aande na aandete was altyd baie gesellig. Ons het 'n kat gehad, en saands meestal op die stoep gesit waar 'n windjie gewaai het, lekker om af te koel van die warm dag. By die staande skemerlamp was dit 'n gewemel van klein insekte en pragtige vlinders wat op die lig afgekom het, en op die vloer het klein heremietkreefte rondgeskarrel met hulle skelpies agter hulle aan. Dan spring die kat op die



kreefte af, maar die kruip onmiddellik in die skelpies terug, lê 'n oomblikkie stil, en begin dan weer kruip, so krr, krr, krr oor die vloer enzovoorts. Op die muur was dit vol met klein springhaantjies, spinne en ander gogga's, wat weer 'n jagwereld was vir klein okerkleurige muurhagedissies. Nee, 'n mens was daar nie alleen op die wêreld nie ....

Op 'n aand sien ons, 'n spin wat loer op 'n klein gogga om die te vang; maar die spinnetjie het nie geweet dat 'n klein hagedissie weer loer op die hom; maar die kat loer weer op die hagedissie. Hier was nou die natuur in 'n notedop bymekaar soos dit van mekaar lewe. Toe die spin spring op die goggatjie, spring ook die hagedissie op die spin, en die kat spring op die hagedissie en het alles in een keer in sy bek .... En dit alles het in 'n blits gebeur.

Een keer het ons wel geskrik: die skottelgoed wasbak van beton was buite op die agterstoep en toe Ma op 'n oggend daar die skottelgoed was, val daar iets uit die oop dakspante op die grond: 'n moersgrote krab so groot as 'n sokkerbal en loer hy na die kaal voete en tone van Ma. Sy gee 'n skreeu van skrik en toevallig was ek ook op die voorstoep; ek hardloop na die agterstoep, sien die monster en vat 'n besem en sla so hard moontlik reg op die dier dat sy skare en van sy pote afbreek. Ek het hom toe verder dood geslaan en weggegooi. Agterna was dit dalk nie nodig gewees nie en kon die dier gewoon iewers anders heen gebring gewees het, maar dit is maar jou eerste (primitiewe ??) optrede as jy gevaar sien. Jy raak ontslae daarvan deur korte mette te maak daarmee.

'n Ander voorval met 'n nuwe jong kollega en sy vrou, Max en Wanda Bodeman, wat sou kom assisteer by ons werk teken miskien die sosiale verhoudings onder elkaar. Nadat ek hom in sy werk ingewerk het, sou ons verder ook in die persoonlike vlak nader met elkaar kennis maak en het ek hom genooi vir 'n besoek saam met sy vrou by ons huis s'middags na werk (ons kantoor tyd was tot 13:00 uur die middag en normale privaat besoektyd was dan so 16:00 uur na die middagsiesta). Prompt 16:00 uur kom hy met sy vrou agter op sy scooter, en ek sien deur die venster hy is oopkraag sonder stropdas. Maar ek het nie geweet hy het my intussen van die straat af ook gesien wel met stropdas om my nek. Ek het toe gou gou my das afgegooi om hom nie in die verleentheid te bring nie (ek was sy senior) en maak die deur vir hom en sy vrou oop.) Toe sien ek, hy het in die gouigheid kans gesien om vinnig nog 'n das om te doen en staan hy met stropdas om die nek voor die deur, en ek sonder. Nou ja, ons het albei in luid gelag om die sotheid uitgebars en ek het hom gesê dat die klimaat eintlik te warm is vir hierdie Europese etikette (HAT: voorgeskrewe gedragsvorme) en het hy sy stropdas ook weer afgegooi. Ons het verder goeie vriende geword, veral Wanda en Ma kon goed met elkaar en het Wanda somtyds vir Harm Jan opgepas wanneer Ma in die hospitaal was soos met die miskraam wat 'n half jaar later gebeur het..

Nog 'n ander voorval onthou ons goed, dit was die in gebruikneming van die nuwe skeepswerf vir die bou en onderhoud van klein kusvaartskepe in Manokwari. Dit was 'n nogal belangrike gebeurtenis vir werkverskaffing en ekonomiese groei van die streek en die Resident en sy staf was wel bewus daarvan en het maatreels getref. Ons het almal 'n uitnodiging gekry om die belangrike opening by te woon, en is verdeel in besoekers klas A en klas B. Wat die konsekwensies was van klas A en klas B kon ons maar nog nie verstaan nie en niemand het ook geweet nie. In elk geval sou die lint deur die minister uit Nederland wat toevallig op besoek was, geknip word. Op die eerste dag blyk dat groep A (nou blykbaar die belangrikste notabelen van die dorp en die departement, so 20 manne met hulle vroue), kon direk rondom die spreekgestoelte op die werf staan, en groep B (so

100 manne en vroue van die hoofde van dienste en uit die gewone burgery) moes so 50 meter daarvandaan wegbly. Ek en Ma het behoort tot die laaste. Toe staan ons daar maar en wag en wag. Eindelik kom die minister, gaan staan op die spreekgestoelte en hou 'n toesprake, maar ons kon niks daarvan verstaan nie, ons was tever weg. Heel wat van ons groepie was baie deftig aangekleed veral van die vroumense het spesiaal kouse en hoede van oorsee vir hierdie geleentheid bestel. Intussen het ons ons lank al vererg om so ver weg te moet staan, temeer omdat ons deur ons base verplig was om die seremonie by te woon. Intussen het ons werk wel normaal aangegaan en was dit geen vakansiedag vir ons nie. Toe ons sien dat ons as tweederangs burgers behandel word, Ma was nog in verwagting van Harm Jan en kon nie lank meer staan nie, besluit ek en sê vir Ma, kom ons loop. Ander langs ons hoor my dit sê en volg ons voorbeeld en loop toe ook maar.... Maar dit kon nie stil stil gebeur nie want ons moes ons landrovers start en wegry. Terwyl die minister praat, het dit gou 'n luidrugtige geronk van landrovers geword wat start en wegry en ek en Ma en nog 'n paar het so weggekom van die poppekastery. Maar toe gryp die polisie in en verhoed die res dat hulle wegry en stop hulle dat hulle moet bly tot die end van die toneel. Ek kry later van die Assistent Resident, Eibrink Jansen op my huid dat ek begin het wegry, maar ek kon aan sy houding verder merk dat hy in eintlik binnepret gehad het en ons eintlik gelyk gegee het.....

Ons kerkgang was beperk tot huisgodsdienste waar ons preke wat ons uit Holland gekry het, gelees het op Sondagoggende en aande na aandete. De kerkelike lewe in Manokwari was by die Indies Protestantse Kerk vir ons wat Sondagskoolagtig en het ons maar troos gevind by die deeglike Hollandse preke wat ons gewoond was. Dit het nie lank gevat of ene Piet Stoop van die Marine het hom ook by ons gevoeg vir die huisgodsdienste. Hy was 'n bootsman konstabel by die Marine (Seemag) en was vir 'n jaar in Manokwari geplaas met sy Korvet (marineskip). Met hom het ons Saterdag- en Sondagmiddae baie in die pragtige natuur rond Manokwari met ons dienslandrover gery soos langs die wit seestrande en baaie vol skitterende korale en daarby allerlei avontuurtjies beleef.

Rondom Manokwari was dit landinwaarts natuurlik ook oerwoud al was daar deur die koloniste ook reeds veel in kultuur gebring, met vrugtebome, groente en rundervee.

Op 'n middag het ons saam met Piet Stoop die bos ingery met die landrover. Op seker oomblik sit ons vas en is daar geen beweging meer in die kar te kry nie. Ondersoek wys uit ons sit met die agterdief bo op 'n groot klip. Al raad was om met 'n boomstammetjie die dif van die klip af te kry en Piet kry een in die bos. Hy sê: "Jan ek het hier 'n stammetjie maar daar is 'n probleem, daar sit 'n slang op!!" Nou ja ek het ook 'n ander stammetjie gekry en gebruik die toe maar om die dif van die klip af te kry, en het so nie nodig gehad om met die slang van Piet Stoop rusie te kry nie !!

Die groot skulp wat nou by ons in die halletjie lê het ons ook self gevind op die strand en daar uitgegrawe. So'n skulp is ook 'n vleiseter want dit lê in die water op die seabodem met twee skulpe oop en skarnierend aanmekaar, en wanneer 'n vis daarin sou swem klap dit toe, vang die vis en verteer dit. Wanneer jy as duiker met jou voet daarin kom, klap dit ook ongenadig toe en laat dit jou nie meer los nie sodat jy gedoemd is tot verdrinking.

Van ons europees personeel, ook die Indies Nederlanders (hulle wat in Indonesië gebore en getoge is) het ook die regte gekry om eens in die 3 of 4 jaar na Europa (Holland) op verlof te gaan vir drie of vier maande, vir elke werkjaar een maand, op regeringskoste.

So het dit op 'n keer gebeur dat van ons personeel, familie Jansen, man, vrou en 5 kinders, en 'n doktersfamilie, dr Leiker ook met vrou en drie kinders, en nog 'n paar goeie vriende en kennisse van

ons, ook op verlof gaan. Fam Jansen was nog nooit in Nederland gewees nie en was dit vir hulle 'n groot uitdaging en het baie uitgesien daarna. Hulle is by ons van die vliegveld uitgewuif, met die beste wense, en het met die Dakota na Biak gereis. Daar het hulle s'aands laat op die Constellation van die KLM gestap, in die tyd 'n groot skroefvliegtuig (vier groot motore) vir lange afstand, vir so 100 passasiers, met die naam Neutron.

Die vliegtuig was vol. By sy start het alles goed gegaan, maar vanweë die windrigting start hy na die Ooste, en moes toe saands in die donker bo die see 'n draai maak na die Noordweste. Wat daar presies gebeur het weet vandag nog niemand, maar die vliegtuig was blykbaar nog te laag vir die draai (wat die piloot waarskynlik nie gesien het nie), en raak met sy regter vleueltip die oppervlak van die see met die gevolg dat die toestel onbeheerbaar en met 'n groot swaai op sy neus in die water beland het. Die gevolge was rampsalig. Die toestel in in stukke gebreek en di meeste van die passasiers het met stoel en al in die water tereg gekom, maar die petrol en olie het ook uit die tenks gebars en op die water gaan dryf en deur een of ander vonk aan die brand geslaan !! Die mense wat daar in de water gedryf het kon meeste wel swem, maar kon nie die vlamme ontwyk nie en baie is daardeur fataal verbrand. Die hele familie Jansen was daarmee verongeluk, en dr Leiker met sy gesin het agterin die vliegtuig gesit, maar sy vrou en kinders het daar ook verbrand; hy self het daar lewend van afgekome en dus alleen oorgebly. Ander gesin van bv De Ryke wat heeltemal agterin in die stert gesit het is wel in sy geheel geheel gered deurdat hul deel apart van die vliegtuig afgebreek het en nie onmiddellik gesink het nie. Ons het eers die volgende oggend met die nuus om 7:00 uur oor die radio van die ramp gehoor. En dit was 'n onverwagte en harde slag vir die hele gemeenskap van Manokwari. Ek het die dag die vlag by ons kantoor halfstok laat hang en ander kantore het dit ook gedoen.

Intussen was Ma so 5 maande na Harm Jan se geboorte weer in verwagting geraak ....

Toe kom daar die bo reeds genoemde oproep van die nuwe direkteur van Openbare Werke, ir Wiechers. Ek moes so gou moontlik na die hoofkantoor vir een of ander rede, met die eersvolgende vliegtuig. So ek moes vir 'n dag of twee of drie na Hollandia en dit kon alleen per vliegtuig (Dakota of of 'n vliegboot, die Catalina). Van Manokwari moes ek met die Dakota eers na Biak, en vandaar verder na Hollandia, 'n reis van so 600 km.

Ongelukkig was ek 'n bietjie laat vir die vliegtuig waarmee ek moes vertrek, en het Ma my weggebring na die vliegveld. Ek het in die haastigheid met ons Landrover so 80 km oor die rowwe pad vol kuile (wat in die volksmond ook 'abortusweg' genoem is ...) gery om op tyd vir die vertrek met die Dakota te wees. Ons was wel net op tyd daarvoor, maar toe ek in Hollandia by die Direkteur kom, was die eerste wat die direkteur Wiechers my vra, wat het ek met my vrou gedoen....?? Vol verbasing sê ek wat is daar verkeerd ?? Toe sê hy, ek moet so gou moontlik weer terug want Ma lê in die hospitaal met 'n miskraam .... My woeste rit na die vliegveld het dit blykbaar veroorsaak. Ek daar en dan my baie sleg gevoel dat dit deur my skuld is en ek kry van Wiechers die streng vermaning om voortaan versigtiger met my vrou om te gaan. Nou ja, dit was vir my die les van my lewe; ek was blykbaar nog baie dom met vroue en het nog nie genoeg daarvan afgewee nie .....

Intussen het die Direkteur wel my meegedeel waarvoor hy my laat kom het en dit was die probleem van Ajamaroe, en of ek bereid was om ook 'n eksplorasië deur die betrokke terrein te doen. Daarop het ek onmiddellik volmondig JA gesê want dit was presies in die lyn wat ek graag wou doen,

(letterlike vervulling van Gen 1: 28 !!). Ek moes daarvoor ook nog kennis maak met ene ingenieur Glazener, de assistent-direkteur van Opbouwwerke met als taak Paaie en Vliegvelde, wat dan behalwe die ander drie, my vierde baas sou word.

Dit was toe 'n aangename kennismaking met mnr Glasener en hy vra my wat ek eventueel in gedagte sou gehad het met die probleem van Ajamaroe. Ek sê toe vir hom, dat kennis van die algemene terrein primêr is vir die oplossing en dat dikwels die natuur self die oplossing bied, jy moet hom net soek en vind deur voldoende terrein-eksplorasië te doen. Hy het daarmee ingestem, en bring my by die kaartafdeling, waar nog stereoskopiese lugfoto's was van die Vogelkop (die skiereiland waar Manokwarie, Ajamaroe, Sorong en Teminaboean geleë was). Die foto's was nog 'n erfenis van die Amerikaners wat ek kon leen en bekyk vir die res van die dag. Die foto's was indertyd geneem uit 'n vliegtuig van groot hoogte (5000 meter) met outomatiese kamera's wat datum, tyd, hoogte, breedte en lengtegraad ens op elke foto weergegee het. Jy kon die foto's naasmekaar lê onder 'n stereoskoop en dan hoogtes en dieptes waarneem. Dan kon jy so globaal 'n voorlopige trasering vir 'n pad uitwerk. Ek moes die foto's teruggee, maar het enkele wat ek nodig gehad het vir die trasering saamgevat Manokwarie toe vir verdere bestudering, want ek moes hals oor kop met die eersvolgende vliegtuig ek meen dit was nou met 'n Catalina vliegboot oor Biak terug huis toe vir Ma wat nou met 'n miskraam in die hospitaal gelê het.

Die vlieg met 'n Catalina was 'n aparte ervaring want die vliegmasjien lê op die water, in die geval in die baai van Hollandia met die groot golwe van die Stille Oseaan wat daar gedein het. Die piloot moes by die opstyg eers oor die water met sy op maksimum brullende skroefmotore 'n spoed van so 80 of 100 km kry, dat die boot 'n bietjie uit die water opgelig word met nog net sy stert wat agter in die water sny en 'n groot fontein van opgespatte water agterlaat; tot hy op 'n top van 'n golf ry en maak dan die vliegtuig los van die water is deur sterk te styg. Dan styg hy verder op en maak meer spoed tot so 150 km per uur. Die opstyg het dikwels soveel konsentrasie van die een piloot gevra, dat hy verder bykans uitgeput is en na die ingewikkelde en nie ongevaarlike start die stuurstang aan die tweede piloot oorgee wat die tuig dan verder vlieg.

Teruggekom in Manokwarie, tref ek Ma in die Hospitaal aan, gelukkig in nie te slegte toestand nie maar nog deurmekaar na die miskraam. Ons was te dankbaar om elkaar terug te sien en was sy besig om die ongelukkige verlies te verwerk en weer te herstel. Ek was dankbaar vir die drie bekwame artse wat aan die hospitaal verbonde was veral Siem Franken en Mantie sy vrou, wat aan Ma ook morele bystand verleen het. Gelukkig was Ma vier of vyf maande later weer swanger en is Nico op 20 Februarie 1959 gebore maar dit was toe ons intussen oorgeplaas was na Hollandia.

Ek het dus nou behalwe my gewone werk, nou ook die probleem Ajamaroe, en 'n paar weke later kans gesien om vir 'n week daar besoek te gaan aflê en sien wat gaan aan. Dit was vlieg na Sorong (200 km), met die vliegboot na Teminaboean (150 km), en dan daar 'n stappery reel deur die 'suikerbroodjies' gebied na Ajamaroe. Daar was 'n bestaande voetpad deur die berge en ek het so 4 Papoea's (vir die kos en bietjie bagasie) met 'n Ambonees as gids saamgekry en die 35 km gaan stap. Dit was steil op en af deur diep ravynne en hoë passe en baie draaie om die berge heen, inderdaad op die oog af baie moeilik terrein om 'n redelike trasering te vind. Maar wat my opgeval het was die onbewoonbaarheid en onvrugbaarheid van die gebied. Die grond was een en al kalksteen en dolomiet. Daar was dus ook geen enkele dorpie, geen tuine of enige teken van ontginning deur menselike bewoners nie. Die ontsluiting deur middel van 'n nuwe pad het vir my gevoel dus ook maar weinig ekonomiese sin gehad vir die gebied self.

Ek het by die verkenning ook net ontsnap aan die byt van 'n klein ysterslangetjie, wat maar so 30 cm groot is maar besonder giftig wat uit alle mag probeer het om in my hiel te byt. Verder onthou ek nog die heerlike sappige groot wilde komkommers wat daar in die diep klowe gegroei het. Daar was vir ons geweldige dors (as gevolg van die broeiende hitte tussen die berge) onder in die diep klowe geen druppel water of spruitjie te vinde wat daar in die kalkgronde gestroom het nie, maar die komkommers het dubbel daarvoor vergoed. Sonder geluk vaart niemand wel ..... Verder het ek daar op my enkel as gevolg van bloedsuiers 'n ernstige ontsteking, amper bloedvergiftiging opgelopen wat elke stap vir my pynlik gemaak het, maar eenmaal in Ajamaroe, gee die plaaslike verpleegster my 'n injeksie met pennisiline in my betrokke bobeen, en kon ek die volgende dag weer normaal loop en het die infeksie sommer verdwyn. Verder het vir my ichtiol, 'n soort swart teersalf, met 'n pleister op die wond, effektief gehelp teen die ontsteking van baie bloedsuierwondjies.

In Ajamaroe kon ek by die bestuursamptenaar oornag en s'aands end-uit gesels. Hy vertel my dat die bevolking meer na die Ooste in groot langwerpige en oop valeie bly. Ons het daar tot die slotsom gekom dat ontsluiting van die gebied liever deur of naby die bevolkte vallei moet gaan, en die pad dan kon afbuig na die seekus om dan langs die kus westelik te gaan terug na Teminaboea. Daarby was dit ook die idee dat die aanleg van die pad soveel moontlik deur handenarbeid moes uitgevoer word, om die plaaslike bevolking werk te verskaf.

Ek besluit om 'n voorlopige verkenning die rigting te doen, en vind uit dat daar 'n trasering baie makliker was, al sou die pad self minstens 70-75 km lang ipv die 35 of 40 km dwars deur die ontoeganklike berge sou word, maar daarteenoor dat dit deur bevolkte en reeds min of meer gekultiveerde gebied sou gaan. So het ek my verslag in dier voege opgestel en aan die Resident oorhandig. Maar John van Bodegom was die oggend baie ontevrede dat ek 'n alternatiewe roete voorgestel het, en het my afgebek dat ek my bemoei met sake wat my nie opgedra was nie ..... Miskien het hy hom vererg daaraan dat hy self nie op die idee gekom het nie .....

Maar ek het my verslag ook deurgestuurd na ingenieurs Wiechers en Glazener, en kry drie weke later te hore dat my voorstel deur almal aanvaar was en of ek die alternatiewe roete so gou moontlik in die veld maar kon gaan traseer.... !!

Dit was dus so 'n maand veldwerk vir die traseringswerk, maar gelukkig kon ek eers op die foto's 'n detailstudie maak waar om die trasee te doen en daarvan 'n globale kaart te maak, wat dus werk was op kantoor in Manokwari. Daarna moes ek wel so vier weke die veld ingaan en Uylemans met my saamgeneem as assistent veral vir die beheer oor die groep Papoea kappers. Maar dit het later gebeur, want ons is toe eers na Hollandia oorgeplaas waar ek ook vir die ontwerp en uitmeet van vliegvelde sou gaan werk, en is van daaruit toe ook hierdie hele pad in die veld uitgepiketteer. Die uitvoering van die grondwerk en padverharding was verder die verantwoordelikheid van die plaaslike bestuursamptenaar.

Ons was dus weer in Hollandia teruggeplaas, om op die hoofkantoor by Glazener te kom werk. Ek moes die job van ene Jaap van Lochem wat dit nou 3 jaar gedoen het, oorneem want hy het nou sy Kort Verband kontrak klaargemaak en sou binnekort voorgoed vertrek. Hulle vra my of ek bereid was daartoe en ek het onmiddellik daarmee ingestem, nog nie geheel bewus daarvan dat die nuwe uitdaging my so baie van die huis sou hou, die oerwoud en die binneland in en dat Ma daarby dan baie alleen, nog sonder nuwe vriende en transport by die huis sou wees. Ek het dit dus uiteindelik

ook maar twee jaar volgehou en toe weer terugplasing gevra na 'n plaaslike munisipale RWD taak om meer by die huis te kon wees. Dit het later dus Merauke geword.

Maar in die twee jaar het ek baie van die binneland, die oerwoud die riviere en berge gesien en heel wat avontuurtjies meegemaak waarvan ek later in die volgende hoofstuk (Die Woudloper) tog 'n bietjie wil vertel !!

Ons het toe dus verhuis, teen Ma se sin want sy het intussen in Manokwari baie tuis gemaak

Ek het hierbo van sergeant Kokkeling vertel. Wat ons daar meegemaak het is die volgende.

Sergeant Kokkeling het vir sy aandeel in die stryd teen die Japanners die erkenning gekry dat hul aktiwiteite meegewerk het daaraan dat die Japanners daarvan weerhou is om Australië in Port Darwin aan te val, iets waarvoor die Australiërs baie gevrees het. Kokkeling het daarvoor die Militêre Willemsorde gekry van koningin Wilhelmina van Nederland.

Nou was met die oordrag van gesag van Indonesië op 15 Desember 1949 aan die Republiek Indonesia Serikat (RIS), Nederlands Nieuw Guinea daarvan uitgesonder. Gevolglik het die Nederlandse Regering besluit om die Indonesiese geldeenheid, die Rupiah, op Nieuw-Guinea af te skaf en te vervang met die Nieuw-Guinea Gulden; zulks om te voorkom dat ons geldeenheid meegesleur sou word na die geweldige geldontwaarding van die Indonesiese Rupiah.

Nou was die Rupiah tot dan toe wel die geld waarin op Nieuw-Guinea handel gedryf is en het die koloniste daarvan spaargelde op die spaarbankboekies by die poskantoor gehad. Dit moes hulle nou inlewer by die poskantoor en sou hulle later die selfde bedrag in Nieuw-Guineaguldens terug kry. Kokkeling het toe 30.000 gulden gehad, ander koloniste van tot 80.000 guldens. Medio 1950 het hulle die geld ingelewer, en die Sjinese handelaars het binne 'n half jaar inderdaad die geld in guldens teruggekry. Maar die koloniste, ook Kokkeling nie.

Versoekskrif op versoekskrif is gestuur aan die regering, maar daar was geen antwoord. Selfs op 'n brief aan Prins Bernhard self was daar geen antwoord nie ...

Toe ons daar was in 1956-'57, had Kokkeling en niemand van die koloniste nog steeds nie sy geld teruggekry in guldens nie. Op een dag stap Kokkeling toe na die plaaslike bestuursambtenaar, Eibrink Jansen, en lê sy medalje vir sy militêre Willemsorde by Eibrink Jansen op die tafel met die versoek dit aan die Koningin terug te stuur met die mededeling dat Kokkeling dit nie meer op prys stel nie, want hy wil die eerbewys nie van diene ontvang of hou nie !! Nou ja, ons het die storie altyd onthou as een van die mees skrynende gebeurtenisse wat ons meegemaak het. Ek het self ook geld moes inlewer, maar het net 50 Rupiah gehad en ook nooit teruggekry nie, maar die bedraggie was daarom nie die moeite werd om oor wakker te lê nie. Maar die 30.000 en 80.000 was toe groot kapitale, en die Sjinese het hul geld wel teruggekry, waarom die koloniste nie ????

Maar die mees tragiese van die einde van Kokkeling en sy maats was nog, dat na 12 jaar harde werk en opbouw van 'n nuwe bestaan van hierdie manne in Nieuw-Guinea, die Nederlandse politiek (wel onder druk van die Verenigde Nasies) besluit het om hierdie grootse eiland met haar bewoners en hulle verworvenhede op 15 Augustus 1962 sonder meer oor te dra aan Indonesië, sonder enige kompensasie aan hierdie loyale en getroue burgers van Nederland.. Dit het dit voor hierdie burgers (Nederlanders, Indies Nederlanders, Ambonese, Toegoenese ens) wat in die 40er jare intensief betrokke was by die politionele aksies teen die Indonesiese rebelle nodig gemaak om hul mees noodsaaklike goed in 'n koffertjie te pak en maak dat hulle wegkom, meeste Holland toe of baie ook na Australië of Suriname.. Kokkeling het later in Suid-Amerika te lande gekom en daar 'n eenzame dood gesterf. Dit was die dank van Nederland vir die heldhaftige stryd teen die Japanners waarvoor

hulle wel erelintjies gekry het, maar hulle land en grond waarvoor hulle so geveg het, is sommer ook aan hulle ou vyand oorgedra, en bowendien was hulle spaargeld nog steeds nie teruggegee deur dieselfde owerheid. Ons sê dan: stank vir dank.

Ek het hier een ding geleer: net mense het 'n gewete en ken dankbaarheid of plig; maar 'n owerheid en regering veral binne die demokratiese politieke stelsel waar regeringspersone agv verkiesings elke paar jaar sterk wissel, ken dit nie. Hier is die stelsel vir my soos 'n afgodsbeeld, hulle sien nie, hoor nie voel nie het geen verstand nie en is koud van binne.

Het daar in Suid-Afrika agv die invoering van 'n 'demokratiese stelsel' in die 90er jare nie dieselfde gebeur nie ? Hoeveel blankes het agv die politieke omwenteling van die tyd nie tot die bedelstaf verpauperd en aan laer wal geraak; en die deel van die (swart) bevolking waarvoor die omwenteling bedoel was, het self ook niks beter daarvan geword nie !!

Maar ons gaan hier nou verder met die tweede Hollandiaperiode wat gekenmerk was deur baie ekplorasiwerk in die binneland en ek die tyd teen wil en dank 'n 'woudloper' geword het, maar ek het dit wel geniet al was dit somtyds maar baie moddertrap, bloedsuiers, reen en sweet. In die bos was jy altyd nat, indien nie van die reen nie, dan van die sweet. Jou klere van die dag moes jy saands altyd was en laat droog word vir die volgende dag, maar binne 'n half uur was dit tog weer nat. !!

En die berge veral van die sentrale binneland by die Wisselmere en die Baliemvallei met sy Alpenweide op groter hoogtes met die jodelende Kapauko-mense, die geweldige riviere, die oerwoud met sy reuse bome en wonderlike plante en diere was verder indrukwekkend en om nooit meer te vergeet nie !!!

---

# DIE WOULDLOPER

1958-'60

Hierdie periode van sowat een en 'n halwe jaar in Nieuw-Guinea noem ek 'Die Woudloper', omdat gedurende die tyd ek as gevolg van my werk op nuwe vliegvelde baie weke en maande in die binneland van Nieuw-Guinea deurgebring het.

Hierdie eiland is na Groenland, die tweede grootste eiland in die wêreld, waarvan dus die westelike helfte indertijd, tot 1962 onder Nederlands gesag geval het. Die gedeelte het 'n opervlakte van 380.000 vierkante km, so anderhalwe grootte van Transvaal, 1200 km lank soos van Johannesburg na Kaapstad, en 600 km breed soos van Durban na Kimberley. Die sentrale bergland reik met die Carstensz en Wilhelminatoppe tot bo die ewige sneeu, tussen 5000-6000 meter, met die boomgrens tot op 3700 meter en die sneeugrens lê op 4200 meter. Die seevaarder Jan Carstensz, Hollander, het in 1621 die eerste vanuit die see die sneebedekte toppe ontdek, en eers in 1907 is die toppe beklim deur ene Lorenz en Colyn.

Die aard en natuur van die landskappe met sy oerwoude, riviere, broeierige moerasvlaktes en steile hooggebergtes tot ruim 5000 meter hoogtes waar geen mensehande maar net God se Skepping in die Natuur homself so indrukwekkend manifesteer, die berg-, bos- en waterwêreld waar klein groepies mense in stamverband elk met hul eie taal en gewoontes, verspreid woon, geïsoleerd deur steil en ontoeganklike berge, groot moerasse of baie breek riviere het op my so 'n baie diep stempel afgedruk, dat dit nie alleen in my gemoed nie, maar ook op my denke en wêreldbeskouing 'n diep stempel afgedruk het.

Dit was veral die groot ondervinding wat ek as blanke alleen met nie meer as een of twee Papoeadraers vir net die hoognodige kos en gereedskap, maar ook met ander in groter groepe met soms meer as 'n dosyn Papoeadraers in God se Oernatuur van Nieuw-Guinea beleef het. Die eerste indruk wat jy in die wildernis kry is die skynbare deurmekaar spul, die sogenaamde 'wildernis', soos 'n chaotiese saamraapsel van plante, bome en diere, berge, bosse, riviere ens .

Maar..... skyn bedrieg !!

Al gou (na 'n paar jaar) kom jy agter, dat die chaos slegs skynbaar is, en in werklikheid daar in die Natuur en sy Oerwoud 'n geweldig fyn uitgedagte, hoogst intelligente natuurlike orde heers, waar elke plant, boom en dier sy funksie in die natuurlike samelewing het, aangepas aan die geografiese en klimatologiese karakter van die omgewing en dat die een skepsel nie sonder die ander kan klaar kom en voortbestaan nie, en dat daar dus 'n fyn simbiose in die ekologie van die oerwoud heers, dat elke plant, dier en ander lewende wesens van elkaar afhankelik is en mekaar in stand hou en voortbestaan verseker !! Haal jy iets daaruit weg, ontstaan 'n wanbalans in die ekologie van die natuur, wat oombliklik probeer homself te herstel, net soos wanneer jy as mens 'n letsel oploop, jou liggaam onmiddellik alles in die werk stel om die letsel so goed moontlik te herstel !!

Die ontstaan van so 'n toestand kan eenvoudigweg nie aan toeval toegeskryf word soos die Evolusioniste (Darwin en kie) dit wil hê. Dit kan net so min as dat die stand van die stukke by 'n skaakspel halwerwege 'n spel ook aan toeval toegeskryf kan word; die stand is deur die spelers fyn



uitgedink !! Hulle sê ja maar dit is 'n evolusie van miljarde jare ... In die wiskunde is dit bekend, dat as jy met 'n dobbelsteen 20 x 'n ses wil gooi, het jy daarvoor 'n miljard jaar nodig. Die moontlikheid van 'n by toeval ontwikkeling van so 'n gesofistikeerde Natuur is ewe klein as dat byvoorbeeld "n tornado oor 'n vuilnisbelt waai en daaruit 'n Boeing 747 ontstaan ..." (gezegde van Prof.dr.ir. Arie v/d Beukel, hoogleraar in die natuurkunde in Delft, in sy boek 'MET ANDERE OGEN' of over wetenskap en het zoeken naar zin, 1994, bls 101)

En dan ontdek jy, dat die Woorde in die eerste hoofstuk van Genesis, ook hier bewaarheid geword het: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed....." (Gen 1:31a).

En ook Psalm 19:2: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.." en ook wat daar verder in hierdie psalm volg.

Dit wil nie sê dat die hele aarde reeds 'n 'paradys' was nie (God het die paradys naderhand apart vir die toe nog sondelose mens in die 'Hof van Eden' op hierdie aarde daargestel), maar wel dat dit as Skepping as geheel homself in stand gehou het ondanks die sataniese inbring van dood en verderf wat (helaas) deur die val van Satan ook deel van dieselfde kosmos geword het.

Die Bose was mos ook reeds daar, onder andere in die gedaante van die slang in die paradys, vóór die skepping en sondeval van die mens !! (Sien my inleiding vir die Mannenvereniging SDG oor die rol van die Satan by die Skepping)

Dit was die 'hoorbare' stilte in die woud, en die ontelbare verskillende wonderlike vorme van (ook vleesetende) plante en blomme, en die diere waarvan die 'soogdiere', soos ratte, beertjies, kangoeroe's op Nieuw-Guinea almal (!) buideldiere is, wat sy jonkies as 'n embryo laat gebore word en dan verberg in 'n buidel met klein tepels waar die kleine hom aan vasklamp en homself volsuig met melk van die moeder !!

Die verskeidenheid voëls, van die groot kasuaris (soort voëlstruis) tot kroonduif, paradysvoël en papegaai, is ook 'n deel van die natuur waaroor jy jou grootliks verwonder.

En so ook die brute geweld van die gereelde aardbewings op Nieuw-Guinea veral in die maande Desember en Januarie, en die geweldige donder en bliksem van onweer wat groot en sterk bome sommer deurmidde kon skeur en die groot reens (tot so 100 mm binne 'n uur en totaal gemiddeld 3600 tot 4000 mm per jaar) en sy magtige riviere waarby die Hollandse Ryn en Waal en Maas, en die Oranje- en Vaalriviere in S.A. daarmee vergeleke maar klein spruitjies lyk, dit het alles 'n onuitwisbare indruk oor die grootsheid van die Natuur van Nieuw-Guinea by my gelaat.

Die oerwoude op die Noordelike deel het bome van so 30-40 meter hoogte gehad, wat soos 'n dak met die bladerkroon die bos van bo afsluit en soos in 'n groot katedraal die ruimte daaronder donker of skemerig maak, daar het ek ook al eerder van vertel. Die eggo van ver- klinkende basgeluide soos die koer-koer van die groot en vet kroonduiwe in die bos wat deur die bladerdak bo jou weerkaats word, die geraas van tropiese reens wat op die boomkruine val en dan, terwyl jy onder 'n paar groot pisangblare probeer skuil teen al die nattigheid, met groot druppels ruisend op die ondergroei op die bodem val, vergeet 'n mens nooit weer nie. Wanneer die groot boomkrekels wat stil geword het tydens die reens, dan weer begin raas weet jy die bui is verby en dit is weer

‘droog’ vir ‘n langer tyd. Dit beteken nie dat jy self weer droog is, is jy nie nat van die reën nie, dan is jy wel nat van sweet... Wat veral tot lewe kom by al die nattigheid is dikwels die menigte swart bloedsuiers wat aan die toppe van die grasstengels of bossies wat verlangend daar uitgestrekt rondswiebel om aan jou bene vas te klewe en hul aan jou bloed te versadig. Wanneer die goed op jou kruip, voel jy hulle glad nie, jy merk dit pas wanneer daar ‘n flinke bloedstraal langs jou bene afloop.... My enigste verweer daarteen was rubber waterstewels, die gedierte was skynbaar nie bestand teen die atmosfeer binne in die skoene nie.....En verder altyd langebroek, waarvan die pype in die stewels gestop was. Wel moes ek hulle somtyds selfs vanaf die mondstreek weghaal, en die sap van deurweekte sigarette-tabak was ideaal om hulle te laat wegvlug van jou af. Lostrek moes jy nooit doen nie, dan laat hulle ‘n wond agter waarin hulle suigmondjie agterbly en dit gaan dan ontsteek in ‘n ettery.. Met die dinge moes jy in die bos maar leer lewe. Op die droër plekke was hulle daarom meesal nie aanwesig nie.

Die groot en dik kaal stamme van bosreuse soos die harde swart ebbenhoutbome waarop jou kapmes afklink asof jy op yster slaan, en dan die Araucaria-sipresse wat tot so 80 meter hoog ver bo die ander bome die lug insteek met hul mathematies presies teenoormekaar ingesteekte horisontale takke, vier aan vier in ‘n krans wat hul elke 4 of 5 meter hoër weer herhaal tot aan die top van die boom, het ek ook reeds eerder van vertel

Die ‘gewone’ 30 of 40 tot 100 meter breekë snel stromende riviere met vuil bruin water vol slib wat ons by ons stappery moes oorsteek, deels met inderhaast gemaakte vlotte (vir die bagasie) en self swemmend, of balanserend oor op die rivier gevalle boomstamme om na na die oorkant te kom, was altyd ‘n avontuur op homself !. Om die krokodille wat daar altyd was, swem ons altyd net in groepies oor, en maak dan geraas en slaan by die swem met die vlak hand op die water dat dit klap om die ondiere solank af te skrik tot ons aan die ander kant van die water was. Of dit werklik gehelp het weet ek nie, maar ons het gelukkig (God sy dank, miskien ‘n verhooring van my volgehoue oggend- en aandgebed) nooit ‘n ongeval daarby gehad nie !

Die geheimsinnige halfduister en partykeer doodse stilte veral in die nagte wat jy in die bos moet oorslaap, wat nou en dan verbreek word deur ‘n groot konsert van allerhande krekels in die bome en struik, vergeet ‘n mens ook nooit weer. In so ‘n oerwoud is dit net of daar honderde oë stil stil na jou loer wat jy daar maak, terwyl jy self niks van hulle sien nie omdat alles wat jy sien, net groen is of bruin gevlek, met die donkerbruin van die grond en die boomstamme. Pas op as jy uitgly, moenie aan ‘n boomstammetjie of tak vir jou ewewig gryp nie, dalk gryp jy ‘n stengel of tak vol dorings of iets waarop ‘n klein slangetjie of ander gogga doodstil en afwagting sit... Ek het tenminste gou afgeleer om sommer een of ander tak of stronk vas te gryp !! Jou oë kom eers, dan jou hande pas .....

Op ‘n keer was ek met so 4 Papoea’s agter Hollandia op verkenning in die gebied van die Cycloopeberge na die vanggebied van ons waterwinning vir die stad.Hollandia, om te kon vasstel hoe groot die kapasiteit daarvan kon wees. Toe ons op so ‘n 1500 meter hoogte bo seespieël gevorder het, kom ons op ‘n redelik vlak gedeelte, waar die bome maar klein en laag was, nie meer as so 8-10 meter hoog en met swaar groen en grys mos soos lang baarde wat van die bome afhang begroei was. Die grond was besaai met groot huishoë ruwe rotsblokke wat soos op hope deurmekaar gegooi was, en daartussen in was dit vol donker spelonke en gate, alles ook met afhangend mos soos lang grys baarde van ou manne begroei.. Die Papoea’s by my het sigbaar

onrustig geword en ek vra: ‘Apa ?’ (wat is er ?) Toe sê hulle vir my:” Disini roemah Setan, toean” (Hier woon die Satan, meneer). Nou ek moes sê, die omgewing het op my ook ‘n drukkende en sombere impressie gemaak, uitverkore tuiste vir groot groen luislange wat dalk tussen die rotsblokke in lê en loer vir jou nie .... En toe het ek ook nog geen vuurwapen by my gehad nie, net ‘n groot kapmes maar daarmee doen jy nie veel indien so ‘n dier van 5 of 6 meter tot die aanval oorgaan nie. Maar voor ek goed geweet het wat ek eintlik sê, flap ek daar rustig vir die besorgde Papoea’s uit: ‘Kalau djalan sama saja, kamu tidak oesa takoet !!’ (Solank julle met my is, hoef julle nie bang te wees nie !!) Ek het dit gesê op grond van my intuïtief onbegrensd vertrou, dat Christus die bese oorwonne het en dus ook in die woud jy nie bevrees hoef te wees nie. So het ons dus rustig verder gestap en die Papoea’s, wat tog natuurmense is en die bos baie beter as ek ken, het in volle vertrou rustig met my verder gegaan.

Nou ons dit tog weer oor slange gehad het, die land het die goed in ‘n menigte met alle soorte, mate en kleurpatrone, ‘n paradys vir ‘n slangeliefhebber wat ek nie was nie... . Ek het die klein en middelmaat tot so ‘n meter lengte, by tientalle met my hakmes, wat behalwe die 8 mm mauser die enigste effektiewe wapen in die bos was, kop afgeslaan wanneer hulle in ons pad was..Ek het van nature ‘n hekel aan die diere gehad, reeds van jongs af wanneer ek met Pa deur die woude van die Wilis (spreek uit: wielis) (op Java) gestap het en maar die gewoonte gehad om hulle soveel moontlik af te maak. Die diereliefhebbers van vandag is dit seker nie met my eens nie, maar ons het maar die probleem gehad trap jy op ‘n gifslang, is daar groot moeilikheid. Die groteres het ons egter liever uit die pad gegaan soos die groen gevlekte luislange van 6 of 8 meter lang en 8-12 sm dikte, met koppe so groot soos die van ‘n groot herdershond, somtyds languit oor die grond dwars oor ons pad, of loerend vanuit ‘n lae boomtak of hulle miskien een of ander prooi kan vat....

Maar daar was ook lieflike plekke, meer oop gedeeltes, met kort grasgroeie, aan ‘n klein vinnig helder stroompies met drinkbaar water, waar jy kamp kon opslaan vir die nag. By so ‘n plek bepaal jy eerstens, dat stroomop is die water net vir drinkwater, die middegedeelte by die kamp vir waswater en die stroomafgedeelte, net om die hoek agter wat bossies, vir toilet beskikbaar. So ‘n boskamp het dan verder bestaan uit ‘n vier of ses pale uit die bos gekap, regop gesit, waaroor ‘n soort dak met palmblare toegedek gebou was en met rottantou, ook uit die bos gesny, aanmekaar gebind. Die enigste gereedskap wat ons daarvoor gehad het was die kapmes, geen hamer, spykers en andersins was beskikbaar nie.

Die slaapplekke het bestaan uit dunner takke op 4 of 6 pote, so halwe meter bo die grond, en ek het soveel moontlik ‘n lugbed daaroor gelê om tog ‘n bietjie sagter te kon lê. Die Papoea’s het net so op die takke gelê of op die grond rondom die vuur. Oor my bed was die klamboe (muskietenet) gespan en was jy so min of meer beskerm teen die somtyds hordes muskiete. Dan het ons by kouere weer onder so ‘n ‘bed’ een of twee klein smeulende vuurtjies gemaak van kole uit die groot vuur wat dwars deur die nag bly brand het, om die nagtelike klammigheid te verdryf en dit het ook gehelp om muskiete en ander gogga’s van jou weg te hou.

Die hele kampopbou het ons meestal binne so ‘n uur reg gekry; so wanneer ons op ‘n trek deur die oerwoud van ‘n paar dae was, moes ons so teen 3 of 4 uur die middag besluit waar ons kamp opslaan om alles voor donker wat so teen half sewe die aand inval, reg te kry. Die takies was ook altyd duidelik verdeel; twee of drie het die kapwerk in die bos gedoen, twee of drie ander die

stellasies opgesit en afgebou, en een het altyd dor en droog hout gesoek, vuur gemaak en kos gereed gemaak. Ek self het maar die algemene toesig gehou sover dit nodig was want die Papoea's het in die bos groot geword en het dit natuurlik baie beter as ek geken.

Ek het daarby my eie potjie maar op my eie primus gekook, my bed gereed gemaak en die laaste koffie van die dag (koppie toebroek) vir myself geskink met 'n eetlepel gemale koffieboontjies in 'n kwartliter blikbeker (mok) en daarop kookwater wat die vuurmaker op sy vuur warm gemaak het. Na die aandete was dit altyd nog wat napraat en gesels oor die kampvuurtjie heen, en so teen 9 uur saands het ons almal gaan slaap, terwyl die boskrekels luidkeels konsert maak .... Dit was snaaks, maar die krekels se geskreue was 'n aanduiding dat daar geen vreemdes in die omgewing was nie; maar sodra daar 'n mens of dier in die omgewing rondbeweeg, swyg die krekels almal saam en heers daar plotseling 'n doodse stilte in die bos; en is elke geritsel van 'n boshoender, vark of ander dier, of die geskuiwel van 'n slang hoorbaar. Ek het altyd daarvan wakker geskrik, totdat die krekels weer luid geraas begin maak, eers een, dan twee, dan 10, dan honderde tegelyk; dan kon jy weer rustig gaan slaap .... Dit het my tweede natuur geword om daarby elk geritsel in die dor blare of gras, hoe saggies ook, te hoor en te definieer, want in die bos hoor jy eers, daarna pas sien jy. Die ander naggeluide in die bos soos die oehoe, oehoe van die naguide en die gefladder en gepiep van die vleermuise, registreer uiteindelik nie eens meer by jou nie.

Volgende oggend 5 uur met eerste oggendglorie (die voëls maak jou wakker met hulle gefluit en geskreue). was dit weer opstaan, die oorgeblewe nog gloeiende kole vuur weer aanblaas en opstook, rystepap kook vir almal en koffie. En so teen 7 uur was ons gepak en gesak weer op stap na die volgende doel van die dag. Die geboude kamp het ons net so in die bos gelos, miskien was dit weer bruikbaar vir die volgende passant.... Sommige projekte was wel 5 dae se stap deur die oerwoud; ek praat dan van 'n afstand hemelsbreed van so 100 -120 kilometer. Die paadjies wat ons stap was egter nie reguit nie, maar kronkel deur die bosse, oor die berge en deur die dale, volg die rivierbeddings op en af ensovoorts. Ons werklik te lope afstande per dag was so gemiddeld 30-40 km afhankelik van die hoeveelheid hindernisse langs die pad, of 6 tot 8 ure per dag. Die eerste paar kilometer die begin van die dag, is jy nog styf van die vorige dag in jou botte en spiere, maar ons gee ons body kans deur stadig en los te begin stap en dan warm die spiere op sodat teen 'n uur of 10 die oggend ons reeds voortbeweeg in 'n drafstap, tot so 12 uur, verkieslik by een of ander snel stromende spruitjie met helder water.

Op so'n plek was dit dan 'n kwartier tot hoogstens 'n half uur vir almal rus en kon die draers wat 'n bietjie agtergebly het met hul bagasie ons weer inhaal.

Daar kon jy jou verfris, 'n bietjie eet van die reste van die ontbyt (meestal rystepap met ingedikte melk), met die helder watertjie bo-strooms jou verder weer vol drink (om voor 12 uur te drink was 'n groot fout want dit het ons bene loodswaar gemaak), en indien nodig stroomafwaarts lyf oopmaak.... Die klein waters in die bos was meestal skoon, helder en drinkbaar veral wanneer dit snelstromend met watervalletjies en vol lewe met watergogga's soos kreefte en torretjies was. Die groter riviere was meer bruin en vol vuil water, en is jy aangewese op jou veldfles (waterbottel) met tee of koffie of ook gewoon drinkwater.

Na die ruspouse draf ons dus weer verder tot so 3 of 4 uur die middag en maak dan weer bivak in die bos, of oornag in 'n Papoea-kampong of -tuin indien jy dit kon bereik.

Ons het die tyd nog nie SM mobiele telefoons gehad nie, was jy eenkeer in die bos, is jy afgesluit van die 'bewoonde' wêreld en was daar geen kommunikasie moontlik nie totdat jy by 'n bestuurspos

kom waar miskien 'n kortgolf radiosender opgestel was. Maar by my werk was dit juis meestal poste in opbou, waar sulke geriewe nog nie beskikbaar was nie. By my werk het dit hierop neergekom dat ek 3 of 4 weke op kantoor my navorsing en ontwerpwerk doen om daarna so twee of drie weke op die projekterrein die meet en uitsetwerk te doen sonder dat daar kommunikasie met die tuisfront moontlik was, dus ook nie met jou gesin by die huis nie..

Dit het tot gevolg gehad dat ons baie op ons eie insigte moes staat maak ook by belangriker besluite. En die drie weke afwesigheid van huis was vir jou vrou tuis ook 'n kruis want sy moes ook dikwels besluite neem sonder jou. Ook het ek 'n hele paar keer by tuiskoms die huis leeg gevind en van die bure gehoor Ma is in die hospitaal met 'n miskraam of borsontsteking, en die kinders (HarmJan en Nico) by bure of vriende.

Ander keer weer was Ma by my (altdyd onverwagte) tuiskoms wel tuis, maar net in die badkamer onder die stort; ek kon my dus nie eers verfris nie maar wou Ma groet so in my beswete en vuil bosklere, met 'n baard van drie weke en vuil verformfaaide hoed op, maak die badkamerdeur oop kyk om die hoek na die stort sien Ma in haar Evakostuum staan en sê hardop: Boe-oehh !!! Maar Ma herken my nie dadelik nie maar sien daar 'n vreemde swaar bebaarde en met vuil en sweet besmeerde boemelaar in sij swart waterlaarse staan !! Gelukkig herken sy daarom tog my stem dit is ek, maar intussen het sy amper 'n hartverlamming gekry van skrik..... Ook een van die bietjie dom dinge wat ek uitgehaal het ....

Maar 'n kollega van my het iets anders oorgekom of liever sy familie, dit was ene landmeter Snyman. Hy het in die bedding van 'n rivier gestap in verband met sy meetwerk, maar was daar by 'n plotselinge wolkbreuk deur 'n vloedgolf gegryp, meegesleur en nooit meer terug-gevind nie. Nu sou dit intussen sy verjaardag gewees het, en sy vrou en kinders het by hulle huis tog alvas 'n bietjie sy verjaardag gevier onbewus daarvan dat haar man en vader reeds verongeluk was. Hulle het eers so drie dae na die verjaardagviering van sy dood gehoor..... Die kommunikasie in die binneland en seker in die bos, was 'n groot probleem.

Maar nou weer terug by my werk. Die projekterrein of vliegveld of pad in wording was dan dus meesal slegs te voet bereikbaar. My eerste oogmerk was altdyd om eers 'n baan van so 10 m breed en 300 meter met 'n 'clearing' van 30 by 500 meter lank voldoende gereed te kry dat 'n ligte Cessnavliegtuig vir so 4 persone kon land en opstyg. Dat was die eerste stap na sivilisasie en ontwikkeling van die bestuurspos. Dan kon jy alles wat verder nodig was vir gereedskap, voedsel daar kry en kon jy daelange stappery deur die bos uitskakel.

Lereh byvoorbeeld was vir ons 5 dae se stap, maar met die Cessna net ruim 'n half uur se vlieg ....Dit was ook baie goedkoper om te vlieg as om te loop ! Die 4 persoons Cessna kon so 250-300 kg bagasie vat.(sonder passasiers) waarvoor jy anders so 10-12 draers nodig gehad het en met hulle 3 weke vir hulle kos moes sorg en loon uitbetaal.

Ek het altdyd die Cessna's van die Sendingslugvaartvereniging gevra om my te help en by goed weer was hulle altdyd daartoe bereid. Veral ene Pablo, die seun van 'n sendeling in Brasilië, was my favoriet. Hy was 'n jong kerel; wel vol ondeuende streke, maar hy kon vlieg soos geen ander en vir niks bang nie. Met hom het ek ook veel 'droppings' gedoen, dan haal hy die regterdeur en regtersitplekke van die Cessna uit (hy het altdyd linksvoor agter sy stuur gesit), ons stapel die sakke en

ander goeters aan die regterkant vir die oop deur op en ek sit agter Pablo op die agter-linkse sitplek, sonder om die rieme vas te maak. Dan vlieg hy na die clearing van die vliegveld in aanbou, daal so tot boomtophoogte en gaan eers oor die oopgekapte stuk met donderend lawaai van die motor dat mense en diere op die grond van skrik weghardloop, kom dan met 'n baie kort draai terug met 'stalling' spoed dat hy nog net in die lug bly en ek skop alle goeters een voor een alles in een keer die deur uit sodat dit op die grond kan val vir die mense daaronder. Dan maak ons nog 'n kort draai oor die veld en terwyl ek uit die deur uithang kontroleer ek die goeters soos dit op die grond lê, groet ek die mense met die hand en ons vlieg dan weer terug.

Met die metode het van die sakke met rys en ander goedere soos kruiswaens, grawe, pikhouwele ens nooit iets gebreek nie. Ek het ook wel een keer van die Rooms-Katolieke Missie se vlieërs gevra om te drop wanneer Pablo nie beskikbaar was nie, maar ek mog dan van hulle nie saam gaan nie en hulle het hul strikt gehou aan voorskrifte van die Burgerlugvaartdiens o.a. om op minstens 100 meter hoogte te bly vir droppings en daardeur was by hulle altyd minstens die helfte van die bagasie gebreek deur die val op die grond; ook was dit baie gevaarliker vir die mense op die grond want die goedere het baie meer verspreid op die aarde te lande gekom..En dit het so tog weer te duur geword om met hulle droppings te doen.

Pablo was ook altyd bereid om nie altyd dieselfde roete te vlieg nie, en kon ons so ook vanuit die lug meer verkennings doen en het ons ook onder andere 'n groot moddervulkaan ontdek wat gereeld soos 'n geiser modder tot so 50 meter hoog gespuit het. Op pad na Lereh, so 120 km soos die kraai vlieg van Sentani (by Hollandia) vandaan, het ek te voet met 'n groep Papoea's nogal naby die vulkaan gekom; maar die Papoea's was bang en ek het toe nie presies geweet wat dit was nie, het net 'n geweldige gebrul en gesis gehoor gepaard gaande met 'n ligte aardbewing, en daarna groot kluite grond wat ver in die bos neerval, gehoor. Die Papoea's het my gesê, dit is die voorouergeeste wat baklei en kwaad vir mekaar is en het nie gewaag om naby te kom nie .....

Met Pablo, wat altyd vol ondeugende streke was, het ek 'n keer, nadat ons die vliegtuigie met ons bagasie volgestou het in die hangar, opgestyg soos volg. Pablo sit agter die stuur, reeds net buite die hangar, ek langs hom. Terwyl die engin vol toere warm draai, bel hy oor die radiotelefoon na die lughawebeheerder in die toring of hy kan opstyg. Op die bevestigende antwoord gee Pablo vol gas op die taxibaan na die startbaan, maar is binne 100 meter los en styg op vanaf die taxibaan .....

Daar kom 'n geknetter in die koptelefoon van die hawemeester dat hy net van die startbaan mag opstyg, maar Pablo draai om, vlieg reg op die lughawetoring af waar die hawemeester sit en skeer net 'n paar meter bo die toring oor hom heen..... Toe was dit eers 'n geknetter van sterk woorde oor die telefoon, maar Pablo lag hom lekker uit ..... Nou ja, die twee het mekaar te goed geken om mekaar verder oor onkonvensionele opstygprosedures lastig te val .....

Die verskil van Pablo-hulle en die Katolieke Pater-vlieërs was, dat laasgenoemde, soos Paters betaam, hul presies aan al die lugvaartreeltjies gehou het en daarvolgens ook gevlieg het. Soms was daar deur hulle ongelukke gemaak by 'n situasie waar daar vergeet was om reeltjies te maak, en self-dink was hulle skynbaar minder bedrewe in. .... Soos byvoorbeeld toe, ek weet nie meer welke Pater dit was nie, hy gereed gestaan het met passasier en bagasie en al in die Cessna, die elektiese starter nie so goed wou werk nie. Die Pater stap uit, draai aan die propellor en probeer hom aanslinger; waargtig die motor begin draai en gelyk op vol toere, so die Pater moes opsy wegspring en die Cessna begin ry sonder die Pater-piloot !!! Die toestelletjie begin spoed kry met die passasiers daarin maar sonder die piloot wat tevergeefs probeer het om die toestelletjie in te haal, maar 'n honderd meter verder bots die hele geval gelukkig teen 'n stel brandstofdromme en kom daar tot stilstand sonder verder ongelukke behalwe dat die Cessna van voor tamelik verfrommeld gelyk het..... Die

passasiers kon doodsbleek van skrik ongedeerd uitklim, maar die R.K. Missie was weer 'n vliegtuigie minder ryk .....

Ander togte moes hoofsaaklik oor die water van die riviere gaan met vlerkprauwe wat vervaardig was van uitgeholde boomstamme, so 8 tot 12 meter lank en waarin jy met so 6 man kon sit. Die groter prauwe op die riviere het nie altyd 'n vlerk gehad nie maar met enige oefening kon jy die prauw help om sy ewewig te hou met jou heupbewegings. See-prauwe het altyd 'n vlerk gehad en soms twee, aan elke kant een. Had jy geluk om met 'n prauw van Boswese te kon saamgaan, was daar 'n buiteboordmotor beskikbaar en kon 'n mens 'n spoed bereik van seker 20-25 km per uur.. Maar moes ek klaar kom met 'n span Papoea's, dan was dit somtyds maar moeilik om hulle by die kroks weg te hou. Hierdie monsters het dikwels op die sandbanke langs die oewers gelê en in die water geduik wanneer ons verby vaar. Die Papoea's wou hulle maar al te graag vang en doodknuppel vir hulle vel waarvoor die Sjinese opkopers baie geld betaal.

Maar ek was bevrees vir my teodoliete en ander meetinstrumente wat ook in die uitgeholde boomstamprauw was en in die proses dat die ranke bootjie moontlik sou kantel dit alles in die bruin waterdiepte voorgoed sou verdwyn !!

Gelukkig het dit nooit werklik gebeur nie en kon ek elke keer die kerels van hulle jaglus terughou !! Maar wat ek wel onthou van die taferele is dat die diere van wel 4 - 5 meter lang hoog op hulle pote soos monsterhakkedis uit die bos kom aangehardloop, die rivier induik en in die bruin troebel water onder jou bootjie deur in die water onvindbaar verdwyn !!

Wat my werk betref res my nog om hier van die verskillende projekte in hierdie periode waar ek mee gemoeid was te vertel.

My eerste redelik groot projek vandat ons na Hollandia oorgeplaas was, was 'n nuwe weg van Ajamaroe na Teminaboean. Ajamaroe was 'n sentrale bestuurspos, en Teminaboean die hawe aan die oop see, maar die verbinding tussen die twee punte was twee dae se stap deur steil en woest berggebied vol sg 'suikerbroodjies', rotse en moeilik begaanbare voetpaaie. Suikerbroodjies is 'n naam vir berge wat tot so 200-300- meter hoog is, met die vorm van omgekeerde byekorwe, steil na onder en plat rond van bo, met diep ravynne tussen die 'suikerbroodjies in, sonder water in die dieptes want dit was alles kalkgrond. Ek het 'n vermoede dat daar nog heel wat grotte vol geheime en baie ondergrondse water in die berge verborge is ...

Daar was al eerder 'n pad gemaak van Ajamaroe deur die dal na die Ooste na 'n rivier waar 'n klein sg Higginsboot kon aanmeer, maar dit was nog 'n groot ompad na die buitewêreld.

My eerste verkenning (op versoek van die Direkteur Wiechers van Waterstaat en Opbouw) het vanuit Manokwarie plaasgevind en het ek 6 September 1957, vier weke na Harm Jan se geboorte, via Sorong per Waterbeaver na Teminaboean gevlieg. Daar het ons twee dae die dolomietgebergte met die 'suikerbroodjies' tussen Teminaboean en Ajamaroe verken, en nog eens terug langs 'n ander roete. In Ajamaroe 'n gesprek gehad met die plaaslike bestuursassistent, vriendelike mense, en saam met hulle tot die oortuiging gekom dat 'n nuwe pad deur hierdie woeste gebied weinig sinvol sou wees tov plaaslike ooplegging van bewoonbaar gebied. Na 'n intensiewe verdere studie van die lugfoto's het ek 'n idee gehad waar 'n totaal ander beter trasee gevind sou kon word, en gewapend met die kennis eers weer huis toegegaan, en 'n uitgebreid verslag daarvoor geskrywe met alternatiewe

voorstelle. Na goedkeuring hiervan dus weer teruggekeer na Ajamaroe met 'n eenvoudige teodoliet en twee meetbakens, met 'n simpele hand-hellingmeter wat die belangrikste instrument sou blyk te wees, was ons (ek en Uylemans) met 'n kapploeg van so 20 man deur berg en bos. Aangesien vir die bou van die pad net hande-arbeid beskikbaar sou wees, het ons dus rotspartye (dit was dolomieties gebied) vermy en sagte meer verweerde gronde en sag glooiende heuwels verkies om stadig dalend na die kus die pad oop te kap. Veel onthou ek verder nie veel meer van die job, behalwe dat ek in die beginne volgens Genesis en die vierde Gebod die Sondag as 'n rusdag beskou het en dus 'n dag oor in die oornagtingskamp gebly het. Maar dit was 'n slegte ervaring. Ek het wel leesgoed (in Nederlands) gehad om myself besig te hou, maar nie oor genoegsame woordeskat in Maleis beskik om vir die Papoea-arbeiders preke te gaan hou nie. Hulle het net elkaar gehad om hulleself te vermaak. Dit het by hulle teen die middag al uitgeloopt tot vegpartye en allerhande ander onsmaklike dinge wat ek moes regstel en regspraak hou om die gemoedere weer rustig te kry ...

So dit was nie vir herhaling vatbaar nie en het ons die volgende Sondag maar gewoon deurgewerk, alleen het ek dit maar 'n halwe dagtaak gemaak om tog iets van die 'rusdag' oor te hou, so ons het nie 6, maar 6,5 dae gewerk, en 'n halwe dag rus gehou dws van so 2 uur die middag af...

Na so 4 weke was die sowat 75 km se trasee dmv pikette elke 5-8 meter op die ongeveer middellyn van die pad uitgesit, en was die verder werk vir die betrokke bestuursamptenaar van die gebied. Ek het sy naam vergeet, maar Uylemans wat hiervoor reeds genoem is het die praktiese leiding vir die uitvoering van die werk gekry en daarmee vir hom naam gemaak. Ons het verder 'n aangename herinnering aan die gasvrye Indies Nederlandse bestuursamptenaar se gesinnetjie gehou. .

Die volgende groot projek was Lereh waarvan ek bo reeds iets vertel het, dit moes 'n baan word van so 30 x 800 meter vir die Twin Pioneer, 'n nuwe vliegtuig vir 17 persone wat in Engeland ontwerp en gebou was vir jungle omstandighede. Hierdie het net 600 meter nodig gehad om te start, maar 'n Dakota moes in noodgevallen ook daar kon land en opstyg. Die eerste maande was dit net bereikbaar te voet deur 5 dae se stap deur bosse en oor berge, deur riviere en sagmoerasse. Daar was onderweg so halverwege slegs een kampong wat vroeër bekend gestaan as die tuiste van 'n woeste en gevaarlike stam koppensnellers, maar wat nou gesiviliseerd was en netjies onderhou met 'n soort burgemeester wat dan baas was oor die kampong. Daar was ook 'n 'passangrahan beskikbaar dws 'n soort herberg waar jy kon slaap, jou eie kos berei en slaapplek vir die draers was. Maar die ander nagte moes ons in die bos slaap.

Dit was drie weke op kantoor in Hollandia, die metings uitwerk en die startbaan se profiel ontwerp, die ondergrond in 'n laboratorium analiseer op korrelgroottes, voggehalte en daarby behorende draagkrag en wat ons aan die grond sou moes doen vir grondverbetering, en dan weer drie weke in die veld, 5 dae heen, 10 dae werk, 5 dae terugloop. Die werk was dus die aanwysings aan die arbeiders en plaaslike toesighouer wat om te maak, die uitsit van pikette vir die senterlyn van die veld en die hoogte daarvan, en die sykante ook gepiketteer, die bepaling van nodige uitgrawings en daarna weer ophogings met watter soort grond en die aanstamping daarvan.

Ons het gelukkig na so 5 maande 'n strook van 300 meter gereed gehad dat ons van die Cessna kon gebruik maak vir invlieg van kosvoorrade, kort inspeksies en noodgevallen.



Lereh was 'n moeilik vliegveld want dit was 'n vlak stuk land met nogal los sand, sg klapsand wat deur 'n riviertjie wat daar langs gestroom het daar by oorstromings as sediment tamelik los neergeslaan het.

Dit het ons op 'n harde manier agtergekom deurdat by die proeflanding deur die Twin Pioneer die toestel tot ons groot ontsteltenis weggezak het in die sand tot op sy aste. Gelukkig het die piloot daarin geslaag om die toestel nie oor sy kop te laat slaan nie. Teen ons afspraak in dat net die pilote en mnr Glasener in die toestel sou saamvlieg, kom daar toe so 9 of 10 man uit die toestel geklim, waaronder 'n paar joernaliste .....

Hier was twee dinge duidelik: die eerste dat gebrek aan radiokommunikasie met die hoofkantoor vanuit die bestuurspos fatale gevolge kon hê, en dat betere grondondersoeke deur middel van 'n sonderingstoestel verrig moes kon word voordat die baan vir swaardere vliegtuie goedgekeur kon word. Ek begryp tot vandag toe nie, waarom die mees afgeleë Amerikaanse meer as 50 sendingsposte in die binneland wel elke oggend met elkaar kon kommunikeer en die laaste nuus uitwissel, maar so'n stelsel vir die bestuursposte van die Owerheid 'n te dure investering was vir die regering in Den Haag !!!

My probleem as gevolg daarvan was, dat jy vir 'n proeflanding net op die hoofkantoor dikwels met moeite 'n afspraak kon maak met die betrokke lugvaartonderneming en sy pilote, op sy vroegste vir 'n dag in die volgende week omdat jyself te voet nog 5 dae deur die bos moet hardloop om op die plek te kom waar jy die toestand van die baan voor die proeflanding moes beoordeel of dit agv van die reeval en andersins geskik was vir die landing. Dan kon jy op die grond met wit stokke net 'JA' of 'NEE' uitlê vir die boodskap na bo vir die pilote in die vliegtuig of hy kon land al dan nie. Die betrokke oggend had dit die nag 100 mm gereen, maar die oggend was die son weer blakerend aan die hemel en het alles, ook die oppervlakte van die baan weer snel opgedroog. Die toestel het om so 11:00 opgedaag en oorgevlieg, en by ons twyfel op JA of Nee (die bestuursamptenaar wilde dit NEE gehad het, maar ek voorsien dat dit dan seker weer twee of drie maande sou vat vir 'n nuwe poging, en, gewoon aan die neem van risiko's, besluit ek op JA !! Nou ja, dit het toe geblyk 'n foutiewe besluit te wees, en die bestuursamptenaar (sy naam het ek vergeet) was woedend dat sy raad nie opgevolg was nie ...

Maar sonder dit sou ons ook nie geweet het en geen bewys gehad het dat meer wetenskaplike grondondersoek ter plekke dringend nodig was vir beoordeling van geskiktheid van die landingsbane vir die Twin Pioneer of Dakota !! Kleine troos vir my was, dat 'n kollega van my in presies dieselfde omstandighede by 'n ander nuwe vliegveld in die Vogelkop dieselfde petalje gehad het, ook by hom 'n weggesakte Twin Pioneer. Ek was dus nie die enige wat 'n bietjie dom was geweest nie ....

Nou had die Twin pionier vir 'n jungle toestel ook wel baie klein wiele ....

Die hele geselskap is toe met die Cessna van die CAMA die volgende dag daaruit gevlieg. Die Cessna kon wel op dieselfde baan land en met drie of 5 passasiers daar wegtrek

Ek moet die eer aan die bestuursamptenaar gee, dat hy die vliegtuig daaruit gekry het deur so 'n honderd Niboengpalme uit die bosse te laat kap, en daarvan twee matte van 'n meter breed van 100 meter reguit voor die twee dubbelwiele van die toestel gemaak het, in 'n drie of vier dae se tyd. Hy

kon toe die pilote via die radio aan boord van die vliegtuig aan die pilote in Hollandia laat weet dat hulle kon kom probeer die Twin Pioneer daaruit te kry.

Dit was nog 'n spannende operasie. Net die twee pilote het in die tuig geklim, die twee ensiens aangesit, warm gedraai, die wiele op die rem gesit, vol toere gaan draai, die remme gelos en toe til die toestel homself op, trek die wiele op die niboengbaan, kry spoed en was presies met die honderd meter los van die grond !!! Die laaste deel van die niboeng het deur die suigkrag van die toestel nog angswekkend omhooggekrul maar net nie die stert van die tuig geraak nie, en weg was hy, verlos uit sy gevangenskap !!

Ons was baie opgelug dat dit alles so sonder ongelukke afgeloop het, maar die bestuursamptenaar het alle eer vir homself gehou en het verder vies vir my gebly. Nou ja, jy het sulke mense ....Hy het seker in sy lewe ook nooit 'n fout gemaak nie

Dit was in elk geval vir iereen duidelik dat dus op die betrokke start en landingsbaan van 10 meter breed en 800 meter lang alles uitgegrawe word tot so 'n 3/4 meter diep, en weer met klein klippies uit die nabye rivier gemeng teruggeplaas en aangestamp elke 10 sentimeter, veral die middebaan van so 10 meter breed. Die job het 'n jaar geduur. Om die aanstampery te bespoedig, het ons 'n oliedrom gevat, 'n as deurgesteek, met beton gevul, aan 'n gemotoriseerde grasmaaier gekoppel en daarmee heen en weer 'gewals' oor die baan om wat verdigting te kry !! Die kon ons doen nadat ons met die Cessna kon invlieg om die nodige grasmaaier en dromme met diesel ens te kon inkry..

Intussen het ons toestemming gekry om binne 'n paar maande 'n draagbare sonderingsapparaat van duralluminium aan te skaf wat tot so 3 of 5 meter diepte die grondweerstand kon meet en jy grondmonsters kon uittrek vir ondersoek op geskiktheid en drakrag vir start- en landingsbane.

Intussen was daar ook heel wat ander projekte wat uitgevoer moes word byvoorbeeld Ubrub wat aan die Noordelike voet van die Sterrengebergte in die binnenland geleë was, wat 'n Rooms Katholieke Missiepost was met 'n klein 300 m vliegveldjie vir Cessna's wat vergroot moes word na 600 meter. Daar het ek net opmetings gedoen en 'n bietjie springwerk om rotsblokke op te blaas en uit die weg te ruim. Om daar uit te kom was dit eers vlieg na Waris met die Twin Pioneer, dan was jy halwerwege op die 250 km afstand, die res van so 120 km moes ons stap in 4 dae.

Ek was daar gas in die Missiepos, beman deur 4 vriendelike Franciskaner monnike waarvan er altyd 1 of 2 daelank weg op tournee was vir kontak met Papoea-stamme verskole in die dale van die gebergte aan die voet van die Sterrengebergte wat tot so 5000 meter hoog gestyg het. Een van die monnike het 'n keer daarby 'n pyl in sy regterhand gekry welke hand hy voor hom gehou het toe hy die pyl sien aankom. Sonder die hand sou die pyl in sy hart gewees het...

Van die twee weke wat ek daar was, was die Paters vir een week almal weg en was ek alleen op die pos en moes ek hulle radiosender vir berigte aan die Missie en die weerberigte van die plek elke oggend om 7:00 uur bedien vir 'n half uur.

Verder 'n naamlose projek (het nog nie 'n naam gehad nie) agter Sarmi in die Mamberamo bovenloop gebied temidde van een groot damar (=hars) win area, wat die Goevernement as werkgeleentheid vir die Papoea bevolking wou ontwikkel. Die damar was belangrik vir die verf-

industrie in die Weste. Daar het ek gekamp in 'n boskamp van Departement Boswese, saam met so 12 ander Indies Nederlanders waaronder 'sergeant' Kokkeling wat met 150 ander teen die Japanners geveg het. Die aande daar was gevul met sy spannende verhale vol humor en tragiek. Daar het naderhand ook 'n boek van hom hieroor verskyn. Onder die hoofstuk MANOKWARIE het ek ook reeds iets oor hom vertel.

Skoon water was in die kamp nie beskikbaar nie, net vuil bruin water, daarmee het ons ons elke aand gebad, en ons het net koffie en tee daarvan gemaak om te kon drink, die bruin kleur het daarom 'n bietjie daarby aangepas ....

Van die projek het ek net die vliegveld ontwerp gedoen, maar Dept Boswese het die bou van die startbaan self op hulle geneem.

Dan was dit by Fak-Fak dieselfde, ook net opname, ontwerp en daarna die taak van die Plaaslike Bestuur vir die bou van die veld. Wat ek daarvan veral onthou was die losies in die 'HOUSE OF LORDS' wat 'n hotelletjie was van die plaaslike Sjiniese handelaar, wat die week juis die Sjiniese Nuwe Jaar (in Februarie) gevier het. Die loseerkamers was gebou rond 'n oordekte binneplaas, en die vuurwerk het daar geknal tot oor middernag, dat die kruitdampe so dig was dat jy geen 3 meter ver kon sien nie... Fak-Fak was 'n dorpie van 'n paar honderd jaar oud reeds uit die tyd van die VOC. Daar het slawehandelaars indertyd uit die Papoea bevolking nou en dan dmv rooftogte hul slawe geroof om die aan Javaanse en ander vorste te verkoop.

Die Sjiniese het daar neergestryk vir die bosprodukte soos copra (gedroogde klappervleis waar klapperolie van gemaak word), damar, copal (altwee harsprodukte vir die vervaardiging van verflakke), en krokodillehuid op te koop van die bevolking, en in ruil daarvoor rys, groene erwte, seep, sout en ander lewensmiddele, snuisterye en kleding te verkoop. Die Sjiniese het daar tamelik ryk van geword, die volkie is soos die Jode van die verre Ooste !!.... Hulle het meestal uit Sjina as arbeiders na een of ander hawe gekom en hulle verhuur vir lasdraers ens. Hul loon het hulle opgespaar deur baie suinig te lewe, slaap net op rietmatjies en lewe baie sober. Na so 'n paar jaar kon hulle 'n klein handeltjie begin deur langs die huise hul kleinware soos knope, draad, gare, naalde, vetters te verkoop of ook wel kos langs die pad vir hongerige verbygangers te verskaf, en na so 10 jaar by wyse van spreke, kon hulle van die vetrdiende geld 'n winkel huur en op groter skaal groter goeters verkoop soos hardeware, gereedskappe, speelgoed, spykers, tou en van alles en nog wat maar vir die bevolking verkoopbaar was. Dan was dit tyd vir hom om 'n vrou uit Sjina te laat kom, en trou hy en kry kinders, hoe meer hoe beter !! Sjiniese gesinne het dikwels meer as 10 kinders !! Somtyds kry hy nog 'n tweede vrou by wanneer hy dit kan bekostig, ten gunste van verdere gesinsuitbreiding.....

Fak-Fak was ook redelik naby die Molukse eilande soos Ambon en Ternate geleë, waar die VOC vanaf 1600 n.Chr. hulle speserye soos kruidnagel en peper vandaan gehaal het. Die gebied het 'n harde geskiedenis van bloed en tranes, oorlog, slawerny en uitdelging van hele volkstamme geken, waar die bewindhebbers van die VOC ook nie aan onskuldig was nie !!

Ek weet nie seker waar dit was, maar dit kan Genjem gewees het, so 30-40 km Suid-Wes van die Sentanimeer die binneland in. Ek was die gas van 'n MITSser tegnikus, ene Angenent, wat met 'n klein bulldozer (D6 Caterpillar) eiehandig 'n grondpad, met bruë en al vir motorvoertuie (vierwiel aangedrewe) gebou en onderhou het van Sentani na Genjem. Tot my verbasing was daar in Genjem

'n Sjinees, wat daar midde in die rimboe 'n loseerhuis (passangrahan) by sy winkel gehad het met gerieflike slaapkamers waar ek dus 'n paar nagte tuisgegaan het, en hy het 'n klein restourantjie daarby gehad !! Ons het daar geniet van 'n heerlike uitgebreide nasi-goreng maaltyd, soos alleen 'n Sjinees dit kan klaarmaak !!

Dan was daar tenslotte nog die werk in die Sentrale Bergland, waar 'n deur die hele wêreld beroemde vallei, bekend as Shangri La, of liever die Baliemvallei geleë was. Dit het bekend geword deur 'n ongeluk met 'n Dakota begin 1945 nog tydens die oorlog met Japan; die Japanners was daar reeds verdryf deur Mac Arthur se strydmagte, maar Biak en Hollandia was nog steeds een van die steunpunte vir die aanvoerlyne van die Amerikane.

'n Klein groepie verpleegsters en grondpersoneel van die lugmag wou eens 'n vakansiedag hê en kry toestemming om 'n verkenningsvlug te maak met 'n Dakota bo die geheimsinnige binneland waar die gerugte oor 'n baie mooi vallei op so 1200 - 1500 mter hoogte met 'n heerlike klimaat die rondte gedoen het. So het die Dakota opgestyg met so 12 mense aan boord en het hulle die vallei gevind en daarbo gesirkel. Intussen het die berge rondom weer met wolke togetrek en kon die pilote nie meer die weg terugkry nie en het hulle gebots teen in die wolke gehulde berge in die vallei. Slegs drie persone het die botsing oorleef waaronder twee vrouwelike militêre. Gelukkig was die bevolking baie vriendelik en het hulle gehelp met vuurmaak en kos dat hulle in lewe kon bly, in afwagting van reddingspogings van Biak af. Die het gekom, eers met parachutiste en is hulle met sweefvliegtuie daar weer op spektakulêre manier weer uitgehaal. (die storie vertel dit so, hoe weet ek ook nie !)

Intussen het die mense met die vallei kennis gemaak en het dit so in die hele wêreld bekend geraak as Shangri La ! Later het ons begryp waarom die bevolking so vriendelik was; hulle het in hulle religieuse toekomsverwagting geglo, dat eenmaal op 'n dag wit engele uit die hemel sou neerdaal, om die paradys op aarde terug te bring !! So die neerdaal van die vliegtuig was die antwoord op hulle geloof !!

Toe ek in die gebied gekom het in 1959, was daar al heel wat sendings aktiwiteite aan die gang, en die Gouvernement het ook reeds enkele Bestuursposte begin in die Baliemgebied.

Ek het die taak gehad om enkele klein landing-strippies (so 300 lank en 10 meter breed) van die sendingsposte, waarvan daar intussen reeds so 52 in die Sentrale Bergland was, te evalueer of die geskik was vir vergroting en verlenging om vir die Twin Pioneer (600 meter lang en 30 meter breed) geskik te maak. Vir so 3 of 4 van die velde waar die uitbreiding moontlik sou wees het ek dit gedoen. Om metings te doen moes ek gebruik maak van die plaaslike Papoea's (Kapauko's) maar die het geen besef gehad wat ek doen nie... Ek gee 'n baken in hulle hande wat hulle regop moet hou op die te mete plek (hoogte, vertikale en horisontale hoek en afstand), en rig die kyker op hulle; maar die teodolietkyker het hulle so bang en angstig gemaak dat hulle staan te bewe van vrees terwyl hulle die baken vir my vashou..... Die bestuursamptenaar moes praat soos Brugman om hulle gerus te stel dat niks verkeerd gebeur nie !!

By een van die hoogst geleë poste was ons bo die boomgrens op so 2500-3000 meter hoogte bo see en was daar op die glooiende heuwels bloeiende heide, rododendronsstruie en pragtige blomme. Ek soek toe 'n bossie blomme om saam te vat vir Ma, en kry toe ook nog die grysharige Edelweisplantjie met sy blommetjies, daar onder die tropenson by die ewenaar !!

Toe ek so blomme pluk, kom van die klein Kapauko meisies my help pluk, en hulle sing en .... jodel daarby..... dat dit galm deur die hele dal!!! Ongelooflik!! Ek dog, dit is net die Switsers en

Oostenrykers wat kan jodel, maar hierdie mense nog in die steentydperk aan die ander kant van die wêreld kan dit dus ook !!

Een van die vliegveldjies was van die hoogst geleê, maar vir ons ongeskik; die was maar so 200 meter lank, dwars op die rigting van 'n groot dal, half teen die helling van die ravyn aangelê, met 'n opdraënde helling van so 10 % ! Die piloot van die Cessna wat ons daar gebring het kon daarop land, deur die dal in te vlieg, haaks dus op die veldjie, en ter hoogte van die veld draai hy skerp dat hy reg op die veldjie aanvlieg, set die toestel aan die begin van die baan aan die grond, en met sterk remme kom hy net voor die einde van die vir die landing opdraende veldjie tot stilstand. Terwyl ons die bagasie ens uitpak, draai hy met die hand die toestel 180 grade om, en toe ons met die missie klaar was, stap ons weer in, hy sit die motor eers op vol toere, los dan sy remme, aan die end van die nou afdraende baan duik hy nog 'n bietjie die ravyn in om meer spoed te kry en draai dan net voor die ander kant van die vallei skerp na regs en vlieg die vallei weer uit.....

Dit was nou georganiseerde waaghalsery, vir die klein sendinglokasie dit het gewerk !! Maar die plek was in elk geval nie geskik vir 'n gewone burgerlike vliegveldjie nie !!

Maar met al die rondtrekkery van my was ek wel veel van huis, en vir Ma was dit eens teveel, veral waar elke keer wanneer ek teruggekóm het van 'n toerne, ek haar in die hospitaal teruggekry het, of met 'n miskraam, of met borsontsteking maw die spanning oor die tyd dat ek nie by die huis was, was meer dan sy uiteindelik kon verdra, veral omdat ons huis nog 'n bietjie apart gestaan het, met bure wat dikwels ook nie tuis was nie. Net een gesin, fam Franz wat onder ons gewoon het op 'n laer gedeelte van Dok 5, Zevende Dag Adventiste, waarvan die vader die personeelsadmin en boekhouer op ons kantoor was, het hulle dikwels oor haar, en veral oor Harm Jan en Nico ontferm wanneer Ma weer na die hospitaal moes gaan. Dit was fijne mense, wat nie op Saterdag gewerk het nie, maar wel op Sondag; dit was vir ons kantoor geen probleem nie. Trouwens by die hele Goevernement was jou religieuse oortuiging in sy konsekwensies by jou werk altyd sonder veel pocha gerespekteer, watter rigting jy ook was.

Hy was ook diegene wat my na 5 jaar Hollandia het gesê: 'Boer, kom terug, ons almal ken jou goed en ons het jou nodig !' En ook verder: 'As jy met 'n vrou terugkom, trou dan eers in Nederland, dan kom jy met jou vrou hier terug op Staatskoste' !! Jammer dat ek sy naam vergeet het want van hulle het ons ook die wysheid, om soveel moontlik te lewe volgens die Levietiese gebode tov van kos en kosbereiding; en gebruik van witte suiker te minimaliseer omdat dit 'n onnatuurlike soetstof is wat die bloed afbreek.

In elk geval, dit het na drie jaar weer teen ons verlof van 6 maande oorsee gekóm en het ek my baas, ir Glazener meegedeel dat dit my wens was om ander werk te kry wat my meer naby die huis sou hou, en omdat ek op verlof sou gaan was daar reeds een vervanger aangestel wat my werk sou oorneem, was dit geen groot probleem nie. Mij volgende taak na terugkoms van verlof sou Seksiechef van die Residentie Waterstaatsdienst in Merauke wees, soortgelyke werk as in Manokwarie !

Maar nou eers iets oor ons gesin, en ander opmerklike gebeurtenisse in hierdie jare !

Harm Jan was dus in Manokwari reeds gebore, maar Nico was nog op koms en Ma was nog in blyde verwagting daarvan toe ons na Hollandia verhuis het.

Hy het sy koms aangekondig terwyl Ma en ek, met Harm Jan op 'n vergadering was van 'n sendingsvoorligting byeenkoms van 'n doopsgesinde Sendeling, wat in die Mamberamogebied die Evangelie probeer verkondig het. Die Papoea's daar loop nog byna kaal rond, die vroumense net met kort grasrokkies en die manne met skaamlappies. Hy vertel ons dat een van die dorpe met uitsterwe bedreig word omdat daar net seuns gebore word en glad geen meisies nie. Toe nou op Koninginnedag die verjaardag van koningin Juliana (in Nederland maar ook in Nieuw-Guinea) gevier word, vertel hy van die koningshuis allerlei besonderhede onder andere dat koningin Juliana net dogters gekry het en geen seuns nie Dit was nou 'n ding vir die mense daar en hulle sê vir die sendeling, Juliana moet so gou moontlik na hulle toe kom, want hulle het genoeg mans om met die prinsesse te trou !!!

Terwyl hy so besig is met sy verhaal wat die gewoontes is van die volkies daar, sê Ma vir my: Jan, die vrugwater het gebreek .... Ons hardloop na buite toe waar Ma die water kon laat loop, en besluit, dis nou sulke tyd, en ek het Ma sommer dadelik huis toe gevat, daar het sy die spulletjies vir die hospitaal en die komende baba gevat en is ons al singende langs die met die vol en heldere maan verligte pad met sy pragtige vergesigte oor die baai van Hollandia-Binnen hospitaal toe, na Hollandia-Binnen waar die hospitaal was, 35 km ver langs 'n bergpad met so 60 draaie om die heuwels heen. Ek het toe wel versigtiger gery ....

s'Aands om 10:00.uur is ons daar, Ma na die kraamkamer en Nico het 'n paar uur later die lewenslig gesien. Met albei was dit gelukkig goed en gesond, geen komplikasies en kon hulle binne 'n paar dae weer huistoe kom! Dit was nog die ou van hout pale en Gabah Gabah (sagobladstele) bewanding en sementvloere hospitaal, waar die slange op jou in die toilet gewag het, en geloer het op die rotte wat daar oorals oor die mure en dakke geren en gespeel het ..... Dit was tenminste taferele wat die pasiente kon besighou dat hulle hul nie sou verveel nie ....

Hier het ons ook ons eerste eie motorkar gehad, 'n 960 cc DKW.! Ons vorige periodes het ek altyd 'n landrover vir myself as dienskar gehad wat ons ook vir ons privaat doeleindes kon gebruik, maar hier in Hollandia was dit nie meer die geval nie dus moes ons self sien kom klaar met vervoer. Ons keuse was 'n DKW wat met sy voorwielaandrywing 'n voordeel was op al die grondpaaie. Die eerste ding vir ons was dat Ma ook haar rybewys in hande kry, dat sy wanneer ek nie by die huis was nie, uit die voete kon kom vir vriendebesoek, inkopies doen en so meer. Dit het slegs wel net 'n paaltjie by ons huis en 'n deukie in die linker-voormodderskerm gekos, maar Ma het toe haar rybewyseksamen met lof kon slaag.

Verder onthou ons 'n vermakelike gebeure by die meer van Sentani, waar ons met Harmjan en Nico later 'n bietjie gaan swem het. Terwyl ek op die jeugd pas, swem Ma en 'n vriendin 'n bietjie in die water rond, en kom af op 'n paar stokke wat in die water dryf. Toe hulle die stokke vat, blyk dit dat daaraan visse was vasgemaak wat nog lewendig rondswem sover die ysterdraadjies dit hulle toelaat. Nouweliks was Ma en haar vriendin by die stokke, of daar verskyn seker so 'n dosyn Papoeavroue se koppe bo die water rondom hulle en begin skeld en skreeu op Ma en krie dat hulle die stokke met die visse moet los want die visse is hulle s'n wat hulle gevang het. Dit blyk toe dat die vroue onder water geswem het en die vissen met die hand vang, en dan vasryg aan die ysterdraadjies, bestem vir

konsumpsie ....Die vroue kon blykbaar baie lank onder water bly !! Ons het die aanblik van die dosyn vrouekoppe wat plotseling uit die water opduik nie gou vergeet nie !!.

Verder het die sendingsaksie van Louis Godschalk in die jare 1952-'55 en ek aan die kerk van Utrecht op 'n manier tog wel resultate geboek omdat 'n paar kerkelike gemeentes soos van Drachten en Enschede besluit het om met sendingwerk te begin op Nieuw-Guinea. Ds Meeuwes Drost was die eerste die gekom het om verkenning te doen waar om met sendingsaktiwiteit te begin en die keus het geval op die gebied Noord van Tanah Merah tot aan die Zuidelike voet van die Sterrengebergte, met as Oostelike grens die met Australies Nw Guinea en wes tot aan die gebied waar die RK Missie reeds Missionarise geplaas het. Hy was daar reeds gewees tydens my 'Intermezzo' periode, en toe ons weer in Hollandia was, was hy reeds in Tanah Merah gevestig, en het die volgende sendelinge, eerstens Jaap Klamer met sy vrou, en daarna Jan van Benthem met vrou en kinders, ook aangekom en respektiewelik in Kawagit en Kampng Kouh, noord van Tanah Merah gevestig.. Hulle sendingsaanpak was anders as wat ons idee was gewees as kenners van die plaaslike situasie. Godschalk en ek het namelik in ons rapporte voorgestel om verder te bou op die reeds gedane sendingswerk, begin deur Otto en Geissler in 1852 en verder deur die Indies Protestantse en Rooms Katolieke Kerke wat daar reeds 100 jaar terug begin was. Dit sou gedoen kon word deur die oprigting van 'n gereformeerde meer gevorderde opleidingsskool vir evangeliste en predikante in Hollandia of Sentani om so 'n evangeliese bovenbou op Nieuw-Guinea te verskaf. Die beskikbare sendingsgelde sou op die wyse die hoogste rendement lewer, en binne 5 jaar sou goed opgeleide Papoea-sendelinge dan self die oerwoud kon intrek om in hul eie taal die verlossingsboodskap in Jesus Christus aan die inboorlinge te verkondig. Dit sou vir ons blanke sendelinge dan minder drama en opofferings wees, geen probleme vir onderwys aan hul kinders nie, en hulle sou hoofsaaklik met hul eie teologiese en evangeliese werk besig wees wat 'zoden aan die dyk zet'

Maar die kerke van Enschede (in Holland) en daar meewerkende kerke het anders besluit; hulle sendelinge moes self die oerwoud ingaan, die plaaslike tale leer en temidde van die inboorlinge gaan woon .... En dit is ook wat ds Meeuwes Drost met sy opvolgers gaan doen het. En Jan Meyer en Ellie Nieboer se taak was om die mense in die oerwoud te leer skryf en lees en reken.....Hulle wou 'n eie geheel maagdelik gebied vir hulle self kry en dit was wel beskikbaar, Noord en Noord-Wes van Tanah Merah. . Zo gezegd zo gedaan.

Jaap Klamer en sy vrou het van ons gasvryheid gebruik gemaak en ruim 'n week (dat was Junie 1958) by ons gebly, waarby tydens die huisgodsdienste op 'n Sondagoggend ons nagmaal gevier het (by gebrek aan rooi wyn het ons wit Martini gebruik !) en HarmJan op 11 maande oud gedoop is

Amper sou ons die geleentheid gemis het as gevolg van baie ernstige siektes

Ek was namelik juis twee weke tevore terug van die toernee van drie weke na Ubrub so 250 km van Hollandia af waar ek bo van vertel het. Op pad soontoe was dit 1 uur se vlieg na Arso en dan nog ruim 6 dae se stap, en het ons deur kampongs gekom waar die bevolking soos ratte gesterf het aan .... difterie!! Die siekte het tevore nie onder die Papoea's geheers nie maar was deur ons blankes na die land gebring en die Papoea's het daarteen geen enkele weerstand gehad nie. Die mense het besmetting opgehoop, kry eers seerkeel, dan kwaai koors, en na drie dae was hulle dood. So het hele

kampongs massaal uitgesterf !! Op die toer het ons 'n vriendelike Fransicaner monnik teengekom wat met penniciline injeksies probeer het om mense te red, maar dit het net uitwerking gehad wanneer dit in 'n vroeg stadium toegedien kon word en slegs enkele pasiente was so gered..In elk geval, ons moes as groep met Papoeadraers angsvallig oplet om ook nie besmetting op te loop nie, en het alle kontak met die bevolking van kampongs verbied. Maar toe ek by die huis terugkom, begin by my dieselfde simptome .... Ek dog ek het ook difterie opgeloopt en so aan die dokter meegedeel. Hy gee toe die normale medisyne maar niks help nie. En ek sweet en sweet die hele bed nat met koors tot so 39 en 40 grade ... Toe sê die dokter, as ons nou aanvaar dit is malaria, slik nou maar kinine. So gesê so gedaan, maar my maag wou niks meer aanvaar nie en gooi alles uit.

Toe gee die dokter my kinine injeksies en waaragtig, die koors wyk nou en ek het op die nippertjie aan die dood ontsnap !! Maar daar was 'n week nodig vir herstel en nog drie weke 100% vakansie. Maar toe ek die bed uitkon, kry Ma werklik 'n dik keel dat sy amper kon praat en soort van difterie met koors. Toe die verplaagster op besoek kom om na my te kyk, sien sy my in die kombuis, en sê 'en nou, meneer Boer ?' Ek sê: 'kyk maar in die slaapkamer, dit is nou my vrou se beurt'. Toe kom sy in ons slaapkamer en bars uit van die lag. Maar ons verduidelik dat dit nou ons baie sleg uitkom, want ons verwag die Klamers binne twee dae !! Sy belowe om dit onverwyld die dokter te meld, en die gee toe binne 'n uur vir Ma 'n streptomycine injeksie, baie sterker middel nog dan penniciline. Dit het gelukkig gewerk, en Ma was binne 'n dag weer op die been, en verlos van die seerkeel en difterieaanval !! Ons kon as 'n 'gesond' egpaar die Klamers ontvang..... en het die paar dae saam baie geniet. Ds Jaap moes in die week sy verblyfsvergunning ens. vir Nieuw-Guinea regkry, kennismakingsbesoek by die Goeverneur doen en by Dept Binnelandse Sake en die Hoof van Polisie ens hom meld in verband met sy werk in die binnelande.

Die volgende gebeurtenisse moet hier ook vermeld word:

Jan Meyer, in later jare hoof van die Johannes Calvyn skool in Pretoria, was in die tyd dat ons in Hollandia was, sendingsonderwyser voor die VGK ook in Kampong Kouh, so 100 km noord van Tanah Merah, aan die groot Digoelrivier. Nou het sy vrou o.a. op haar geneem, om die Papoeavroue te leer om hulle grasrokkies te verwissel vir ons soort normale vrouekleding, maar dit bring mee, dat die vroue hul ook gereeld moet bad, iets wat tevore geen gewoonte onder hulle was nie. .

Die gebad kon net gedoen word in die rivier op 'n sandbank reg voor die kampong. Toe gebeur dit dat Jan se vrou terwyl sy in die water staan, plotseling onder water verdwyn, en nie meer tevoorskyn gekom het nie. Later het hulle haar 'n paar kilometer die rivier af weer geving, ernstig deur krokodille toegetakel en dood. Waarskynlik het so 'n ondier haar onder water gegryp en weggesleep, maar niemand weet seker nie. Jan Meyer het haar nooit weer gesien nie, en sy is in Tanah Merah begrawe. Jan het toe by ons in Hollandia so drie weke kom en die verskriklike skok probeer verwerk. In die laaste week vertel hy ons van sy werk in die Zuid en ook hoe 'n Pater daar met 'n Papoea onderwyseres met 'n gemotoriseerde prauw die oerwoud in is gevlug en daarna agterna gesit deur die monseigneur van die RK Missie. Die fyne van die verhaal kon hy nie vertel nie, maar ons het dit gou agtergekom. Ons het Jan na sy 'vakansie' weer na die lughawe teruggebring en kom weer tuis, toe daar 'n nette blanke man op ons voorstoep kom en hom voorstel: v/d Velden. Ons sê vir hom welkom waarmee kan ons help ??

Toe sê hy, hy kom die groete bring van ds Drost uit Tanah Merah en ons nooi hom om te gaan sit, en 'n koel drankie of koffie te gebruik. Hy het ook 'n Papoea vrou, netjies op europees geklee, by



hom gehad en ons begin met haar maleis praat, maar hy sê ons kan maar Hollands praat, sy praat goed Nederlands, en is 'n onderwyseres, Kathy Gebse. Ons nooi haar ook uit te kom sit en hy sê hy het 'n brief van ds Drost by hom vir ons bedoel. Ons begin snuf in die neus kry wie hulle is, en lees die brief van ds Drost waar hy ons vra ons te ontferm oor hierdie twee en te help waar ons kan. Dit is naamlik die bedoeling van v/d Velde om vir die Geref. Sending te gaan werk, en hy het Kathy Gebse saamgevat om te voorkom dat sy deur die Monseigneur as 'n nonnetjie in die klooster in word gedwing. Dit was die rede dat hy haar saamgevat het want sy wou glad nie die klooster in nie en seker nie daarin gedwing word nie .....

Koos v/d Velden vertel ons toe dat hy by sy werk as Pater vir die RK Missie ook baie ander probleme met die onderlinge moraal en menslike verhoudings gehad het en dit daar gevolglik nie verder kan uithou nie. Dat hy met Kathy gevlug het van die Roomse dwinglandy en uiteindelik by Ds Drost in Tanah Merah om raad en asiel gevra het, om so by ons te lande te kom.

Ons antwoord was toe, dat Kathy by ons welkom was, ons het 'n kamertjie vir haar gehad, maar vir hom moes hy in die dorp iets anders soek. So gesê, so gedaan, en hy het tydelike administratiewe werk gekry by 'n motorkarhandelaar, en onderdak in een of ander pension.

Die Monseigneur was woedend, en het telegram op telegram aan die Gouverneur, toen dr van Baal, om Koos se verdere verblyfsvergunning in die land terug te trek, maar dr. van Baal het hom niks daarvan aangetrek, want, sê hy, v/d Velden het niks verkeerd gedoen wat uitsetting uit die land uit regverdig nie.

Koos is naderhand, nadat hy nog in Hollandia vanuit ons huis met Kathy getroud is, vir die Geref. Kerk van Enschede, met Kathy na Nederland toegereis, het nog twee jaar se kolleges by die Teologiese School (Vryg) in Kampen gevolg en was daarna predikant in Groningen vir so 1½ jaar en toe weer as sendeling terug na Nieuw-Guinea, geplaas in ...Boma!!

Daar het hy met Kathy (wat die taal verstaan van die mense daar) baie seenryke werk gedoen en help Boma opbou tot nie alleen 'n sendings- maar ook 'n onderwys- en mediese sentrum van die wye omgewing. Dit was nou Goddelike humor, dat Koos indertyd deur die RK Missie bedoel was om in Boma die Geref. Sending 'af te grendel', dat hy nou inderdaad daar geplaas was, om die Geref. Sending daar te bevorder, en die RK Missie af te grendel ....!!

En Kathy het haar besig gehou as 'n uitstekende hulp vir Ma in die huishouding gedurende die half jaar dat sy by ons gebly het. Koos het verder elke vrye tyd veral naweke wat hy gehad het by ons deurgebring en ons het dikke vriende geword, tot op die laaste dae van sy lewe ook as predikant van die Geref. Kerk in Utrecht.

Ons onthou van 'n besoek aan die gemeente van Utrecht-Centraal waar hy nog 7 of 8 jaar gedien het, dat toe ons uit Pretoria vandaan by oom Joop en tant Riek geloseer het, die eerste Sondagoggend die diens daar bygewoon het, Koos vanaf die preekstoel sê hy het nog 'n mededeling aan die gemeente, dat broeder en suster Jan en Sjaan Boer ook 'by ons aanwesig is in die kerk', waaraan hy baie dank verskuldig is omdat hy van hulle indertyd die eerste beginselen van die Gereformeerde Leer ontvang het, en dat ons hulle opgevang het tydens hulle baie moeilike dae. Nou ja, die openbare erkenning het vir Ma en my natuurlik 'n onbeskryflike gevoel van dankbaarheid gebring !!

Helaas is ds Koos vd Velden daar omtrent 'n jaar nadat hy sy emeritaat op 65 jaar gekry het, menselikerwys jammerlik te vroeg aan 'n spiersiekte (kanker) oorlede.. Kathy leef nou nog in Utrecht as moeder van 5 kinders en grootmoeder van meerdere kleinkinders in 'n pragtig mooi en groot huis aan een van die Singels (boomryke lane) wat om die sentrum van Utrecht loop.

Verder was dit by ons huis in die begintyd van hierdie periode in Hollandia veral Sondae net ons twee, net met Harm Jan betreklik eensaam, en eers ook sonder transport. Hier het ek geen landrover ter beskikking van die diens gehad nie, en Jan Koops was met sy gesin reeds terug Holland toe.

Die eerste ding wat ons gedoen het, was om 'n motorkar vir onself te koop en dit was 'n DKW waar ek in Nederland reeds vertrouwd mee was, en oom Gys op Sentani had ook 'n DKW waarmee hy uiters tevrede was.

Toe ons in Hollandia op Dok 5 net gevestig was, het die bure op 10 meter afstand in 'n ander huis gebly met die voorstoep na ons gekeer. Soos dit goeie gewoonte is, gaan jy kennis maak met jou bure en maak ons 'n afspraak, vir 'n Saterdagmiddag. Die betrokke aand sit ons en wag dat hulle kom, gewoonlik so teen 7:00 uur s'aands. Maar die uur verstryk, en dit word 8:00 uur, maar ons merk dat ons bure steeds maar op hulle stoep sit en hulle nie verroer nie. Toe staan ons op en gaan na hulle toe en sê, julle sou tog na ons toe kom ??? Nee, sê hulle, julle sou na ons toekom !! Nou ja, ons het maar daarom geskater van die lag en maar by hulle bly kuier. Net toe ons so met mekaar kennis gemaak het, hulle was ene egpaar Magendans, en ons vertel mekaar watter werk ons doen, waar ons gebore is en hoeveel kinders ons het ensovoorts, sê hy plotseling: "Maar jy was in die vroeg veertiger jare op die Christelike HBS in die Rozenstraat in Groningen !" Ek sê verbaasd: "Hoe weet jy dit ???" "Nou," sê hy:" Ek het by jou in die klas gesit !!; jy het mos in die middelste ry in die tweede voorste bank gesit, en ek in die tweede agterste in die derde ry." Toe onthou ek hom ook. Nou ja, toe was die ys natuurlik werklik gebreek en het ons aan hulle verder baie goeie bure gehad.

By dieselfde huis het 'n paar bome gestaan, wat so gegroei het dat hulle takke oor die dak en die dakgeute gehang het. Nou was bome baie welkom vir die skadu teen die warm tropensonne.

Maar dat dit ook 'n nadeel kon wees het ons gou agtergekom. Want ons solder was 'n welkome skuilplek vir groot skeepsrotte wat met die skepe in die baai en aan die steiger met die bagasie ook hier aan land gekom het. Welkome voedsel vir die menigte slange wat hier van nature tuis was. Maar die rotte het hier ook goed gedy, waarvan weet ek nie maar hulle was vet en het dikwels moeite gehad om hulle ewewig te bewaar wanneer hulle oor die dakgeute en boomtakke geloop het.

Op 'n Saterdagmiddag sit Ma en ek op die stoep elk in 'n lui rottanstoel en geniet 'n drankie en van die uitsig oor die baai. Ek had 'n kort broek aan met nogal wye pype soos die mode was die dae. Toe kom daar weer so 'n rot oor die dakgeut, en val vlak voor my neer op die stoep. Die dier skrik daarvan so geweldig, sien die donker gat van my broek en spring onmiddellik in my broek in. Daarvan moes ek natuurlik niks hebben en ek spring ooreind soos 'n duivel uit die doos, en val die rot in die stoel agter my maar ek verloor my ewewig en val toe terug in die stoel met my gat bo op die rot. Toe spring ek natuurlik onmiddellik weer op dat die rot my nie byt nie, en ek het nog nooit 'n rot so vinnig sien weghardloop van die tumult af nie. !!!!

Maar die een wat dit alles van ander kant die tafel gesien het, was natuurlik Ma en pleks dat sy my troos, kon sy maar nie ophou met 'n onbedaarlike lagbui en tot vandag toe begin sy weer te skater as sy weer aan die hele petalje dink !!! Nou ja so is die mens maar .....

Verder het ons in die huis nog 'n klein boomkangeroe tuis gehad. Die het ek op 'n besoek aan Lereh van die papoea's gekry, toe hulle sy ma gepyl het en die kleintjie in die buidel gekry het. Toe ek hom kry was dit net so groot soos 'n jong hasie, maar kon reeds alles vreet. Ons het hom Lolo gedoop.

Sy belangrikste voedsel was boomblare van seker eetbare soorte, maar hy het ook saam met die kat uit die kattedak gevreet. Ons het hom so 'n jaar gehad en hy het in die tyd volwasse geword en so driekwart meter hoog as hy op sy agterpote gestaan het. Sy stert was dik en ook so driekwart meter lank. Hy kon wel loop maar altyd verkies om te spring en sulke spronge was meestal so twee tot drie meter. Was hy haastig was sy spronge wel tot 5 meter !! Ons sitkamer was hy in twee of drie spronge in en uit. Dit was 'n gesellig dier, het van geselskap gehou, en ook van die blomme wat Ma op die tafel gesit het, dit was vir hom soos 'n soetkoek traktasie. Wanneer daar gaste gekom het en ons drink so 'n drankie en gesels, dan kruip hy versigtig nader van agter onder die stoel deur, en gryp plotseling met sy skerp voorpootklawwtjies om die (meestal kaal) bene van die gas, en gee met sy skerp tandjies 'n liefdesbytjie daarin. Ons sien dit aankom, maar sê niks en waarsku ook nie, en wanneer Lolo dan sy greep doen en sy bytjie, skrik die gas hom boeglam maar ons lê dubbel van die lag sodat die gas dan ook maar saamlag .....

Nou ja, so was ons dan ook maar op sy tyd 'n bietjie ondeuend dit het wat lewe in die brouery gegee .....

Ons soldate het gou vriende met hom gemaak en het die spelery ook geniet.

Maar somtyds het Lolo sommer verdwyn in die oerbos langs ons, en bly een of twee weke weg. Maar hy het altyd weer uit die bos teruggekom, en sy eerste rit was altyd weer die kattedak, om die leeg te eet !!

In die Kerkelike Jaarboekie van die Geref. Kerke (Vryg) was ons vermeld as kontakadres vir lidmate ook vir dienspligtiges van die Weermag en Marine, vir die hele Nieuw-Guinea.

In die begin het ons by die huisgodsdienste nog geselskap van Jan Koops en sy vrou gehad, maar na hul vertrek na Nederland was ons so 6 maande sonder besoeke van buiteaf deur vriende, mariniers of landmagsoldate. Ons sê toe vormekaar, dat dit maar moeilik was om vol te hou. Met dat ons dit so in die gebed aan ons Hemelse Vader voorgelê het, kom daar in die week iemand hom aanmeld en vra of die fam Boer hier bly. Hy sê hy is ook gereformeerd en wil graag kennismaak omdat ons as kontakadres vir die Geref. Kerke in die jaarboek staan vermeld. Ons het hom amper juigend ingehaal, en ontvang hom hartelik, en sê vir hom dat ons op hierdie kennismaking saam 'n glas bier gaan drink !! Toe sê hy daar is nog 'n paar in die kamp, wat ook wil saamkom en ons maak die belofte om hulle skere tyd elke Sondagoggend by die kamp te kom haal, dan kom kuier hulle verder die hele Sondag by ons en bring ons hulle saands voor 10:00 uur weer by die kamp terug. Nou ja, dit kon ons so meer as 'n jaar geniet. Net was Ma na die tyd weer aan 'n nuwe eetservies toe omdat die soldate graag die skottelwas na etes gedoen het waar die borde nie altyd daar teen bestand was nie .... Maar dit mog die vreugde nie druk nie !

Dit was intussen midden 1959 en het ons gereed gemaak vir ons verloftyd in Nederland, en het daarvoor intussen vir die reis geboek op twee vrgskepe met passasiersakkommodasie, die eerste etappe na Saigon en Singapore, die tweede van Singapore oor Colombo en Suez na Rotterdam !!

Omdat die bootreisverhaal heeltemal apart en van heel ander aard is as ons Nieuw-Guinea ondervindings, en die tyd in Merauke beter aansluit op hierdie hoofstuk van Die Woudloper, gaan ons hier eers verder met die Merauke-episode, en sal in 'n hoofstuk daarna oor die bootreis vertel.

Die volgende hoofstuk gaan dus oor die ruim 2 jaar in Merauke....

## MERAUKE

1960-1962

Na ons ‘Europees Verlof’ van ruim vyf maande waarvan dus ruim twee maande op die “Weltevreden”, ‘n groot vragboot van Lloyd’s met luukse passasiersshutte Nederland toe, waarvan ek dus in ‘n volgende hoofstuk vertel, het ons net na die Kersdae 1959 met die 4-motorige Constellation of ook wel ‘Skymaster’ weer na Nieuw-Guinea teruggekeer. Ons was na ‘n driedaagse vliegreis met ‘n nagstop in ‘n hotel in Karachi en ook Bangkok presies die Ouejaarsaand 1959 weer op die koraaleiland Biak terug en het daar oornag in die groot en nuwe, geheel van hout op stewige pale geboude goevernements-hotel. Hierdie bouwyse het die hotel bestand gemaak teen die gereelde nogal sterke aardbewings wat die gebied gereeld van November tot in Februarie elke jaar geteister het.

Nico het onderweg helaas doodsiek geword van ‘n oordosis (vir ‘n volwasse mens bedoelde) anti-typhus injeksie (die arme jong het voortdurend geril en gebeef van 38-40 grade koors) wat hy in Holland vlak voor ons vetrek van ‘n oorspanne verpleegkundige gekry het. Die ouejaarsnag in die hotel het ons lang onthou, want die plaaslike bewoners het die Nuwe jaaroggend uitbundig gevier met groot bommetjies vuurwerk, waarvan ook onder die vloer van die hotel gegooi is, soos onder ons hotelkamer .... Die hotel was namelijk so ‘n meter hoog bo die grond en hoenders kon ook daaronder deurtrippel op soek na wurms en gogga’s.. Nico het elke keer wanneer daar weer ‘n bommetjie geplof het onder ons vloer, met die koors wat hy nog steeds gehad het, opgeskrik asof hy deur ‘n by gesteeek was ... . Nou ja teen drie uur die nag het dit rondom die hotel eindelijk rustig geword en kon ons saam met Niek die res van die nag eindelijk nog ‘n bietjie slaap inkry.

Die volgemde dag vlieg ons toe met ‘n Dakota van die “Kroonduif” (dogtermaatskappy van die KLM) verder via Hollandia na Merauke. Altans dit was die bedoeling. Maar soos dit dikwels op Nieuw-Guinea gegaan het, ‘Al is jou beplanning nog so goed, op Nieuw-Guinea blyk dat dit altyd anders moet’.....

Die vlug van Biak na Hollandia met sy pragtige uitsigte vanuit ‘n gemiddelde vlieghoogte van so’n 1000 meter bo oor die strande en bosse van die Noordkuste en veral die geweldige 5 tot 10 km breeë Mamberamo-delta met sy bruin watermassa tot so 50 km ver in die blou diepsee van die Stille Oseaan, het voorspoedig gegaan, en het ons veilig geland op Sentani, die vliegveld van Hollandia.

Die Dakota moes daar ‘n uur staan om daar sy brandstofenks weer vol te maak vir die verdere etappe van 600 km na die Suide oor die 3000-5000 m hoogtes van die Sterrengebergte. Ons moes solank uitstap, en omdat van ons vriende in Hollandia geweet het ons is aan boord, het hulle in groot getal op die lughawe opgedaag om ons en ook van die ander passasiers te verwelkom. Terwyl ons so met mekaar sit, drink en gesels ontgaan dit ons dat ons mede-passasiers vir Merauke intussen weer ingestap het, en hoor ek plotseling die motore van die Dakota brullend start sonder dat ons aan boord is.....

Ek spring van my stoel op, spring oor die hekke en gaan staan reg vóór die Dakota se draaiende propellers en swaai vir die pilote in die cockpit dat hulle 'n bietjie moet wag dat ons ook nog aan boord klim....

Gelukkig verstaan hulle, sit die twee ensiens op luierspoed, iemand maak die agterdeur van die Dakota oop dat ek kan inklim; en Harmjan en Nico intrek, maar vir Ma was dit te hoog en sy was vir my te swaar om op te trek..... Vir haar moes die trap weer aangerol word dat sy ook inklim. Nou ja, daar gaan nou 'n gejuig binnekant die toestel op van die ander passasiers en van die besoekers buite, en kon die vliegtuig eindelijk die startbaan op om te vertrek. Tot nou toe was alles nog volgens plan. Die 600 km was vir die Dakota so ruim 'n drie uur se vlieg.

Maar na 'n uur bo in die lug tussen die wolke sien ek die toestel met 180 grade omdraai en dat ons meer en meer tussen die wolke bevind en die hemel begin toetrek. Dit was nou ook al so teen 12 uur die middag en het die weer nou reeds besonder vroeg begin toetrek. Dit het dus die uitsig te veel belemmer om oor die bergpasse van 2200 meter te kom omdat die berge geheel in die wolke verdwyn. So toe kom ook die stem van die gesagvoerder of eerste piloot in die deur van die cockpit, en sê: "helaas moet ons terugkeer en die reis die volgende oggend vervolg want die bergpasse is toegetrek en dit is te gevaarlik om nou oor te gaan. ....

So was ons om so half twee die middag weer terug op Sentani, die lughawe van Hollandis, maar daar was natuurlik van ons vriende niemand meer om ons hotel toe te vat, wat so 40 km van die vliegveld af was. Winia, 'n bestuursamptenaar wat ons nog uit Manokwari geken het, was egter daar nog en bied toe aan om ons hotel toe te bring. Die aand in die hotel het ons die geselligheid met ons vriende maar voortgesit.....

Die volgende oggend vroeg was ons meer voorspoedig oor die hooggebergte en was die vlug oor passe van so 2200 meter hoogte waar die Sterrengebergte links en regs tot so by die 5000 meter gestyg het.

By die tussenlanding in Tanah Merah was daar nog 'n vermakelike insident want een van ons meer gesette passasiers, 'n Indies-Nederlandse dame was net voor die landing op die toilet in die stert van die vliegtuig gaan sit. Nou gaan so 'n landing nie so saggies nie maar gaan dit gepaard met 'n geskud heen en weer en op en neer veral in die stertgedeelte; toe ons eindelijk op die grond stilstaan kom sy heeltemal wit van skrik en ontdaan uit die toilet uit en en sê sy dog hulle het verongeluk so is sy heen en weer gestamp in die klein hokkie ....

Ds Drost was op die vliegveld om te kyk of daar pos of passasiers vir hom was, en het ons by sy huis 'n koeldrankie en 'n geselsie geniet. Na 'n kort oponthoud, is ons daar weer weg en eindelijk behouden en wel in Merauke, met 'n hartelike ontvangs deur my nuwe baas, (ingenieur) van der Heuvel en sy vrou.

Die vir ons bestemde woning was egter nog nie heeltemal gereed nie, en moes ons nog 'n paar weke in die hotel bly wat ons goed gepas het want ons bagasie met die boot sou ook eers 'n paar weke later aankom, saam met ons eie motorkar, die groen D.K.W wat ons 6 maande terug in Hollandia agtergelaat het.. Dit het ons kans gegee om met almal waarmee ons te make sou kry, kennis te maak.

Die beheerder van die hotel het ook 'n groot hond gehad wat sy baas ook al eens gebyt het. Nic het so nou en dan met hom gespeel, maar op sekere dag was die hond daarvan nie gediend nie en byt Nico in sy wang. Dit was op 'n Sondagmiddag. Ons het onmiddellik na die dokter Esset van die plaaslike hospitaal met hom gegaan en dr Esset was woedend. Hy het Nico se wond geheg, en 'n

tetanus injeksie gegee, en verder die opdrag gegee om die hond onmiddellik af te maak, want dit was al die derde of vierde keer dat hy iemand moes help wat deur die hond gebyt was. Nic het nog jare daarna 'n litteken op sy wang daarvan gehou.

Ons nuwe huis was 'n heel wat groter en geriefliker drieslaapkamer huis as in Hollandia of Manokwari, die erf was nog 'n kaal stuk grond en dit was in 'n hele nuwe woonwyk in staat van wording. Trouwens, veel keuse het ons nie gehad nie want die Resident het dit eenvoudig aan jou toegewys met in agneming van jou status in die gemeenskap en gesinsgrootte.....

Ons bure links was die veearts, baas oor die Landbouafdeling van Merauke; hy het sy erf aan die voorkant 'versier' met drie pisangbome, en het ons dit al gou genoem huize 'DIE DRIE PISANGS'. Bij hom het ons nou en dan op 'n Saterdagmiddag perde geleen en probeer ry daarop deur die veld. Dit het Ma beter afgegaan as my want ek kon maar nie die regte sit op die perd se rug kry nie en Ma terg my tot vandag toe nog daarmee .....

Regs van ons het 'n Nederlands-Indiese familie gebly met so 5 jong kinders in HarmJan en Nico se leeftyd, hulle het baie saamgespeel en verjaardae gevier.

..

My nuwe werk hier sou wees assistent-hoof van die Tegnieiese Dienste van die plaaslike munisipaliteit (Residentie Waterstaatsdiens), met vd Heuvel as my senior.. Wanneer hy weg was, was ek die plaasvervangend chieff van die hele spul.

Die werk het dan behels die onderhoud en verbetering van die bestaande paaie en strate, onderhoud en bou van wonings, die drinkwaterleidingnet en rioleringsdienste (hoofsaaklik septictenks by die wonings en stormwater-afvoere by die paaie en strate), die bouryp maak van nuwe woonwyke poldergewys met kanale en dyke en al met die monitor van die boukontraakteurs wat die wonings gebou het, die bestuur oor 'n groot boom- en houtsgery met skrywerkersfabriek vir die vervaardiging van wonings en meubels. Die personeelsbestand van die hele sg Residensie Waterstaatsdiens was so 300-400 man.

Die verharding van die paaie met sandbeton kon net in die nag gebeur van die middag 5 uur tot so 4 uur vroeg die oggende, omdat die warm son op die dag die betonvlakke te vinnig uitgedroog het; en die timmerfabriek het volle 24 uur met drie skofte gewerk.

Verder het ons vir die opbou van die hout wonings (op pale) in die binnelandse bestuursposte spesiale bouspanne van so 'n 8 man gehad wat daarvoor soms 4-6 weke weg was die oerwoud van die binneland in, om nuwe wonings te verskaf vir die Landsbestuur daar.

Omdat daar dikwels twiste en onenigheid was oor die nommers en volledigheid van die voorafvervaardigde onderdele en pakkette, het ek al gou bepaal dat van die begin van 'n bouprojek af in die fabriek 'n vaste bouspan met hul eie voorman saamgestel is wat in die fabriek reeds van die aanvang af betrokke was by die voorafvervaardiging en saamstelling van die betrokke boupakkette, en dat steeds dieselfde span verantwoordelik sou wees vir die opbou van die wonings in die bepaalde plek in die binneland. So kon hulle dan by gemaakte foute net hul eie span verwyte en nie 'n ander ploeg nie..... Bowendien het elkeen in die fabriek dan die kans gehad om ervaring buite die fabriek op te doen met die bou van die wonings.

Die materiaal wat ons gebruik het vir die wonings was 'n soort donkerbruin ysterhout, wat gedurende die eerste half jaar na die kap van die boom nog redelik bewerkbaar was met masjiens en handgereedskap, maar daarna net deur blootstelling aan die lug te hard geword het vir bewerking met normaal gereedskap.

Die hout was absoluut weervas en geen gogga's kon dit in die loop van die tyd veruineer nie !! In hierdie hout wat 'n jaar oud was, kon jy geen spyker meer inkry nie, tensy met 'n ysterboor (!) die gaatjie voorgeboor word !! Die dakspante was ook van dieselfde ysterhout, maar indien beskikbaar liever van sagter houtsoort soos meranti, maar dit moes uit Singapoer (Malakka) ingevoer word en gevolglik duur. Die bos het ook wel sagter hout beskikbaar maar dit moes impregneer word met kreosoot teen gogga's wat dit uitvreet en voos maak. Die dakbedekking was gegolfde dun aluminiumplate, wat baie lig was om te vervoer en te hanteer, en het nie nodig gehad om geverf te word nie. Dit was ook nie onderhewing aan corrosie deur die sout in die lug wanneer naby die see gebruik nie.

Die balke en planke het gekom van reguit boomstronke van so gemiddeld 70-90 sm diameter en 5-6 meter lank wat in die oerwoud daarvoor gekap was, dit moes op vlotte die riviere afdryf en by die see deur die KPM kusvaartskepe opgetil en so een keer in die maand na die hawe van Merauke gebring word, en dan weer van die steiger op die hawe met 'n smalspoor-treintjie na die terrein van die timmerfabriek getranspoteer word. Die smalspoor-lokomotief had vd Heuvel self gefabriseer deur op een van die klein lorries 'n jeep-ensien kompleet met ratkas en koppeling te installeer wat dan vanaf die ratkas (in laagste bergversnelling) met een of ander kettingaandrywing op twee van sy wiele die treintjie van so 5 of 6 boomstamme op 'n slag kon trek met 'n stapvoets sukkelgangetjie na die timmerfabriek. Die treintjie het altyd vlak langs ons huis die pad oorgesteek. Harm Jan kon dit as drie-jarige seuntjie presteer om as die treintjie aankom en by ons oor die pad gesteeke het, met sy driewieltjie so vinnig moontlik na die treintjie toe te fiets, om dan net voor die treintjie met sy voorwielletjie so te rem dat hy so 'n halwe meter vlak voor die treintjie met 'n noodstop stilstaan...!! Onnodig om te sê dat hy die waagstuk met 'n warme uitbrander van my kant af beloon is.....(gelukkig het hy later toe hy sy rybewys gehaal het wat versigtiger geword ..... ) Ander kere mog hulle wel met die treintjie saamry en sit op die boomstronke onder begeleiding van die 'bestuurder', daar het ons geen probleem mee gehad nie ....

Die timmerfabriek was skuins teenoor ons huis, en vd Heuvel het daar dus 3 skofte laat werk. Wanneer daar dan 'n nuwe boomstam voor die groot sirkelsaag geplaas is, en die boom in die saag gedruk word om balke en planke daaruit te saag, het dit 'n hoog gierend geluid gemaak wat tot ver in die omtrek hoorbaar was. Maar ook die masjinale skaaf het met hoë toere gewerk en 'n dergelik geluid gemaak. My baas het al baie klagtes oor die inbreuk op die nagtelike rus gekry maar sy antwoord was altyd dat hy onder hoë werkdruk was en dit voorlopig nie kon stop nie ... Ek het toe 'n geluids-aborberende ombou om die masjiens met sagte spaanplate ontwerp en laat bou; dit het bietjie die aantal desibels wel afgebring maar nog nie genoeg nie.

Maar toe by die verlof van v/d Heuvel ek daar die toesig moes oorneem, was dit deur my vir hulle onverwagte nagtelike inspeksies die bevinding dat die nagploeg van 10:00 tot 6:00 uur eintlik baie min presteer (is te verstante) en het ek die nagskof gekanseleer. Daarmee het die rustigheid van die nag van 22:00 tot 6:00 terugkeer en was die omgewing dankbaar daarvoor. Die eienaardigheid



was nog dat daarna ook baie minder foute in die fabriek gemaak is en gevolglik styg die produksie bo dit wat dit was as met die drie skofte !! Weereens het die nagskof hier teenproduktief geblyk te wees !!

Verder het ek toe alle Sondagarbeid ook gekanseleer en weer die 5- of 6-dag werkweek ingevoer met Saterdag hoogstens een skof, van 6:00 tot 14:00 uur. So het die Sondagsrus ook weergekeer in die dorp. Die Saterdagmiddag was dan vir almal net vir sport en ontspanning. Verder het ek die bouspanne wat weke lank weg was in die binneland, vir elke week dat hulle afwesig was, 'n ekstra volle dag vry-af gegee om die tyd by hulle gesinne te kon bly, as vergoeding vir hul langdurige afwesigheid. Dit het ook baie goed gewerk !!!

Sommige het dan gaan jag op die groot kangeroes in die bos of ook die bruin herte (was daar nie inheems nie) wat in die bosse en graslande verwilder rondgeloop het, sterk vermeerder en tuisgemaak het. Hulle vars wildvleis was baie 'n welkome.aanvulling op ons blikkies-rantsoen in Merauke !!

Die groot-baas in so'n Goevernements-Afdeling (sou kon sê 'Provinsie') van die samelewing op Nieuw-Guinea was die sogenaamde Resident. Hy was die man waar alle drade van die samelewing bymekaarkom en was daar geplaas namens die Landsbestuur deur die Goeverneur, wat in Hollandia gesetel was. Alle dienste was aan hom ook verantwoording skuldig en moes hul maandelikse verslag ook by hom inhandig. In Merauke was dit die Afdeling Suid-Nieuw-Guinea en in my tyd daar was dit mnr Eibrink-Jansen. Ons het mekaar geken reeds van die beginjare 1950 in Hollandia en later in Manokwari, en kon goed met mekaar oor die weg kom. Aan hom het ek in Merauke ook 'n bevordering tot Tegnies Hoofd-amptenaar te danke wat 'n belangrik verskil in die maandsalaris beteken het, maar veral die waardering vir jou werk van die groot-baas doen 'n mens se hart goed.

Dit was vir my daarom ook 'n moeilik te vertere saak toe ons twee jaar later (in Februarie 1962, vd Heuvel was net terug van sy Europees verlof) veral terwille van Ma se swangerskap van Gea finaal moes bedank uit die Nieuw-Guinea-diens wegens dreigende oorlogsgeweld deur Indonesië, of eintlik liever die slagghouding van die Nederlandse regering daarteenoor.

Gea is 'n paar maande later, die 22e Junie 1962 ook in Bennekom (Nederland) gebore dieselfde dag dat die Indonesiese parachutiste bo Merauke gedrop is ....Daar sal ek later nog van vertel.

Bo die deur van die kantoor van die Resident, mnr Eibrink-Jansen (hy was 'n ogtendmens en was s'oggends kwart voor sewe daar meestal reeds aan die werk) het met duidelike letters gestaan:

'ALLE PLANNING IN DE ZUID, KOMT TOCH ALTYD ANDERS UIT.'

Die spreuk was daar helaas 'n te grote waarheid, want by elke beplande toernee, vlieg- of bootreis was daar soveel onberekenbare en ook onverwagte omstandighede dat jy gedurende die uitvoering van elke plan moes beskik oor plan A, B en C en jou planne voortdurend moes bystel !!. Beplan jy 'n

reis vir bv 5 dae, moet nie verbaas wees nie dat jy gedwing is om 2 weke of langer weg te bly nie. Ma het dit dus ook helaas 'n paar keer ondervind veral tydens ons Hollandia-periode.

Maar in Merauke het ek kans gekry om Ma nader te laat kennismaak met die werk in die oerwoud van die binneland. Toe ons 'n jaar in Merauke was, het ons die reg op so 2 weke vakansie opgeneem om aan 'n privaat versoek van ds Meeuwes Drost in Tanah Merah te voldoen, om te gaan kyk in Bomah of die aanlê van 'n vliegveldjie vir die Vryg Geref. Sending moontlik was. Dit was 'n nog primitiewe sendingspos waar ene ds Kees Versluys met sy vrou Françien geplaas was om te begin met Evangelieverkondiging onder die Papoea's aan die bovenloop van die Bomah-rivier, so 150 km Noord-Wes van Tanah Merah, en twee dae se stap deur die woud (40 km soos die kraai vlieg) vanaf kampong Kouh, waar ds Jan van Benthem gestasioneer was. Ons Harm Jan en Nico sou dan die paar dae by verpleegster Annie Havinga in haar wankele huisie op pale in Kouh agterbly. Hulle kon solank met die kinders van ds van Benthem optrek en speel..

Kampong Kouh was bereikbaar deur die Digoel 'n halwe dag lank op te vaar met 'n motorbootjie, die 'Ichtus' van die Sending wat 'n oop bootjie was, met 'n sonseil oor en sitplekke vir so 8 persone. Moes jy onderweg jou water of iets meer kwyt, moes jy maar met jou broek omlaag oor die rand van die bootjie dit doen terwyl jy jou aan die spyle van die daktent vashou en die ander medereisigers die ander kant uitkyk tot jy klaar is. Aan die wal gaan daarvoor was te riskant in verband met kroks en dergelyke.

Tanah Merah kon ons met die Dakota bereik, en het daar na 'n gesellige aand oornag by fam Drost, en die volgende dag dus met die bootjie die rivier opgevaar. Die waterstand was laag, en ons kon die kroks op die sandbanke sien lê in die son maar die meeste het terwyl ons verbyvaar, in die water gespring. Vroeg die Vrydagmiddag kom ons in Kampong Kouh en het die naweek daar oorgebly by suster Havinga, ook daar deur die sending geplaas.

Die volgende dag, Saterdag het Ma daar die geboorte van 'n baby in die bos bygewoon en dit gefilm want manne mog die geboorte van die baby nie bywoon nie. Die bevalling was bygestaan deur die Ma van die vrou en die tweede (oudere) vrou van die man.

Vroeg die Saterdagmiddag kom nou Jan Meyer (onderwyser) en Ellie Nieboer (onderwyseres) uit die bos uitgestap, terug van 'n besoek aan Bomah waar hulle op inspeksie was gewees vir die oprigting van 'n skooltjie. Hulle was skynbaar reeds gesoute woudlopers.

Hulle twee het die skooltjie in Kouh aan die gang gehou. Ellie en Annie het saam in die ene huis gebly.

Alle 'geboue' was in kampong Kouh op pale van so 'n meter hoog gebou en het 'n niboeng (repe van die stam van die niboengpalm) vloer gehad. Tussen die niboeng planke deur kon jy die hoenders en varke onder jou sien skarrel op die grond onder die vloer. Die dakke was almal grasdakke, behalwe die huis van dominee, die het hy self en eichandig gebou van betonstene, hout kapspante en gedek met gegolfde daksinkplate.

Sondag was dit nou kerkdiens en het dominee eers al die hutte en paalhuse ingegaan om aan te kondig dit is nou tyd vir kerkdiens en almal moet kom luister.

Toe klingel ds v.Benthem die kerkklok (slaan met 'n hamer op 'n stuk spoorstaaf) en kom die mense. Van sommige vroue moes suster Havinga die bloesie weer uittrek en buite binne keer terwyl die vroue daar bostukloos gestaan het want hulle had dit binneste-buite aangetrek. Maar baby's verder aan die bors, huilende kinders, rokende manne ensovoorts alles was welkom, solank hulle 'n broekie of jurkie aangehad het..Die sang was natuurlik a capella wat ons Hollanders probeer voorgaan (in Maleis) in die Geneefse wysies. Dat dit nou en dan 'n bietjie skeef gegaan en vals geklink het het nie saak gemaak nie.

Toe begin dominee die verhaal van Absalom op die esel (sover was hy met die Bybelse geskiedenis) soos hy aan die boom bly hang het met sy lang hare, te vertel . Nou was dit 'n bietjie moeilik, want die Papoea's het nog nooit 'n esel gesien, en nog minder dat jy op 'n dier kan ry ....!! Hulle ken net die vark en dit is nie 'n rydier nie, die hele storie het hulle 'n bietjie ongeloofwaardig voorgekom .... !!

Ook het die mense daar mos nie lang hare nie, hulle het net kort pikswart kroeshaar. Maar dominee gaan moedig voort en wys hulle maar die prentjies uit die kinderbybel !! Waar die kinderbybel se prentjies nie al goed voor is nie .....

In elk geval verloop die 'diens' verder redelik goed (alle begin is moeilik) behalwe dat nou en dan 'n hoender dwars deur en oor ons mense deur die kerkruinte vlieg of twee varke onder die vloer luidrugtig rusie kry oor 'n paar wurms, maar dit mog die diens nie hinder nie, dominee gaan onversteurd voort.. In elk geval was dit vir ons 'n heel aparte ondervinding, ook dat by hierdie Evangelieverkondiging die satan ook maar oorals is en op alle maniere probeer die verkondiging te verhinder..

In die namiddag het ons (die blanke sendinggemeenskap van Kouh) in die huis van dominee 'n huisgodsdienst gehou, met preeklesse en nagmaaldienste. Ek meen ons het nog 'n paar stukkie brood daarvoor oorgehad (dit was daar normaal nie beskikbaar nie, net wit rys of sagokoeke) en ds had nog wat rooi Martini wat as wyn gebruik is. Verder was hierby daarom met alle rustigheid geen varke, hoenders of bostuklose vroue nie.

Die Maandag daarop het ons nog nie geloop nie want dit was reën en te nat om te vertrek, maar ons het dus wel die draers en gidse gereel, om ons na Bomah te bring. Jy moet trouens nooit sonder Papoea's van die betrokke omgewing die bos intrek, want hulle oë sien alles, terwyl jou oë nie tussen al die groen en bruin die besonderhede sien nie, en hulle weet wat jy ingeval van nood in die bos kan eet en wat nie. .

Die volgende dag was dit weer droog en het ek en Ma dus met 4 Papoea-draers (met kos, water, klamboes (muskietnette), opblaasbare bedde alles in groot waterdigte blikke vir die nagkamp onderweg), die bos ingetrek op pad na Boma. Ek het waterlaarse aangehad, maar Ma net wit tekkies met kort kouse. Nou is dit in die bos altyd nat, seker na die reën van die vorige dag. Daar was plasse water om oor te spring en boomwortels wat uitsteek waaroor jy kan struikel, maar Ma het haar uitstekend gehou (ek het nie vir niks 'n proefperiode met Ma gehad in die Karwendelgebirge in Oostenryk nie ...), net haar tekkies was al gou meer donkerbruin as wit. Vóór ons uit het twee Papoea's gestap, dan ek, dan Ma agter my en twee Papoea's agter ons. .Op 'n gegewe oomblik, ek weet nie meer hoe dit gekom het (ek het seker iewers by 'n boom bly staan), loop Ma voor my, direk

agter die voorste Papoea. Die kerel stop op 'n gegewe oomblik plotseling, en wys na iets op die grond, 'n meter voor hom. Ma wil hom verbystap, maar die man hou haar teen. Toe vra Ma, waarom stap hy nie aan nie, maar hy wys op die grond. Ma sien nog niks, maar toe kom ek by en sien die groot gifslang van 'n meter op die grond lê; die dier had dieselfde dekkleure as die dooie blare op die grond, bruin en gespikkeld met swart. Toe sê ek vir Ma: :”Sien jy die slang nou glad nie !!” “Wáár sien jy hom dan ?!” vra sy. “Dáár lê hy !! “ wys ek vir haar met my stok. Toe eers sien sy hom ook tussen die blare. “Dit is hoekom ek die twee Papoea’s vóór laat loop, “ sê ek vir haar, “en moenie hulle onder geen voorwaardes verby stap nie. Hulle oë is aan die bos gewoond en sien daar alles, maar jy met jou stads-oë is nog blind vir wat in die bos aangaan !!!.”

Nou ja, dit is maar so met elkeen wat nie in die bos grootword nie, jou oë moet gewoond raak aan die omgewing om die verskillende dinge te kan onderskei, en dit vat seker 'n jaar se gereelde verblyf in die bos om die verskillende kleure groen, bruin en ander kleure te onderskei en te definieer, en dit geld ook vir jou gehoor.. Later in Suid-Afrika het Ma meer gewoond geraak om in die veld die verskeie bome, plante en diere te onderskei, somtyds selfs beter as ek dit kon doen !!

Die Papoea soek toe 'n takkie met 'n vurk, splyt hom en druk die vurk vinnig agter die kop van die duimdikte slang, druk die nek in die splyt van die tak dat dit hom vasknyp en die lyf slinger hom om die tak en word so verder soos Moses die slang op sy stok gehad het saamgeneem om vir braaivleis gebruik te word die aand.

Die eerste aand moes ons in die bos oorslaap, en daar was reeds eerder op dieselfde plek kamp gemaak waar ons gebruik van kon maak; dit was ook naby 'n helder waterlopie wat ons drink en kookwater verskaf het. Net die afdak was reeds verdroog en veruineer en het ons nuwe palmblare laat kap en die dak weer waterdig laat maak. Maar die Papoea's het dit nie die moeite werd gevind om dit vir hulself ook te doen. Die nag het hulle spyt gekry daarvan want teen middernag het daar ook weer 'n hoosbui losgebars dat hulle in die reen moes slaap, maar Ma en ek het gelukkig droog gelê agter ons klamboes op ons lugbeddens.

Die aandete by die kamp het ek self soos ek gewoond was, op my manier klaargemaak: katjang idjo (kleine groene erwtjies) met 'n hele groot ui, en 'n hele blik Australiese corned.beef ) in een pannetjie op 'n primusbrander gaargekook, koffie tubruk met ingedikte melk daaragteraan. Vir die Papoea's was daar rystepap met blikvleis en een of ander blikgroente of ook wel sekere eetbare boomblare uit die bos, hulle het geweet welke. Die ontbyt die volgende oggend was maar eenvoudig rystepap met dikmelk uit blik en koffie..Somtyds het die Papoea's ook sagokoeke by hulle gehad maar die voedingswaarde was maar laag.

Die tweede dag se stap was vir 'n deel deur 'n groot sagomoeras wat grotendeels onder kniediep water gestaan het. Ek het Ma op my rug daardeur gedra want haar voete was klaar, en haar tekkies stukkend geloop..... So teen 4 uur die middag kom ons eindelijk by Bomah aan en word ons hartelik en uitbundig begroet, veral was Françien baie ingenome met Ma se besoek want sy het amper nooit weer die afgelope jaar 'n blanke vrou gesien nie (behalwe dan Ellie Nieboer die week daarvoor wat daar saam met Jan Meyer was.) Ma se voete is behandel met salfies en pleisters, en Françien het 'n groter maat spaar tekkies nog gehad, net die hakke was uitgebyt deur die hond maar dit het Ma gepas want dan skuur die blare op haar hak nie so teen die hakke van die skoene aan nie.....

Ek het dieselfde middag nog met ds Versluys gaan kyk na die lokasie wat hy op die oog gehad het vir die aanleg van 'n landingstrip van 300 meter lank en 25 meter breed vir die Cessna.

Dit was naby die dorp; die bodem was alluviaal gevorm deur die Bomahrivier dus hoofsaaklik sand wat wel goed gestamp moes word. Die in- en uitvlieglokasie het daarom nie te sleg gelyk en met enkele nadere aanwysings hoe om die middebaan van 10 meter breed baan hard genoeg te kry en met gras te beplant, kon wat die tegniese kant van die saak wat my betref die groen lig gegee word om met die werk voort te gaan.

Sowat 'n jaar later kon die eerste proeflanding daar inderdaad plaas vind en goedgekeur word deur die MAF se pilote, wat 'n hele verligting was vir die geïsoleerdheid van die plek, ver weg midden in die oerwoude van Suid-Nieuw-Guinea. Wel was die Cessna met waterdrywers daar 'n paar keer gewees en geland op die rivier langs die kampong, maar dit was altyd maar 'n gewaagde onderneming gewees net vir noodgevallen, omdat die drywers ekstra gewig was wat weer nie as nuttige bagasie saamgevat kon word nie, en 'n rivier altyd onder water obstakels kon verberg..

Die aand het ons natuurlik weer land en sand gesels en dit blyk maar moeilik om kontak te maak met die plaaslike bevolking om hulle in gareel te kry dat hulle permanent in die kampong bly, normaalweg het die inboorlinge in klein groepies van sagotuin tot sagotuin getrek en dit was dae se stap ver uitmekaar. En dit was die groot probleem by die oprigting van 'n skooltjie vir die kinders en Sondae dus die gereelde kerkdienste waar die Evangelie verkondig moes word. Verder het hulle daar op die pos baie eensaam gevoel; Francien het 'n jaar laas 'n blanke vrou gesien behalwe dan eenmalig net die vorige week 'n bogenoemde Ellie Nieboer. Vir die vroumense was die voettoeg deur die bos maar telkens 'n probleem want daar moes altyd tenminste 'n blanke man hulle vergesel want as vrou alleen onder die Papoea's in die bos was tog altyd maar unheimisch.

Die gebrek aan 'n radio-send- en ontvanginstallasie was ook 'n groot gemis. Dit was by die Amerikaanse sendingsposte in die hooggebergte wel beter gereel. Die Amerikaanse Baptiste het in 8 jaar tyd wel 50 sendingsposte in die binneland opgerig, elke sendingspos met tenminste drie of vier gesinne met moderne prefab aluminium huise, volledig voorsien van elektrisiteit met 'n elektriese aggregaat, stoof, yskas, elektriese ligte en 'n radiosend- en ontvangsapparaat by die sendeling tuis. Die ander gesinne was die onderwyser, 'n arts of verpleegkundige, en 'n taalgeleerde. En die sendingspos het altyd 'n vliegveldjie gehad waar die MAF se Cessna kon land en opstyg. Elke oggend om 6:30 uur was al die 50 sendingsposte tegelyk in die lug en het die Amerikaanse hoofsendeling Larssen, 'n half uur lank met alle sendingsposte in verbinding gekom en verslag gevra hoe gaan dit daar. Die MAF het meegeluister en dit vir elke dag genoteer watter weer dit daar was, watter goeters aan medisyne en lewensmiddele nodig was vir elke sendingsstasie en hul vlugplan vir die dag opgestel en dit oor dieselfde radio deurgegee. Hulle organisasie was goed georganiseer en het puik gewerk. Hulle het geweet hoe om pionierswerk met die moderne hulpmiddels aan te pak !!!

Maar ons sendingsmense moes in die begin maar sukkel en sonder hierdie moderne hulpmiddels klaarkom omdat die betrokke kerkrade in Nederland geen benul gehad het van die omstandighede op Nieuw-Guinea nie, en moes klaarkom met minimale fondse. Ds Drost het baie stryery gehad met die verskillende kerkrade om een en ander by hulle tuis te bring !! Wat kon 'n mens ook verwag van ouderlinge wat nog nooit verder in die wêreld was as hulle eie polder nie ....Weet hulle veel van

oerwoud omstandighede, van pioniersarbeid en hul probleme. My skoonma het 'n keer verbaasd gevra toe Ma haar vertel van my werk, waarom gaan Jan dan nie met die trein of fiets hy na sy werk nie??

Die kennis en wysheid wat 'n mens in sy lewe versamel, is ook maar beperk deur die omgewing en omstandighede waarin jy lewe en jou bestaan gemaak het ....

Gelukkig het die begrip na enkele jare en besoeke van kerkraadkommissies aan die sendingsterrein, vir die werklike toestande op Nieuw-Guinea wat verbeter.

Voor Ma en my was dit in elk geval ook 'n besondere ervaring om te sien op watter wyse probeer word om aan die Papoea, wat 'n totale bosmens was, die Bybelse boodskap te bring. Die dinkwêreld van die Bybel waar die verhale hom afspeel in die half woestynggebiede van Palestina en Egipte is dié bosmens ook totaal vreemd, want hy lewe in 'n volkome ander wêreld wat hoegenaamd geen aansluiting het by die wêreld van die Bybel, die Bybelverhale en die Bybelboodskap nie. Tog het hy in sy oermites wel restante van 'n paradysgedagte, 'n wêreldoervloed wat die mensheid verdeelg het behalwe net een familie, en die verwagting dat daar eenmaal 'n verlossing en 'n paradys sal terugkom !!.

Maar vir sy behoeftes van die heden van elke dag, het hy maar net te make met die gunste van die oorlede voorouers, en die soethouery van bese geeste wat ooral maar altyd rondwaar dat hulle jou nie te veel kwel nie.... 'n Ligte vorm van kannibalisme was ook by die papoea's aanwesig maar net in die vorm dat van 'n oorwonne en doodgemaakte vyand net klein stukkie vleis geëet was veral van sy hersens byvoorbeeld, om van sy lewenskrag jou toe te eien. Erger was die neiging tot koppensnellery met as agtergrond die gedagte om ou vetes te wreek en tegelykertyd jou te voorsien van slawe in die toekomstige paradys waar elke mens beland na sy afsterwe. Die persoon waarvan hy die kop gesnel het, was volgens die opvatting verplig om hom in die hiernamaals te dien....

Hierdie neiging is natuurlik deur die Landsbestuur met geweld die kop ingedruk. Net in die Sentrale Bergland het koppensnellery nie voorgekom nie, maar daar was wel gereelde oorloggies wat aan strenge sportiewe reëls onderworpe was. Daar kon net vrede gemaak word wanneer aan beide kante van die vegtendes, eweveel gesneuweldes was .....

Die sendelinge het natuurlik wel aansluiting aan die oermites gehad en kon daarop voortbou, maar dit het maar baie moeizaam gegaan en baie misverstande moes opgehelder word, dit was inderdaad jare se werk. En die voorbeeldfunksie van die sendelingsgesin was baie belangrik en hier het die protestantse sending baie voor gehad op die Rooms Katolieke Missie wat net ongetroude paters en nonne gehad het by die werk.. Nou ja, 'n mens sou 'n heel boek vol kon skrywe oor hierdie dinge en die ervaringe van die sendelinge, maar ek beperk my hier maar tot wat ek hier geskryf het.

In Merauke was vars drinkwater 'n probleem. Die Merauke rivier was wel 'vars water' maar bruin van slib en eb en vloed het tot so 5-8 km stroomopwaarts laat geld so dan was die water brak. Die streek by Merauke was tot so 100 km landinwaarts vlak en geen berge was daar nie. Ons was afhanklik van boorgatwater, maar met die droogteseisoen waar dit 'n half jaar absoluut geen reën geval het nie (dit was onderhewig aan die Australiese winterklimaat) het die grondwaterstand ook dreigend laag geword. So van der Heuwel het 'n plan gemaak om water te kry van 'n grensrivier met die Australiese deel so 50-60 km ver van Merauke af, wat wel geskikte vars water gehad het en standhoudend was. Tegelyk sou die pad wat moes geskraap word vir die leiding 'n vlugweg wees

ingeval van 'n inval deur die Indonesiese weermag .... wat in die tyd reeds geen onwaarskynlikheid meer was nie !!

So die plan van hom is goedgekeur en het hy 10.000 (6 meter lange) plastiese 4 duims pype gekry en 'n masjineslootgrawer, en is die job in 'n jaar tyd gefiks. Die pad het 'n grondpad gebly wat in die reentyd byna onbegaanbaar was want die bodem was hoofsaaklik swart turfgrond.

Naby ons huis was 'n kanaal en ons straat voor die huis het met 'n brug oor die kanaal gegaan. Die kanaal was deel van 'n afwateringsstelsel van die polder waarvan ons deel was.

Daar het altyd so 'n anderhalf meter water in gestaan en was 'n geliefde swemplek veral Sondagoggende vir die blanke gemeenskap in Merauke. My baas, vd Heuvel het daar ook gaan swem.

Nou het ons Sondagoggende so 10:00 uur by ons huis ook altyd huisgodsdienst gehad, waar ook 'n marinier ene Simon Schoon uit Assen, van een van die klein oorlogsskepe in die riviersteiger op besoek gekom het.

Nou was die lawaai by die swemmerie somtyds so hinderlik, dat ek gesoek het na 'n oplossing.

Toe van der heuvel nou weg was op verlof en ek 'baas' was oor die hele spul, het ek weer gaan kyk en het ek gesien dat die talud, die skuinte van die wal van die kanaal waar hulle swem al hoe meer uitgegrap geraak het en versak die water in. Nou het ek 'n verskoning gehad en 'n verbod uitgevaardig om daar te gaan swem omdat dit die oewer van die kanaal onnodig sou verniel ....

My kollega's was baie kwaad, maar by ons het die Sondagrus weergekeer en was ons huisgodsdienstsoefening gedurende ons verder verblyf in Merauke ongestoord.....

Toe ons later daar weg was, het ek gehoor dat vd Heuvel onmiddellik na ons vertrek die verbod opgehef het en het hulle toe daar verder weer vrolik gaan swem elke Sondag. Nou ja, ek was daar seker maar 'n bietjie te Calvinisties in my optrede gewees....

In dieselfde kanaal het op 'n Saterdag 'n bulldoser agteruit in die sout water ingery en sowat onder water verdwyn. Die oorsaak was dat die drywer saans om 22:00, reeds moeg van sy skof, by die swak lig van 'n skynwerper agteruit te vlak langs 'n groot en hoë grondhoop gery het en val daar 'n groot kluit grond op sy pedale terwyl hy in sy agteruit staan. Die man kon gevolglik nie meer by sy pedale en gas kom nie en die masjien was reeds op die skuinte van die kanaaloewer. Om homself te red, spring hy maar van die bulldoser af maar die doser ry toe verder agteruit die water in totdat dit verdrink in die water.

Die volgende oggend vroeg laat vd Heuvel twee krane kom om te probeer die geval weer uit die kanaal te trek, maar kables breek en die doser sak al hoe dieper weg in die sout water en modder. Die hele oggend probeer hy die ding uit die water te trek met ander dosers maar net kables breek. Die dozer het natuurlik nog in sy versnelling gestaan en die rupsbande geblokkeer en so bewegingloos bly staan..

Intussen het ek my die oggend daar nie laat sien nie, maar ons het rustig ons huisgodsdienst gehou en klaar gemaak. Daarna het ek gaan kyk wat gaan aan en sien die petalje, kon niks daaraan doen dat ek met 'n bietjie leedvermaak die spul aanskou. Maar vd Heuvel gooi toe tou op en sê vir my hy is

moeg en gaan huis toe nadink wat om nou te maak. Ek sê vir hom ek sal sien wat ek kan doen die Sondagmiddag. Toe hy weg is, laat ek die draglines (graafmasjiene) aanruk en gee opdrag om aan weersyde van die bulldoser die kanaal te demp, en toe dit gedoen was, om die water uit die so ontstane put te pomp en die modderprut om die dozer weg te skep dat sy weer vry en 'droog' staan. Toe die dozerdrywer opdrag gegee om die ratpook en die pedale vry te maak van die modder, die ratkas van die masjien in sy vry te sit en met 'n kabel aan sy agterhak na twee ander bulldosers op die wal wat hom toe maklik weer op die wal getrek het. Die hele proses was toe in drie uur tyd geklaar en het ons verder nog 'n rustige Sondag gehad..

Van der Heuwel was dankbaar dat hy die bulldoser teruggekry het, maar het desondanks helaas sy les nog nie geleer nie..... Hy gee toe die opdrag om onmiddellik met die skoonmaak van die masjien te begin, maar die sout water het dit nodig gemaak dat die hele ensjien oopgemaak word met krukas en al, skoon gemaak en weer ingevet. Hy laat daarvoor weer dag en nag in drie ploë deurwerk !!! Maandag begin, Woensdag was die job geklaar en kon die ensjien weer gestart word. Die groot oomblik het gekom en die starter aangesit, die ensjien vat, maar .....onmiddellik is daar 'n groot gekraak iewers onder in die ensjien en stok dit verder. Toe moes dit weer oopgemaak word en wat blyk ?? Doe monteure het in die haastigheid van die middernagtlike werk 'n stuk gereedskap in die bak van die krukas vergeet en laat lê !!! Die volgende ploeg het nie daarvan geweet nie en die oliebak verder sonder meer toegemaak .Die (Engelse) sleutel het by die draai van die masjien die hele krukas onherstelbaar gekraak.

Wat het my Grootmoeder altyd gesê ? 'n Sondagsteek hou geen week !! Dit was hier ook maar al te waar.....

Ons het daar nog die verdwyning van die oudste seun van die bekende Amerikaanse miljoenêr Rockefeller meegemaak. Die ongehuwde jongeman van so 30 jaar wou in die wildernis van Nieuw-Guinea in (voormalig) koppensnellersgebied sekere attribute soos pyle en boog, klip-byle, tromme en skilde en meer dergelyke voorwerpe van die 'wilde' Papoeastamme versamel. Die keuse het geval op die gebied van Okaba, die Bianrivier op, hemelsbreed so 80-90 km wes van Merauke, en oor see maklik om te bereik..

Omdat Rockefeller jnr vir die Landsbestuur as seun van die groot bankier Rockefeller in Amerika 'n voldoende belangrike persoon was, het die Resident hom 'n bestuursbeampte wat die land geken het, en die taal van die inboorlinge gepraat het, saamgegee, met nog 'n geskikte seeprauw met vlerke en met buiteboordmotor..

Soos die bestuursbeampte later vertel, was dit wel 'n geslaagde onderneming, maar op die terugtog oor die see, het die buiteboordmotor gestaak en wou nie meer aan die gang kom nie. Hulle was so 'n kilometer of drie of vier van die strand af, dit was windstil en hulle het daar maar 'n bietjie rondgedryf sonder verder te kom nie. Die beampte raai vir die jongeman aan om rustig te wag in die prauw, en die twee Papoea-helpers wat hulle by hulle gehad het opdrag gegee om na die strand te swem, om probeer hulp te kry. Nou was die see vergewe van haaie en krokodille, maar die Papoea's was gesoute seeswimmers en was nie bang vir die ondiere nie, het hulle selfs wel met messe aangeval, hulle het geweet hoe.....

Die drinkwater en kos het egter na drie dae op see skaars geraak en nog geen hulp het opgedaag nie. Die beampte het daarop vertrou dat die swimmers wel die strand sou bereik, maar dan was dit nog twee of drie dae se stap om die bewoonde wêreld weer te bereik. Hy verduidelik Rockefeller jnr om geduld te hê, maar die man het op 'n gegewe oomblik sy geduld verloor en sê hy gaan self na die strand swem. Hy het verder nie geluister na die waarskuwings van die beampte nie en in see geduik.



Dit was die laaste wat van Rockefeller jnr gesien is. Later is daar nog 'n hemp van hom op die strand gevind, maar geen spoor van homself meer nie.

Later het geblyk dat die Papoea's inderdaad die strand bereik het, en het hulle gehaas om Merauke te waarsku. Onmiddellik is vandaar hulp gestuur na die prauw, helaas was net die beampte nog daarin wel dorstig en hongerig maar verder ongeskonde, maar mnr Rockefeller was spoorloos .... Toe het die Australiese lugmag in beweging gekom, en met 'n hele vloot van helikopters en jeeps in 'n magtige Hercules vragvliegtuig na Merauke gevlieg. Hulle het vir 'n hele week nog gesoek na die jongeman Rockefeller. Selfs heldersindes in Merauke is geraadpleeg, en die hele terrein tussen Merauke en Okaba fyngekam, maar niemand het vir mnr Rockefeller meer gesien nie en hy het spoorloos gebly, tot groot verdriet en hartseer van sy Pa, mnr Rockefeller in New-York. Sy miljoene kon hom hier nie help nie....

Wat presies met hom gebeur het weet niemand nie, maar hoogswaarskynlik is hy reeds in die see deur 'n haai of naby die strand deur 'n seekrokodil gepak. Anders sou daar op die land met die intensiewe soektog wel een of ander spoor van hom gevind gewees het.

Na so 'n jaar se arbeid op Merauke was ons daar weer goed tuis tussen al die nuwe kennisse en vriende, net met die Rooms Katolieke Missie se mense het ons maar skaars kontak gehad. Dit was ook die setel van die Monseigneur, hoof van die Missie.. Sy naam het ek vergeet, maar hy was hom sy waardigheid welbewus.. Sy houding en gesag was soos die van die Paus in Rome. Die meeste inwoners in Merauke, veral die Katolieke, was altyd vol eerbied en vrees vir hom want hy was mos die plaasvervanger van Christus niewaar nie ?? En die Monseigneur was wel bewus daarvan en dit het hom as Hoof van die Kerk daar in die Suid blykbaar goed gepas. So nou en dan het ons besoek gehad van hoogwaardigheidsbekleders van buite Nieuw-Guinea af, en dan moes ons as Hoofde van Dienste dikwels op die vliegveld in afwagting soos 'n erepoort staan as ontvangskomitee met handjies gee en 'n vriendelike gryns vir verwelkoming, en was dit daarna opgevolg deur 'n 'receptie' oftewel ontvangspartytjie, met das en baadjie in die tropiese warmte ....Die Monseigneur het daar altyd in vol ornaat in sy wit monnikengewaad as eerste in die ry gestaan, direk agter die Resident.....

So ook van mnr Bot, minister van Buitenlandse sake wat ons daar in verband met die gedreig en geblaas van die president van Indonesië, Soekarno, ons kom verseker dat die Nederlandse regering hierdie land Nieuw-Guinea nooit, nooit sou oordra aan Indonesië nie !! Ons vra toe vir hom dat onself sou kon verdedig teen 'n infiltrasie en vra ons die nodige wapens daarvoor, want ons burgers het vir 'n groot deel bestaan uit ex-KNILsoldate (van die Koninklike Nederlands Indiese Leër).wat almal goed opgeleide soldate was en die bosse en oerwoude van Nieuw-Guinea baie goed geken het; die Indonesiërs sou teen hulle geen kans gehad het nie !!!

Maar minister Bot se antwoord was, dat Nederland sou sy eie Hollandse soldate en Mariniers stuur om Nieuw-Guinea te beveilig. Toe het ons geweet dat dit 'n verlore saak was. Die voorgevoele is later ook bewys dat dit reg was want die Hollandse soldate het hulle polders in Nederland wel goed geken, maar niks van die toestande en natuur op Nieuw-Guinea nie, en was hulle daar niks werd nie. Hierdie Hollandse manne, hoe goed bedoeld ook, was vir die Indonesiese soldate en parachutiste geen party nie.

Maar daar was nog 'n vreemde saak vir ons. In Desember 1961 het daar nog weer 'n nuwe amptenaar vanuit Nederland gekom en was by ons in Merauke geplaas by die Binnenlandse Bestuur. Hy vertel ons toe padlans dat hy het by sy uitsending uit Den Haag by die Departement van Buitelandse Sake (ook weer in die wandelgange) verneem, dat hy, al had hy vir 'n kontrak vir drie jaar geteken, waarskynlik so midden volgende jaar (dus Julie 1962) wel weer in Nederland sou terugwees ..... Dit het ons wantroue tov die ware bedoelings van ons Regering laat toeneem.

Toe kom daar nog 'n rondskrywe, dat die amptenare wat langer as 10 jare op Nieuw-Guinea gedien het, die reg kry om, indien hulle dit sou verkies, onmiddellik af te tree met volle pensioenregte. Ek het dus ook onder die kategorie geval, maar verbaas waarvoor die maatregel getref is: en die gedagte het by ons opgekom dat die ouer en hoër amptenare intussen gewet het wat op koms was, naamlik die werklike oordrag van Nieuw-Guinea op korte termyn aan Indonesië, en hierdie groep het daarvoor gesorg dat daar vir hulle tydig 'n heenkome naar Nederland terug beskikbaar is, voordat daar moeilikheid sou wees !! Dat die vermoede bewaarheid was, het 'n half jaar later inderdaad geblyk.

Hier was vir ons nou 'n dilemma. My eerste reaksie was, nie weggaan nie, bly waar jy is en doen jou werk, laat jou ander medemens en die land nie in die steek nie. Maar Ma was in verwagting, en sy hou my tereg voor, dat sy nou nog wel mag vlieg, maar wanneer sy in die 5e of 6e maand is, word sy nie meer aanvaar deur die lugvaartmaatskappy nie. Ons het die gevoel gekry dat daar politieke besluite geneem is waar ons nie van weet nie. Trouwens die hele wêreld wa sintussen teen ons gekeer want ons is dan die koloniale onderdrukkers en die Amerikaanse, Australiese en Engelse regerings is teen ons aanwesigheid op Nw Guinea, en sterk politieke druk word met allerlei propaganda oor radio en die toe opkomende televisie teen ons aanwesigheid op Nw Guinea gevoer.

Ek het die saak bespreek met die Resident Eibrink Jansen, en hy kon my geen ongelyk gee, maar dit vreselik jammer gevind indien ek my ontslag sou indien. Maar ek was reeds 'n keer deur die Owerheid bedrieg in Djakarta, en wilde ook nie 'n miskraam by Ma riskeer wat in verwagting van Gea was nie, en het na 'n paar nagte se oorwegings die moeilike besluit geneem om die knoop deur te hak, en my ontslag aan te bied met gebruik maak van die bogenoemde rondskrywe, aan die Direkteur van Openbare Werke, deur bemiddeling van vd Heuwel en die Resident.

My baas in Hollandia, Direkteur ir Berretty, was woedend. Die man was nie gou kwaad seker nie op my nie, en ons kon goed met mekaar klaarkom want hy was nog een van die ou garde van 1950 uit Batavia. Maar dit wou hy nie aksepteer nie, en het een van die volgende dae na Merauke gevlieg om met my te praat. Maar toe hy hier was, het ek hom die hele situasie verduidelik, en het hy toe verder geswyg, net gesê, hy glo nie dat Nieuw-Guinea so gou oorgedra sou word nie, en indien wel was dit nie aan Indonesië nie maar aan die Verenigde Nasies waarby ons almal in diens tree by die V.N. met verdubbelde salarisse. Maar uiteindelik het hy berus en het 'n getuigskrif van hom gekry so goed as ek nog nooit gehad het nie. Ek is tot vandag toe jammer dat ek hom dit moes aandoen.

Trouwens hy was nie die enige wat ons gebrek aan lojaliteit verwyte het nie; van my broer Henk wat toe arts was in die Vogelkop, het ons ook 'n verwytende brief gekry, en ook andere vriende in Hollandia en veral ook van ons sendingsmense in Tanah Merah. Ds Drost het my nog spesiaal kom vra om dan vir die sending as algemene tegnikus te kom werk, maar vir Ma kon ek dit nie meer doen nie, want sy het reeds nie bestand geblyk teen wekenlange afwesigheid van my in die bos nie, en ons

besluit was juis hoofsaaklik gegrond op die gevaar van weer 'n miskraam. Ook ds Drost was bitter teleurgesteld maar ek kon dus niks daaraan meer doen nie..

Maar die gebeurtenisse wat die volgende half jaar en daarna gevolg het, het ons in die gelyk gestel. Alle blankes op Nieuw-Guinea, net nie die sendingsmense nie maar wel die amptenare en besigheidsmense, was einde 1962 almal weg van Nieuw-Guinea. 15 Augustus 1962 was die feitlike oordrag aan Indonesië, en teen die tyd was dit vir almal 'n halsoorkop vertrek met agterlating van baie goeters wat nie met die beperkte bagasie saamgeneem kon word nie..... Want die oorgawe aan die Verenigde Nasies was 'n formaliteit wat net enkele weke geduur het, dit was deur hulle daarna vrywel onmiddellik verder oorgedra aan Indonesië.

Die oordrag het desastreuse gevolge vir die land gehad, vir die inboorlinge en die verdere ekonomiese en kulturele ontwikkeling van die land wat ons vandag almal weet. Net die sendingswerk kon wel voortgaan, sy dit met moeite en sonder die steun van die owerhede. Die ontwikkeling was dus weer eens te danke aan die Amerikaanse buitelandse politiek, wat bestaan het uit die een mislukking na die ander..

Maar ek het dus eervol ontslag gekry per half Maart 1962 en het ons soveel moontlik ons huishoudelike goeters, tropenklere en ons DKW motorkarretjie verkoop. Wat ons wou saamneem is ingepak en met die vragboot verstuur, en ek meen het ons so die 22e Maart per Dakota oor Hollandia vertrek na Biak, en vandaar verder per Skymaster oor Tokio en Alaska, oor Groenland en Ysland op Schiphol aangekom

Daar het ons eers by Pa en Moe Jansen in Bennekom met ons twee kinders ingetrek en het ek begin werk soek. Ek had reeds twee of drie aansoekbriewe gestuur aan verskillende adresse in Nederland, vanuit Merauke, een daarvan was aan 'n glasfabriek in Schiedam, die ander die munisipaliteit van Bussum. Die derde brief weet ek nie meer nie, maar die gemeente Bussum kon ek direk begin werk by die afdeling Bouw- en WoningToezicht. In Schiedam wou die bouafdeling van die glasfabriek my ook graag gehad het, maar huisvesting sou daar 'n groot probleem wees, terwyl by die gemeente Bussum ek seker medewerking van die gemeente sou kry om 'n woning in hande te kry. Dus so het dit Bussum geword, en wat ons toe nog nie vermoed het nie, met groot gevolge .....

Maar dit behoort nou dan weer tot 'n volgende episode.

19 September 2002.

---

## **HOOFSTUK 8**

### **DIE BOOTREIS**

1. HOLLANDIA-BIAK-SAIGON-SINGAPORE;
2. COLOMBO-PORT SAID- BARCELONA;
3. BILBAO- LE HAVRE- ROTTERDAM.

4 JULIE - 9 SEPTEMBER 1960

AUTOBIOGRAFIE  
FAMILIE J\$A BOER

Maart 2003.

## **HOOFSTUK 8**

### **DIE BOOTREIS**

#### 1. HOLLANDIA-BIAK-SAIGON-SINGAPORE.

Die Owerheidsdiens op Nieuw-Guinea het sy amptenare om die drie jare dienstermyn die reg gegee op een maand verlof vir elke vol jaar arbeid, in Europa te geniet met volle deurbetaling van salaris en vergoeding van reiskoste heen en terug. Die maatreel is geneem omdat dit geblyk het dat die tropiese klimaat en dikwels betreklike eensaamheid en ontbering onder primitiewe omstandighede, dikwels sodanig nadelig was vir die geestelike en ligamlike gesondheid van die blanke, dat sulke verlof nodig was om daarvan te herstel deur intensiewe kontak met die Westelike beskawing en klimaat.

In September 1959 was dit vir ons sulke tyd om met sodanige verlof te gaan, maar deur dringende voltooiing van my werk aan sekere vliegvelde, kon ons eers in Junie 1960 die verlof aanvaar.

Ma was intussen na die geboorte van Nico, einde 1959 weer in verwagting wat helaas nie goed gegaan het nie. Ma is toe deur die (Rooms-Katolieke) dokters verplig om in die hospitaal te gaan lê om 'n miskraam te voorkom maar na ses weke sê Ma: daar is glad nie lewe nie, haal dit asseblief weg, dit is lankal dood. Die dokters wilde dit egter nog steeds nie doen nie want by die Rooms-Katolieke gaan die kind voor die moeder ... Maar op ons herhaalde aandrang is Ma toe begin Maart verlos van 'n nog geen drie maand oud dooie restante in die baarmoeder. Die Natuur sou dit inderdaad twee maande terug self reeds uitgooi het. Dit was vir ons nou wel 'n hele terugslag en het sy natuurlik 'n 8 weke nodig gehad om weer 'n bietjie op kragte te kom.

Ons het toe, ook om ons 'n bietjie rus te verskaf, besluit om die reis na Europa met die boot te doen, met 'n vragskip wat ook vir enkele passasiers akkommodasie het. Dit sou so 'n versorgde vakansie wees van 'n volle twee maande en kon ons begin Julie 1960 in Hollandia inskeep op 'n klein 7.000 ton kusvaarder op pad na Singapore, waar ons sou oorstap op 'n groter vragskip, die WELTEVREDEN..

Omdat ons na hierdie verlof na Merauke oorgeplaas sou word, het ons die hele huishouding, meubels, kombuisuitrusting en ons DKW motorkar alles ingepak, gereed vir versending na Merauke dat dit daar sou wees met ons terugkoms op Nieuw-Guinea. Merauke was die hoofplaas aan die Suid-Kus van Nieuw-Guinea en sowat 600 km se vlieg oor die 3000-5000 m hoë Sentrale Bergland, maar 'n 3000 km se vaar oor die see met 'n vragboot om die hele eiland heen.

Die afskeid van kollega's, kerkvriende soos ons paar weermag- en seemagmanne, Koos van der Velde en sy vrou Kathy, en my sus Willie wat intussen ook reeds weer 'n jaar op Hollandia as onderwyseres kom werk het, was by die vertrek van die boot toe dit losmaak van die kade, roerend en onvergeetlik deur die hartlikheid en genegenheid wat ons almal vir mekaar gehad het. Maar soos die skip hom op die middag van die 4e Julie 1960 onder swaar gehoeter van die stoomfluit onverbiddelik van die kade losmaak, stadigaan die baai uitvaar en die ruime sop kies was die afskeid ook onafwendbaar en elkeen het weer sy eie gewone daaglikse lewe opgevat. Ons aan boord van die

skip ook, moes eers gewoon raak aan die roetine en ook die moenies vir ons twee kinders Harm Jan en Nico verduidelik soos nie uit die vensters van die sitkamer hang nie, die brug waar die kaptein en stuurman hulle bevind was ook verbode gebied, en so meer. Verder was daar natuurlik vaste tye vir ontbyt, middagete en aandete, en dan slaaptyd in die hut waar jy moes gewoon raak aan die deining van die skip en die masjiens wat deur die hele skip gedreun het. Gelukkig was die see, die “Stille Oseaan” rustig en was dit lekker weer.

Ek sê gelukkig, want Harm Jan was op ‘n slag verdwyn uit die “lounge”, die groot sitkamer vir die passasiers, en kyk ek rond, staan hy waargtig op die riggel van die vensters aan die buitekant van die boot en het dus deur ‘n oopstaande venster na buite geklim !! Sulke dinge kon hy by ons tuis in Hollandia sonder beswaar doen, maar hier was hy bo die diep water so 8 meter onder hom en sou hy misstap, virgoed onder die water in die see verdwyn !! Ek beheers my, gaan rustig na die venster, en sê vir hom: ”Harm, kom hier terug jong, maar versigtig hoor hou jou goed vas hoor!!.“ Hy maak so en gehoorsaam gelukkig, en klim toe terug binnekant die venster en is weer veilig binnekant. Ek het hom toe maar geen pak gegee vir sy ongeoorloofde avontuur .... Maar die kaptein het opdrag gegee om die vensters vir die reis verder gesluit te hou ! Hy vertel ons toe wat hy meegemaak het met ‘n egpaar wat hul baba in die hut onder die wakende oog van hul 5-jarige seuntjie gelaat het. Die baba het bly huil, en het die seuntjie toe gedreig as sy nie ophou huil nie, sal hy haar uit die patryspoort gooi !! Dit was ‘n dreigement wat hyself ook dikwels te hore gekry het wanneer hy nie vinnig genoeg gehoorsaam was nie ....

Die babatjie het bly huil, en die seuntjie vat toe die baba en gooi dit werklik uit die patryspoort uit !! Die baba is natuurlik nooit meer teruggevind nie. So sien ‘n mens, jy moet oplet om nooit geen onverantwoordelike dinge vir ‘n kind te sê nie !!

Die “spoed” van die kusvaarder was so 400 km op ‘n etmaal dus so 16 - 17 km per uur en kon die dolfyne ons maklik byhou, en daarvan was daar baie. Ons eerste stillê was by Sarmi, ‘n klein kusplasia op die Noordkus van Nieuw-Guinea, waar ‘n Plaaslike Bestuurdersfamilie met prauwe aan boord gebring is met bestemming Biak. Daarna na ‘n dag se vaar was Biak, om nog passasiers en vrag op te neem die volgende pleisterplaas. Die daarop volgende dag ook nog Manokwari, waar ons nog eens van ons ou vriende soos dr Siem en sy vrou Manti Franken en my ou baas Jur Mullender kon groet.

Vandaar kon ons eindelijk, dit was nou reeds die 8e Julie, die volle see opgaan rigting die Filippyne waar ons net suid van sou langsvaar tussen die Borneo’sse en die Filipynse eilande na ons eerste doel, Saigon, ruim 6 of 7 dae se vaar vanaf Manokwari. Die rit het ons baie geniet, langs baie eilande, skitterende sonsondergang en -opkomststaferele, en die elke keer weer gebaljaar van die dolfyne om die skip heen, wat fantasies in die spiegelgladde, amper rimpellose water van die Stille Oseaan wat sy naam daar eer aan gedoen het.

By Saigon moes ons die rivier Dong Nal opvaar want die hawe was nie aan see nie, maar so 50 km stroomop in die binnenland. Ons was nog maar net net op die rivier toe daar tien, twintig, dertig van die lang smal bootjies met so twee of drie persone net met kort broekies aan langs ons skip kom vaar en probeer van hulle langs toue of wat anders ook al, op ons dek te kom en vra vir sigarette en seep om te koop. Daar was skynbaar groot tekort aan die goedere in Saigon.

Ek besluit ek verkoop my pakkie sigarette ook maar aan een van hulle, maar hy het nie kleingeld gehad om te betaal daarvoor nie. Toe sê hy hy gaan dit haal by sy vriend in die bootjie en voor ek

weet spring hy met die pakkie oorboord, sonder om my te betaal. Ek het hom natuurlik nie weer gesien nie ..... Dat was nou ons eerste ervaring met die Siamese .....

Ons skip lê aan in die hawe en sou ruim 'n dag daar bly om te laai en te los en het ons met Harm en Nico, met 'n wandelwaentjie, 'n bietjie die stad ingegaan kuier. Die bevolking was baie vriendelik, maar dit het gewemel van die soldate en owerheidsgeboue was swaar bewaak en was ons nie toegelaat om te naby te kom of om daarby stil te staan nie. Die blonde hare van Harm en Nico het ook baie aandag getrek en was dit gedurig deur 'n gestreel van vreemde hande deur hulle hare deur allerlei verbygangers asof hulle nie kon glo dit was hul egte kleur nie. Die verkeer was hoofsaaklik klein ligte motorfietsies, brommers, driewielers wat passasiers vervoer en hier en daar 'n motorkar. Die strate was vol mense, stalletjies en allerlei koopwaar sommer langs die straat uitgestal. Dit was 'n gekrioel van goed geklede klein bruin mense, almal met lang swart sluikhaar en donker oë.

Min het ons toe vermoed van die volgende 10 of 20 jaar waar hierdie stad en land getref sou word deur 'n vreeslike oorlog waar niemand, vrou, kind of gewone onskuldige burger ontsien sou word en die land onder 'n bommentapyt sou sterf. Die kommuniste wou immers die land oorneem te allen koste en hulle het. Daarvan is die Siamese stalletjies deur die bekende 'bootvlugtelinge' wat Siamese kos verkoop oorals op die markte in Nederland, nou 40 jaar later nog die stille getuies van die genocide en volksverhuising wat daar plaasgevind het.

Wat ons onthou van Saigon is die veelkleurige gewriemel van mense oorals in die strate, hulle vriendelikheid en die akrobatiek van die sputterende bromfietse en 'betja's (driewieler taksie-fietse) wat tussen die besige verkeer hul eie pad sonder ongelukke deurslinger.

Laat die middag moes ons weer aan boord terug wees, want dieselfde aand sou ons weer vertrek na Singapore, weer drie dae se vaar verder.

Singapore lê regoor die Riau Archipel, 'n groot eilandengroep wat nog tot Indonesië behoort, maar Singapore lê op 'n skiereiland en was meer as tweehonderd jaar onder Engelse bewind gewees, en het nou na die 2e Wêreldoorlog dus deel van die staat Maleisië, op Malakka geword. Singa = leeu, en pore = hawe, dus die hawe van die leeu, die heraldiese wapen van Brittanje.

By Singapore moes ons in die baai bly lê, en alle vervoer, ook van vrag moes met laaibote wat langssy kom afmeer het, gedoen word. Ons kon aan die wal gaan passasier (kuier), deur met klein (taxi)-motorbootjies van ons skip na die wal heen en weer terug te gaan. Die watertaxi's het die hele dag op en af gependel en betaal jy net 'n paar pennies per rit daarvoor.

Maar ons moes in Singapore met al ons bagasie ook afskeid neem van ons KPM-er en sy bemanning, en oorstap na 'n baie groter vragskip, die "WELTEVREDEN", wat ons verder na Rotterdam sou bring. Die het egter ook net vir 12 passasiers akkomodasie gehad, maar met die bemanning het ons gou vriende gemaak en 'n gesellige tyd aan boord gehad. Hierdie skip was natuurlik baie sneller as die kusvaarder en het sowat 25 km per uur gedoen of 'n 600 km per etmaal. Ons het daarop 'n baie goeie hotel gehad met volledige kos en inwoning !!

Singapore was ons so vier of vyf dae, en het ons die winkelsentrum besoek wat vol Sjinese en Japanse winkels was, eersgenoemde met gewone huishoudelike ware en veral kleding en skoene, die

Japanners het dit meer gedoen met elektronika, kamera's en horlosies te kust en te keur, en alles vir halwe prys wat 'n mens in Europa daar voor sou betaal. Ek het dus ook my kans gevat en na wat afding goedkoop 'n 8 mm merk-filmkamera gekoop, Bell and Howell waarmee ek die res van ons bootreis op film kon vaslê, en waarmee ek die volgende 10 en langer jare ook in Suid-Afrika veel mee gewerk het.. Onmiddellik toe ons begin afding sê die handelaar: "You are Dutch ?? ....."

Ma het vir Harm Jan en Nico daar allerhande klere gekoop en skoene. Die kêreltjies het vir die eerste keer van hulle lewe moes leer om op skoene te loop .... Op Nieuw-Guinea was daar geen kinderskoene vir hulle verkrygbaar nie en moes hulle maar alles kaalvoet doen. Maar nou sou ons die meer gesiviliseerde wêreld tegemoet gaan en daar behoort 'n mens tog skoene aan jou voete te hê !!

Veral Nico het moeite daarmee gehad en die eerste dag aan boord met skoene aan het hy daarop maar gestrompel soos 'n boer op klompe. Toe ons 'n rukkie later weer by hom kom kyk, was hy weer kaalvoet, en vra ons verbaas: Waar is nou jou skoene ?? Toe wys hy oor die reeling van die skip en oorboord. Ek hardloop toe na die reeling en kyk na onder in die diep water van die baai, maar daar was ook nog 'n trap langs die wand van die skip en lê die twee skoene nog net bo die water onderaan op die trap, so 8 meter na onder !! Ek het toe die skoene maar teruggehaal en moes Niek maar aan die skoene gewoond raak terwyl ons hom 'n bietjie in die oog kon hou dat hy nie weer sy skoene oorboord gooi !!

Ons verdere wandeling in Singapore was deur die Sjinese wyke, waar langs die strate baie stalletjies was waar allerhande kos berei is, veral rys, groentes en hoenders; die arme diere was sommer daar op straat gepluk, geslag en gebraai of gekook. Die strate was ook vol voetgangers, trap- en bromfietse, driewiel betja's (een of tweepersoons fietstaxi's) wat sommer alles deurmekaar gery het, die verkeer was in beginsel links maar nie elkeen het hom daaraan gehou nie. Maar ons het geen ongelukke of aanrydings gesien nie, die meeste 'bestuurders' was skynbaar te behendig daarvoor. Verder onthou ek van die strate die bonte deurmekaar versameling van alle geure en kleure van die reenboog soos vlae, gewels en groot advertensieborde. En die volk was vriendelik en vol lewe en vrolikheid in die son verwarmede straatjies. En polisie het ek ook nie gesien nie. Tot op vandag toe staan Singapore bekend as een van die veiligste stede op aarde; maar word iemand daar op diefstal betrap, of op handel in drugs, word die oortreder baie swaar gestraf. As jy betrap word op die besit van drugs, gaan jy sommer die tronk in en moet jy maar sien hoe jy weer uitkom !! Party het vir die besit van verdowende middele genadeloos selfs die doodstraf gekry.

Verder het ons daar familie van vriende van ons (Piet en Gré Evenhuis in Hollandia) opgesoek en daar lekker gekuier. Hy het by 'n Nederlandse Bank gewerk in Singapore, maar hul name het ek vergeet. Dit was eintlik die eerste wat ons daar gedoen het om eers wat inligtings te kry oor alles van Singapore. Hulle het ons toe ook gewaarsku om niks te koop in Singapore wanneer 'n Engels passasiersskip in die hawe was nie, omdat dan die pryse van artikels gewoonlik twee keer so duur was as normaal !! Die Engelse ding immers gewoonlik ook nie af nie, dit is benede hulle waardigheid.....

Maar toe ons tyd vir Singapore verby was, vaar ons verder na Port Swettenham, hawestad op die weskus van Malakka, naby die hoofstad Kuala Lumpur met sy goue koepel paleis.

Die "WELTEVREDE" moes daar 'n groot lading ystererts inneem vir Le Havre in Frankryk, en moes dit met eie hyskrane en gryperts uit spoorwegwagons uitgrawe en in die diep ruim stort.



Die kaptein het gedink dit vat so 3 dae, maar dit het 5 dae geword en het ons baie tyd gehad om die wêreld te verken.

Die tweede dag besluit ons om s'oggens vroeg 'n taxi te vra wat vra hy om ons die hele oggend rond te ry en Kuala Lumpur te wijs. Hy sê soiets as 15 dollar en was dit vir ons begrip baie goedkoop en was dit 'n sukses. Hy het ons werklik verskeie interressante geboue en plekke in die stad gewys en vol trots die besonderhede daarvan in Engels verduidelik ! Veral die paleis van die Sultan met sy groot koepel met bladgoud gedek, die lewe van die Sultan met sy harem van twee of drie belangrikste vroue, die geweldig groot sentrale moskee in die binnestad, en die parlaments- en ander regeringsgeboue wat werklik onder goeie en monumentale argitektuur gebou is.

Hier was die strate breed, aan die kante begroei met Koningspalms, die soort met die dikbuikige hoë stamme waarvan die breek blare altyd ritsel in die wind. Die verkeer was rustig, met baie motorkarre en nie so baie besig nie.

Ons het die ander dae aan boord ons ook maar besig gehou; meer binnekant want die oop dek was maar swart van die stof van die swart ystererts wat gelaai word. Die spelletjies waar Harm Jan en Nico op versot was die voetbalspel met 'n tafeltennisballetjie, wat elke keer met die entoesiaste skoppery oor die rande van die tafel geskiet word en oor die vloer rol. Die tafel was vir hulle eintlik te hoog, maar sleep hulle stoele aan, staan daarop en kon so die spel hanteer.

Na Port Swettenham het ons nog 'n Sondag in die baai van die eiland Penang gelê, waarvoor weet ek nie meer nie, en ons het geen gebruik gemaak van die geleentheid om die eiland en sy gelyknamige stadjie te besoek nie; die ander passasiers en bemanning het dit wel gedoen maar veral Boeddhistiese tempels waarvoor die stad beroemd was, besoek. Ons het maar die Sondag as rusdag gerespekteer en aan boord huisgodsdienst gehou. Die Maandagoggend daarop was ons weer in volle see deur die straat van Malakka, langs Sabang, die klein eilandjie voor die kop van Sumatra, waar die Atjehers woon. Ons het daar maar 'n middag gelê, voor wat weet ek ook nie meer nie maar dit was maar mees pos en kleingod wat moes af- en opgelaai word.

Atjeh, van oorsprong 'n erkende streng Islamitiese Sultanaat reeds vanaf die begin van die 17e eeu, is by Indies Nederlanders natuurlik bekend vanweë die 30-jarige Atjeh-oorlog wat daar terselfdertyd as die Anglo-Boereoorloë gewoed het. Toe was die Atjehers die probleem wat vanouds seerowery op die straat van Malakka gepleeg het. Die Portugese het daar reeds las van gehad. Maar die Britse regering het die tweede helfte van die 19e eeu daarvoor baie gekla by die Nederlandse regering vanweë die gevaar vir hulle handelskepe en het gedreig dat indien die Nederlanders nie 'n end aan die seerowery maak nie, sal die Britte dit self doen en Atjeh annekseer. Gevolglik het die Nederlandse regering aan generaal van Heutz die opdrag gegee om orde te skep in Atjeh. Dit was 'n moeilike taak, want die Atjehers was nie alleen met hulle goed geboude seilbote goed tuis op die water nie, maar ook uitstekende vechtersbase. Toe Van Heutz uiteindelik met sy Indiese troepe Ambonese en Indies Nederlanders op Atjeh land, veg die Atjehers met doodsveragting terug en was dit 'n harde, genadelose en bloedige stryd vir Van Heutz se troepemag. Pas na twee of drie jaar het Van Heutz die oorhand gekry en het in 1903 met die Atjehese volk op terme gekom. Die seerowery het daarmee tot die verlede behoort, en die betrekkelike vrede op Atjeh terugkeer.

Mens hoor deesdae dikwels van die destydse “onderdrukking” van die Indonesiese volkere deur die Hollanders, maar die “onderdrukking” was meestal ‘n gevolg van wangedrag van die bepaalde volkstamme wat nie langer getolereer kon word nie en was dit ‘n baie goeie rede om veiligheid, rus en orde terwille van die groter samelewing te herstel en te handhaaf. Vandag is Atjeh ‘n selfstandige provinsie van Indonesië, maar woel en werkskaf weer om ‘n eie staat te word los van Indonesië, natuurlik baie teen die sin van die sentrale regering in Djakarta.

Van Sabang het ons die Golf van Bengalen oorgesteek en hier was die oseaan ook nog redelik rustig, en het ons na vier dae die interessante ou stad Colombo bereik, op die eiland Shri Lanka (Ceylon). Colombo was as handels en bestuursentrum reeds bekend uit die dae van die VOC waar die Hollanders ‘n sterke en groot nedersetting gehad het. Ons sal nou nou vertel van ons ondervindinge in Colombo, maar praat eers ‘n bietjie oor die lewe aan boord van die skip op see.

Wat maak ons nou die lang dae op ‘n vragskip midden op die see ?? Daar was natuurlik allereers die gewone roetine van die daaglikse program, opstaan met sonsopgang, klaarmaak vir ontbyt (elke oggend van 7:00-8:00 uur) want die etes aan boord was elke dag van die belangrikste evenemente omdat dan kontak met die bemanning ons die laaste berigte van buite verskaf het veral van die radioman aan boord. Hy kry die nuus van radio Nederland en BBC en Voice of America ens en druk dan die nuus uit in ‘n kort nuusblaadje wat op die prikbord vasgemaak word.

Ek het al vertel van die voetbalspel waar Harm Jan en Niek so versot op was, en ek het dit ook graag saamgespeel ! Verder die oggend was dit was van klere, spelletjies met die kinders op die ‘promenade-dek’ wat vir die passasiers gereserveer was, briewe skryf, en leeswerk.

Die kinders het s’aands die groot maaltyd eers apart geet en dan bed toe gegaan, sodat ons rustig met die bemanning (offisiere en kaptein) kon praat en eet, of om dit deftig te sê, ongestoord te konverseer en dineer. Dit was een Sjinees lid van die kombuisbemanning wat dan met ‘n gong deur die boot se gange gegaan het en geroep het: “Makan doeloe, Makan doeloe ...” en Harm Jan en dan saam met hom geloop al die gange deur !

Ma het met die steward wat verantwoordelik was vir die bediening van die ete aan tafel, afgespreek dat nagereg pas bedien sou word wanneer die kinders hul ‘gewone’ kos klaar geëet het anders sou Harm en Nico eers aan die lekker nagereg begin en dan pas die gewone kos probeer na binne werk waarvoor dan geen plek meer in hul mae was nie ....

Maar op ‘n dag was Harm Jan vir niks lus nie, behalwe net vir die nagereg, een of ander lekker soort poeding. Vir straf bring ons hom toe maar dadelik na ete na bed, dan is hy immers siek niewaar nie ?? Maar die volgende dag kom die hoofkok na ons toe en sê, ons moet maar liever vir hom ‘n pak gee want dit is sy skuld dat Harm die vorige dag nie wou et nie, want Harm het by hom in die kombuis gestaan en kyk hoe hy rosbeef (biefstuk) sny... En hy het Harm daarby so nou en dan ‘n stukkie gaar vleis gevoer dat hy sy maag daarmee reeds vol gehad het .....

Verder was die twee seuns deur die matrose gedurende koffie en teetyd op die luikendek by hulle groep en was hulle met ‘n klap op hulle skouers benoem tot die jongste matrose op die skip. Dit het Harm en Nico die reg gegee om ook van die tee of koffie (veral die koekies, bier of coke wat ook daarby was) te geniet en om onder baie gelag en gespot allerlei sterk stories en grappies aan te hoor van die matrose .....

Verder het die matrose van seildoek ‘n soort swembad van so 5 by 8 meter, gevul met seewater op die laer oop dek opgerig waar ons op die warmer ure van die dag kon induik en afkoel en ‘n bietjie

‘swem’. Ek het altyd daarvan gehou om voor op die boeg te staan en in die diep water voor die skip uit die groot visse te observeer wat dikwels net voor die skip uit saamgeswem en met elkaar in die golwe gebaljaar het, veral wanneer dit meer winderig was en die skuim van die see om jou ore vlieg. Die golwe het indrukwekkend geword by die Noord-Ooshoek van Afrika, by die eiland Sokotra en Kaap Guardufui van Somalieland, in die Indiese Oseaan. Daar het twee golfstrome bymekaar gekom en het dit altyd hard gewaai, tot windkrag 8 en 10 en het die golwe magtig groot en huisehoog bo die skip uitgekom sodat ons skip soos ‘n notedop gelyk het wat die een oomblik in ‘n golfdal, en ewe later weer bo op die kruin van so’n golf gery het. As jy dan voor op die boeg staan, sien jy die boeg van die skip voor diep in die water duik, om ewe later weer ver bo die water uit te toring soos dit die kruin van die golf bereik. Midskeeps het die seewater dikwels dwars oor die dek gespoel en menige bemanningslid wat toevallig daar was is daar tot ons groot leedvermaak druipnat gespoel !!

Daar het alle passasiers seesiek geword. Maar ons, Ma en ek en die kinders het geen probleem daarmee gehad nie en het ons ook die deel van die reis baie geniet !!

Een van die senior stewards (daar was geen vrouwelike dienspersoneel aan boord) het probeer om ons by die ontbyttafel probeer seesiek te maak deur voor ons oë swaai bewegings saam met die skip te maak, maar dit was tot ons groot vermaak tevergeefs.

Maar ons grootste ‘entertainment’ was tog die besoek aan die hawestede met sy exotiese kultuur en is nou Colombo aan die beurt !

## 2. COLOMBO, SUEZ, PORT SAID, SUEZ, BARCELONA.

By Colombo, hawestad van Shri Lanka (nuwe naam vir Ceylon sinds sy onafhankelikeid) bly ons in die baai, en moet van boottaxi's gebruik maak om aan land te kom. Dit was nie my eerste besoek aan Colombo, want in 1932 en 1938 was ek saam met my Pa en Ma met boeties en sussies ook reeds daar. In die dertiger jare was dit veral 'n bunkerstasie vir die stoomskepe wat daar kole by gelaai het vir brandstof vir die stoomturbines van die stoomskepe van die tyd. Ek ontjou uit die tyd die swart fyn stofwolke wat daarmee gepaard gegaan het en alles in die omgewing swart gmaak het. Maar hierdie keer niks meer daarvan nie, byna alle skepe het op dieselbrandstof oorgegaan en was skoon dieselenjens die dryfkrag van die groot skepe.

Wat onmiddellik opgeval het in die baai was die gedrag van die Brahmane (dit is hier nie die in Suid-Afrika so bekende beeste nie, maar menslike monnike), die aanhangers van die Brahmanisme wat almal in dieselfde okerkleurige mantels wat oor hulle skouers afhang gekleed was. Hulle was vir hulle omgewing baie voorkomend en behulpsaam, ook by die in- en uitstappery van die ranke en wankele motorbootjies wat ons aan die wal moes bring.

Eenmaal aan die wal, was die drukbevolkte strate en deurmekaar verkeer van die mees verskillende voertuie, twee- en driewielerfiets, die motorkarre en deur osse getrokke houten tweewielkarre die mees opvallende. Ook deur klein perde getrokke dogcarre vir vervoer van 4 tot 5 persone was daar baie.

Ek het nog so vaag onthou waar die Dutch Reformed Church gestaan het by Vader se besoek met my en my boetie Henk in 1938 aan die kerkgebou wat nog deur die Hollanders omtrent 1700 gebou is en toe nog steeds in gebruik was by die Britse Presbyterian Church in Colombo. Ons kon die plek werklik sonder navraag terugkry (vandag, 2003, sou ek dit nie meer weet nie !) en gesien hoe daar nog steeds Sondagskool en ook Christelik Laer Skool onderwys gegee word! Ek het gaan soek na die besoekersboek en dit het nog daar gelê, nog met die handtekening van my Pa en my in die boek, gedateer 1938 ! Ons het toe maar die ou handtekening weer bekragtig met die van my, van Ma, Harm Jan en Nico, nou gedateer (ek meen so ongeveer) 5 Augustus 1960 !!

Van die kerkgebou uit het ons die ou binnestad ingegaan en dit was vol met allerlei tempels en heiligdomme vir die Hindoes, Boeddhiste en Brahmane. Verlaai die Hindoetempels was besonder ryk versierd met allerlei beelde van mensagtige wesens en diere, en ornamente.

Op seker moment kom ons op 'n straat af waar dromme en dromme mense aan die kant van die straat staan en is daar manne wat honderde kokosnote op die straat stukkend slaan dat die melksap vryelik oor die straat stroom, en die wit vlees van die note op die straat verspreid lê. Ons bly ook staan en kyk wat die spektakel beteken en sien daar kom 'n stoet aan van olifante, ryk bekleed met kleurige doeke, en is op hul rug daar 'n gestoelte waarin een of ander Shivabeeld is neergesit. Die beryders sit op die agterkoppe van die diere, net agter die groot oorflappe en bestuur hulle met hul voete op die ore die olifante deur die druk verkeer van die strate. Dit was blykbaar soiets as 'n prosesie van die een tempel na die ander. Die diere self sit hul pote versigtig op die straat om niks onnodig te vertrap nie (ek het dit met wilde olifante ook gesien, hulle sal selfs nie op 'n klein skilpadjie wat in hul pad is, trap nie !!), stap om die motorkarre wat links en regs daar deur die polisie

stopgesit is, en trek hulle niks aan van die geroesemoes om hulle heen nie !!. Wonderlike gebeure en het ons vol verbasing gekyk na hierdie vir ons totaal vreemde doenigheid. Veral die rustigheid van die (van oorsprong tog wilde) diere en soos hulle deur die menslike beryders op hul rûe beheer word, het op my 'n baie diep indruk gemaak !!

Ook Jan Harm en Nico was telkens weer rooi stippies op die voorhoof aangebied deur Indiese vroumense langs die strate maar geweier om dit te kry en hul koppe elke keer weggedraai ..!

Colombo met sy ruim half miljoen inwoners is eintlik al 'n baie ou stad, reeds meer as 2000 jaar terug bekend vir sy kaneel en sy baai was reeds in gebruik deur die Griekse, Romeinse, Arabiese en Sjinese handelskepe wat graag gebruik gemaak het van die beskermende diepseebaai van Colombo. Omstreeks 700 A.D. was dit 'n Moslim beheerde sentrum, wat vanaf die 15e eeu druk deur die Portugese besoek is en wat daar in 1518 'n fort gebou het vir beskerming van hulle nedersetting daar. Marco Polo vermeld ook die hawe wat hy besoek het met 'n Sjinese handelsmissie omstreeks 1000 A.D. !

Die Hollanders het die fort in 1656 op die Portugese verower en die stad in besit geneem. Die Hollanders het veral belang gestel in die handel met kaneel van die eiland. Die Britte het die stad egter in 1796 weer van die Hollanders afgeneem en was in beheer tot 1948 toe Ceylon 'n onafhankelike staat geword het met die naam van Shri Lanka, met die Britse Koningshuis as hoof van die staat..... Vandag lewer die eiland ook baie koffie, tee en kokosprodukte, alles deur die Britse bestuur aangemoedig.

Die bevolking van die stad is kosmopolities en 'n versameling van verskeie nasies, waarvan die Shingalese 50 % uitmaak, en verder die Tamils en Moors die belangrikste is. Sy kultuur is 'n bonte versameling van allerlei godsdienste en religies, waarvan die Boeddhiste 40 % uitmaak (die Brahmane is 'n tak van die Boeddhisme) en verder die Hindoes, Christene en Moslims. Dit het deur die eeue heen altyd vreedsaam langsmekaar kon lewe in toleransie en verdraagsaamheid.

Vandag in Shri Lanka is daar 'n burgeroorlog aan die gang omdat die Tamils, wat meer in die Noorde van die eiland woon, ook selfbestuur wil kry.

Ceylon het 'n interressante kultuurgeskiedenis; die eiland is blykbaar omstreek 600 v.Chr. bevolk vanuit India deur die Shingalese, wat so 300 v.Chr. die Boeddhisme as hulle godsdienst aanvaar het. Die Tamils het 'n 1000 jaar later ook vanuit India na die eiland geëmigreer en meer die Noordelike deel beset. Gedurende die 13e eeu het daar 'n oorlog ontstaan tussen die Tamils en Shingalese, en toe die Portugese op Ceylon kom in die 15e eeu, was Ceylon verdeel in drie koninkryke, twee Shingalese en een Tamils koninkryk, elk met sy eie hoofstad. Colombo was Shingalees. Die kastestelsel soos in India, is ook op Ceylon deel van die samelewing.

Verder is die eiland ook bekend vir sy edelstene, veral vuurrooi robyne, ametiste, safiere, maanstone, ander halfedelstene en parels. Ons het in Colombo ook by talle 'juweliers' in die stad gaan kyk of ons nie iets moois in hande kon kry. Die een winkel na die ander prys sy eie ware aan, verseker jou dat hy net egte stene het en waarsku jou vir die ander buurman langs hom dat die net nepstene wat in werklikheid gekleurde glas is, verkoop. Trouens, ons kaptein op die skip het ons daarvoor gewaarsku, want, sê hy, het hy kiste vol nep-juwele van glas uit Italië na Colombo verskeep wat dan aan onnosele toeriste vir duur geld verkoop word !!. Een ding het ons daar ook weer ondervind, dat

‘n Indiër kan lieg, dat hy dit self glo. Ons het daar wel iets gekoop en dink dit was tog wel egte robyn en ametist.....

Wat ek vir my Afrikaner vriende hier tog ook wil vertel is dat Colombo uit die Anglo-Boere oorlog bekend is vir die “Vyf Swemmers” (Willie Steyn, Piet Botha, George en Lou Steytler en ‘n Duitse oorlogsvrywilliger genaamd Haussner) wat op heroïese wyse uit Britse krygsgevangenskap ontsnap het. Die verhaal word uitvoerig vertel deur L.A.Visagie in sy geskrif: ‘TERUG NA KOMMANDO’, van Julie 1931, welk verhaal weer gebaseer is op ‘n destydse oorlogsverslag uit 1902. Die krygsgevangenes was met ‘n duisend man aan boord van ‘n Brits perdetransportskip wat hulle op Ceylon moes aflaai. Hierdie 5 man, het op Sondag 13 Januarie 1901 kans gesien om laat in die aand by wagswisseling met ‘n tou van boord te gly en in die pikdonker meer as duisend meter deur die baai vol haaie en ander seediere te swem na ‘n Russiese oorlogsskip, die GHERSON. Die was buite die baai in volle see ge-anker, wat ook in die donker aan sy drie skoorstene herken kon word. Hulle is daar hartelik en feestelik, met die sing van die Transvaalse volkslied, soos helde ontvang. Die kommandant van die GHERSON, ene Vladimir Kissimoff, het toe gelyk vertrek om ‘huissoeking’ deur die Britte die volgende dag te voorkom. Hulle is vervolgens deur die Suez-kanaal en die Bosporus na Rusland gebring en vandaar uiteindelik per trein deur Europa via St Petersburg en Nederland met ‘n Duitse skip, die Aline Woermann na Suid-Wes terug gegaan. Op 6 April 1901, Jan van Riebeckdag, sit hulle weer voet aan wal in Swakopmund. Dit is werklik die moeite werd om die verhaal te lees en maak die gesegde waar, dat feitlike gebeurtenisse wonderliker kan wees as die wildste gefantaseerde storie.

Nou ja, dit was dus Colombo met al sy herinneringe, olifant prosesies, stukkend gegooide kokosnote, en honderde hindoe-tempels. Ons was 5 dae daar en het die besoek daar met ons twee seuntjies baie geniet.

Van hier vandaan was dit ‘n lang ruk seereis en sou ons eers in Port Said weer van boord kon gaan. Ons moes eers die Arabiese Golf met sy groot deining oorsteek, by Kaap Gardafui en die Golf van Aden verbykom, om dan deur die warm Rooi See by Suez en die Suezkanaal by Port Said in Egipte te kom.

Ek het bo reeds vertel van die magtige groot golwe, hoe nader aan Sokotra en die punt van Afrika, Kaap Guardafui, hoe groter die golwe, waarby ons skip soos ‘n notedop was, bo-op die diep-blou see wat soos ‘n donker gat onder jou gelyk het .... ‘sAands in die donker het die boegwaterskuim opgelig as gevolg van fosforiese reaksie van die mikro seediertyes, en sogenaamde vlieënde visse het van golftop na golftop gevlieg wanneer hulle deur ander roofvisse gejaag was. En by die Kaap het die golwe van twee kante gekom waardeur hoëgolftoppe ontstaan het wat dwars oor die skip kon slaan. Dit was my daar ook verbied om voor op die boeg te staan en kyk, ons moes almal veilig aan die binnekant bly.

Maar verby die Kaap kom ons in die Golf van Aden wat weer baie rustiger was, maar ook baie warmer. Daar moes ons deur die smal seestraat Bab El Mandeb, wat ook nog deur ‘n klein eilandjie, Perim versper was. Daar het dit gewemel van die skepe wat deur die straat moes gaan en was dit versigtige gemanoevreer vir ons stuurmanne. Bo-op het naderhand ‘n sandstorm opgesteek in die Rooi See wat soos ‘n mis oor die water gehang het dat die sig beperk geword het tot so’n honderd meter. Op die brug van ons boot moes daar staat gemaak word op die radar om die ander skepe daar te kon waarneem. Ek vra seker oomblik die kaptein: “Ek het nie soveel skepe sien verby vaar, dit is seker nie so besig nie ??” Hy antwoord: “ons het afgelope half uur seker 50 skepe verby gevaar

... “ Hoewel ek anders welkom was op die brug vir ‘n geselsie, is ek toe van die brug af weggestuur na die passasiersafdeling.

Die rit deur die Rooi See het sowat drie baie warm dae geneem voor ons by Suez kom, waar die ingang na die beroemde Suezkanaal is. Daar het die sandstorm ook opgehou. As gevolg van die hitte was ‘n mens baie graag op die dekke, maar die sand het ons weer na binne gedwing; alles het onder die baie fyn sand geraak, jou gesig, jou klere, jou horlosie jou hare. Ons moes gevolglik alle buitevensters toemaak, ook ons patryspoorte van die hutte en maar moes leer lewe met net die waaiers binnekant.....

Eindelik bereik ons Suez, ‘n klein plekkie wat sy bestaan in die Egiptiese woestyn net te danke het aan die monding van die Suezkanaal. Ons gooi daar anker uit, en wag op ons beurt om deur die kanaal te mag vaar saam met ander skepe in konvooi; die kanaal was vir die groot skepe nie breed genoeg om mekaar te passeer nie en moes dus om die beurt dan net die een rigting, dan net die ander rigting deur die kanaal gevaar word. Die Egiptiese kant was groen, met die een tuin na die ander, met baie palmbome langs die paaie en waterstroompies. Maar die Oostekant, in die Sinai woestyn was dit dor en droog, vol klippe, sand en sonder enige sigbare vegetasie.

Die middag dat ons in Suez gelê het was nuttig gebruik deur klein handelaartjies in klein bootjies wat langs die skip dobber en hul ware aanprys. Teen ons roep hulle: “Kyken, kyken en niet kopen!!” Een van hulle het leerware in die vorm van kameeltjies en tasse gehad en ons roep hom om sy goed nader te wys. Hy klim aan boord met sy goed en dit lyk werklik deeglike goed. Ons het by ons huisinrigting nog nie soveel besonders gehad nie en kon wel een en ander gebruik.

Ons begin dus maar bied vir die kameeltjies, ‘n groot en ‘n kleiner een. Ook ‘n groot leertas het ek belang in gestel. Uiteindelik het ons dit alles gekoop vir nog minder dan die helfte van die prys wat hy oorspronklik gevra het, en toe alles beklink was, klop hy my op die skouer en sê:”Meneerr, meneerr, as ek met die vrou getroud was, (en hy wys op Ma), dan was ek lankal ‘n millionêr gewees !!” Met dien moes ons afskeid neem want die WELTEVREDEN het sy swaar boe-oei, boe-oei fluit driemaal geblaas, as teken dat hy nou verder die Suezkanaal met die konvooi invaar en die kooplui nou subiet van die boot af moet padgee.

Die vaart deur die kanaal was baie stadig, die skip was nie toegelaat om swaar boeggolwe te maak nie om die met klippe belegde steil oewers daarteen te beskerm. Die oewers het so naby gelyk dat ek ‘n ertappel van die kok in die kombuis gekry het om na die wal te gooi; maar dit het nog nie halwerwege die wal tot my verbasing reeds in die water van die kanaal beland.....

Dit is dan ook op watervlak 160 meter breed.Dit is meer as 12 meter diep en 160 km lang, en voer dwars deur die vallei van Suez, die Bittermeer waar skepe mekaar kan passeer, en die Noord-Wesrand van die Sinaiwoestyn. Die kanaal was in 1869 gereed, in 10 jaar tyd met Egiptise arbeid en Britse, Franse en Turkse kapitaal gebou deur Ferdinand de Lesseps, ‘n Franse ingenieur.

Dit was overigens nie die eerste kanaal wat gebou is vir verbinding met die Rooi See nie; die ou Egiptenare het reeds ‘n kanaal van die Nyl na die Rooi See by Suez gehad in 1300 v.Chr..... En

daarvan het Ferdinand de Lesseps gebruik gemaak vir die toevoer van vars water uit die Nyl uit...!. Daar is dus nog steeds niks nuuts onder die son nie !!

Aan die end van die Suezkanaal, waar dit in die Middellandse Se uitmond, het die hawe Port Saïd ontstaan tegelyk met die bou van die kanaal in 1859, genoem na die toenalige Khedive van Egipte. ene Saïd Pasha. Dit is nou die tweede grootste hawe van Egipte, met die aantal bewoners van meer as 250.000 mense. Sy hawe gebied was kunsmatige eilande, en sy groot hawekantoor het gelyk of dit in die water dryf, so vlak was dit aan die water.

Voor ons was dit hier ook weer 'n vertier met bootjies vol koopware wat Egiptiese kooplui al te graag aan ons wou verkoop, allerlei lederware van kameelhuid en hout stoeltjies of krukkies van harde palmhout.

Ons het met 'n motorbootjie na die wal gegaan en 'n bietjie in die sentrum van Port Said gaan rondkyk. Wat ek daarvan nog onthou is sy chaotiese en lawaaierige verkeer van motorkarre, busse, perdekarre en swaar belaaide kamele wat deur die strate probeer hul weg te vind. Verder was daar 'n menigte bedelaars en kinders wat met opgehewe hande jou om 'n fooritjie vra.

Die indruk was nou juis nie so verheffend nie en iets om liever weer gou te vergeet. Ek kan niks daaraan doen nie, maar die neiging om te bedel, haat ek. Ek sal alles doen in my lewe, om te voorkom dat ek sou moet gaan lewe van bedel. Ons is ook al in ons lewe te veel belieg deur bedelaars aan die deur wat smee om 'n bietjie geld om dan die maklik verkrege geld dan aan drank of onnutte dinge soos snoepgoed te spandeer.....



So ons was bly toe die 'WELTEVREDE'sy ankers lig en die vaart voortsit, nou rigting wat koelere streke by Genua (Italië) via die Straat van Sicilië en die vulkaaneiland Strombolie in die Middellandse See !! Dit sou so 4-5 dae se vaar wees tot Genua, en onderweg het ons net na middernag deur die nou straat Messina gevaar; ek het spesiaal uit my bed gekom om al die liggies van die dorpie Messina links en Reggio regs aan die kus van Sicilië te bewonder. Van die 3300 meter hoë en vir sy gereelde uitbarstinge berugte vulkaan Etna op Sicilië kon ons weens die nagtelike duister niks sien nie. Om een uur die nag gou nog bietjie gaan slaap, om so 5 uur die oggend vroeg weer uit bed te kom om op so 'n paar kilometer afstand die onbewoonde eiland Strombolie met sy steeds 924 meter hoë donker en swart rokende steil vulkaan bergkegel teen die opkomende sonstrale te bewonder.

Dit was nou intussen reeds die 25e Augustus 1960 en was ons alweer 7 weke aan boord en nader nou almeer Europa. Om 12 uur die middag passeer ons Napels maar ons was so 100 km uit die kus vandaan en kon ons nie veel daarvan sien nie. Die volgende oggend vroeg om 5:00 uur was ons deur die Straat van Corsica tussen die eilande Corsica en St Elba, waar Napoleon van 1814-1815 verbanne in sy eie mini koninkryk gesit het, maar weer ontsnap na Frankryk om nog 'n greep na die mag te probeer. Dit het hom jammerlik misluk, maar sy impak op die Europese samelewing was die deurvoering van die nuwe revolusionêre idees van Jan Jaques Rousseau en ander gelykgesinde tyfgenote, onder andere die invoering van die 'Burgerlike Stand', die afskaffing van huweliksvoltrekkings deur die Kerk, wat van toe af in Westelike Europa nou berus by die wereldlike owerhede. Verder in die nasionale wetgewing die volstreekte skeiding van Kerk en Staat, maw die Kerk het geen enkel gesag meer gehad in wereldse regeringsake. Ook die metrieke stelsels in mate en gewigte is toe in Europa ingevoer en al die ou verskillende meetstelsels is afgeskaf. Ook die gildestelsel dat jy slegs 'n beroep mag uitoefen as jy erkend lid is van 'n gilde is met die Franse Revolusie oorboord gegooi; net in Engeland het die gildestelsel bly voortbestaan en het sy invloed op Suid-Afrika laat geld deur die by die SA wette op Institute vir beroepe soos ingenieurs, argitekte, artse en someer.

Napoleon het in die Franse geskiedenis bly voortlewe as die groot kampioen van die Franse Revolusie tydens die eeuwisseling rond 1800.

Nou ja, dit was so maar van die gedagtes oor die invloed wat sommige manne as gevolg van hulle idees en dade op die loop van die geskiedenis kan hê, wat in jou kop rondspeel wanneer 'n mens verby sulke historiese plekke vaar .....

In elk geval, vroeg die middag die 26e Augustus meer ons vas aan die kade te Genua en sou ons so 2 dae daar bly. Die kaptein het ons laat vra of ons nie liever van boord sou gaan en met die trein verder ry deur Italië, Switserland en Duitsland na Rotterdam nie, maar ons het te veel bagasie gehad wat ons dan met die trein sou moes saamsleep en het die voorstel nie aanvaar nie. Ons sou liever met die boot die reis oorsee heeltemaal uitvaar.

Ek vind uit of ons 'n taxi kon kry vir die volgende dag, bespreek 'n klein Fiat 600, genoeg vir ons vier, dit was soiets as 'n Italiaanse 'Volkswagen', maar baie kleiner. Die volgende oggend, so 9:00 uur stap ons in (ek het in Nw Guinea gesorg vir 'n internasionaal rybewys) en ons ry. Maar ek was gewoond aan links hou, en ry al meteen na die verkeerde uitgang van die hawe, want die uitgang was wel regs, maar ek ry dus na die 'ingang' wat links was. Die douane beamptes daar gebaar met baie geswaai van arms dat ek daar nie kan uitgaan nie en na die ander uitgang moet ry. Toe besef ek, ek moet hier met alles regs hou, ook ten opsigte van in- en uitgange !!. Nou ja Ma het my verder probeer help deur telkens te herhaal dat ek moet nou

regs hou en dit het toe beter gegaan al was dit in die druk verkeer 'n hele heisa om met regs verkeer deur te kom. Ons het daar ook nog glo 'n aanrading met blikskade tussen twee andere motorkarre veroorsaak maar gelukkig was ons Fiat nie betrokke nie en het ek gemaak ons kom weg om geen party te word in die mekaar beskuldigende en rusiemakende betrokke motorbestuurders !! Die probleem was natuurlik indien jy betrokke raak by 'n ongeluk, mag jy van die plaaslike polisie nie met die boot weggaan maar moet in Genua bly tot die saak opgelos is .... Ons het toe maar so gou moontlik die stad uitgery en die landelike paadjies opgesoek in die berge agter Genua in.

Daar het ons die vrye natuur geniet, ons broodjies geëet en die stil bergdorpie bewonder. Waar ons toe presies gery het kan ek vandag nie meer onthou nie, maar dit was 'n aangename afwisseling tov die lewe aan boord.

Sover ek kon nagaan, het Genua of Genoa reeds 500 v Chr. bestaan as hoofstad vir die Liguriane wat toe die oorspronklike bevolking was. Die Grieke het egter reeds toe ook begin handeldryf, daar koloniseer en met die bestaande bevolking gemeng. Die Romeine het daarna so 300 v.Chr. ook die gebied begin bewoon en handel dryf. In die 11e eeu het dit 'n republiek Liguria geword saam met die eilande Corsica en Sardinië, en gereëld oorlog gevoer met hul handelsrivaal Venetië wat die Adriatiese See beheer het.. Napoleon het daar 'n einde aan gemaak deur hierdie republiek Liguria by Frankryk in te lyf. So hierdie stad van nou 890.000 inwoners het daarom ook 'n lang geskiedenis tot ver terug van voor ons jaartelling .....

So teen 4 uur die middag het ons teruggekeer in die hawe en was juis op tyd, want die kaptein wou maar weer vertrek, hy het nou haas gekry. Die perd het die stal geruik en dit het ons goed gepas, want een keer op see, sou die verkeersouteiteite jou nie kom terughaal as getuie vir die verkeersongeluk nie ....

Ons volgende hawe sou Barcelona wees, en geleer van die ervaring in Genua, het ons daar nie weer self 'n motorkar gehuur nie, maar 'n taxi. Dit was 'n groot sukses want die taxidrywer het self ook plesier daarin gehad om ons alles wat die moeite werd was te wys, en in sy gebroke Engels probeer verduidelik. Ook buite die stad het hy 'n damwal gewijs vir die watervooring.

Barcelona is ook 'n stad reeds van voor die begin van ons jaartelling met die naam van Barcino, en was hoofstad vir die Cataloniërs wat die Noord-Ooste van Spanje bewoon, tot vandag toe nog 'n aparte provinsie met vergaande selfbestuur. Barcelona is die tweede grootste hawestad van Spanje en het 'n bevolking van meer as 1,6 miljoen inwoners. Sy middestad is besaai met pragtige groot geboue met argitektoniese allure, vol met interessante detail en versierings. Die nooit gereedkomende groot katedraal wat nog steeds sonder dak is, se eerste argitek is lankal dood, en die volgende boumeesters vier hulle kunste daarop bot. Dit is dan ook wel 'n trekpleister vir toeriste, maar (nog) nie vir kerkgangers nie .... Maar geen nood, daar is 'n verkeidenheid ou groot katedrale en kerke nog uit die middeleeue wat in die binnestad versprei staan wat wel gebruik kan word en die moeite werd is om te besigtig. Die dag wat ons rondgery het was daar nie baie tyd voor nie, maar ons was so 35 jaar later met vakansiebusreisies ook weer 'n paar keer daar en toe meer tyd gehad om rond te kyk in die stad. Hierdiekeer het die kaptein egter ook weer haas gehad want na 'n dag in Barcelona het ons hier ook verder gevaar rigting Gibraltar waar Europa en Afrika mekaar amper raak en ons deur die 30 km brede seestraat van Gibraltar die Atlantiese Oseaan opgevaar, op pad na Bilbao, die

hoofstad van Baskenland aan die Golf van Biskaye. Dit behoort dan tot die laaste fase van hierdie bootreis en vertel ek in die volgende afdeling daaroor.

---

### 3. BILBAO, LE HAVRE EN ROTTERDAM

Bilbao sou ons maar kort bly, en was sover ek my herinner ook nie van boord nie; ons was binne 'n dag weer daar weg, geen groot missie dus nie. Bilbao is die hoofstad van die mees Noordelike Spaanse provinsie Viscaya (Biscay), dateer van 1300 A.D. en het veel metaalnywerhede, wol en skeepswerwe. Die aantal inwoners tel by die 334.000 dus nie so klein stadjie nie .....

Daar is ook vernet teen die onderhorigheid aan Spanje en stryd vir 'n onafhankelike staat. Die kaptein het ons afgeraai om die stadjie te gaan besoek want hy dink ons is net 'n paar uur daar, en in die stad is dit nie so veilig vir toeriste nie

Maar ons het die Golf van Biscaye na die Noord-Weste rigting Het Kanaal by Bretagne oorgesteek. Die see was hier nogal rumoerig met die gevolg dat alle passasiers seesiek geword het en selfs 'n enkel bemanningslid. Maar ons vier het al die tyd perdfnis gebly en het geen probleem daarmee gehad nie. Na twee dae se vaar bereik ons Le Havre, 'n groot Franse hawe aan die monding van die Seine. Hier moes ons die ystererts kwyt wat in Port Swettenham ingelaai was en die kaptein verwag dat dit in een dag met suiers sou gedoen kon word.

Dit was egter 'n dag se baie stadig en versigtig die rivier seker so 80 km instroom tot by die aflaaiplek, en moes dit hier ook weer met grypers gedoen word wat ook stadig gegaan het. Gevolglik was ons daar 4 dae ipv 1 dag voordat al die ystererts uitgelaai was. Die kaptein was woedend, veral oor die ongeërgdheid en ongeskiktheid van die Franse stukadoors oor die vertraging. Hier het ons egter ook nie van boord gegaan nie, want dit was oorals in die omgewing net fabrieke en rommelige opslagplaatse, waar niks was om te besigtig nie. Die water van die Seine-rivier, waaraan ook Parys geleë is, was vuil en het nie lekker geruik nie.

Ons was bly toe die uitlaaiery eindelijk gereed was en ons weer kon vertrek, Rotterdam toe ! Die perd het nou werklik die stal geruik !! Die see was hier rustiger, en het ons deur die Kanaal-engte van 30 km breed gevaar waar ons die wit rotse van die Engelse kuste vaag kon sien, en na 'n dag se versigtige vaar op hierdie baie besige seeroete het ons uiteindelik voor Rotterdam gelê. Die loods het aan boord gekom en dit was nou hawe toe, waar ons teen die middag aangekom het. Daar het ons familie, Opa en Oma Jansen, Opa en Oma Boer, en van ons ander boeties en sussies gestaan op die wal waar ons sou afmeer.

Met Harm Jan het ons altyd probleme gehad om hom aan die praat te kry, maar toe hy die opa's en oma's sien wys hy met sy hand en sê: Opa ! En Oma !....., soos hy hulle gesigte van die foto's onthou het !!

'n Uurtjie later was ons almal van boord met ons bagasie, vreugdevol met ons familie herenigd, toe alles in die motorkarre gelaai en eers Bennekom toe na Ma se ouers, waar ons eers 'n twee weke sou bly. Daarna na Wassenaar om by Opa Harm en Oma Geesje te bly en het ons so al

afwisselend dan by die een paar ouers dan by die ander paar gebly totdat ons weer moes terugkeer na ons werk in Nieuw-Guinea.

En hiermee is ons bootreisverhaal dan voltooi !!!

Ons volgende hoofstuk gaan dan oor ons meer “permanente” verblyf in Nederland, al was dit dan maar vir 2 jaar en 4 maande. Maar ook dit het ons nie vooruit gewheet nie.

# HOOFSTUK 9

## BUSSUM

### MAART 1962 - JULIE 1964

In die vorige hoofstukke het ons vertel hoe ons uiteindelik weer na ons Nieuw-Guinea periode in Nederland te lande gekom het. Tenslotte was dit ook ons ‘Tuisland’ as gebore Nederlanders waar jy uiteindelik altyd weer welkom was om jou tuis te maak. Jy was tenminste nie beskou as ‘n tweederangse burger nie.

Sodra ons dus in Bennekom was het ek gaan werk soek; daar was na my briewe vanuit Merauke tenminste twee uitnodigings om te kom praat; een in Schiedam by ‘n groot glasfabriek, en die ander by die munisipaliteit van Bussum, by die afdeling Bouw- en Woningtoesig.

Ek het eers na Schiedam gegaan, en ‘n baie goeie gesprek gehad met die hoof van die bouafdeling van die fabriek en hy het my al die geboue gewys en hoe die proses van allerhande soorte van glasbottels se vervaardiging werk, klein en groot bottels vir jams, vir bier, melk, ens ens, van blank of gekleurde glas. My werk sou daar dan bestaan uit onderhoud van al die geboue en nou en dan nuwe aanbouings en uitbreidings van die fabriek, met die ontwerp daarvan, en verkryging van goedkeuring van bouplanne by die betrokke Munisipaliteit van Schiedam. Die Oubaas wat my rondgelei het sê vir my, hy wou my graag daar hê en het blykbaar baie vertrou in my gekry, wat by my weer ‘n sterk neiging gewek het om die job te aanvaar. Maar daar was nog ‘n ander adres waar ek die volgende dag sou heengaan en dit was die in Bussum.

In Bussum was dit ‘n baie aangename en gemoedlike ontvangs, met kennismaking van die betrokke afdeling met ene Harm Koops as hoof van die afdeling. Ek sou dan mettertyd die onderhoof kon word en by Harm se afwesigheid as die hoof optree. Die afdeling was so ‘n ses personeelslede, elk met sy spesialiteit, vir rioleringsplanne, of waterleiding, elektrisiteitsbedrading, houtwerk soos kappe en dakke, fondasies, beton ens. Ek sou self die betonberekennings van vloere en kolomme spesiaal behartig vir die groter geboue, en die hantering van die “Hinderwet”.

Nou ja, by nader ondersoek van ander bykomende sake, soos huisvesting, en sosiale en kerklike omgewing in oorleg met Ma, en die feit dat ons ou vriende die familie Godschalk ook in Bussum in die Prins Hendriklaan gebly het, het na ‘n paar dae se dink die keus tog op Bussum geval en het ek Schiedam se glasfabriek met spyt laat weet dat ek die benoeming by hulle toch nie aanvar nie en dat dit Bussum se Munisipaliteit geword het.

Ek het dus die 1e April 1962 in Bussum begin werk. Elke dag net na ses uur op die fiets van Bennekom so 5 km na die treinstasie in Ede, dan met die trein na Amersfoort en oor Hilversum na Bussum waar ek net na 8 uur dan was. Of wanneer ons by Pa en Moe Boer in Wassenaar geloseer was, met die bus na Leiden en vandaar per trein oor Amsterdam na Bussum. Dit was elke dag byna twee uur heen en weer terug se reis met die trein. Dit het vir die begin redelik gewerk, en so was ek weer ambtenaar met alle brood en botter sekuriteit daaraan verbonden.

Ma was intussen vèr in verwagting van Geja, maar die meisiekind het lank op haar laat wag. Einde Mei sou dit wees, maar niks het nog gebeur nie. Toe sê Pa Jansen, let op, sy kom op my verjaardag, die 22e Junie !!

Ek het my gewerp op die werk in Bussum, my in drie maande tyd ingewerk in die bou- en woning verordeninge van Bussum, die Nasionale wette op Volkshuisvesting en die Hinderwet. Ek het dit geniet en die hantering van die Hinderwet geheel na my toetrek omdat niemand van die ander kollega's daarin besonder belang of ook gespesialiseer was nie. Die hinderwet het die omskrywing van voorwaardes ingehou vir bedrywe wat 'n hinder of oorlas in verband met lawaai, hinderlike reuke of slordige toestande op erwe kon oplewer vir hulle omgewing. Verder was die kontrole op gewapende beton berekeninge 'n lekker werk; die betrokke ingenieurs het deurgaans goeie werk gelewer, terwyl op die bouterreine ek altyd eers die goedkeuring met die oog op die verkree hardheid van die gestorte beton moes gee vir die ontlasting van nuwe betonkonstruksies, dit was meestal omtrent een week nadat die beton gestort was.

Op 'n oggend, dit was die 22e Junie (!!) kom ek deur treinvertraging eers om half nege op kantoor en sê Harm Koops vir my, ek moet onmiddellik teruggaan huis toe, want my vrou het alarm geslaan. Nou was ons toevallig in Wassenaar geloseer, maar die bevalling was met 'n vroedvrou in Bennekom gereel. Ek onmiddellik terug met die trein en bus na Wassenaar, Ma het daar met alles klaar gestaan, ons het die DKW gevat en met 'n stinkspoed na Bennekom gery waar ons om 11:00 uur aangekom het. Gelukkig het die speedcops die dag ander werk gehad ..

Die vroedvrou was intussen ook gewaarsku maar kon weens 'n ander bevalling eers so teen 2:00 uur die middag kom. Die weë het reeds eerder begin hoewel nog nie snel genoeg aanmekaar nie, maar die vroedvrou gee toe 'n prikkie en toe kom dit baie vinnig. Teen vier uur die middag was Geja gebore as 'n skreeuende maar gesonde meisiekind, en was dit met Ma gelukkig ook alles goed, net baie moeg na die tog altyd weer groot wonderwerk en inspanning.

Toe hoor ons dieselfde middag die nuus oor die radio dat juis die afgelope nag Indonesiese Para's nie op maar rondom die vliegveld van Merauke, wat bewaak was deur ons Hollandse weermag geland het. Dit was daar dus oorlog !! Was ons dankbaar dat Ma nie in die hospitaal van Merauke gelê het nie maar veilig by haar ouers tuis in Bennekom. Ten opsigte van hierdie omstandigheid was ons besluit om uit Nieuw-Guinea te vertrek blykbaar reg gewees. Nie omdat ons bang of lafaards was nie, maar omdat dit nie help om 'n held te wees in sake wat by voorbaat reeds verlore was nie.

Harm en Nico het ons toe eers maar in Wassenaar gelaat onder die hoede van hul Opa en Oma Boer, en kon ons so nog 'n week by 'n dankbare Vader en Moeder Jansen bly. Dit was mos Pa

Jansen se 65e jaar se verjaardagpresentjie, behalwe dan ook nog sy AOW ouderdomspensioen van die Staat !!

Intussen het ons in Bussum gereeld uitgekyk na 'n huurhuis wat deur die Munisipaliteit se bemiddeling beskikbaar sou kom, maar dit was blykbaar 'n baie skaars item. Almal was daar baie tevrede met my werk, maar ek moes dus elke dag nogal 'n end met die trein heen en weer reis. Ma en ek kon so nie 'n eie gesinslewe opbou solank ons geloseer was by een van ons Ouers nie. En na die geboorte van Geja het dit daarom al hoe meer krities geraak.

Ek het toe met Harm Koops gaan praat en sê vir hom, ek sien 'n advertensie in die koerant van 'n ander munisipaliteit vir 'n boukundige waarby ook huisvesting aangebied word en dat ek ernstig dink daarvoor om, gesien die probleem om 'n huurhuis in Bussum te kry, vir die ander werk aansoek te doen.... Hy sê vir my wag so 'n bietjie en kom die ander dag na my toe en sê, daar is aan die Laarderweg in Bussum nou 'n huis vir ons beskikbaar, ek moet 'n bietjie gaan kyk !!

Dit was nou midde Julie en het ek met Ma saam gaan kyk, en was dit 'n klein drie slaapkamer eengesinswoning van 8 of 10 wonings onder een dak, wat deur een of ander uitlander (Turke, glo) "bewoon" gewees was, en totaal uitgewoon en met beskadigde deure deur hulle agtergelaat is. Dit moes dus eers skoongemaak, nuut behange met behangpapier, en waar nodig bygeverf word, maar het ons daarby groot hulp gekry van kinders van Godschalk, soos van Henk, Marie en Foekje. Na 'n week se geploeter en gewerkskaf was die huis reg om in te trek en het ons met al ons hebben en houwen uit Bennekom en Wassenaar soontoe verhuis.

Dit was nou 'n groot verbetering vir ons gesinslewe en het die treinreise tot die verlede tyd behoort. Van toe af kon ons ons normale lewe weer opvat. Ons kon toe ook tuisraak in die kerklike lewe in Bussum waar 'n lewendige Gereformeerde kerkgemeenskap was, waar ons vandag met dankbaarheid aan terugdink. Die ouderling waar ons aan toevertrou was, ene broeder Rouw, was getroud met 'n vrou wat ook van meisiesnaam Rouw geheet het maar hulle was geen familie van mekaar nie (!), het ons goeie huisvriende mee geword. Verder het ons daar ook ander vriende tot op vandag aan oorgehou het soos die familie Ros in Pretoria en die Koelewijns in Dronten. En ten laaste maar nie die minste nie, familie Godschalk met hul 12 tiener-kindere waarmee ek reeds saam opgetrek het in Batavia en Hollandia !! Later het die Godschalke en die Rosse ook deur ons aanmoedigings na ons ook Suid-Afrika toe geëmigreer.

Vir my werk het ek deur ons vestiging in Bussum ook meer tyd gekry en kon ek my volle aandag daaraan gee en na so 'n half jaar inwerk en vestiging was Ma en ek daar op volle toere.

Toe kom ek ook agter dat die Vrywillige Brandweer in Bussum waarvan Harm Koops die Hoofkommandant was, het 'n vakature vir brandweerman. Dit was in Bussum toegelaat dat 'n amptenaar ook onder normale dienstyd ingeval van alarm brandweerwerk doen, en bied ek my ook daarvoor aan, want dit het vir my 'n lekker breek gelyk uit die daaglikse roetine op kantoor. My aansoek was aanvaar en so het ek ook lid geword van die brandweer in Bussum. Maar ek het nog niks geweet van brandweerbstryding en die opleiding was minstens 'n jaar in teorie en praktyk, ook nauurs en het ek daar werklik baie geleer nie alleen oor brandbstryding maar ook brandvoorkoming en beveiliging van publiek by brand. Die kennis het my later in Pretoria in die Munitoria goed van pas gekom toe daar om brandinpekteurs was gevra; ek het daar die 5e en 6e vloer gekry van die Westelike vleuel en saam met 'n ander kollega van die Boutoesigafdeling gewaarsku vir die helaas geweldige potensieel vir brand in die pragtige



gebou. Helaas, helaas is daar toe geen werk van gemaak deur die Stadsraad nie (weens s.g. gebrek aan geld en tyd ...!!) en is die gebou 4 jaar later na my aftrede ook totaal afgebrand!!

Ook die hantering van brandslange en spuite en verder 'n bietjie militêre dissipline met stampvoetery is ons ook bygebring. Die deel van die werk het ek werklik baie geniet want daar was tog gedurende die winter veral in die ou gedeeltes van die dorp gereeld brande deur omgevallige kerse of kaggeltjies en was ons gereeld betrokke by heel wat blus- en reddingswerk in Bussum. Ook vir die goedkeuring van bouplanne moes ons verklarings van geen beswaar van die brandweer-kommandant verkry en die bouplanne van voorskrifte voorsien watter voorsorgmaatreels soos plasing van nooduitgange, handbrandblussers en brandslangtolle getref moes word as voorwaarde vir goedkeuring van bouplanne.

Om nauurs opgeroep te kon word is daar in ons huis 'n luidspreker geïnstalleer wat 'n loei afgegee het saam met die boodskap waar die brand was dat ons met die grootste spoed enige tyd van die dag of nag daarheen kon gaan.

Ma was daarmee ook gou ingewerk en het by alarm my ook gehelp om die brandweerkleding en waterlaarse aan te trek, en om met die DKW uit die garage uit weg te kom brand toe; dit moes altyd 'n kwessie van slegs 'n paar sekondes wees. Want by 'n brand gaan dit veral om die eerste minute om dit by te kom en onder beheer te bring. Toe ek later om bepaalde redene tot die besluit gekom het om te emigreer na Suid-Afrika, was dit deel van die werk, veral die kameraderie wat ontstaan tussen die vrywillige brandweermanne die moeilikste om van afskeid te neem !!

Na so 'n jaar in Bussum, het ons kans gesien om 'n groter huis in hande te kry en te koop, in 'n goeie en deftiger buurt van Bussum, aan die F.C.Donderstraat, nommer 10. Dit was 'n groot huis, met vier slaapkamers bo, groot agterkamer en sitkamer voor, en 'n groot solder, en voor en agtertuin, vir die bedrag van 32.500 gulden. Met makelaars- en oordragskoste by die 36.000 gulden. Ons kon dit vir die toentertyd redelik lae bedrag koop omdat die woning alleen verkoop mog word aan reeds ingesetenes van Bussum en nie aan iemand van buite die munisipaliteit van Bussum wat die gemeente wou intrek. Laasgenoemdes kon slegs 'n huis koop in Bussum indien die eienaar self ook uit die gebied van die munisipaliteit sou vertrek uit die gemeente uit.

In hierdie woning het ons werklik lekker gebly. Ons het naderhand op ons agtererf 'n garage van 6x3 meter laat bybou vir ons motorkar, die DKW, en die ou deure in die woning volgens die mode van die 60er jare glad gemaak en grys geverf, en van die klein slaapkamer agter op die eerste verdieping 'n badkamer met bad, stort en toilet laat inbou. Die seuns het die agterslaapkamer gehad, ons die voorste en Geja die klein slaapkamer voor.

Vir verwarming het ons twee outomatiese oliekaggels vir die agter en voor-sitkamer aangeskaf met ventilators wat op termostaat aan en uitgegaan het en wat jy op gewenste kamertemperatuur kon afstel. Modern ingerig dus. Die olie het met 'n kwart duims pypie van buite die woning uit 'n tenk van 200 liter gekom wat so een keer per wintermaand deur 'n tenkwa weer volgemaak kon word. Die olie was 'n ligte soort diesel van die goedkoopste soort, maar reuk- en rookloos. Die afvoer van die verbrande gasse was nog altyd deur die skoorstene, so die verwarming was vir die tyd ideaal.

Die boverdieping met sy slaapkamers, badkamer en die solder was nog onverwarmd, maar dit was in die tyd normaal.

Die tuin het op homself goed genoeg gelyk en het ek nie veel daaraan gedoen nie dan net wat vaste plante en struik en 'n bietjie snoeiwerk.

Ons het daar gereeld besoek gekry van familie en vriende en was dit so wel 'n gesellige lewe daar in Bussum. Op 'n slag was daar ex-Nieuw-Guinea gangers, Jan Rietkerk en sy vrou (wat later burgemeester van Genemuiden geword het), en het ek die projektor vir 8 mm film opgestel en 'n film van Nieuw-Guinea gaan draai, toe net aan die begin van die film die alarm van die brandweer afgaan. Ek ekskuseer my onmiddellik vir ons gaste, ren na die gangkas in die hal, skiet my brandweerklere en waterlaarse aan, en Ma het na die garage gehardloop, die DKW gestart, en kon ek binne 'n minuut met hoë spoed wegry na die brandadres soos afgekondig by die alarm, Toe Ma terugkom by ons gaste in die sitkamer, sit hulle hoogs verbaas oor wat daar alles gebeur, terwyl die projektor rustigaan deurdraai en die film vertoon. Ma verduidelik toe wat gaan aan, en hulle kyk die film uit onder 'n koppie koffie met wat daar verder by was. Ek was egter gelukkig binne 'n uur weer terug want dit was maar 'n klein geval gewees en die brand vroeg onder beheer.

Dit was nou nie so dat die alarm elke dag afgegaan het nie, maar tog wel gemiddeld eens in die 2 weke.

Toe gebeur dit dat ons besoek kry van weer ander Nieuw-Guineagangers, ds Jaap Klammer en sy vrou. Ek stel weer my projektor op om vir hulle wat opnames van Nieuw-Guinea te wys, toe die alarm weer afgaan en dieselfde ding gebeur as met Jan Rietkerk. Gelukkig het hulle reeds van Jan Rietkerk reeds van die vorige petalje gehoor, maar dat dit nou elke keer moes gebeur tydens besoek van Nieuw-Guineagangers !!

Wat my werk betref, het ek waardering daarvoor van die ander staf en my base gekry wat ook op 'n bevordering tot hoofamptenaar uitgeloop het. Daarmee was ek dan ook formeel plaasvervanger vir Harm Koops geword indien hy by afwesigheid deur ander pligte, vakansie of siekte nie beskikbaar was nie. En hy en ek het nogal ge-akkordeer in die uitvoering van die daaraan verbonde pligte.

Maar met die werklike toesig op die bou-aktiwiteite in die dorp was dit 'n bietjie ander saak. Ek het agtergekome dat verskeie kontrakteurs graag probeer het om nie ge-otoriseerde werkies te versteek, dus te bou sonder vergunning, of om op ander wyse bedrog te pleeg, of om op adviese van jou ja ja te sê maar dit nie uitvoer nie of saboteer. Dit het my gehinder en was ek van huis uit, ook op Nieuw-Guinea nie aan so 'n houding gewoon gewees nie.

Maar ek kom verder agter wat die werklike oorsaak van die negatiewe houding was. Die Sentrale Regering in Den Haag het namelik verordend, dat alle bou-aktiwiteite in die Randstad Holland, waartoe Bussum ook behoort het, baie beperk moes word, met die bedoeling om bou-aktiwiteite in die Ooste van die land soos in Gelderland en Overijssel te stimuleer. Om die beleid aan te help, het die Regering 'n boustop ingestel. Indien daar vir 'n seker maksimum bedrag binne die bepaalde Munisipaliteit reeds aan boukoste spandeer was, mog daar geen bouvergunninge meer afgegee word nie !!

Die beleid het egter vir die gemeente Bussum daartoe gelei, dat omstreeks einde April van elke jaar reeds die maksimum bedrag bereik was, en die uitreiking van verdere bouvergunninge moes stopgesit word tot die daarop volgende jaar Januarie. Hierdie boustop was die doodsteek

veral vir die kleiner kontrakteurs van wie se werkgebied beperk was tot die direkte omgewing van Bussum. Die grotere kontrakteurs kon hulle projekte nog wel ver daar buite gaan ontwikkel, maar die kleinere ondernemers was daarmee gedwing tot werkloosheid, en moes gevolglik bekwame ambagsmanne wat reeds jare vir hulle gewerk het ontslaan om bankrotskap te voorkom .... Geen wonder dat hul houding teenoor die owerhede bitter en opstandig geword het. En ons as amptenare was veronderstel om hier as pionne van die regering 'KGB' te speel en hierdie toestand te handhaaf !! Selfs die kleinste werkies soos nuwe dakvensters of klein noodsaaklike aanbouings moes ons verhoed en sorg dat dit wag tot die nuwe jaar !! Ek het dus opsetlik begin wegkyk van sulke "onwettige" praktyke en 'n lae profiel gehou.

Hierdie deel van ons werk het wel teen my grein ingegaan en wat myself betref was my gewete aan die kant van die kontrakteurs. Die Regering het wel 'n politieke en ekonomiese rede gehad vir hierdie boustop in die Weste van die land, maar daar was beslis wel ander en meer eleganter maniere om die bou-aktiwiteite in die Ooste van die land aan te moedig en die in die Weste te ontmoedig. Hierdie wyse van ontmoediging van bouwerke in die Weste kon ek nie mee saamlewe nie en kon ek nie klein kry nie. Ek het wel my eie spesialiteit by my werk gehad, die gewapende betonberekening en die uitvoering van die Hinderwet, maar as onderhoof was ek tog ook mee verantwoordelik vir die goedkeuringsbeleid van die bouvergunningen. En die ergste was, ons het hoegenaamd geen invloed op die regeringsbeleid gehad nie, maar was wel veronderstel om dit as gehoorsame amptenaar in owerheidsdiens met 'kadaverdisipline' uit te voer. En dit was juis waar ek in die 1940-'45 oorlogstyd geleer het dat die 'befehl ist befehl' houding jou nooit vrywaar van verantwoordelikheid vir eventuele kriminele gevolge daarvan. Jy moet saamstem met die bedoeling en die beleid van jou meerdere, of jy moet ondanks verlies van brood en botter bedank vir die job. Ek het hieroor gepraat met Harm Koops en my ander kollega's op die afdeling, almal het met my saamgestem, maar hulle het verkies om brood en botter redene om hul werk te bly doen. Ek het respek daarvoor, maar het die oortuiging gehad, as jy anders kan, moet jy anders doen omwille van die rus in jou geweten.

Na so anderhalf jaar was ek in die roetine van my werk tuisgeraak, en het by my 40e verjaardag in Julie 1963 die vooruitsig gehad dat vir die nog komende 25 jaar ek nog steeds dieselfde werk sou moes doen sonder veel uitsig op nog nuwe uitdagings.

Ek het dus gaan dink aan verdere studie, hetsy vir boukundige ontwerp om by die Bond van Nederlandse Argitekte te kon aansluit, of om weer klas te loop in Delft by die Techniese Universiteit Dept Boukunde, vir boukundig ingenieur. Maar dit was moeilik om te kombineer met my huidige werk in Bussum, veral as gevolg van die afstand na Delft.

Ek het dus gaan kyk na direkteursskap in kleiner munisipaliteite in die midde of Ooste van die land waar geen boustop van toepassing was, maar die was baie skaars. By die enkele aansoeke wat ek na 'n paar verskillende Munisipaliteite hier en daar gestuur het, blyk toe ook nog dat jou politieke ligging 'n gewichtig kriterium was vir aanstelling op so 'n funksie, hoewel in Bussum het hulle indertyd my nie daarna gevra nie !!

As gevolg van hierdie frustasie het ek al hoe meer gaan dink aan Suid-Afrika as die land waar die vreze Gods by sy Regering en volk tog nog altyd baie meer riglyn was vir die algemene regeringsbeleid vir die samelewing en wette van die land, vir ons 'n baie beter tuiste sou kon wees as Holland. Die positiewe ervaring met Suid-Afrika onder leiding van president Dr Hendrik French Verwoerd by die internasionale politieke bedrywigheid by die Verenigde

Nasies in die kwesies van Nieuw-Guinea en Ambon se selfstandigheidsstrewes in die end- vyftiger jare was ek nog nie vergete nie !!

Ek was die bedrog met die sosialistiese strewes met die sg 'Regte van die mens', wat in werklikheid sowel individueel as ook vir die gemeenskap die dood in die pot was, moeg. Ek het meer in die onderhoudings van God se Geboorte wat meer nadruk gelê het nie alleen in elkeen se persoonlike maar ook 'n gehele volk se verantwoordelikheid vir die samelewing, soos in die Bybel vir ons voorgelou, geglo. Of om dit op 'n ander manier te sê, die internasionale politiek het meer geglo in 'n soort kommunistiese evolusionistiese doktrine vir die wêreld se voortbestaan en vooruitgang, maar ek meer in 'n calvinistiese skeppings- en onderhoudingsleer volgens Genesis 1 en 2. En die laaste het my gelyk was ook meer die denkwêreld van die Suid-Afrikaanse samelewing en owerheid. Ek sou my daar baie beter in tuisvoel en bereid wees om jou skouers te sit onder 'n sinvolle opbou van die samelewing !! 'n Samelewing wat nog steeds 'n erfenis was van die beginsels van die ou Suid-Afrikaanse Boere Republieke van die beroemde presidente Paul Kruger van Transvaal en Steyns van die Oranje Vrystaat !!

Die ideaal kon ons in Nederland met sy Post-Christelike socialisme nie meer verwesenlik nie !

Ek vir my het dus vir die keus gestaan, of om by die gegewe omstandigheid te berus en in Nederland bly, net om jou daaglikse brood en botter "veilig te stel", maar sonder religieuse ideale en levensverwesenliking ook in jou beroep. Dit sou vir my beteken, jy doen jou werk, met "kadaver" dissipline in die gees van: "befehl ist befehl" wat die verantwoordelikheid vir jou doen en late dan deureskuif word na jou meerdere, en stryk die beloning daarvoor op en probeer lekker daarvan te leef saam met jou vrou en kinders, sonder om self met respek op jou werk terug te kyk, en daarin voldoening en daarmee selfverwesenliking te bereik. Ek weet, daar is baie wat sonder respek vir hulle werk dit doen, geen voldoening en ook geen selfverwesenliking daarin vind maar nogtans daarin berus.

Maar ek was dit nie gewoond nie en alles in my siel het hom teen hierdie soort van slaafse onderwerping verset.

Ek het besluit om nog 'n poging waag om dit wel te bereik in 'n land en by 'n volk waar die lewensopdragte soos verwoord in Genesis 1 en 2 blykbaar nog wel in oorweging by die wetgewing in die land was.

En dit was dan nie in Nederland, nog in die gebruikelike emigrasielande soos Canada, Australië of Nieuw-Seeland te vinde nie, maar nog by die Boere in Suid-Afrika !!

Ek het dus begin om my daaromtrent meer in besonderhede te oriënteer, kennis te neem van moontlikhede om daarheen te kom, werk te kry en kontakte te werf.

Toe ek Ma versigtig van my nuwe aspirasies op hoogte bring was sy, sag gesproke, hewig ontsteld. Sy het my vir gek verklaar. Ons het nou juis so tuis geraak in Holland, sy het daarmee gelukkig gevoel en nou alweer oppak !! Ons was nou 7 jaar getroud, en 7 keer verhuis !! Ons het nou juis die laaste jaar moeite gedoen om ons pragtige huis te renoveer en van moderne geriewe te voorsien, van binne en buite opgeverf en so 'n baie goeie huis met veel koste en moeite verwerf, goeie bestendige werk in Bussum, nuwe vriendekring opgebou, en so lekker aan die F.C.Donderstraat in Bussum gevestig geraak, en nou dit verkoop ???!

Om nou dan weer op te pak om 'n onsekere toekoms in 'n vir ons onbekende land en volk te gaan, dit was tog die laaste waar sy aan wou dink. Van haar kant gesien, was dit ook die dwaaste wat 'n mens ook kon bedink. Ma sê vir my: jy moes nou Indonesië verlaat, daarna moes ons van Nieuw-Guinea ook pad gee, en dit gaan in Suid-Afrika ook gebeur want die swartes sal daar eendag ook oorneem !!” Ek antwoord haar: “Die Boere sal dit nooit oorgee nie !” Maar Ma antwoord: ”Hulle sal dit ook moet doen wanneer die druk te groot word !” Nou ja ek wou dit nie glo nie, maar Ma het hierin gelyk gehad, agteraf gesproke..... Ek het werklik nooit verwag dat die Suid-Afrikaanse Republiek wat in beginsel en regering 'n westers georiënteerde land was, een dag aan 'n kommunisties georiënteerde en deur swartes gedomineerde regering oorgedra sou word.

Ook my skoonouers was hewig onsteld toe hulle van my planne hoor. Pa Jansen was baie kwaad vir my, en Ma baie verdrietig dat sy nou haar dogter weer sou moes mis, nadat ons 5 jaar op Nieuw-Guinea vir haar onbereikbaar was gewees.

En hulle was reg. Net die jongste broer van Ma, Huib Jansen wat ook gesagvoerder was op die olietenkskepe van Esso, Nederland, en gevolglik meer van die wêreld gesien het, het my gelyk gegee. Hy het my aspirasies begryp en geweet dat daar vir my in die werk en lewe in Suid-Afrika baie meer bevrediging sou vind as by die huidige amptenary in Nederland.

My eie ouers en familie het in my planne my nie aangemoedig nie, maar wel verstaan en hulle nie teengesit nie. My broer Henk en tant Klarie, toe ek hulle daarvan vertel, sê vir ons dat hulle, na hulle terugkeer uit Nieuw-Guinea in 1962, ook daaraan dink om as sendingsartsgesin na Suid-Afrika te vertrek. So van die kant af het ek weinig weerstand gekry, intendeel.

Die ander dinge wat by die werk nie positief vir my was, het my bly pla. En ongewild het dit op my gesondheidstoestand begin inwerk, en het ek probleme gekry met reumatiek en gewrigtepyne. Ek kon in 'n stadium my arms nie meer bo my skouers optil nie en my nek het verstyf. Die dokter het my na 'n fisioterapeut en masseerder gestuur, wat my nek, skouers en rug gemasseer het maar dit het nie baie gehelp nie. Maar hy het ook met my gepraat en gevra wat my geestelik hinder. Toe vertel ek hom my probleme met die boustop en my planne om te emigreer alhoewel my skoonfamilie teen die planne is. Toe sê hy, dit is die oorsaak van jou fisiese probleme, tensy ek die probleme nie oplos nie, sal ek ook nie ontslae raak van die reumatiese aandoenings nie.

Nou ja, toe besef ek, die goeie werk in Bussum en ons gevestigde huisvesting in Bussum sal ons nie help, as ek 'n kroniese reumapasient word met miskien nog 'n redelik aktiewe bestaan van miskien maksimum 10 jaar om daarna permanente rolstoelpasient te word, tot las van myself gesin en verdere omgewing.

Ek sou 'n besluit moet neem en dit uitvoer. Ek het Ma die advies van die fisioterapeut vertel en met haar gepraat. Toe sê sy, sy sal berus in emigrasie, maar onder voorwaarde dat ek eers werk vind daarso, en die eerste ding wat ons daar moet kan doen is huiskoop om permanent op een adres te bly en nie weer elke jaar verhuis nie want die verhuisings was sy nou siek en sat !!

Dit het ons ooreengekom en so gesê, so gedaan. Ons het na Utrecht se Gereformeerde Emigrasie Stigting gegaan, onder beheer van ene mnr van Rensburg, waar ons vriendelik gehelp is, van alle moontlike inligting oor Suid-Afrika voorsien is en firma's in SA wat

personeel soek met kontakadresse in Nederland. Daar was werk by die Hendrik Verwoerddam aan die Oranjerivier in die Vrystaat, een van die grootste stuwdamme van die Suidelike halfrond maar dit was ver van skole en kerke af.

Daar was ook EDGARS, 'n groot modesaak met baie groot winkels oor heel Suid-Afrika versprei wat 'n ontwerper gesoek het vir hulle toonbanke en winkelvensters, en die afspraak was ongelukkig op 'n middag dat Oma Jansen haar 100ste verjaardag gevier het met die hele familie waaronder 100 kleinkinders !! Maar ek het die afspraak belangriker gevind en sodoende nooit by die verjaardag uitgekom nie. Dit was iets wat Ma as kleinkind van Oma my tot vandag toe nog nooit vergewe het nie en waar ek ook spyt van het want na die gesprek met EDGARS het ek ook nooit meer van hulle gehoor nie en het dit dus niks opgelewer nie !!

Dan was daar ene mnr Pronk, bourekenaar by 'n groot boukontraakteur "Engel en de Ruyter" in Pretoria en daar tweede in bevel. Hulle het nog 'n voorman gesoek. Met hom het ek toe in 'n restaurant in Scheveningen gepraat, en hy sê, nadat hy my CV in kort gehoor het, hy het wel werk vir my, teen 'n salaris wat nie veel minder was as wat ek ook in Bussum gekry het, goed genoeg in elk geval om daar te begin !! Ek het toe nog soveel vertroue in my medemens gehad (waarin ek in Nieuw-Guinea nooit beskaam was nie !) dat ek nie eers dink aan 'n skriftelike bevestiging van die toesegging nie, iets wat my later sou berou !

Maar goed, ek vertel Ma verheugd, dat ek toesegging van werk by boukontraakteur Engel en De Ruyter in Pretoria gekry het, en dat ons nou maar so gou moontlik ons emigrasie na Pretoria moet aan die gang kry. Dit was nou einde Maart 1964 en sou ons 'n paar maande nodig hê om ons huis aan die Donderstraat te verkoop, die huishoudelike goeters en meubels sover nodig in te pak. Die emigrasievergunning moes verkry word, daarvoor moes ons gekeur word, forms invul ens en die Van Rensburgkantoor was ons met al hierdie dinge baie behulpsaam. Emigrasiekoste was vir 'n deel deur die beide Regerings gesubsidieer !! Die Nederlandse Regering vir die reiskoste na Suid-Afrika, en die SA regering vir die reis- en tydelike verblyfkoste in Suid-Afrika. En die Geref. Immigrasieverenigings in Kaapstad en Pretoria sou help met die opvang van ons gesin by aankoms in Kaapstad en voorlopige huisvesting in Pretoria.

Vir ons huis aan die Donderstraat het ons dit in hande gegee van 'n makelaar en het daar reeds gou voornemende kopers opgedaag. Ons vraprys was, in verband met die verbeterings aangebring wat ons so 15.000 Gulden gekos het, n in aanmerking geneem dat omdat ons uit die gemeente vertrek, dit ook aan iemand buite die gemeente mog verkoop word, 65.000 Gulden. 'n Egpaar uit Amsterdam het ernstig belang gestel, maar wou baie afding. Toe dreig ek dat ek reeds 'n nuwe advertensie wou plaas met die vraagprys van 70.000 Gulden, en sê vir hulle, as hulle ons vraagprys nie aanvaar nie, gaan die huis weer aangebied word in die mark vir 5000 Gulden meer. Toe skrik hulle, en aanvaar ons vraprys sonder meer. 30 Jaar later toe ons weer in Nederland op soek was na 'n woning het ons weer by die huis in Bussum gaan kyk, in 1993. Van die egpaar was die man toe blykbaar oorlede, maar sy vrou het daar nog alleen in oorgebly. Sy herken ons terwyl sy uit die venster ons by die pad sien staan en kyk, maak die voordeur oop en nooi ons in en sê: "U is mos die fam Boer van wie ons hierdie huis gekoop het ???" Ons sê: "ja, is u nog tevrede ???" Sy sê, "die huis is nog presies soos julle dit van ons gekoop het. Wil julle dit terugkoop ???"

“Wat is dan nou u vraprys,” vra ons. “450.000 Guldens ” antwoord sy !! Ses keer die bedrag as wat hulle daarvoor betaal het, in 30 jaar tyd !!. En dit was inderdaad wel volgens die daar toe geldende huismarkpryse in die streek !!

In elk geval, vir ons was met die verkoop van die huis die saak rond en kon ons die emigrasie met erns aanpak.

So het die groot dag van vertrek na Suid-Afrika gekom en dit was die 20e Julie sover ek onthou. vanuit Rotterdam met ‘n vragskip met passasiersakkomodasie, die TAFELBERG of soiets. Die vaart sou so 15 dae vat regstreeks na Kaapstad. Ek het my baas, Harm Koops en die hoof van Gemeentewerke my besluit tot emigrasie drie maande tevore meegedeel en my ontslag per 15 Julie ingedien, waarmee hulle nie bly was nie. Die afskeid was egter hartelik en het hulle ons ‘n filmskerm gegee vir die projeksie van ons 8 mm films wat ons vandag nog het en dankbaar gebruik.

Die afskeid aan boord was moeiliker met die verdriet van my skoonouers, Pa en Moe Jansen, wat ons tot aan boord vergesel het en op die kade terwyl ons wegvaar nagewuif het !!

Gelukkig kon hulle egter na drie jaar ons kon opsoek in Suid-Afrika en kon ons hulle daar ‘n bietjie rondry en die land wys soos die Kruger Wildpark en Oos-Transvaal met sy Drakensberge by Sabie, Graskop en die LongTom-pas. Maar daaroor sal ons in ‘n volgende hoofstuk meer vertel !!

Die bootreis self het vlot verloop en het ons, nu met ons drie kinders, op 12 Augustus 1964 by Kaapstad aangekom.

Onderweg was die see redelik rustig behalwe by Kaapstad waar die golwe ook reuse afmetings gekry het en waar ons boot ewewydig met die golwe moes vaar het ons die volle laag van die deining gekry. By die etes het stoele kompleet met die okkupeerder daarvan omgeval gelukkig sonder beserings, ‘n paartjie in die groot geselskapskamer (“lounge”) wat aanmekaar verloor was maar op die boot groot rusie met mekaar had het tot ons groot vermaak met stoele en al na mekaar toe saam in ‘n hoek geskuiwe (die rusie was toe sommer vergete), en Ma het in die hut terwyl sy besig was om die klere weer alles in die koffers te pak, met koffers en al onder die bed geskuiwe. Toe ek die hut in kom kry ek haar nie en roep Sjaan, waar is jy ?? Sy roep toe van onder die bed uit dat ek haar daaronder moet uithelp want sy sit vas tussen die koffers .....

Maar eenmaal in die baai van Kaapstad, onder die Tafelberg, was dit weer rustig. Toe ons afmeer aan die kaai van Kaapstad se hawe, het iemand van die emigrasiekommissie daar reeds klaar gestaan om ons te ontmoet en te help met die douane formaliteite. Dit was gevolglik ‘n vlotte afwerking en het hy ons gebring na ‘n klein hotelletjie by Seepunt. Daar moes ons twee dae wag vir transport na Pretoria, en het ons vir die eerste keer kennis gemaak met Mabèle pap, wors en gebakte eiers vir ontbyt. En dit het intussen so aanmekaar greeen dat Harm Jan vra: Waar is die sonskyn nou waar hulle so van praat in Suid-Afrika !!

Maar van die verdere ondervindings en gebeure daar vertel ons lieverste in ‘n volgende hoofstuk.

+++++

**KAAPSTAD - PRETORIA**

**12 AUGUSTUS - 20 DESEMBER 1964**



# HOOFSTUK 10

## 12 AUGUSTUS - 20 DESEMBER 1964

### KAAPSTAD - PRETORIA.

Ons het dus veilig in Kaapstad aangekom en deur die Gereformeerde Immigrasiekommissie van Kaapstad gehelp aan onderdak by 'n eenvoudig pensionnetjie op Seepunt, 'n voorstadjie van Kaapstad onder Leeukop. Daar kon ons twee dae 'n bietjie klimatiseer, maar die kommissie het daar 'n extra dag aan vasgeplak om my die kans te gee om 'n argitek te besoek in Kaapstad wat daar en dan my 'n pos by hom as tekenaar-opsigter aangebied het. Dit het vir my 'n bietjie onverwag gekom, en sou ek geweet het wat ons in Pretoria nog te wagte was, kon ek toe maar beter die aanbod gevat het. Dit des te meer, waar ek later agtergekom het dat my ou plan om verder te swad in argitektuur dit in Kaapstad my ook nog baie beter sou gepas het as in Pretoria!

Maar ek het immers die afspraak gehad met bourekenaar mnr Pronk van Engel en Ruyter in Pretoria ('n man, 'n man en 'n woord, 'n woord, nie waar nie ?), en nog 'n vir ons kinders belangrike oorweging was dat Pretoria toe reeds 'n eie Gereformeerde Kerkskool gehad het wat in Kaapstad nog nie verweselik was en kon word nie. My antwoord aan die argitek was dan ook, dat ek reeds 'n afspraak in Pretoria gehad het, niet wetende dat binne drie weke hierdie antwoord my ordentlik sou berou..... !

So het ons intussen die geleentheid gehad om die 11 kubieke meter groot houerkis met ons meubels en ander besitting deur die douane te kry en op die trein na Pretoria

(wat seker nog so drie weke sou vat vir transport daarheen), ons koffertjies weer gepak en het ene mnr van Milligen (waarmee ons later in Pretoria vriende geword het) van die Kaapstadse Immigrasievereniging die 14e Augustus om 8:00 in die oggend ons op die trein na Pretoria gesit. Ons het met ons vyftal 'n eie slaapcoupé gehad wat wel gerieflik was veral in die nag. Die reis sou so 2 dae duur, oor 'n afstand van meer as 1000 km. dwars deur die Karoo. Dit was in die begin 'n pragtige rit, veral hoe die trein deur die berge van die Wes-Kaap hom na bo kronkel, draai na draai en tunnel na tunnel so teen die middag by Touwsrivier bo op die hoogvlakte van die Karoo op wat vlakker terrein kom. Dit was natuurlik 'n sneltrein wat net op die hoofstasies soos Beaufort-wes, Victoria Wes, De Aar, Kimberley, Klerksdorp, Potchefstroom en Johannesburg gestop het. Die grootste deel van die Karoo (gelukkig maar) het ons wel in die nag gery.

Toe dit vroeg die oggend lig word, terwyl die trein stilstaan ek weet nie om watter rede nie maar waarskynlik om te wag vir die groen lig om verder te mag ry, sien ek die Karoo-wêreld, waar weet ek nie meer nie. Dit was by 'n klein stasie iewers waar die trein blykbaar moes wag op 'n ander trein, en dié wêreld was vuil, verwaaide plastiek sakke oorals teen die drade vasgewaai, alles was stowwerig, droog en die veld was vaal en dor en droog en nêrens geen boom te bekenne nie. Wel 'n paar kêrels wat daar op die kale perron rondgehang het soos 'n paar cowboys in vuil klere en met deurgeswete donkerbruin verfomfaaide hoede op. Ek doch

by myself, in wat vir wêreld het ons nou te lande gekom !! Dit is tog nie die Suid-Afrika wat ons soek nie !!

Maar later op die dag, verby Kimberly en by Klerksdorp, het die landskap beter gaan uitgesien, en seker by Johannesburg en Pretoria. Eenmaal op die hoofstasie van Pretoria, het daar 'n hele paar mense gestaan wat ons sou ontvang en is ons deur hulle hartelik verwelkom, nog saam met 'n ander immigrantenfamilie. Onder die verwelkomers was Cor en Ali van Wingerden, Adri Bakker, Hein Smit en sy vrou, en nog andere. Met bogenoemde het ons naderhand goeie vriende geword, veral met die van Wingerden. Hulle het ons met ons bagasie opgelaai en gebring na 'n woning aan die Cunninghamlaan in Waverley waar 'n huis (die nommer het ek vergeet maar dit was amper op die end van die laan) vir ons tydelik gehuur was waar ons so kon intrek. Omdat ons meubels natuurlik nog nie beskikbaar was nie, het hulle die nodige beddens en beddegoed, wat stoele, tafels en 'n sitkamerstelletjie daar neergesit dat ons ons voorlopig kon behelp.

Bowendien het hulle gesorg vir wat kos, brood en ander huishoudelike goed vir 'n paar dae dat ons eers kon tuismaak. 'n Winkelsentrum aan die Codonia Laan was so 'n kilometer daarvandaan.

Die res van die middag het ons vriende daar in die huis gaan sit en gesels en gepraat om allerlei nodige inligtings en goeie raad te gee wat ons baie waardeer het, en agterna gesien ook hard nodig gehad het.

Die volgende dag was het tyd om mnr Pronk op te soek en my aan te meld dat ek beskikbaar was vir hulle om te kom werk. By gebrek aan ander vervoer as met die bene-wa het ek gaan stap na die binnestad, tegelyk 'n goeie verkenning van Pretoria se woonwyke deur Waverley, Vilieria, Rietfontein, Gezina, Frederikastraat en Voortrekkerweg. Maar dit was anderhalf uur se stewige stap. Maar goed ek kom by mnr Pronk se kantoor êrens in die binnestad ek weet nie meer waar, en kry na wat navrae hom in hande, en meld my dus dat ons aangekom het in Pretoria, beskikbaar vir werk. Maar ek het op die kantoor intussen reeds al die gevoel gekry dat ek daar nie welkom was nie. Eenmaal by Pronk se bureau, en die gebruikelike pligpleging en groete, sê hy vir my, dat hulle in die stadium nie eintlik op my vlak werk vir my het nie ..... Maar ek moes maar eers probeer by Stock en Stocks, Engels sprekende boukontrakteurs, sou ook goed wees om my Engels meer op te knap.....

Nou ja, dit was vir my nou 'n werklike donderslag by 'heldere' hemel. Wat moes ek nou vir Ma sê ?? Die werk in Bussum bedank en die hele reis aangevang op grond van 'n woord, wat nou nie gehou word nie !!! En dit van 'n Hollander-landgenoot ?? Jy gaan tog nie oorsee 'n werknemer soek, en nadat die voornemende werknemer moeite gedoen het met opoffering van baie koste en werk by jou kom aanmeld, op straat sit nie ?? Dit is teen alle menslike norme en waardes in. Dan kon ek netsowel in Kaapstad gebly het waar wel werk vir my aangebied was, en van my woord aan Pronk vergeet het !!

As Pronk nou sou gesê het dat op die oomblik nie baie werk was nie, maar ek wel in diens geneem word vir byvoorbeeld 'n halwe jaar met die versoek om so gou moontlik ander werk te soek, sou ek dat nog kon billik. Maar hierdie houding van Pronk het my verontwaardiging tot in my nek laat styg. Ek het daar en dan ook vir mnr Pronk dankie gesê, en wou ook nie

meer van hom adres van Stock en Stocks of wie ook al van hom kry nie, en het besluit om hierdie saak aan die immigrasiekomitee te rapporteer en daar ander moontlike adresse vir werk te soek. Ek het geskok toe maar eers weer huiswaarts gekeer om eers raad te vra by die Immigrasiekomitee waarvan Cor van Wingerden die voorsitter was. Toe ek net na die oggend by huis kom en Ma inlig oor die resultaat van die besoek by Pronk, het sy gelukkig nogal stoïsiens gereageer en my moed ingepraat. Hierdie houding van Ma dink ek nog steeds met baie waardering aan terug want dit was net wat ek toe nodig gehad het !!

Die middag kom Cor van Wingerden sommer hoor hoe gaan dit. Terwyl ek my verhaal oor my ontmoeting met Pronk doen, het Ma koffie aangebied en water opgesit. Maar sy vergeet 'n bietjie daarvan terwyl sy ook na my luister. Toe val Cor my in die rede en sê vir Ma: "Ek ruik iets brand aan ...." Toe onthou Ma sy het water opgesit, en gaan gou om die koffie te skink !! Maar ons het lekker gelag en geleer besef dat water ook kan aanbrand ....

In elk geval, Cor pak die telefoon, en bel 'n paar van sy konneksies en gee my daarna 'n paar adresse van Raadgevende ingenieurs waar ek kan probeer werk kry.

Cor sê verder vir ons, daar is werk genoeg om te doen, en ons moenie moed verloor nie, ek sal seker iewers werk vind !!

Die volgende dag gaan ek dus vol goeie moed, vol selfvertroue en optimisties weer op pad, maar omdat die afstande na die binnestad ure se stap vereis het, begin ek dink aan 'n motorkar om tyd te bespaar, trouwens alles soos inkopies doen, vriende besoek, kerkgang, ensovoorts moes onvermydelik met 'n motorkar gedoen word, fietse was hier buite die kwessie. Dit het geen sin gehad om te wag met die aankoop daarvan tot ek werk gehad het nie, want 'n motor het ons in elk geval nodig gehad.

Die tweede dag het ek na 'n ingenieurskantoor gegaan, ek weet nie meer watter een nie. Ek is daar gasvry ontvang, die ingenieur het wel iemand nodig gehad maar vra my uit oor my ondervinding en agtergrond. Toe dink hy na en sê: "Ek dink jy is beter tuis op 'n argitekantoor, ek het 'n vriend wat argitek is en sal hom bel .."

Hy bel toe die vriend van hom en sê: "Hallo Karel, hoe gaan dit met jou ? Ek het nou hier 'n varse kaas by my, wat werk soek. Hy is lyk my baie geskik vir jou met sy ondervinding en agtergrond kan ek hom vir jou stuur ??" "Nou ja, stuur hom maar, ons sal sien,..." was die antwoord.

So het ek dan gestap na die volgende adres, 'n argitekantoor. Is daar vriendelik ontvang, en weer lank en breed uitgevra na my ondervinding en agtergrond, hy dink na en sê; hy het 'n goeie vriend wat ingenieur is wat so iemand as ek waarskynlik wel kan gebruik, hy sal hom bel of hy my na hom kan stuur. Hy maak so, en kom positief terug en stuur my na die vriend van hom wat ingenieur is. Intussen is die dag verby en doen die volgende besoek dan die volgende dag

So is ek as 'n varse kaas soos hulle my telkens weer noem, werklik van die een ingenieur na die argitek, en van die argitek na die volgende ingenieur gestuur, die een dag na die ander, tot daar sowat twee weke verby is. Ek het toe begryp dat (terwyl ek op Nieuw-Guinea die chieft was gewees van alle tegniese en administratiewe dienste van tenminste twee munisipaliteite!!) ek in

die oë van die bouwêreld hier in Suid-Afrika te veel 'n manusje van alles was en dus van alles niks weet nie. En ook dat die professies in Suid-Afrika baie meer op hulle eie beperkte terrein gespesialiseer is as in Europa en Indonesië. Met ander woorde as jy hier ingenieur is doen jy geen argitek-ontwerpwerk nie, en as argitek doen jy beslis geen ingenieurswerk nie. Terwyl in Europa en die nie Britse kultuurwêreld dit baie meer algemeen gerig en gemeng is !! Die pragtige en beroemde Erasmusbrug met sy vry oorspanning van meer as 250 meter in Rotterdam is byvoorbeeld deur 'n argitek gedoen, terwyl baie ingenieurs in Nederland geboue ontwerp het wat beroemde boukunstwerke geword het. Die ontdekking van my is later bevestig by die Universiteit van Pretoria toe ek 'n paar jaar later daar weer gaan swad het in argitektuur; by die opleiding word siviele ingenieurskennis baie minimaal en volgens my oordeel op 'n gans te lae vlak aangebied. Hier lê die oorsaak van baie onnodige konflikte tussen argitek en siviele ingenieurs in Suid-Afrika.

Maar ek het by die onderhoude naderhand by 'n argitek my siviele ervaring begin verswyg, en by 'n ingenieur my boukundige ondervinding nouweliks vermeld nie. Hoewel dit toe beter gegaan het met die onderhoude, het dit tog ook nog nie gelei tot 'n aanstelling nie, begrypelyk want jy wil tog as werkgewer nie met 'n kneusie opgeskeep sit nie.....

Ons het dus weer begin dink aan weer koffers pak en teruggaan na ons land van herkoms. Tien teen een, dat ek in Bussum weer welkom sou wees by Bouw en Woning Toezicht om my ou werk weer op te vat. Alleen sou ons die huisvestings-probleem dan weer van voor af aan weer moet begin, of daar dadelik maar huis koop. 'n Ander immigrante gesin, die Loeve's, ook uit Ede of Bennekom waar Ma ook vandaan kom, wat sowat tegelyk met ons in Pretoria aangekom het, het toe inderdaad weer teruggekeer al was dit omrede dat sy vrou nie gewoon kon raak aan die Suid-Afrikaanse klimaat, die geritsel van die palmblare van die palmbome in hulle voortuin van hul tydelike huis in die nag, die vir haar smaak te harde slaaisoorte en groentes, die mieliepap en ander soort aartappels wat nie kruimel nie, ens. en allerlei ander omstandighede wat anders was as in Holland nie !! Hulle het die groot houer met hulle hele kaboedel op die boot gelos toe dit in Durban aankom en sommer retoer na Holland teruggestuur !!. Hulle het weer op die vliegtuig geklim, en kon hy in Ede meteen daar by sy ou baas as timmerman weer begin. Al skade wat hulle gehad het was die reis na Suid-Afrika heen en terug; hulle moes natuurlik die reiskoste heen aan die Suid-Afrikaanse en Nederlandse regering terugbetaal, maar dit was vir hulle haalbaar.

Ek het met Ma daarvoor gepraat, maar ons het saam besluit om nie so gou binne 'n paar weke tou op te gooi nie en dit altans vir een of twee jaar te probeer, sou dit dan nog steeds nie slaag nie sou ons inderdaad liever terugkeer. Tenslotte het ons nie gekom om terwyl ons tot nou toe altyd 'n redelike welstand geniet het, vir goed armoe te gaan ly nie !!

Toe ons dit vir Cor van Wingerden vertel, sê hy, hy gaan vir Pronk die waarheid vertel en dreig, as hy my nie aanstel nie, sal hy, Cor, daarvoor sorgdra om elke immigrant wat nog kom afraai om in elk geval geen werk te soek by die onbetroubare Pronk en Engel en Ruyter nie !!

Toe laat Pronk vir Cor weet, ek moet my maar by hom meld vir werk.

Ek was egter nie baie lus daarvoor nie, maar het geen ander keus gehad en gaan toe maar na hom toe en Pronk sê vir my, ek kan begin as assistent voorman teen 90 Randcent per uur, by

ene Afrikaner voorman wat besig was met die bou van die Munisipale Groentemark aan die Von Wieligstraat in Pretoria-Wes. Pronk het self my die plek gaan wys, en gesê ek moet maar self sorg vir die nodige gereedskap en dit was 'n goeie timmermanssaag, klouwhamer, opvoubare duimstok van 'n meter. Nou ja, die het ek self tog ook nodig gehad, en dit was geen probleem. My voordeel

was dat hierdie Afrikaner voorman tenminste Afrikaans gepraat het en my die engelse terme in die bouwêreld gou bygebring het. Die Groentemark was klaar gebou, maar enkele 'kleinighede' moes nog afgewerk word soos stormwaterafvoere, plaveisels, 'n ingangsbeheerkantoor tje by die hoofingang en 'n ingangshek geplaas. Dit was dus nog 'n paar weke se werk, en ek het dit geniet. Beter as niks.

Die groot hek is ontvang maar ek sien daar is 'n probleem, dit pas nie presies soos dit tussen die pale kom. Ek maak 'n plan, en kry dit reg, die hek ry op wiele oor 'n staal spoor wat in die plaveisel geplaas moet word, en sien toe pragtig uit. Ek was tevrede en Pronk ook.

Toe kom die argitek, 'n dame, dit 'opcheck'. Toe sy aankom sit sy groot oë op en raak ontsteld. Maar, sê sy, die hek staan binneste buite !! Wat vóór moes gewees het, staan na binne, en wat na binne gekeer, moes vóór gewees het ! Toe sê ek, soos dit nou lyk, lyk dit juis goed !! Wanneer die hek volgens haar ontwerp sou geplaas gewees het het dit juis binneste buite gelyk. Pronk kyk so en stem toe met my saam. Toe kyk ons na die tekening maar ek het dit inderdaad nie volgens die tekening gedoen nie..... Maar toe sê Pronk, u moes eerder kom kyk het, en nie 'n week nadat dit geplaas is nie, want soos Boer dit gedoen het is dit wel soos dit eintlik goed lyk. Toe druipe sy al morrende af, en die hek, ha ha, staan vandag nog soos ek dit geplaas het, binneste buite ....!! Ek was toe Pronk baie dankbaar dat hy my kant gekies het, anders sou op Engel en Ruyter se koste die hek weer uitgehaal, omgedraai en weer geplaas moes word. Pronk sou natuurlik netsowel my kon uitgekaffer het, die laan uitgestuur en weer op straat gesit het. Maar hy het nie en ek was hom tot vandag toe baie erkentelik daarvoor !!. Hy het tenslotte my fout baie goed toegesmeer, sonder om my daarvoor te laat betaal.

Intussen loop die weke op tot maande, was ek betrokke by verskillende projekte waarvan die belangrikste wel was die nuwe Tegnieese Kollege wat gebou is aan die Vermeulenstraat. Dit was 'n groot kompleks waarvan die verskeie (so 24) fondasies 2 meter diep en 2 by 2 meter in virkant in die rooi grond uitgegrawe moes word. Vir die graafwerk was daar verskeie swart arbeiders aan die werk wat dit alles met die hand moes doen. My voorman was die helfte van die tyd nie daar nie en moes ek sorg dat die swart arbeid aan die gang bly. Was hulle gereed met 'n gat, sit ek hulle met die volgende aan die gang, soveel moontlik in 'n ordelike volgorde in verband met die wegry van die uitgekome grond met vragmotorlorries, en die inry van beton met die betonlorries.

Ek was daar saam met 'n blanke timmerman, simpatieke man, en ons het altwee die uitsettingswerk gedoen waar die gate gegrawe moes word, en hoe diep en dit voortduren gekontroleerd.

Maar in die middag kom daar die voorman, kijk wat aangaan, en begin toe met allerlei gevloek en geskel, die graafwerk stop en verander na ander gate en verander so volgens sy insig sonder dat hy ons iets vra, die volgorde. Ek en die timmerman verloor so ons gesig by die swartes, en, wat erger was, die voortgang van die werk het rommelig geword, die arbeiders verward en die werk baie vertraag. Toe dit nou so 'n week aanhou, besluit ek om hierdie toedrag van sake aan Pronk, wat so een keer per week kom kyk, te rapporteer. By sy volgende besoek toe hy my vra

'hoe gaan dit hierso ?' sê ek vir hom: 'Die job kon 'n week verder gewees het indien die voorman nie elke keer ons werk en die van die arbeiders omgooi en verander !!' Pronk sê toe niks nie, maar drie weke later is die voorman na 'n rusie op die kantoor van Pronk en De Ruyter toe ontslaan, wat nou ook nie weer my bedoeling was gewees nie, maar ons was in elk geval wel van sy irriterende gedrag ontslaan.....

Die job op die kampus van die Tegniese kollege het toe verder voorspoedig gegaan en het ons voor die bouwvakansie in Desember al die gewapende betonfondasies klaar gegooi met kolomme tot op grondvloerhoogte. Daarby het ons tot my verbasing seker een 30 kubieke meter beton minder gegooi as wat op die hoeveelheidslyste was berekend, en tog het ons alles na behore getril met die elektriese trilnaald tot al die lug uit was. Ek het dit vir Pronk gerapporteer. Maar hy sê vir my, ek moet liewerste stil bly daaroor en al die ontvangsbewyse maar vir hom gee ! Van die opdraggewer se kant was daar ook maar selden of nooit iemand, ook nie van Boutoesig van die munisipaliteit van Pretoria nie, wat het kom kontroleer of alles volgens vereistes gedoen word. In elk geval het ons op die bouterrein ook nie belang gehad by enige vorm van bedrog nie en het altyd alles volgens die daar vereiste standaarde en norme gedoen. Vir my het ek daar geweldig veel geleer oor die Suid-Afrikaanse norme en standaarde in die bou-bedryf en die kwaliteit van materiale daar gebruik. En ek het respek gekry vir die harde liggaamlike arbeid wat die swartes daar in die warm son gewillig kon verrig sonder gemor en gekla !! Hulle het ook 'n seker trots op hulle werk al was dit nog so eenvoudig, geken.

Wie kan in Suid-Afrika nou klaarkom sonder 'n motorkar ?? Ons het dit reeds die eerste week dat ek vanuit Waverley werk ook in Pretoria reeds agtergekom. Ons vra raad by van Wingerden en hy sê, vra vir Adrie Bakker, hy werk in 'n motorhandel in Pretoria-Tuine of Claremont, aan die vd Hoffweg. Die Sondag by die kerk aan 14e Laan, maak ons 'n afspraak met Adrie Bakker, en kom vat hy my die week na die besigheid waar hy werk. Hy vra my watter soort kar ek sou verkies en ek vertel hom dat ons altyd baie tevrede was met die DKW se prestasies wat vir ons in Pretoria seker ook goed genoeg sou wees. Hy wys toe 'n groen DKW stasiewa wat by hulle in die 'showroom' staan wat nog goed gelyk het en net 'n twee of drie jaar oud, hoeveel km weet ek nie meer nie. Die prys, hoeveel weet ek nie meer nie was redelik vir die tyd, en ek betaal daar kontant daar en dan, en Adrie sou die lisensies en die kar, alles ons naam sit en verder padklaar maak en deur die toets vat. Nog voor die einde van die tweede week daar het ons die kar gekry en kon ons self kerk toe ry en verder al ons gaan en staan met die kar doen, nog voordat ek dus eintlik 'n werk gekry het..... . Verbasend so baie ruimte daar in so 'n klein motorkar was wanneer die agterbank opgeklap was, ons sou nog baie plesier daarvan kry en het seker nog meer as 10 jaar sonder ernstige probleme daarmee deur heel Suid-Afrika rondgery. In elk geval, die motorkar het ons tydens die Desembervakansie wel reeds gehad.

So het dit ook met ons huis gegaan. Terwyl ek op stap was om werk te soek, het Ma ook nie stilgesit nie en gaan huis soek. Ma was reeds ruim 5½ maande in verwagting van Johan en moes ons verkieslik so gou moontlik ons eie huis kry waar ons permanent in sou kon bly; dit was trouwens ook my belofte aan haar dat ons dit sou doen sodra ons in Pretoria was. Sy het agente daarvoor geskakel en die het haar kom haal en wys tot so 5 verskillende huise wat dan te koop was. Ons het verkies om in die nabyheid van die Johannes Calvyn Laerskool te wees op

die hoek van 14e Laan en Frederikastraat, waar ook die kerkgeboutjie van die Vrye Geref. Kerk in SA gestaan het

Dan kon die kinders lopende skool toe gaan en met die uitgestrektheid van die woonwyke in Pretoria was ons dus beperk tot Gezina, Rietfontein of Wonderboom-Suid. Villieria was al te ver weg, en seker Waverley ! Jammer, want die huis wat ons tydelik gekry het was 'n vol erf met vrugtebome en al, en was te koop vir ... R13.000,- !! Dit sou 'n baie goeie belegging gewees het gesien die latere ontwikkeling van Waverley. Maar nabyheid van ons kerk en veral Johannes Calvynskool was vir ons die tyd eerste prioriteit en dus .....

Ma kom toe op 'n huis iewers by die 16e laan hoek Frederikastraat af wat vir ons wel geskik gelyk het en vra toe by die agent wat 'n vriendelike en aantreklike vroumens was, om opsie daarop tot Saterdag, dat ek dit ook kon gaan sien en ook advies kry van Cor v. Wingerden in verband met die prys en die kwaliteit van die woning. Ons het dus gaan kyk en ek het saamgestem en Cor het ook gunstig adviseer, so Ma bel die agent dadelik op die Saterdag dat ons die huis vat. Toe antwoord sy terwyl ons nog die opsie het, die huis deur 'n ander kollega-agent van dieselfde kantoor reeds verkoop is aan 'n ander !!

Ma was begryplik baie ontsteld en sê vir die agent dat dit teen alle reels is en dat ons so geen besigheid met haar kan doen nie ..... Maar sy maak apologie en beweer dat sy ook kwaad is omdat haar baas dit buite haar om verkoop het en sy ook eers die Maandag daarvan gehoor het. Sy bied aan om Ma 'n ander huis te wijs wat nuut gebou is, maar Ma was nie gretig meer om nog met die agent te onderhandel nie. Maar die agent smee haar om die keer nog 'n kans te gee en Ma sê dit is dan die laaste keer, moenie my weer verneuk nie ! Toe wijs sy vir Ma die woning Haarhofstraat 669, wat nog nie heeltemal in alles voltooi was nie, maar die indeling was wel na haar sin. Ma vra toe weer opsie tot die volgende naweek om die woning ook weer eers vir my te wys. Die volgende Saterdagoggend ry ons soontoe en lyk die huis vir my ook geskik, maar toe ons die agent bel, sê sy sy werk nie meer vir die makelaar nie en het bedank want die makelaar het haar weer bedrieg.

Nou was daar voor op die hek van die woning die adres van die eienaar-bouer, ene Coetzee oftewel mr Chigago, met telefoonnommer. Dit was nou Saterdagoggend en ons besluit daar en dan om na Cor van Wingerden te gaan, advies te vra. Cor kom mee, kyk na die erf wat naby 'n spruit lê en sê die woning is op turf gebou, maar indien daar 'n 3 voet bree sypaadjie om die woning geteel word, sal dit nie saak maak nie. Daar was verder nog wat wense soos 'n groter draaikraan bo die opwasbak, gruis op die modderige motorpad van die hek tot aan die garage, en nog 'n skoorsteen in die woonkamer voor vir die oliekgagel wat ons nog uit Bussum saamgeneem het. Die bouer was tog nie heeltemal gereed met sy bouery dus dit sou nie te moeilik wees om nog by te doen nie, al sou dit die prys dalk nog iets opstoot ... Ek dink dit was toe begin September en die Maandag na dieselfde naweek stap ek weer van Waverley langs Frederikastraat na die middestad, en kom daar toevallig langs die 'Du Plessis Makelaars' waar die agent van die vorige huis gewerk het maar nou daar dus met rusie weg is. Maar du Plessis sien my verby stap, ren na buite, roep my terug en sê vir my; hy maak verskonings vir die ongelukkige toedrag van sake by die vorige aanbod, hy het intussen 'n ander huis beskikbaar vir ons wat hy graag wil wys. Ek weier eers om met hom te gaan, maar op sy (amper smekende) aandringer maak ek tog maar so en stap by hom in sy kar.

Toe ry hy 14e Laan af, maar kry nie die woning wat hy wil wys nie, maar sy beskrywing daarvan klop met die wat ons ook op die oog het. Ek kry dus 'n vermoede dat hy die aan die Haarhofstraat wil wys, en wys toe vir hom die weg na Haarhofstraat 669. 'Ja, ja,' sy hê hy toe, dit is hom wat ek wil wys. Ek besluit om hom nog 'n kans te gee, en sê vir hom, indien die sypaadjie aangelê word ivm die turf-ondergrond, 'n ander kraan ingesit word en 'n skoorsteen gebou, sal ons die woning vat. Ons kom dit ooreen, en ons gaan so uitmekaar.

So het ons nog 'n week gewag, tot die volgende Saterdag, maar hoor niks nie.

Toe besluit ons, om die knoop deur te hak, ons bel vir Cor v. Wingerden om saam te gaan, en ons ry die dag reelreg na die bouer self, kry 'n bietjie van die prys af in ruil waarvoor ek die eis van die skoorsteen laat vaar, maar die sypaadjie en die kraan sal die bouer nog doen. Ons koop die huis en erf vir R 7500,- op voorwaarde van boulening, en ek vra die lening aan by Saambou, waar die bouer ook sy lening gehad het vir die voorskot vir die boukoste van die huis. Die toestemming het binne 'n dag of twee gekom, ons teken die koopkontrak by die prokureur van die bouer en die woning was van ons !! Die volgende week het ons 11 kubieke meter kis per trein aangekom, en die verhuiser het hom uitgepak vir ons, en was ons woning gereed om ons te huisves, volledig met slaapkamers, eetkamer, sitkamer en ander nodige geriewe !! So half September 1964 was ons dus weer in ons eie huis en sou dit dan wees vir die komende 13 jaar, tot 1977 !!

Maar van die Du Plessis Makelaars het ons nooit meer iets gehoor nie, tot so 'n dag einde November. Toe klop iemand aan die voordeur, Ma maak oop en sien staan daar meneer Du Plessis ! Hy vra of ons lekker bly in die huis. Ma sê , 'Ja, maar jy het niks daaraan gedoen nie !' Du Plessis antwoord: 'Maar ek het u man die huis gewys, en kom die provisie daarvoor eis !' Ma sê, 'Nee, maar my man het U die huis gewys, en gevra dat nog dinge gedoen word aan die huis maar ons het selfs tot nou toe, niks meer van u gehoor nie. Daarom het ons na 'n week se wag op u bekommerd geraak dat u dit weer aan 'n ander verkoop en het maar self onderhandel met die bouer en self met hom klaargekom, boulening gekry en kontrak geteken, alles sonder u. U het dus daar verder niks meer mee te doen gehad en het dus geen aanspraak op enige provisie nie !!' 'Dan gooi ek dit vir die Hof,' sê hy en vertrek.

Nou ja, om die verhaal nou verder kort te maak, ons het dieselfde prokureur van die bouer gevra om vir ons en die bouer op te tree en het die Hof ons in kort geding inderdaad vry gepleit van die eis van mnr du Plessis. Die prokureur vra ons toe net R 50,- vir sy moeite ... Maar dit het vir ons as varse immigrante wel 'n bietjie nare nasmaak gegee in ons nuwe land.....

Na hierdie koop-perikelen had ons toe dus huis en kar, voordat ek werk gehad het!! Hoe ons toe as werklose immigrant verbaas my nou nog, maar dit was dieselfde bank waar die bouer ook sy lening gehad het. Waarskynlik het ek toe intussen ook die werk by Engel en Ruyter reeds gekry en was dit voldoende waarborg.

Sê nou dat ons geen vertroue in die toekoms gehad het nie !!!!

Intussen het dit nou so teen die helfte Desember van die jaar geloop en het die bouwvakvakansie in Suid-Afrika begin. Omdat ek nog maar 4 maande by Engel en de Ruyter was, en net tydelik aangeneem, het ek dus geen vakansieloon gekry en was drie weke met verlof gestuur sonder besoldiging !! Die werk sou die eerste week in Januarie 1965 weer begin, maar ons sou die paar weke oor die eerste Kersdae in Suid-Afrika van ons spaargeld moes lewe.



Ons, ek en Ma, het met elkaar ooreengekom, ek sou eerst van die vakansie gebruik maak om ander, beter betaalde werk te soek, en pas daarna, van die vakansie gebruik te maak om iets meer van die land, veral Transvaal te gaan sien.

Dadelik, die eerste dag van die bouvakvakansie, het ek eers gegaan na die Nederlandse Ambassade, in Kerkstraat hoek Andriesstraat bo in die nuwe Nederlandse Bank. Die personeel was daar in die dae baie vriendelik en behulpsaam en ek vra hulle om adresse van bou-ondernemers of argitekte van Nederlandse oorsprong en kry toe so 'n paar. Ek kies die eerste een wat daar sommer naby sy kantoor het, ook in Andriesstraat hoek Vermeulenstraat, stap sommer daar in en vra vir die baas, dit was meneer P.C.Zanen wat Hollandse ingenieur en pad- en betonbrugbouer was in Transvaal en Oranje Vrystaat. Hy was baie vriendelik, hoor ek het die Hollandse HTS diploma wat hy baie goed ken en sê, jou kan ek baie goed gebruik vir 'n hele paar jobs. Hy vra my uit wat ek gedoen het in die verlede, by wie ek nou werk en wat ek nou soek. Hy roep sy hoofvennoot, 'n siviele ingenieur, stel my aan hom voor, en hulle besluit saam hulle kan my goed gebruik, om te begin op die trasé van 'n 75 km lang nuwe pad deur die Blyde Rivier en God's Windows gedeelte van die Drakensberge in Oos-Transvaal. Die eerste job wat vir my so 3 maande sou vat het bestaan uit die berekening van alle grondverset oor die hele trasé van die Blyde Rivierpad en hoever dit plaaslik getranspoteer sou moes word. Ek het op Nieuw-Guinea dieselfde soort van werk gedoen by die aanleg van vliegvelde dus dit was vir my 'n makkie. En mnr Zanen sê ek kan begin op 'n maandsalaris van R250,-, dieselfde bedrag wat Pronk my indertyd in Den Haag beloof het !! So die 0.90 sent per uur wat op so R170,- per maand uitloop wat toe maar net broekskeur die lopende koste van ons huishouding gedek het, het so 'n stewige hupstoot gekry !! Hulle wou my reeds begin Januarie 1965 laat begin, maar ek doch ek sal tog ordentlik 'n maand moet kennis gee aan Pronk en beding daarom om per 1 Februarie by hulle te begin werk.

Na die bouvak vakansie begin Januarie kom Pronk op die werk van die Tegniese Kollege, en vertel ek hom ek het in Pretoria per 1 Februarie 'n job gekry met die salaris wat hy my in Den Haag belowe het, vra hy 'By wie dan ??' Ek antwoord hom, 'Dat sê ek nie vir u nie !!' Hy het toe 'n keer gesluk, maar vra verder niks meer nie. Ons is in elk geval vriendelik en met respek uitmekaar die einde van die maand. Maar ek het die paar maande by Engel en Ruyter onder Pronk se tog wel vriendelike begeleiding, geweldig baie geleer oor die Suid-Afrikaanse manier van werk in die boubedryf, menslike verhoudings en mentaliteit, om my paadjie in Suid-Afrika verder oop te kon skoffel, en is ek Pronk daarvoor wel dankbaar.

Met die nuwe job was ons in elk geval voorlopig uit die brand !! Ek soek dus nou verder glad nie meer nie, haas my huis toe en vertel Ma die heuglike berig !! Toe kon ons nou planne maak om eindelijk 'n bietjie die verdere omgewing te verken, en ons besluit op Noord- en Oos-Transvaal. Ons het 'n tent vir ons self gehad, Harm Jan, Nico en Geja kon in die kar slaap, Harm op die voorbank, Nico die agterbank, en Geja in die boet en ons met Johan in die wieg het net net saam met ons in die drie-persoons slaaptentjie gepas. Maar hier voel ek begin eintlik die nuwe era in Transvaal en doen ons dit in die volgende hoofstuk.





